So sê ons in Afrikaans

Taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool

Prof. J. J. LE ROUX

en

C. J. NIENABER

439.36824
LER

SO SÊ ONS IN AFRIKAANS

So sê ons in Afrikaans

Taaldril vir Engelse Leerlinge en Studente

deur

Prof. J. J. LE ROUX, B.A., Litt. Drs.
(*Universiteit Natal*)

en

C. J. M. NIENABER, M.A., Litt. Drs.
(*Universiteit Natal*)

(TWEEDE HERSIENE DRUK)

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA
1951

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Librigebou, Pretoria

VOORWOORD.

Dis die taak van elke onderwyser van die tweede taal: om eerstens te sorg dat sy leerlinge oor 'n woordvoorraad beskik wat aangepas is by hulle leeftyd en kring van belangstelling; en tweedens dat hulle die verskillende woordvorme reg leer gebruik en 'n redelike beheer kry oor die basiese struktuur van die taal.

Dis baie opvallend dat ons Engelse leerling gewoonlik so ver tekortskiet onder die tweede van hierdie hoofde. Daar is 'n — taamlik beperkte — aantal sintaktiese en ander grammatiese foute wat telkens terugkeer by leerlinge vanaf die laagste klasse van die Laerskool tot die hoogste klasse van die Universiteit. Hierdie foute kan nie uitgeroei word deur die leer van reëls nie; nee, die onderwyser moet die regte taalgevoel by sy leerlinge laat ontstaan deur oneindige herhaling en drilwerk.

Die samestellers van hierdie werkie wou veral voorsien in 'n drilboek wat daarby behulpsaam kon wees. Terwyl vrae 4 en 5 van elke stel dus in die reël geleentheid bied vir vrye komposisie en woordgebruik, is die eerste drie vrae telkens toegespits op die bestryding van gewone foute. Soos die kollegas spoedig sal gewaar, kry hulle daarin te doen met hardnekkige vyande wat nie maklik verslaan word nie. Ook die samestellers het die stryd teen hulle reeds vele jare gevoer en baie van die gebruikte sinne is letterlik oorgeneem uit die opstelle en eksamenantwoorde van leerlinge.

Terwyl die verbetering van foute uit pedagogiese oogpunt 'n ongewenste tipe oefening is, is daar 'n aantal ander tipes wat van groot nut kan wees om regte taalgewoontes te laat ontstaan. Daar die tyd wat vir skriftelike werk beskikbaar is, baie beperk is en vloeiendheid in ieder geval alleenlik deur mondelinge werk verkry word, is die eerste drie vrae van elke stel bedoel om mondeling beantwoord te word. Ook baie van die vrae in die ander twee reekse hoef slegs mondeling gedoen te word; andere moet eers mondeling en daarna skriftelik aangepak word.

Die onderwyser behoort daarna te strewe om die mondelinge oefeninge so vinnig en so wakker moontlik te laat doen. Elke keer dat 'n ding reg gesê word, is 'n skakel in die vorming van 'n goeie spreekgewoonte. Dieselfde moeilikheid word dan ook in dieselfde of latere oefeninge herhaal en gedril. Origens kan die onderwyser natuurlik sy eie oordeel gebruik om te bepaal hoe dikwels hy dit nodig vind om dieselfde oefening oor te doen. Ons wil net daarop wys dat gesamentlike nasê deur die hele klas dikwels baie nuttig kan wees. By invul- en dergelike oefeninge moet die leerling nie slegs die ontbrekende woord invul nie, maar die hele sin volledig en korrek sê; anders gaan negentig persent van die waarde van die oefeninge verlore.

Dit sal die onderwyser opval dat die woord in hierdie oefeninge nooit los en alleenstaande voorkom nie. Ons wil vertrou dat die woord ook in sy oefeninge alleenlik in die sinsverband sal voorkom.

Vir die illustrasies vir hierdie werk wil ons graag ons innige dank betuig aan Sheila Cussons.

By die opstel van die oefeninge het ons veral leerlinge van standerds VII en VIII in die oog gehad. Baie van die oefeninge kan egter ook reeds deur laer standerds gedoen word. In standerds IX en X sal herhaling en uitbreiding nodig wees. Die outeurs hoop dat dit vir hulle moontlik sal wees om later voorsiening daarvoor te maak.

Naas hierdie werkie sal die leerlinge natuurlik 'n woordeboek en 'n grammatika beskikbaar moet hê vir naslaandoeleindes. Ook moet nie uit die oog verloor word nie dat baie lees en die praatwerk wat daarop gebaseer word, tot die hoekstene vir die aanleer van 'n taal behoort.

Pietermaritzburg — Jac. J. le Roux.
Oktober 1946 — C. J. M. Nienaber.

BY DIE TWEEDE DRUK

Tot my diepste leedwese is my medewerker, van wie die „Voorwoord" sy laaste geskrif is, oorlede voordat ons saam die werk kon afrond.

Daar het geblyk dat ons oefeninge in taaldril voorsien in 'n besliste behoefte, nie net in die hoërskole nie tot buite die Unie — waar Afrikaans as tweede landstaal onderrig word, maar ook aan dié universiteite in ons land waar 'n groot persentasie Engelssprekendes minstens een kursus in Afrikaans kies.

Volgens wat verskeie onderwysers en universiteitsdosente getuig, slaag hulle daarin om met hierdie drilboek se herhalingsoefeninge 'n stryd te voer teen wat in die voorwoord genoem is: „die hardnekkige vyande wat nie verslaan wil word nie . . . 'n— taamlik beperkte aantal sintaktiese en grammatiese foute wat telkens terugkeer by leerlinge vanaf die laagste klasse van die Laerskool tot die hoogste klasse van die Universiteit".

Wil die gebruiker nie die oefeninge agtereenvolgend behandel nie, kan die lastigste foute in die inhoudsopgawe nageslaan word en deur middel van die betrokke oefeninge teëgewerk word - - na gelang van die behoefte op 'n besondere tydstip.

Van die wenke wat reeds ontvang is, is daar dankbare gebruik gemaak. Verdere menings en voorstelle of oefeninge word gretig verwelkom.

Pietermaritzburg — C. J. M. N.
Desember 1950

INHOUD.

AANGESIEN	39 II.
AARDRYKSKUNDIGE NAME	12 V; 27 V; 43V; 61 V; 75 V.
AFKORTING	37 V; 69 V.
AFLEIDING	5 V; 9 V; 14 V; 23 V; 32 V; 33 V; 40 V; 41 V; 45 V; 55 V; 57 V; 68 V; 72 V.
AGTER—NA	15 III.
AKSENT	6 I; 51 II.
AL	47 II; 53 II.
ALFABET	30 V.
ALHOEWEL	39 III; 47 II; 53 II.
ANTONIEME	19 V; 36 V; 49 V.
AS	1 III; 21 II; 26 II; 33 II; 43 II; 52 II; 55 II; 57 II; 59 II; 61 II; 63 II; 67 II; 69 II.
ATTRIBUTIEWE	8 III.
BE-	5 V; 14 V; 23 V.
BEDRYWENDE VORM	12 I; 53 I.
BEGRIPSTOETS	1 I; 5 IV; 17 IV; 28 IV; 39 IV; 49 IV; 61 IV en vraestelle.
BETREKLIKE VOORNAAMWOORD	26 III; 52 III; 73 III.
BEVEL	19 I; 25 I; 25 III.
BRIEF	5 IV; 6 IV; 8 IV; 20 IV; 25 IV; 31 IV; 35 IV; 45 IV; 41 IV; 50 IV; 54 IV; 63 IV.
BRIEWELYS	Bls. 281.
BY	12 III.
BYVOEGLIKE NAAMWOORD	7 III; 17 V; 20 III; 26 V; 32 III; 33 V; 46 III; 61 III; 70 III.
BYWOORD	45 V; 55 V; 66 I; 75 I.
DAAR (VOEGWOORD)	39 III.
DAAROM	15 II.
DAN	1 III; 14 II; 16 II; 22 I; 24 II; 29 II; 31 II; 48 II; 52 II; 55 II; 59 II; 63 II; 67 II; 69 II; 72 II.
DAT	1 I; 17 II; 20 II; 22 II; 25 II; 27 II; 28 II; 41 II; 49 II; 50 III.
DEBAT	65 IV; 71 IV.
DEELWOORD	34 V; 66 V.
DERHALWE	15 II.
DEURDAT	39 III.
DIRPKTE REDE	26 IV; 32 I; 70 I.
DOG	13 II; 36 III.
DUS	15 II.
ENKELVOUD	37 I.
FUNKSIE	42 V; 73 V.
GE-	41 V.
GESLAG	2 III; 37 I; 47 I.

GEVOLGLIK .. .. 15 II.
HANDELING—TOESTAND .. .. .. 10 I; 20 I; 40 I; 51 I; 58 I.
HET — GEHAD .. .. 2 I(*b*).
HISTORIESE PRAESENS .. .. 44 I.
HOEWEL .. .. 39 III; 47 II; 53 II.
HOMONIEME .. .. 28 V; 53 V.
HULPWW. .. .. 24 I; 43 I.
HY–SY–HAAR .. .. 2 III; 74 III.
IDIOOM .. .. 3 V; 9 IV; 10 V; 15 V; 21 V; 24 V; 30 V; 36 IV; 36 V; 39 V; 46 V; 52 V; 58 V; 64 V; 67 IV; 67 V; 71 V.
ILLUSTRASIE .. .. 3 IV; 7 IV; 18 IV; 23 IV; 29 IV; 33 IV; 43 IV; 48 V; 58 IV; 64 IV.
INDIREKTE REDE .. .. 21 I; 26 I; 36 II; 38 I; 42 I; 48 I; 59 I.
INFINITIEF .. .. 33 I; 62 I.
INTENSIEF .. .. 16 V; 44 V.
IS .. .. 17 I; 20 I; 40 I; 58 I; 63 I; 65 I; 73 I.
JY - - U .. .. 14 III; 22 III; 25 III; 43 III; 74 III(*b*).
LYDENDE VORM .. .. 5 I; 8 I; 10 I; 12 I; 14 I; 17 I; 20 I; 23 I; 28 I; 34 I; 36 I; 40 I; 43 I; 45 I; 49 I; 51 I; 53 I; 54 I; 57 I; 58 I; 60 I; 63 I; 65 I; 71 I; 73 I.
LEESOEFENING .. .. Voorwoord; 1 III; 3 I; 4 I; 5 IV; 13 IV; 17 IV; 26 IV; 32 IV; 44 I; 45 I; 48 I; 49 IV; 52 I; 53 IV; 59 IV; 61 IV; 63 I; 67 I; 73 IV.
LEESTEKENS .. .. 11 IV; 24 IV; 34 IV; 46 IV; 57 IV; 69 IV.
LETTERGREEPVERDELING .. .. .. 5 III(*b*) en (*c*); 35 III.
MAAR .. .. 13 II; 36 III.
MEERVOUD .. .. 16 I; 27 I; 37 I; 47 I.
MENS — DIER .. .. 4 V.
MOES — SOU .. .. 29 I; 31 I; 46 I; 641.
NA — AGTER .. .. 15 III.
NA — BY .. .. 12 III.
NA — TOE .. .. 9 III.
NOU — TOE .. .. 19 II.
OF .. .. 36 II; 39 II; 41 II; 42 III; 43 II; 52 II; 55 II; 57 II; 59 II; 61 II; 63 II; 67 II; 69 II.
OFSKOON .. .. 39 III; 47 II; 53 II.
OMDAT .. .. 30 II; 32 II; 34 II; 35 II; 37 II; 38 II; 39 III; 40 II; 42 II; 46 II.
OM DIÉ REDE .. .. 15 II.
OMGEKEERDE WOORDORDE .. .. .. 45 III; 61 I.
OM (TE) .. .. 10 II; 33 I; 62 I.
ONOORGANKLIKE WWE. .. .. .. 14 V.
ONTKENNING .. .. 1 (*a*)III; 4 III; 6 III; 7 III; 10 III; 13 III; 16 III; 19 III; 22 III; 25 III; 28 III; 31 III; 33 III; 36 III; 39 III; 42 III; 45 III; 48 III; 50

III; 53 III; 59 III; 62 III; 65 III; 67 III; 69 III; 73 III.
Opsomming .. .. 32 IV; 59 IV; 73 V.
Opstel .. .. 10 IV; 16 IV; 19 IV; 27 IV; 30 IV; 37 IV; 44 III; 47 IV; 51 IV; 53 IV; 60 IV; 70 IV; 72 IV; 75 IV.
Opstellys .. .. Bls 280.
Oorganklike ww. .. .. 14 V.
Rededele .. .. 6 V; 42 V; 55 V; 68 V.
Samegestelde ww .. .. 23 II; 75 II.
Samespraak .. .. 1 IV(*a*); 13 IV; 38 I; 42 IV; 55 IV; 74 IV.
Samestelling .. .. 22 V.
Selfstandige Naamwoord .. .. .. 8 V; 18 V; 56 I; 60 V.
Spelling .. .. 1 V(*b*); 46 V; Spellys: bls. 284.
Sou — Moes .. .. 29 I; 31 I; 46 I; 64 I.
Stand van Woorde .. .. 4 V.
Sy–hy–haar .. .. 2 III; 74 III.
Teenoorgestelde .. .. 19 V; 36 V; 49 V.
Telegram .. .. 14 IV; 62 IV.
Telwoord .. .. 21 IV; 40 IV; 56 IV.
Tensy .. .. 42 III.
Toe .. .. 1 III; 2 II; 5 II; 6 II; 9 II; 11 II; 14 II; 16 II; 19 II; 22 I; 24 II; 26 II; 29 II; 31 II; 48 II; 52 II; 55 II; 57 II; 59 II; 61 II; 63 II; 67 II; 69 II; 74 II.
Toestand Handeling .. .. .. 10 I; 20 I; 40 I; 51 I; 58 I.
Tog .. .. 13 II; 36 III.
Trappe van Vergelyking .. .. .. 20 III; 32 III; 46 III; 61 III; 70 III.
Tye van die werkwoord .. .. . 1 II; 1 I(*a*); 2 I; 3 I; 4 I; 5 I; 7 I; 9 I; 11 I; 13 I; 15 I; 18 I; 22 I; 23 II; 24 I; 30 I; 35 I; 39 I; 41 I; 44 I; 50 I; 52 I; 55 I; 61 I; 63 I; 64 I; 67 I; 68 I; 69 I; 75 I; 74 I.
U — Jy .. .. 14 III; 22 III; 25 III; 43 III; 74 III(*b*).
Uitbreiding .. .. 4 IV; 15 IV; 22 IV; 38 IV.
Uitnodiging .. .. 2 IV.
Uitspraak .. .. 5 III; 6 I; 10 V; 11 III; 15 IV; 17 III; 23 III; 24 V; 29 III, 35 III; 40 III; 49 III; 51 II; 55 III; 64 III; 68 III.
Ver — .. .. 41 V.
Verbod .. .. 25 III; 31 III.
Vergelyking .. .. 13 V; 20 III; 47 V.
Verkleining .. .. 16 I; 27 I; 47 I.
Versterkte Byvoeglike Naamwoord 16 V; 44 V.
Vertaling .. .. 31 I; 57 I; 63 V; 66 III; 72 III; 74 III.
Voegwoord .. . . 45 III; 45 III; 48 III; 54 II; 60 II; 62 II; 64 II; 65 II; 66 II; 68 II; 69 III; 70 II; 71 II; 73 III.
Voornaamwoord .. .. 2 III; 8 III; 14 III; 43 III; 52 III; 58 III; 74 III; 75 III.

VOORSETSEL .. .. 12 III; 13 III; 15 III; 18 III; 21 III; 24 III; 27 III; 30 III; 34 III; 38 III; 41 III; 44 III; 47 III; 60 III; 51 III; 54 III; 57 III; 63 III; 66 III; 71 III; 72 III.
VOORVOEGSEL .. .. 5 V; 57 V.
VRAAGWOORD .. .. 3 II; 3 III; 37 III.
VRAESTELLE .. .. Bls 253.
WANNEER .. .. 1 III; 33 II; 52 II; 55 II; 59 II; 63 II; 67 II; 69 II.
WANT .. .. 35 II; 37 II; 40 II; 42 II; 44 II; 46 II.
WAT — WIE .. .. 26 III; 52 III; 73 I.
WEES — WORD .. .. 51 I; 54 I.
WIE — WAT .. .. 26 III; 52 III; 73 I.
WOORDESKAT .. .. 1 V(*a*); 11 V; 15 V; 18 V; 19 V; 21 V; 25 V; 29 V; 32 V; 33 V; 35 V; 37 V; 38 V; 39 V; 40 V; 48 V; 50 V; 52 IV; 52 V; 53 IV; 54 V; 58 V; 64 V; 66 IV; 68 IV; 69 V; 70 V; 74 V.
WOORDGEBRUIK .. .. 2 V; 11 V; 20 V; 29 V; 38 V; 48 V; 53 V; 54 V; 56 V; 57 V; 59 V; 62 V; 63 V; 65 V; 70 V; 74 V.
WOORDORDE .. .. 1 II; 1 II(*a*); 2 II; 3 II; 4 II(*a*) en (*b*); 5 II; 7 II; 8 II; 9 II; 10 II; 12 II; 13 II; 14 II; 17 II; 18 II; 20 II; 21 II; 22 II; 23 II; 25 II; 27 II; 28 II; 28 III; 30 II; 32 II; 34 II; 35 II; 37 II; 38 II; 39 II; 40 II; 41 II; 42 II; 43 I; 44 II; 46 II; 47 II; 49 II; 50 II; 53 II; 54II; 56 II; 58 II; 60 II; 61 I; 62 II; 64 II; 66 II; 68 II; 70 II; 71 II; 73 II; 75 II.
WOORDPARE .. .. 51 V; 67 V.
WOORDVORME .. .. 7 V; 23 V; 31 V; 32 III; 34 V; 45 V; 46 III; 56 I; 61 III.
WOORDVORMING .. .. 5 V; 9 V; 14 V; 22 V; 23 V; 26 V; 32 V; 33 V; 40 V; 41 V; 45 V; 55 V; 56 I; 56 V; 68 V; 72 V.
WORD - IS .. .. 17 I; 58 I; 63 I; 65 I.
WORD — WEES .. .. 51 I; 54 I; 73 I.

1

Wagter is saam Sondagskool toe . . . Maar Jannie vind gou uit dat honde tog nie in die kerk toegelaat word nie. Die koster boender Wagter gou daar uit, en toe Jannie hom streel en gebied om vir hom daar in die voorportaal te wag, strek hy hom lui uit en hou sy basie van daar in die oog — tevrede.

Onwetend veroorsaak Wagter groot steurnis. By die sing van 'n hallelujalied val hy op 'n sekere noot ook lustig in met sy langgerekte tenoorstem. Die waaghalsigste kinders bly eers stil hoewel die ander voortsing, maar as Wagter op 'n ander noot nogmaals inval en 'n klein dogtertjie dit skelmpies uitproes, lag hulle somaar hardop. Die koster jaag die hond met dreigende gebare en klippe weg. Hy ag dit goed om op veilige afstand te bly solank die kwaai baas met sy sterk arms gebare maak, maar later gaan lê hy weer skelmpies in die koelte van die voorportaal om te sien wat Basie maak.

Teen dié tyd vergader die kinders in groepies vir die opsê van hulle teks. Jannie se groepie is naby die deur, maklik sigbaar vir Wagter. Jannie kom aan die beurt, staan op, 'n voorbeeld wat Wagter in die portaal navolg, en as hy Basie hoor sê . . . die w a g t e r op die mure van Sion . . .", blaf hy bly herkennend: „Woef!" („Dit is maar ek, my basie!").

(Gewysig uit WAGTER deur André Marais).

I. Herhaal hierdie beskrywing van Wagter se petaljes, maar gebruik waar moontlik die verlede tydsvorm.

II. Ons kan sê: „Het jy geweet Wagter **het** saam Sondagskool toe **gegaan**?" of „Het jy geweet *dat* Wagter saam Sondagskool toe **gegaan het**?"

LET OP:—Na **dat** volg gewoonlik die onderwerp; die werkwoorde gaan na die einde van die sin.

Sê nou onderstaande sinne op nog 'n manier: met of sonder **dat**:

1. Jannie het gou uitgevind honde word tog nie in die kerk toegelaat nie.
2. Die skrywer sê die koster het Wagter gou daar uitgeboender.
3. Hy vertel verder: Jannie het vir Wagter gestreel en gebied om vir hom in die voorportaal te wag.
4. Wie het ooit kon droom Wagter sou groot steurnis veroorsaak?
5. Het jy gehoor ou Wagter het op 'n sekere hoë noot met die kinders begin „saamsing"?

6. André Marais vertel ook die waaghalsigste kinders het eers stilgebly.
7. Hy sê 'n klein dogtertjie het dit later skelmpies uitgeproes en hulle het toe sommer hardop saamgelag.
8. Ek onthou die koster het die hond met dreigende gebare en klippe weggeja.
9. Ons lees ook: Wagter het dit goed geag om op 'n veilige afstand te bly.
10. Maar daar staan ook: later het hy weer skelmpies in die voorportaal gaan lê om te sien wat sy basie daarbinne doen.
11. Wagter kon vanaf die voorportaal sien die kinders vergader in groepies.
12. Hy het as hond natuurlik nie geweet dis vir die opsê van hulle teks nie.
13. Hy kon darem sien dat Jannie aan die beurt kom en opstaan.
14. Hy moes gedink het dat dit vir hom 'n voorbeeld was om ook op te staan.
15. Die skrywer vertel dat Wagter bly herkennend geblaf het toe sy basie in die teks die woord „wagter" noem.
16. Met die blaf het Wagter bedoel: hy het sy naam herken.
17. 'n Mens kan raai: die koster het Wagter dié keer goed verwilder.
18. As jy die boek verder gelees het, weet jy: Wagter het hierna nog baie pret veroorsaak.
19. Aan die begin word vertel: hy het sy baas uit die slaap gehou.
20. Het jy geweet: Wagter het eenkeer spoorloos verdwyn en toe hy terukgom, was hy brandmaer?
21. Jannie se mammie het eenkeer gesê hy moes vir Wagter die bene van die etenstafel af gaan gee.
22. Jannie het geantwoord: „Ek wil liewers vir Wagter vleis gaan gee in plaas van bene, om hom weer vet te maak".
23. Sy moeder het hom beveel hy moes haar gehoorsaam.
24. Julle kan wel raai Jannie het toe maar die bord vol bene na Wagter toe geneem.
25. Bedroef kom hy by Wagter aan en sê: „Dé, my ou hond. Ek wou vir jou 'n bydrae kom gee het, maar dis ongelukkig net weer 'n kollekte".

III. *Kies telkens waar nodig* **toe, dan, as** *of* **wanneer**:-

Nou die dag het ek op 'n interessante staaltjie afgekom ..... ek my koerant aan die lees was. My aandag is onmiddellik geboei ..... ek die volgende opskrif opmerk: „Vyf Naakte Kalkoene". Vanselfsprekend het ek dadelik gelees, want . 'n mens so 'n buitengewone opskrif raaksien, ... wil jy darem weet wat daar gebeur het; en moet niemand jou kom steur nie of jy word sommer vies.

Dit het in die omgewing van Pietermaritzburg plaasgevind, ... ek my nie vergis nie. 'n Joernalis het op die plaas aangekom, en ..... sien hy die vyf naaktes daar op die werf rondstap. Hy wou ..... . dadelik verneem wat die oorsaak kon wees. Die huisvrou het ingewillig om vir hom te vertel en dit as voorwaarde gestel: „Maar ..... moet u nie vir my lag nie, en ..... mag u ook nie my naam in die koerant laat uitlek nie". Die joernalis het belowe, en ... . . . het sy begin vertel:

„Net voor Kersfees het ek kersies op brandewyn getrek vir die Kersfeeskoek. Ek was baie besig en het ..... skoon vergeet van die kersies. Na 'n paar dae het dit my skielik daarvan bygeval, maar .... was hulle reeds onbruikbaar en ek het hulle ..... maar by die kombuisdeur uitgegooi. U weet self: kersies op wyn getrek kan gevaarlik word ..... hulle te lank gestaan het, en . .... is dit veiliger om hulle maar weg te smyt, in plaas van die hele gesin dalk daarmee te vergiftig.

„'n Rukkie later, hier kom die kombuisjong die huis binnegestorm en vertel ..... dat al vyf kalkoene skielik dood is. Hulle het op 'n streep roerloos gelê, ... ek daar aankom. Om ten minste die vere te behou, het ek die jong ..... maar opdrag gegee om hulle dadelik te pluk, so lank hulle nog warm is. Wag 'n mens eers tot 'n kalkoen koud geword het, ... is dit baie moeilik om sy ver uit te kry. Die jong het die aand maar laat klaar gekry en die kalkoene ..... sommer in die rondawel op 'n hoop laat lê.

„Die volgende oggend het hy byna van ontsteltenis neergeslaan .. hy die deur oopmaak en die vyf kalkoene — met soveel waardigheid as wat onder omstandighede moontlik was — by hom verby gestap het. Dis eers . .... dat ek besef hulle was die vorige middag nooit dood gewees nie maar smoordronk van die kersies wat ek op brandewyn laat trek het".

IV. Volgens 'n persberig verongeluk daar in Suid-Afrika meer as twee persone per dag. In net November 1950 is daar in die Unie ses-en-sestig mense gedood en 1002 beseer in 3762 padongelukke. Hierdie gegewens is beskikbaar gestel deur die afdeling Sensus en Statistiek in Pretoria; waaruit verder blyk dat daar 603 meer ongelukke was as in die ooreenstemmende maand van die vorige jaar. Tussen Januarie en November 1950 was daar altesaam 46,407 padongelukke in die Unie, waarin 846 mense gedood en 14,510 beseer is.

Vertel nou waaraan die ongelukke te wyte is, watter voorsorgmaatreëls getref is en watter jy meen nog getref moet word vir veilige pad- en stadsverkeer.

V. (*a*) Stel 'n lys op van die foute wat jy die gereelste maak as jy Afrikaans praat; gee die regte vorme.

(*b*) Gee die korrekte vorme van die woorde wat jy in jou Afrikaanse opstelle dikwels verkeerd spel.
(*c*) Watter woorde in bostaande oefeninge ken jy nie? Vind uit wat hulle beteken, en gebruik hulle in oorspronklike sinne.

1 (a)

I. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Ek **lees** 'n boek.
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: Ek **sal** môre 'n boek **lees.**
(*c*) *Verlede tydsvorm*: Ek **het** gister 'n boek **gelees.**

Herhaal die volgende sinne eers met invoeging van **môre,** *dan met* **gister**:—

1. Die onderwyser skryf 'n lang sin op die swartbord.
2. Hulle sien die maansverduistering.
3. Jannie erf 'n groot som geld.
4. Die boere ploeg na die reën.
5. Die fluks dogter stop haar pa se sokkies.
6. Die hond tjank die hele nag.
7. Die bediende skil die ertappels.
8. Die ander seuns glo jou nie.
9. Die skilderes verf 'n portret van haar man.
10. Niemand eet jou lekkergoed nie.
11. Niemand dwarsboom jou planne nie.
12. Die juwelier waarborg die horlosie.
13. Die twee atlete wedywer met mekaar.
14. Die seun raadpleeg sy vader oor sy loopbaan.
15. Hulle glimlag net oor die grap.
16. Die polisie waarsku die fietsryers.
17. Die ruiters kniehalter hulle perde.
18. Die dame rangskik die blomme in 'n blompot.
19. Die meisies skater oor die snaakse grap.
20. Tog seëvier die waarheid.
21. Hulle wanhoop.
22. Die oujongnooi skinder oor haar buurvrou se dogter.
23. Die bye takel die heuningdief.
24. Oupa vier sy tagtigste verjaarsdag.
25. Ou Poon runnik voor die stal.

II. (*a*) (woon). Ons **woon** op Boplaas.
(*b*) (het gewoon). Ons **het** op Boplaas **gewoon.**

Plaas die werkwoord op die regte plek in die sin:—

1. (is). „Ou Leeumelker" 'n baie interessante kortverhaal.

2. (leun). Twee armoedig gekledes teen die sinkgeboutjie.
3. (val). My oog op die kamaste en rewolwer van 'n konstabel.
4. (is geskrywe). „Ou Leeumelker" deur J. F. W. Grosskopf.
5. (het gemaak). Sy woorde 'n diepe indruk op ons almal.
6. (het gereis). Ek nog nooit in 'n vliegtuig nie.
7. (kon onthou). Die voordraer nie die begin van die gedig nie.
8. (moes terugkeer). Ons voor die end van die vakansie huis toe.
9. (moes ondergaan). Die soldaat skielik 'n operasie.
10. (het afgelê). My pa die reis binne 'n dag.
11. (het ingestel). Die polisie ondersoek na die diefstal.
12. (is gestraf). Die stouterds terdeë.
13. (word betaal). Ons rekenings gereeld maandeliks.
14. (het gaan bergklim). My broer en ek verlede naweek.
15. (kon vind). Ek my horlosie nêrens nie.
16. (moes oppas). Outa Tom gister die skape.
17. (het gekuier). My maat die hele vakansie by ons.
18. (het reggekry). Net Frans die blokkiesraaisel.
19. (het aangekom). Die eerste minister eergister in die stad.
20. (wou word). My boetie destyds graag 'n vlieënier.
21. (hoef te doen). Julle dit nie nie.
22. (behoort te gebel het). Julle net die polisie.
23. (het ingeteken). My pa weer op „Die Huisgenoot".
24. (het gehad). Die buskondukteur nie kleingeld vir 'n pondnoot nie.
25. (geniet). Almal in die huis die rubriek „By die Uitspanning" baie.

III. (*a*) *Vraag*: Skrywe jy?
(*b*) *Antwoord*: **Nee**, ek skrywe **nie**.

Beantwoord die volgende vrae ontkennend:—

1. Lees jy?
2. Leer jy?
3. Rook jy?
4. Pruim die bedelaar?
5. Rook die skoorsteen?
6. Verstaan jy dit?
7. Glo jy dit?
8. Ken jy hom?
9. Sien hy my?
10. Was sy haar?
11. Haat hulle mekaar?
12. Baklei julle?
13. Klap die onderwyser julle?
14. Speel jy?
15. Waai die wind?
16. Hael dit?
17. Kapok dit?
18. Groet sy my?
19. Drink die bestuurder?
20. Waardeer hulle dit?

IV. *Laat die onderwyser die rolle uitdeel en die leerlinge die volgende toneeltjies voordra:—*

(*a*) BAAS: Dis nou die derde keer dat jy vra om na jou ouma se begrafnis te gaan. Dink jy nie ons moet daar 'n end aan maak nie? Hoeveel oumas het jy?

KANTOORSEUN: Drie, Meneer.
BAAS: Drie? Bog!
KANTOORSEUN: Nee regtig, Meneer. Een van my oumas was 'n drieling. (*Die Huisgenoot.*)

(*b*) 1E KOMEDIANT: Hoe laat is dit?
2E KOMEDIANT: (kyk op sy polshorlosie) Half.
1E KOMEDIANT: Hoe sê jy?
2E KOMEDIANT: Half.
1E KOMEDIANT: Ja, maar half wat?
2E KOMEDIANT: Ek weet nie. My uurwyser is af.

V. A. Noem die dae van die week, die maande en die seisoene van die jaar.
B. Hoeveel dae het 'n skrikkeljaar? Waar word die ekstra-dag ingevoeg?
C. Hoeveel jare is daar in 'n dekade, 'n eeu, 'n millenium?
D. Noem die vyf sintuie en sê wat 'n mens met elkeen doen.

2

I. A. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Die opstel **is** klaar.
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: Die opstel **sal** môre klaar wees.
(*c*) *Verlede tydsvorm*: Die opstel **was** gister klaar.

LET OP:—Dit is ook moontlik om te sê: „Die opstel **was** gister klaar **gewees**".

Sit om in die (a) verlede en (b) toekomende tydsvorme:

1. My oudste broer is regtig 'n verstandige kêrel.
2. Piet en ek is kamermaats.
3. Lenie is vreeslik stout.
4. My baadjie se knoop is af.
5. Die kneusplek is al heeltemal blou.
6. Maandag is 'n koue dag.
7. Ons is in Durban.
8. Die voetbalspelers is doodmoeg.
9. Hannes en ek is kwaaivriende.
10. Papajas is baie duur op die mark.

B. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Ek **het** 'n nuwe fiets.
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: Ek **sal** môre 'n nuwe fiets hê.
(*c*) *Verlede tydsvorm*: Ek **het** gister 'n nuwe fiets **gehad.**

Sit om in die (a) verlede en (b) toekomende tydsvorme:

1. Ek het genoeg geld by my.
2. Miemie het haar jongste boetie baie lief.
3. Het jy ook 'n horlosie?
4. Het jy water op jou knie?
5. Niemand het 'n sleutel nie.
6. Ons het 'n groot ou wolfhond.
7. Het jy die nodige geld om die presentjie te koop?
8. Ek het 'n leeslamp in my slaapkamer.
9. Ek het vir jou 'n boodskap.
10. Het jy redes om jou ouers om te praat?

II. **Toe** = hier Eng. „**then**".

(*a*) Die foute moes **toe** een vir een verbeter word.
(*b*) **Toe** moes die foute een vir een verbeter word.

L.W: Die (hulp-)ww. en die byw. van tyd (d.i. „**toe**") is onskeidbaar, wel omstelbaar. Die handelinge het reeds plaasgevind. In watter tydsvorm staan die werkwoorde?

Begin onderstaande sinne telkens met **toe**: —

1. Pa het toe die deur gaan toesluit.
2. Die vrugtestelers het toe laat spaander.
3. Die piekniekgangers moes toe voor die storm deur die spruit probeer kom.
4. Dit was toe die derde lekband wat hulle langs die pad moes heelmaak.
5. Jannie wou toe nie sy spinasie eet nie.
6. Die afweerkanonne het toe begin dreun.
7. Ongelukkig kon sy toe nie haar afspraak nakom nie.
8. Tevergeefs het die atleet toe sy vorige rekord probeer slaan.
9. Die huisvader het die voorbokke toe elkeen 'n deeglike loesing gegee.
10. Die twee het toe nie weer stokkies gedraai nie.
11. Die drenkeling het toe eindelik bygekom.
12. Die prys het toe geleidelik begin styg.
13. Motoreienaars kon toe weer per motor gaan vakansie hou.
14. Die sekretaris het toe 'n vergadering belê.
15. Oom Piet het toe tevergeefs nog 'n kol probeer skiet.
16. Hy het toe by 'n ander nooi gaan vlerksleep.
17. Die storm het toe bedaar.
18. Julle behoort toe die dokter te gebel het.
19. Die vabond het toe nie weer by 'n stopstraat verbygeja nie.
20. Elkeen kon toe kies wat hy die graagste wou gaan doen.

III. A. *Kies* **hy, sy, hom, syne, haar** *of* **hare.**

1. Jan verbeel . . . dat . . . die beste atleet in die skool is.
2. Bettie verbeel . . . dat . . . die beste atleet in die skool is

3. Voordat die man werk toe gaan, groet . . . eers . . . vrou.
4. Toe Mammie se kouse stukkend was, het . . . vir . . . 'n nuwe paar gaan koop.
5. Jan maak die fiets skoon, want dis . . .
6. Bettie maak . . . eie fiets skoon, want dis . . .
7. Piet het . . . opstel netjies in . . . opstelboek oorgeskryf.
8. Hulle het elkeen 'n horlosie; Marie sê dat . . . reg is en Johan sê dat . . . reg is.
9. Andries vra . . . broer of . . . vir . . . sal help met . . . werk.
10. Helena vra . . . suster of . . . vir . . . sal help met . . . werk.

B. *Verander die geslag van die voornaamwoorde:—*

1. Sy het vir hom gehelp.
2. Sy het haar hare gekam; die kam is hare.
3. Sy ken hom nie.
4. Nee, dis nie haar boek nie; dis syne.
5. Het sy ook 'n raket? Waar het sy hare gekoop?
6. Sy het hom die brief gewys.
7. Hy het haar leer fietsry.
8. Hy het sy voorgeskrewe boeke nog 'n slag gelees.
9. Watter bed is hare?
10. Hy sê dis sy koek wat sy geëet het.
11. Sy het vir hom haar sambreel geleen.
12. Sy doen haar bes om hom in die eksamen uit te stof.
13. As sy met hom trou, sal ek bly wees.
14. Hy gaan sit by haar want hy hou van haar.
15. Is dié presentjie syne of hare?

IV. *Lees:—*

Mnr. Anton Steyn nooi Mej. Leonie Roux hartlik uit na sy verjaarsdagpartytjie op Saterdagmiddag, 3 Mei 19*3*1 om drie-uur.

Breëstraat 123,
Pietermaritzburg.

1. Skryf twee antwoorde op bostaande uitnodiging.
   (*a*) Leonie kan dit nie bywoon nie.
   (*b*) Sy neem dit aan.
2. Skryf die adres wat vir die koevert nodig sal wees.

V. *Lees elke sin met die juiste woord:*

1. Ek (weet, ken) nie die man wat met my gepraat het nie.
2. Ek (weet, ken) waar jy gisteraand na toe was.

3. Ek (weet, ken) nie my huiswerk nie. (Weet, ken) jy wat ons huiswerk is?
4. (Weet, ken) jy wat hy Saterdag gesê het? Nee, ek (weet, ken) dit nie. Hy het vertel van 'n skat waarvan hy (weet, ken).
5. Ek het 'n halfuur vir hom gewag en toe het ek maar (tuis, huis toe) gegaan.
6. Sal jy vanaand (tuis, huis toe) bly?
7. Die kaptein het die hele span bymekaar (geroep, genoem); hy het elke seun by sy naam (geroep, genoem) en gesê wat hy moet doen.
8. Na die droogte het die boer 'n (bietjie, stukkie, klompie) land omgeploeg.
9. Gee vir my asseblief 'n (bietjie, stukkie, klompie) water om te drink.
10. Dit was maar 'n klein (bietjie, stukkie, klompie) soldate wat die aanval gewaag het.
11. Toe hy brutaal geword het, het ek hom (vertel, gesê) om weg te gaan.
12. Jy weet tog wat dié woord „papelellekoors" (beteken, bedoel, meen).
13. As ek hierdie woord gebruik, dan (beteken, bedoel, meen) ek 'n soort siekte wat nie 'n siekte is nie.
14. Lambertus Bredenhand het hom baie gewigtig voorgedoen, maar hy het nie veel (beteken, bedoel, meen) vir die samelewing nie.
15. Ek het nou al veertien jaar (gelewe, gewoon) en daarvan het ek vier in die Transvaal (gelewe, gewoon).
16. Slange (lewe, woon) in gate en skilpaaie (lewe, woon) in doppe.
17. Gedurende sy (leeftyd, lewe) het hy veel goeds verrig maar op dertigjarige (leeftyd, lewe) is hy heengegaan.
18. Napoleon het daarin (geluk, geslaag) om van Elba af te ontsnap.
19. Ek hoop dit sal my (geluk, slaag) om in my eksamen te (geluk, slaag).
20. Ons is (al, almal, alle, alles) baie teleurgesteld dat jy nie kan saamkom nie.
21. (Al, almal, alle, alles) kranksinniges is nie gevaarlik nie.
22. Haar man het haar (al, almal, alle, alles) gegee wat haar hart kon begeer.
23. Ek (leer, verneem) dat julle van plan is om te verhuis.
24. Ons het dadelik na die hospitaal gegaan toe ons (leer, hoor) dat Jan 'n ongeluk gehad het.
25. Ek het besluit om die hele nag te (leer, hoor, verneem) toe ek (leer, hoor, verneem) dat ons die volgende dag eksamen skrywe.

3

I. *Lees die volgende stukkie:--*

VAN DRAAD: Annie, **raak** nou asseblief nie **opgewonde** nie! Julle meisiekinders **kan** mos nooit kalm **bly** nie. As jy net nie vir my **deurmekaar maak** nie, **sal** ek jou alles **vertel** . . . **Loop haal** vir my nog 'n koppie koffie. **Dis** alles die skuld van daardie ellendige bywoner, Isak Domberg. Ek **het** hom my motor **geleen** om sy vrou vannag by die „siding" **te gaan haal.**

ANNIE: Ja, Tant Hester **sou** mos met vannag se trein **teruggekom het.**

VAN DRAAD: En om drie-uur vanmôre **kom** 'n skepsel my **wakker maak** met die nuus dat my kar in Bossiepoort se drif **vasgeval het** en dat die rivier **aan die afkom is.** En toe **moes** ek **opstaan** en met 'n span donkies drif toe **ry.**

ANNIE: Maar Pa **hoef** mos nie saam **te gegaan het** nie.

VAN DRAAD: **Dink** jy dan dat ek die uittrek van my splinternuwe motor in die hande van bruinvolk **gaan oorlaat**? Nee a! daarvoor **het** ek . . . vervlaks . . . daar **het** ek nou die botter in die koffie **gesit** pleks van op my brood!

ANNIE: Dit **kom** daarvan as Pa so opgewonde **word** solank Pa nog **eet.**

VAN DRAAD: Kind, ek **is** nie opgewonde nie.

ANNIE: Ek **sal** Pa nog 'n koppie **gaan haal.** En toe? **Was** die motor in die drif?

VAN DRAAD: Nee, en daar **was** ook glad nie eers 'n motorkar daar nie – net 'n Fordkar! Oom Izak **was** al lankal veilig verby.

(Uit *Die Drie Van der Walts* deur Schlengemann)

L.W.—'n Handeling kan in die *hede*, die *verlede* of die *toekoms* plaasvind. In bostaande passasie is **raak . . . opgewonde** 'n bevel en streng genome kan bevele slegs in die toekoms uitgevoer word, maar hier vloei teenwoordige en toekoms so inmekaar dat ons dit maar die teenwoordige tyd kan noem.

Sal . . . vertel slaan op die toekoms; **het . . . geleen** op die verlede. **Kan . . . bly** dui 'n gewoontehandeling aan, d.w.s. dit vind in die verlede, die hede èn die toekoms plaas. Partykeer vind die handeling nie werklik plaas nie, maar word dit net veronderstel; soos in die geval van **deurmekaar maak,** waarby die teenwoordige en die toekomende ook inmekaar vloei.

Die tyd kan, maar hoef nie, deur 'n aparte vorm van die werkwoord uitgedruk word. In „Om drie-uur vanmôre kom 'n

skepsel my wakker maak" word die tyd (verlede) aangegee deur „om drie-uur vanmôre". Ander woorde wat kan aandui dat die verlede tyd bedoel word, is **toe, vandag, gister, môre,** ens. As die tyd eenkeer aangegee is, geld dit dikwels vir 'n hele aantal sinne. Vgl. stel 44 vraag I.

Vertel nou op watter tye die handelinge deur al die werkwoorde in vet druk in die bostaande passasie aangedui, werklik betrekking het:—

II. (*a*) *Antwoord*: Die roos groei in die blommepark.
(*b*) *Vraag*: **Waar** groei die roos?

Stel die vrae waarop die volgende sinne die antwoorde is:—

1. Die kierie staan **agter die deur.**
2. My broer slaap gewoonlik **op die stoep.**
3. Ons speel **Saterdagmiddag** voetbal.
4. Die horlosie het **netnou** gaan staan.
5. Die skape is maer, **omdat dit droog is.**
6. Die baba hoes, **omdat hy verkoue is.**
7. Ons het gister **dorp toe** gery.
8. Ons het **van die plaas af** gekom.
9. Ons het gegaan **om inkopies te doen.**
10. Ons sal **'n mud sout** koop.
11. Die boek beslaan **om en by tweehonderd** bladsye.
12. Hy het die bal **twintig tree** ver geskop.
13. Piet het **'n paar voet** van die rand van die afgrond af gestaan
14. Ons gaan **'n nuwe huis** bou.
15. Daardie gebou met die pannedak is **die hoofonderwyser** se huis.
16. Dis vandag **25 Maart.**
17. Dis nou presies **twaalfuur.**
18. Dis **Nita** se vulpen.
19. Hierdie vulpen behoort aan **Nita.**
20. **Sonder kos** kan geen mens lewe nie.
21. Ek het die potloodstrepe **met 'n uitveër** uitgewis.
22. Hulle skool het **vyfkeer** die wisselbeker verower.
23. Ek hou **van kool.**
24. „Patrys Hulle" is deur **E. B. Grosskopf** geskrywe.
25. Die **vyfde** skoot was binne in die kol.

III. (*a*) *Vraag*: Waarnatoe voer julle julle vrugte uit?
(*b*) *Antwoorde*: (*a*) Ons voer ons vrugte uit **na die Londense mark.**
(*b*) Ons voer ons vrugte uit **na die Londense mark toe.**
(*c*) Ons voer ons vrugte uit **Londense mark toe.**

Beantwoord op drie maniere die volgende vrae:

1. Waarnatoe vloei hierdie rivier?
2. Waarheen gaan jy hierdie boek stuur?
3. Waar loop jy so haastig na toe?
4. Waar gaan jy nou weer heen?
5. Waarnatoe het die motor vertrek?

IV. Die twee seuns se kleurbaadjies is nie eenders nie. Hulle kom dalk van verskillende skole af. *Vertel wat daar plaasgevind het.* *(Sien prentjie op volgende bladsy).*

V. *Gebruik in sinne sodat die betekenis duidelik uitkom:*

(*a*) ter ore kom; iemand die vel oor die ore trek; nog nie droog agter sy ore wees nie; klein muisies het groot ore; tot oor die ore verlief wees.

(*b*) uit die oog, uit die hart; 'n doring in die oog; iemand sand in die oë strooi; iemand na die oë kyk; met die oog op; iets voor oë hou.

(*c*) ter harte neem; van ganser harte; met hart en siel; iets nie oor sy hart kan kry nie; wat die hart van vol is, loop die mond van oor.

4

I. (*a*) **Ek loop** word genoem die *teenwoordige tydsvorm.*
(*b*) **Ek sal loop** word genoem die *toekomende tydsvorm.*
(*c*) **Ek het geloop** word genoem die *verlede tydsvorm (perfektum).*
(*d*) **Ek was siek** word genoem die *verlede tydsvorm (imperfektum).*

LET OP:—In onderstaande passasie is: **Kan . . . inkom** in die teenwoordige tydsvorm en die tyd is die teenwoordige. **Kom** is in die teenwoordige tydsvorm en die tyd is die verlede.

Het geskrywe is in die verlede tydsvorm en die tyd is die verlede.

Sê nou van al die ander werkwoorde in vet druk in watter tydsvorm hulle staan en in watter tyd die handeling plaasvind:-

TANT GRIETA: Nee Abdoel, ek **kan** nie **inkom** nie. Ek **is** alreeds so op my senuwees, en toe **kom** Gertjie ook nog met sy voorbodes. Ek **voel** so omgekrap. Hantie **het geskrywe**


?
We wê!
vat so!
O Gerrie jy's 'n held!

sy **sal** die dorp nie meer **ken** nie — net ou Abdoel se winkel **onthou** sy nog. Jy weet **dis** al vyftien jaar dat sy weg **is.**

ABDOEL: Waar **was** sy dan, Miesies?

TANT GRIETA: Sy **was** mos al die tyd in die Boland by nig Lenie. Hulle **is** baie ryk mense en hulle **het** haar **laat leer.** Nou **kom** sy weer huis toe. En vandag **kom** sy hier **aan** by die stasie en daarom **het** ek en my man die donkiewa **ingespan** om haar **te haal.** Ons **was** eers by die stasie maar toe **hoor** ons die trein **is** soveel uur laat, toe **dink** ons ons **sal** maar vir haar hier **wag.**

ABDOEL: Kom in Miesies, wat **sal** Miesies nou hier buite **staan**?

(Uit *Hantie kom Huis toe* deur Schumann).

II. Ons gaan môremiddag na skool per motor by die Nels kuier om lekker vrugte te kan eet.

LET OP:- Die gewone orde van die bepalings is:—

1. TYD (môremiddag na skool); 2. MANIER (per motor); 3. PLEK (by die Nels); 4. daarna **om**-verbinding: (om lekker vrugte te kan eet).

A. *Begin met die eerste woord en rangskik dié daarna op so 'n wyse dat die sin vlot lees:*

1. Die seuns; in die rivier; **elke middag**; swem.
2. Ons; het gegaan; dorp toe; **gister.**
3. Dit; **in die weste**; het geweerlig; verlede nag; baie.
4. Ons; op my oom se plaas; **verlede vakansie**; het gekuier.
5. 'n Motor; om die hoek; het gejaag; **skielik.**
6. Ek; 'n telegram; het ontvang; van my ouers; **naaseergister.**
7. Die karnallie; in die klas; **vanmôre**; het probeer eet; 'n appel.
8. Piet; het gegaan; saam met ons; **gisteraand**; bioskoop toe.
9. Die vlieguig; **'n hele ruk**; oor die stad; het rondgesweef.
10. Die Durbanse trein; **naby Shongweni**; het ontspoor; nou die dag.
11. Die kosgangers; **Saterdagaand**; die lokasie-volk; met 'n pampoenspook; het verjaag.
12. Ek; om tennis te speel; tyd; het nie gehad nie; **verlede naweek.**
13. **Die loodgieter**; môre-oggend; om heel te maak; die krane; het belowe.
14. Ons skool; **teen die end van die maand**; sluit.
15. Ons gesin; om die vuur; **gedurende die koue wintersaande**; sit en gesels.
16. Die hane; teen middernag; **skielik**; het begin kraai.
17. Die eksamen; op hande; **nou**; is.
18. Die seuns; **die volgende dag weer**; het gaan swem; in die seekoe-gat.

19. Ons; **op die perron**; 'n hele ruk; het gewag.
20. Die sambok; **striemend;** op die jong se kaal rug; kom neer.
21. Die ou; 'n yslike slang; met 'n knopkierie; **'n paar dae gelede**; het doodgeslaan.
22. My broer; **op dieselfde plek**; etlike jare daarna weer; het geploeg.
23. Niemand; met 'n klip; daarna ooit weer; het gegooi; **na my pa se diere**; nie.
24. Ek; na die kraal; **sukkel-sukkel**; hierna; het gegaan; om nog 'n pak slae vry te spring.
25. Oupa; vir 'n vrugtesteler; die voëlverskrikker; het aangesien; **in die skemering.**

B. *Begin dié keer met die vetgedrukte woorde.*

III. (*a*) *Bewering*: Ek weet.
(*b*) *Ontkenning*: Ek weet **nie**.
Maak onderstaande sinne ontkennend:—
1. Hy jok.
2. Hy werk.
3. Sy slaap.
4. Hulle lag.
5. Julle kan.
6. Jan gaap.
7. Jy moet.
8. Dit is.
9. Die kers flikker.
10. Die kers op die kombuistafel flikker.
11. Die stoel kraak.
12. Die stoel met die stukkende leuning kraak.
13. Dit reent.
14. Dit reën hard.
15. Mnr. en Mev. Vosloo se kinders dans.
16. Die kinders baljaar.
17. Die kinders op die strand baljaar.
18. Party boere floreer.
19. Party boere in ons distrik floreer.
20. Die grysaard se kop bewe.
21. Net die perskebome bloei.
22. Net die perskebome onderkant die dam bloei.
23. Die toeskouers raas en skree.
24. Die mynwerkers staak.
25. Die mynwerkers aan die Witwatersrand staak.

IV. *Brei die volgende uit tot 'n samehangende verhaal*:—

Wolf en Jakkals gaan eendag in boer se spens steel — gat in muur — kruip deur - baie lekkernye: koek, tert, speenvark

gebraaide hoenders, ens. - boer se verjaarsdag — Jakkals meet telkens of hy nog deur gat kan kom — Wolf te gulsig — Jakkals dik, laat bord val, kruip deur gat — Wolf sit vas — Boer word wakker — Wolf pimpel en pers geslaan — Jakkals wag in veld — Wolf kom kruppel aan — Jakkals kla hy is siek - Wolf dra hom — Jakkals sing: „Die sieke dra die gesonde" — Wolf vra: „Wat sing jy daar?" — Jakkals antwoord: „Ek bekla my sondes".

V. *Voltooi:—*

1. 'n Mens eet maar 'n dier .....
2. 'n Mens drink maar 'n dier .....
3. 'n Mens sterf maar 'n dier.....
4. 'n Mens woon in 'n huis maar 'n meerkat in 'n.....
5. 'n Mens het hare maar 'n voël het .....
6. 'n Mens het 'n huis maar 'n voël het 'n.....
7. 'n Mens het hare maar 'n ystervark het.....
8. 'n Mens het 'n neus maar 'n olifant het 'n .....
9. 'n Mens het 'n maag maar 'n dier het 'n.....
10. 'n Mens het 'n vrou maar 'n voël of 'n leeu het 'n.....
11. 'n Mens het 'n neus maar 'n vark het 'n .....
12. 'n Mens het 'n mond maar 'n dier het 'n.....
13. 'n Mens het arms maar 'n voël het .....en 'n vis het .....
14. 'n Mens het 'n been maar 'n dier het 'n.....
15. 'n Mens het 'n voet maar 'n hond het 'n.....
16. 'n Mens het 'n voet maar 'n perd het 'n.....
17. 'n Mens praat, 'n hen.....; 'n hond.....; 'n koei.....; en 'n skaap.....
18. 'n Mens loop maar 'n voël.....
19. 'n Mens loop maar 'n slang.....
20. 'n Mens is versadig maar 'n dier is.....

5

I. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Die perd **word** geroskam.
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: Die perd **sal** geroskam **word.**
(*c*) *Verlede tydsvorm*: Die perd **is** geroskam (geword).

LET OP:—**Geword** word baie selde in sulke sinne gebruik.
Sit om in die (*a*) *toekomende en* (*b*) *verlede tydsvorme*: —

1. Die skottelgoed word deur aia Lena gewas.
2. Die opstelle word deur die onderwyser nagesien.
3. Naby die poskantoor word 'n nuwe gebou opgerig.

4. Die weervoorspelling word driemaal per dag oor die radio gelees.
5. Sy gesondheid word deur die drank ondermyn.
6. Hulle motor word nie gereeld skoongemaak nie.
7. Nog 'n Afrikaanse rolprent word Maandag vertoon.
8. Word die geskiedkundige ou huis gesloop?
9. Word die vergadering tot aanstaande week uitgestel?
10. Oupa-hulle se goue-bruilof word vanjaar gevier.
11. Daar word vertel dat hy selfmoord gepleeg het.
12. Daar word om salarisverhoging geagiteer.
13. Daar word hewig geprotesteer teen die nuwe drankwet.
14. Dit word hom kwalik geneem dat hy weggebly het.
15. Dit word gesê dat dit in daardie huis gespook het.
16. My suster word opgelei vir verpleegster.
17. Die pos word tweemaal op 'n dag gelig.
18. Daardie mankpoot word deur die polisie dopgehou.
19. Hier word nie gerook nie.
20. Kinders onder twaalf word nie toegelaat nie.

II. **Toe** – hier Eng. „**When**".

(*a*) Hy het groot geskrik **toe** hy die spook gesien het.

(*b*) **Toe** hy die spook gesien het, het hy groot geskrik.

L.W.—Die handelinge het reeds plaasgevind. In watter tydsvorm staan die wwe.?

Begin die volgende sinne met **toe**

1. Ek kon my studies voortsit toe ek die beurs verower het.
2. Ek het my boeglam geskrik toe die leeu op my aangestorm gekom het.
3. Ek het leer motor bestuur toe ek vyftien jaar oud was.
4. Party seuns was doodverwonderd toe hulle gehoor het dat hulle Matriek deurgekom het.
5. Die vragmotor is erg beskadig toe dit omgeslaan het.
6. Die atleet het sy enkel verswik toe hy paalgespring het.
7. Ons wou nie huis toe gaan toe die konsert afgeloop was nie.
8. Almal het onheil verwag toe nommer dertien binnegekom het.
9. Die pasiënt het die hospitaal verlaat toe sy wond genees was.
10. Die kommando was al weg toe Gol sy perd in die hande gekry het.
11. My vrou was nog bloedjonk toe ons getrou het.
12. Dit het gou koeler geword toe die son agter die wolke verdwyn het.
13. Ons het streepsuiker gekry toe my pa uitgevind het dat ons nartjies gesteel het.
14. Verus het geskater van die lag toe Toiings die name van sy klonkie opgegee het.

15. Die beseerde was nog bewusteloos toe die dokter opgedaag het.
16. Die buffel het in sy vier spore neergeval toe die skoot geklap het.
17. Hulle was al ver van die huis af toe die dag breek.
18. Die klokke het 'n halfuur lank gelui toe die staking van vyandelikhede aangekondig is.
19. Sy klere was die ene modder toe hy uit die sloot uit opgestaan het.
20. Ek het 'n hele paar telegramme ontvang toe ek verjaar het.

III. A. *Gee voorbeelde van klinkers of vokale, tweeklanke of diftonge, medeklinkers of konsonante en sê hoe 'n mens hulle kan uitken.*

B. *Verdeel in lettergroepe:* - -

ploeë, eie, koning, nuwe, mane, misverstand, sensasie, familie, liries, bevredigende, medisyne, besonderhede, gemakliker, beter, gebaseer, laer, reënerige, fabrieke, vroeër, hoër; beïnvloed;

C. *Spreek eers uit in lettergrepe en verdeel dan skriftelik volgens die spelling*

D. *Sê watter lettergrepe oop is* (i) *volgens uitspraak*(ii) *volgens die speling:*—

matte, mate, bomme, bome, potte, pote, plasse, plase, torring, toring, bande, strekste, skutbewaarder, minute, ysterware, yslike, myne, reisende, rysmier, brûe, finansieel, finansiële, offisieel, offisiële, bedlêend, beetjie, pootjie.

IV.

Erfplaas,
Pos Koedoesrand,
Oor Paardeberg.
3 Junie 19...

Liewe Jannie,

Pappie gaan môre Koedoesrand toe; **dus** stuur ek vir jou 'n pakkie snoeperye saam. Ongelukkig moes ek party daarvan maar weer uithaal om die pakkie ligter te maak, want die poskantoor ontvang mos nie pakkies wat meer as elf pond weeg nie. Wat agtergebly het, kan jy maar hier kom eet, want **een van die dae** is dit mos vakansie.

Werk maar fluks vir die eksamen, anders gaan Pappie jou **dalk** nie terugstuur skool toe nie, en jy hou mos nie van boerdery nie. Ons het **altoos** gehoop dat ons enigste kindjie ver sou studeer.

Goed, Pappie het toegestem dat jy vir Andries mag saambring

want dan kan hy jou met die plaaswerk help. Daar wag baie werk vir jou; dis droog en baie ooie **smyt** sommer hulle lammers **weg.** Boonop moet daar weer hout gaan haal word by die rivier en die boord moet nog gesnoei word want Pappie kry nie sy draai nie. Jy sal **ook** maar **hand uit die mou moet steek** met die melkery, want die **volk** gaan trek.

Skryf tog **sonder versuim** die hoeveelste Pappie vir jou en Andries op die stasie moet gaan afhaal. Moenie vergeet om vir Pappie met sy verjaarsdag aanstaande Saterdag geluk te wens nie. Laat weet ook vir my of jy die pakkie ontvang het en hoe die **eetgoedjies** gesmaak het. Bêre dit tog goed sodat die koshuis-seuns dit nie weer kan **laat verdwyn** nie.

Baie liefde en groete,
Jou Mammie.

Beantwoord in volsinne:—

1. In die pakkie was snoeperye; wat kon dit alles bevat het?
2. Hoe sal Jannie se ouers kan vasstel of hy fluks geleer het?
3. Sal Jannie sy bes doen? Waarom?
4. Afgesien van die datum bo-aan sou 'n mens nog kon aflei dat dit winter is. Hoe?
5. Watter werkies sal Jannie gedurende die vakansie moet doen?
6. Jannie sal die brief van sy moeder moet beantwoord. Om watter redes?
7. Die moeder het haar seun aangespoor. Waartoe?
8. Watter woord(e) in die brief laat 'n mens dink dat Jannie nie danig gereeld vir sy ouers skryf nie?
9. Om watter redes sal Jannie bly wees dat Andries saamgaan plaas toe?
10. Waaraan herinner die moeder haar seun in die laaste sin? Begin so: „Die moeder herinner haar seun daaraan dat . . .
11. Gee ander woorde wat nagenoeg dieselfde beteken as dié in vet gedruk.

V. A. *Watter betekenisskakering druk* **be-** *in die volgende sinne uit? Watter soort ww. vorm dit?*

1. Sy het verf aan haar gesig gesmeer. Haar gesig was met verf **besmeer.**
2. Die boer het baie mielies gesaai. Sy lande was **besaai** met onkruid.
3. Ons het ertjies geplant in die tuin. Die hele tuin is **beplant** met ertjies.
4. Hy het sy baard laat groei. Hy het 'n **bebaarde** gesig gehad.
5. Daar het baie bosse in die kloof gegroei. Dit was 'n ruig **beboste** kloof.

B. *Watter soort woe. vorm* **be-** *in die volgende sinne?*

1. Het hy 'n lang brief oor die saak geskrywe? Hy het die toestand uitvoerig **beskrywe.**
2. Die artikel handel oor atoomkrag. Die artikel **behandel** atoomkrag.
3. Ek het op sy brief geantwoord. Ek het sy brief **beantwoord.**
4. Hulle het met my gespot. Hulle het my **bespot.**
5. Sy oefen haar in die voordragkuns. Sy **beoefen** die voordragkuns.

C. *Watter betekenisskakerings word deur* **be-** *in die volgende sinne uitgebring?*

1. Ek merk 'n sekere lusteloosheid in die klas. Ek **bemerk** 'n sekere lusteloosheid in die klas.
2. Ek sal maar nog 'n keer my geluk **beproef.**
3. Die vorige aand het hulle geen onraad **bespeur** nie.
4. Ons sal nou maar die sitting **beëindig.**
5. Hy het tog sy doel **bereik.**

6

I. *Spreek uit met die beklemtoning op die regte lettergreep:*
(*a*) familie, distrik, minster, sedert, telefoon, telegram, definitief, humeur, oninteressante, Indiër, Europa, Afrikaner, herken, herhaling, Johannesburg, katalogus, radiogram, professor, element, kongres, periode, parlement, simpatie, metode, kafee, komitee, magistraat, universiteit, elektrisiteit, generaal, model, radio-musiek.

(*b*) Sedert ons die telegram aan die minister weggestuur het, het ons nog geen antwoord, selfs geen erkenning ontvang nie. Uit private bron verneem ons nou egter dat hy na die sluiting van die parlementsessie die Voorsitter van die Elektrisiteitskommissie in Johannesburg moes ontmoet. Blykbaar het hy definitiewe uitbreidingsplanne aan die minister voorgelê wat interessante ontwikkelings in die toekoms in die vooruitsig stel.

II. *Begin met die sinne in die A-kolom en voltooi deur telkens die geskikste sin in die B-kolom te kies:*

A.	B.
(*a*) Toe hy so afgemat was	1. het die kop daarvan afgespring.
(*b*) Toe hy die vuurhoutjie wou trek	2. het hy besluit om vroeg te gaan slaap.

Lees so:—

(*a*) Toe hy so afgemat was, het hy besluit om vroeg te gaan slaap.
(*b*) Toe hy die vuurhoutjie wou trek, het die kop daarvan afgespring.

A.	B.
(*a*) Toe ons nog op die plaas gewoon het,	1. het hy dit al hoe vlotter begin praat.
(*b*) Toe die vyand die skip getorpedeer het,	2. wou ek nog een deur dieselfde skrywer in die hande probeer kry.
(*c*) Toe hy meer Afrikaans begin lees het,	3. het dit binne 'n paar minute onder die golwe verdwyn.
(*d*) Toe die ou brakkie so siek was,	4. het ons volop vars groente gehad.
(*e*) Toe ek die speurverhaal klaar gelees het,	5. moes ons hom na die hondedokter neem.

A.	B.
(*a*) Die besoekers het aanstaltes gemaak om te loop	1. toe die masjinis gewaar dat dit weggespoel is.
(*b*) Die besoekende studente was uitgelate	2. toe die gasheer en gasvrou begin gaap het.
(*c*) Selfs die opstelle het verbeter	3. toe dit te lank in die mandjie bly staan het.
(*d*) Die trein was reeds by die brug	4. toe die leerlinge meer aandag aan hulle foute begin bestee het.
(*e*) Die druiwe het begin sleg word	5. toe hulle die interuniversiteitswedstryd gewen het.

A.	B.
(*a*) Eers het die stadsklokke gelui,	1. toe het die polisie hom in 'n sel gaan toesluit tot die dag van die verhoor.
(*b*) Die verkiesing was om aguur afgeloop;	2. toe moes die kampeerders hulle planne maar laat vaar.
(*c*) Die misdadiger is op die ou end geboei;	3. toe moes sy dit gou-gou eers gaan stryk.
(*d*) Dit het vroeg daardie môre begin reent;	4. toe is die kanonskote afgeskiet.
(*e*) Haar rok was erg gekreukel;	5. toe het die stembeamptes dadelik begin tel.

A.	B.
(*a*) Toe ek daardie snaakse boek gelees het,	1. toe die swerm bye hom toepak.
(*b*) Die kinders wou nie daardie dag uit die water kom	2. was ons net betyds om die vliegtuig te sien neerstryk.
(*c*) Die grootprater het skreeuend weggehardloop	3. toe dit so heerlik in die golwe was nie.
(*d*) Toe ons die lughawe bereik het,	4. toe het hy dit later op die vasteland voortgesit.
(*e*) Hy het sy studie aan hierdie universiteit begin;	5. het ek my meer as eenkeer 'n boggeltjie gelag.

III. (*a*) *Vraag*: „Kom hy hiernatoe?"
(*b*) *Antwoord*: „**Nee**, hy gaan daarnatoe (soheentoe, soontoe, daarheen).

Beantwoord onderstaande vrae ontkennend:—
1. Drywe die kurk hiernatoe?
2. Stoot hy die karretjie ondertoe?
3. Beur julle steeds vorentoe?
4. Kom hulle deuskanttoe?
5. Het hy dit oorkanttoe gestuur?

IV. *Lees nog 'n slag die brief van die moeder aan haar seun.* Vgl. stel 5 vraag IV.
Stel jou in die plek van Jannie en beantwoord sy moeder se brief. Begin: „Liewe Ouers, . . .", en onthou die vrae wat sy gestel het. Vertel ook hoekom jy die snoeperye verwelkom en beskryf op 'n lewendige wyse hoe jy en 'n paar maats daaraan gesmul het.

V. Noem die tien rededele en gebruik één voorbeeld van elk in 'n sin.

7

I. In plaas van „**Môre sal ek dorp toe gaan**", kan ek sê: „**Môre gaan ek dorp toe**".

Sê op nog 'n manier:—
1. Saterdag sal Villagers teen Hamiltons speel.

2. Aanstaande maand sal die pryse uitgedeel word.
3. Binnekort sal die twee verloof raak.
4. Volgende week sal ons vir julle kom besoek.
5. Ander jaar sal ek in Standerd VIII wees.
6. Ander week en Donderdag sal ons Matesis skrywe.
7. Die volgende vakansie bring ons op Hermanus deur.
8. Oor 'n week sluit die inskrywings.
9. Maandag oor ag dae sal die konsert agter die rug wees.
10. Môre-oggend sal ek om vyfuur opstaan.
11. Oormôre is dit my verjaarsdag.
12. Naasoormôre vertrek ons strand toe.
13. Binne veertien dae is ek weer terug.
14. Ek sal die rekening voor die tiende betaal.
15. Sy bundel gedigte sal eersdaags verskyn.
16. Vanaand is dit jou laaste kans.
17. Môre-aand sal ons vroeër gaan slaap.
18. Oormôre-aand sal ons geen tyd hê om uit te gaan nie.
19. Wie weet waar ons vandag oor 'n jaar sal wees?
20. Volgende keer waarsku ek nie, maar straf ek.

II. (*a*) (het gaan slaap): Gisteraand ek vroeg.
(*b*) Gisteraand **het** ek vroeg **gaan slaap.**

Herhaal onderstaande sinne met die werkwoorde op die regte plek:—

1. (wil gaan). Vrydagaand ons konsert toe.
2. (het ingeduik). Uiteindelik ek in die koue swembad.
3. (was). Vanmelewe daar geen draadlose toestelle nie.
4. (is). Teenwoordig daar in byna elke huis 'n radio.
5. (het getref). Naaseergister die weerlig 'n boom in die hoofstraat.
6. (het vasgesteek). Skielik die hond en die haas agterna gestaar.
7. (het gewerp). Onverwags iemand 'n flitslig op ons.
8. (moes ontsmet word). Dadelik die siekekamer.
9. (het geheers). Verlede jaar daar 'n groot droogte in Namakwaland.
10. (was aanwesig). Op twee na die hele klas.
11. (kon help). Om dié rede ek jou nie.
12. (het ontsnap). Op dié manier die krygsgevangene uit die kamp.
13. (wil gaan). Aanstaande jaar ek graag na die Victoria-waterval.
14. (het hoor knal). 'n Rukkie later ons twee skote.
15. (was). 'n Entjie van die dorp af daar 'n spookhuis.
16. (het geword). Kort na sy aankoms hy ernstig siek.
17. (was gewees). Die hele dag die skoliere baie rusteloos.

18. (het begin val). Kort voor sononder die eerste druppels.
19. (het geskiet). 'n Entjie duskant die rivier ons twee tarentale.
20. (sit). Na die aandete ek graag 'n rukkie op die stoep.
21. (het geslaag). Ten spyte van sy onleesbare skrif Giel tog in die eksamen.
22. (het uitgeseil). Net 'n paar tree van my af 'n koperkapel onder 'n hoop takke.
23. (het gehad). Daardie koue wintersmôre ek nie lus vir riemspring nie.
24. (het probeer vang). Tevergeefs die kat die muis.
25. (moes deurloop). Daardie aand die kwajongens by hulle ouers.

III. (*a*) *Vraag*: Sien iemand ons?
(*b*) *Antwoord*: **Nee, niemand** sien ons **nie.**

Beantwoord die volgende vrae ontkennend: -

1. Praat iemand?
2. Is daar êrens 'n stukkie kryt?
3. Praat hulle ooit met mekaar?
4. Is daar enige rede vir jou versuim?
5. Onthou jy iets van die les?
6. Was daar ooit so 'n meisie?
7. Het jy al ooit van so iets gehoor?
8. Het iemand aan die deur geklop?
9. Sal iemand my help?
10. Is daar êrens 'n sagte plekkie?
11. Sal jy dit êrens wegsit?
12. Het Piet êrens weggekruip?
13. Ontsien jy enigeen?
14. Het hy enige opmerking gemaak?
15. Het hy iets van sy seun gehoor?
16. Raak sy ooit moeg van gesels?
17. Het iemand hom hoor roep?
18. Is daar iewers 'n skuilplek?
19. Het jy miskien iewers 'n mnr. Visagie raakgeloop?
20. Het hy ooit deur sy eksamen gekom?

IV. Wat sal die doel van hierdie koekbakkery wees? Elsie, die dogter, verjaar seker môre. Maar kyk, sy het 'n ring aan haar linker ringvinger. Ek dink tant Nelie, haar ma, wil vir haar leer om binnekort self huis te hou.

1. Wat het 'n mens alles nodig om koek te bak?
2. Wat maak jy met 'n resepteboek?
3. Wat maak Saartjie?
4. Wat het Saartjie op haar kop?


1946
ITS
MELKE

5. Hoekom loop die een kraan?
6. Wat kan jy alles op die spensrak sien?
7. Wat is daar op en onder die klein tafeltjie?
8. Wat sien 'n mens as jy deur die venster na buite kyk?
9. Wat het die moeder en die dogter aangetrek om nie hulle mooi rokkies te laat vuil word nie?
10. Watter patrone het die materiaal van hulle rokke?
11. Wat het die ma op haar kop, op haar neus, om haar nek, in haar hande en om haar handgewrig?
12. Vertel hoe Elsie haar hare dra.
13. Kan jy raai waarvandaan hulle die melk bestel?
14. Wat hang aan die muur bokant die yskas?
15. Wat staan langs èn onder die wasbak?

V. *Gee die regte vorm van die woorde of groepe woorde tussen hakies:—*

1. Anton is die (fluks) seun in die klas.
2. Jy moet liewers smorens 'n rukkie (vroeg) opstaan.
3. Hy was destyds sommer nog 'n (opskiet) knapie.
4. Petrus is (lief) op Marie.
5. Hy het nog nie getrou nie, dus is hy (trou).
6. In die meeste (stad) is daar (buurman) wat mekaar gladnie ken nie.
7. Mejuffrou Neethling is 'n beroemde (sanger).
8. Dié huis is regtig smaakvol (meubel).
9. (Dis hoop) dat hulle betyds sal opdaag.
10. Op die ou end het hy tog oor sy teëstander (seëvier).
11. Die dogtertjie het met (beef) hande die prys ontvang.
12. Ons onderwyser is die (kwaad) mens wat ek ken.
13. Ag, hy is maar net 'n ou (klerk).
14. Ons woon in die (bo) verdieping van die hotel.
15. In Frankryk woon (Fransman) en in Engeland (Engelsman).
16. Dié keer was ek (na) aan die dood as wat ek besef het.
17. (In winter) wissel die meeste bome hulle blare.
18. (Losmaak) die perd en (oppas) dat hy jou nie skop nie.
19. Hou jy ook (van natuur)?
20. (Neersit) die pakkie kougom op die tafel.
21. Die vader het sy kinders (liefhê) en hulle vertroetel.
22. Dit mag waar (is).
23. Ek weet regtig nie (wat doen) nie.
24. Natuurlik eet 'n mens (lewe).
25. Tevergeefs het die drenkeling om (help) geroep.
26. Het jy die (ry) geniet?
27. Bereken gou-gou die (groot) van hierdie kamer.
28. Dis sekerlik een van die (boeiend) (Afrikaans) romans wat ek nog ooit gelees het.

29. Mnr. Grim is die man wat (moor) is.
30. In dié speurverhaal kry 'n mens 'n beskrywing van 'n (tipies) moordenaar.

8

I. (*a*) *Bedrywende vorm*: My suster **skink** tee.
(*b*) *Lydende vorm*: Tee **word** deur my suster **geskink.**
Verander elke sin sodat die onderwerp lydend word:—

1. Twee maer perde trek die kar.
2. Dié hoenders lê wit eiers.
3. Die polisie betrap die dief.
4. Jannie vervyf die drie.
5. Die swaweltjies bou nessies van klei.
6. Die speurders dwarsboom die planne van die smokkelaars.
7. Die bank keer die note aan Taylor uit.
8. Onder sy matras vind hulle 'n kaartjie met 'n telefoonnommer daarop.
9. Die speurders agtervolg die twee mans tot by die hotel.
10. Reuter beweer dit.
11. Die inbrekers steel die bontste verskeidenheid goed.
12. Die hond jaag die kat in die boom.
13. Seuns geniet gewoonlik speurverhale.
14. Oom Manie bestuur die bruidskar.
15. André Huguenet voer 'n drama van W. A. de Klerk op.
16. Aia Siena stof die meubels in die voorhuis af.
17. Elke aand dek Hannie die tafel.
18. Vanaand lewer die burgemeester 'n toespraak in die stadhuis.
19. Tans vervoer vliegtuie ons pos na die buiteland.
20. Die regering voer teenswoordig koring uit Amerika in.
21. Baie min mense geniet poësie
22. Sluit julle elke aand die deure?
23. Bederf jou oupa vir jou?
24. Stel die komitee die vergadering uit?
25. Pas die Roux's hulle motor op?

II. (*a*) Ons het **gister** in die rivier gaan swem.
(*b*) **Gister** het ons in die rivier gaan swem.
Begin telkens met die woorde in vet druk:

1. Dit het **'n week gelede** hard gereën.
2. n Hele aantal van my klasmaats het **verlede Saterdag** by die Albert-waterval gaan piekniek hou.

3. Ek het **in die Kruger-wildtuin** die eerste keer 'n leeu gesien.
4. Die motor het **duskant** die rivier omgeslaan.
5. Die prys van eiers sal **binnekort** styg.
6. Dis nog vyftien myl **soheentoe.**
7. Die reënbui het **skielik** uitgesak.
8. Die Van Reenens het **destyds** nog in Kaapstad gewoon.
9. Woltemade het **nogmaals** met sy perd die golwe binnegewaag.
10. My pa moet elke more **om sewe-uur** werk toe gaan.
11. Die lewensredder het **met lang hale** na die drenkeling toe geswem.
12. Hulp het **ter elfder ure** opgedaag.
13. Ons huisdokter het **'n rukkie gelede** 'n nuwe motor gekoop.
14. Die motorbestuurder het **net betyds** die remme aangetrap.
15. Ek het die ring **'n entjie** van die kruiwa af opgetel.
16. Dis nie **die waarheid** nie.
17. Die vent gedra hom baie beter **sedert hy getroud is.**
18. Ek was sommer nog 'n opgeskote knapie **toe** die mynwerkers daardie keer gestaak het.
19. Alma het gebewe van die koue, **omdat** sy haar jas tuis vergeet het.
20. Niemand het geweet **of** Gerrie die waarheid gepraat het nie.
21. Die arme kêrel het die betrekking aanvaar, **al** is die salaris so gering.
22. Ek sal die rekening betaal **sodra** ek my tjek ontvang.
23. Ons sal Woensdagmiddag gaan roei, **mits** dit mooiweer is.
24. Jy sou speel-speel die paal gehaal het, **as** jy maar net eerder jou bes begin doen het.
25. Gistermôre het ek verslaap, **daar** ek vergeet het om die wekker te stel.

III. Die portret is **lelik**; dis 'n **lelike** portret.

Voltooi:—

1. Die springhaas is dood; dis 'n . . . springhaas.
2. Die strate is breed; dis . . . strate.
3. Die man is oud; dis 'n . . . man.
4. Die lig is dof; dis 'n . . . lig.
5. Die plan is goed; dis 'n . . . plan.
6. Die kussing is sag; dis 'n . . . kussing.
7. Die toring is hoog; dis 'n . . . toring.
8. Sy invloed is sleg; dis 'n . . . invloed.
9. Die vakansie was aangenaam; dit was 'n . . . vakansie.
10. Dis 'n . . . taak; die taak is moeilik.
11. Dis . . . feite; die feite is interessant.
12. Dis 'n nuwe baadjie; die baadjie is . . .
13. Die boer is nog bloedjonk; dis nog 'n . . . boer.

14. Dis 'n bedompige kamer; die kamer is . . .
15. Ons hoof is 'n . . . man; die hoof is vriendelik.
16. Die moordenaar was wreed; dit was 'n . . . moordenaar.
17. Ons orrelis is doof; dis 'n . . . orrelis.
18. Dis nog vroeg; hulle het in die . . . môre opgestaan.
19. Is jou klere droog? Jy moet . . . klere gaan aantrek.
20. Die kind is sieklik; dis 'n . . . kind.
21. Die osse is moeg; dis . . . osse.
22. Daar is 'n gewilde strand in Durban; die . . . strand is gewild.
23. Die boere in Petrusburg kry swaar; die . . . boere kry swaar.
24. Daardie klere was duur; dit was . . . klere.
25. My kiestande is los; ek het . . . kiestande.

IV. Skryf die brief wat jy die graagste sou wou ontvang as jy vanmiddag tuiskom, of skryf 'n antwoord op die brief wat jou die kwaadste gemaak het.

V. 'n Plan word **beraam**; ondersoek word **ingestel**; hy het die gelag **betaal**.

Gee die werkwoorde wat gewoonlik saam met die selfstandige naamwoorde in onderstaande sinne gebruik word:—

1. Het jy 'n **seël** op die brief . . . ?
2. Wie sou die **bedrog** . . . het?
3. Onlangs het oom Gert-hulle 'n **besoek** by ons . . .
4. Kom hierheen; ek wil 'n **appeltjie** met jou . . .
5. Kom ons gaan swem; jy moet eers jou **swemklere** gaan . . .
6. Pa sal julle looi as julle weer sulke **kattekwaad** . . .
7. Na 'n lang ruk het die brandweermanne tog die **brand** . . .
8. By die oase het hulle hulle **dors** . . .
9. Hoe het die dokter daarin geslaag om die pasiënt se **pyn** te . . . ?
10. Moenie altyd met my die **draak** . . . nie.
11. Omdat hy so steeks was om te leer, het hy in die **eksamen** . . . ; as hy net vlytiger was, kon hy fluit-fluit . . . het.
12. Teen wie sou hy nou weer 'n **wrok** . . . ?
13. Sorg dat julle betyds die nodige **voorsorgmaatreëls** . . .
14. Byna sewe jaar lank het die twee nasies **oorlog** . . .
15. Smorens word 'n **vlag** . . . ; saans word dit . . .
16. Van woede kon die magtelose Jan maar net sy **tande** . . .
17. Dit sal jou niks baat om **trane** daaroor te . . . nie.
18. In die Oranje-Vrystaat . . . 'n kwaai **droogte**.
19. In daardie skool . . .**wanorde**.
20. Oor hierdie saak moet julle die **stilswye** . . .

21. Die teleurgestelde dame kon maar net 'n **sug** . . .
22. Die fabriekswerkers het gestaak, omdat die werkgewers nie hulle **salarisse** wou . . . nie.
23. Daar sal **stappe** . . . moet word om die euwel te bestry.
24. Sorg dat jy darem nie jou **gesondheid** . . . nie.
25. Kom ons gaan ons **ontbyt** . . .

9

I. I.p.v. „Verlede week **het** ek op die dorp **gekom** en my neef daar **raakgeloop**," kan ek sê: „Verlede week **kom** ek op die dorp en **loop** my neef daar **raak**."

LET OP:—Dit gebeur as ons 'n verhaal vertel.

Sê op nog 'n manier:

1. Verlede Saterdag het Flip en ek 'n fietstoggie gemaak en tot by Waterkloof gery.
2. Daar het ons 'n bynes in 'n rotsskeur gesien en natuurlik dadelik besluit om dit uit te haal.
3. Flip het 'n ou stuk lap uit sy fietssakkie gehaal en dit aan brand gesteek.
4. Toe dit mooi gevlam het, het hy dit weer doodgedruk en dit in die skeur gesteek om die bye uit te rook.
5. Toe hy gedink het dat die bye goed dronk was, het hy sy baadjie uitgetrek en sy moue opgerol.
6. Daarna het hy versigtig nadergegaan en sy hand in die skeur gewring.
7. Maar net toe hy gedink het dat hy die eerste koek kon bykom, het die bye op 'n geweldige manier begin uitborrel.
8. Ek het hom net hoor skree: „Jong hulle pak my!"; toe het hy soos die blits by my verby gevlie met die bye al om sy kop.
9. Ek het hom verbaas gestaan en aankyk en wou net sy baadjie gaan optel, toe ek die bye om my kop hoor gons het.
10. Ek het toe ook maar ysterklou in die grond geslaan en gemaak dat ek wegkom.
11. Eers toe dit skemer geword het, kon ons die moed bymekaar skraap om weer Flip se baadjie te gaan haal.
12. Laat dié nag het ons tuisgekom met 'n honger maag en die oortuiging dat heuning nie altyd soet smaak nie.

II. (*a*) Ek was nog ver van die skuilplek af **toe** die eerste druppels begin val.

Toe die eerste druppels begin val, was ek nog ver van die skuilplek af.

(*b*) Hy begin **toe** lag.
Toe begin hy lag.

L.W.—Die handelinge het reeds plaasgevind. In watter tydsvorm staan die wwe.?

Begin onderstaande sinne met **toe**:—

1. Ons het 'n geweldige slag gehoor toe die weerlig die skoorsteen tref.
2. Die toeskouers het gejuig toe die stoeier sy teenstander teen die vloer vasdruk.
3. Hulle was vies toe hulle die blokkiesraaisel nie kon oplos nie.
4. Die moeder was erg bekommerd oor haar seun toe sy niks van hom hoor nie.
5. Die pakkie was oop toe ek dit ontvang.
6. Die boere het toe 'n biddag bepaal en om reent gebid.
7. Niemand kon toe onthou hoeveel hulle mekaar skuld nie.
8. Die bestuurder moes toe maar die onbetroubare klerk ontslaan.
9. Die dominee het toe oor die eerste gebod gepreek.
10. Die skuldeiser wou toe nie langer uitstel gee nie.
11. Die vent het gebloos toe ek sy leuen voor die meisies verklap.
12. Ons het 'n kranksinnige gewaar toe ons by die gestig verbystap.
13. Hy het nie 'n lid verroer toe die tandarts sy tande trek nie.
14. Die soldaat het ongelooflike staaltjies vertel toe hy van die slagveld af terugkeer.
15. Party mense het hulle honde weggesteek toe die belastingbeampte sy rondte doen.
16. Skielik spring daar toe 'n aanrander agter die donker heining op.
17. Die knaap het sy rieme styfgeloop toe hy een aand by die sersant inbreek.
18. Die druipelinge het op hulle neus gekyk toe hulle die eksamenuitslae verneem.
19. Ons het toe die verwaande vent 'n lelike poets gebak.
20. Hy het dadelik 'n bestelling geplaas toe hy die advertensie lees.

III. I.p.v. „Môre gaan ons na die dorp", kan ons sê: „Môre gaan ons na die dorp toe", of „Môre gaan ons dorp toe."

Sê op nog twee maniere:—

1. Soggens om agtuur gaan ons na die skool.
2. Daardie twee seuns het die hele pad na Durban gestap.

3. Ons gaan na die Boland vir ons vakansie.
4. Die reis na die Karoo was baie onaangenaam.
5. Kom ons draf na die boom, anders word ons nat.
6. Dit was heerlik om met die ossewa na die rivier te ry.
7. Hardloop gou na Ouma en gee vir haar hierdie brief.
8. Kyk of jy een-beentjie na die hek kan spring.
9. Na afloop van die eksamen moet jy dadelik na die huis kom.
10. Hy dwing maar gedurig na die bioskoop.

LET OP:—Ons skryf **onderkanttoe, oorkanttoe** ens. sonder 'n koppelteken.

11. Skop die bal na die oorkant.
12. Stuur 'n boodskap na die anderkant.
13. Hy het 'n gebed opgestuur na bowe.
14. Roei so effentjies na die bokant.
15. Gooi jou skoene terug na hierdie kant (deuskant).

LET OP:—In dié volgende gevalle word **toe** los van die voorafgaande woorde geskrywe.

16. Hulle het na die Portugese gebied verhuis.
17. Die wolke drywe na Stellenbosch se kant.
18. Ons bure gaan Sondags na die Wesleyaanse kerk.
19. Ek is van plan om my seun a.s. jaar na Heidelberg se skool te stuur.
20. Oom Piet het sy osse na die boonste randjies laat ja.

IV. *Skets, in 'n paar sinnetjies elk, geleenthede waarby 'n mens die volgende uitdrukkings sou kon gebruik:—*

1. Wie die laaste lag, lag die lekkerste.
2. Van vrolikheid kom olikheid.
3. Al bars die bottel ook!
4. „Sommer" is geen rede nie.
5. „As" is verbrande hout.

V. A. *Voltooi:—*

1. Iemand wat brood bak, noem ons 'n bakker.
2. „ „ vee slag, noem ons 'n s.....
3. „ „ huise bou, noem ons 'n b.....
4. „ „ besigheid bestuur, noem ons 'n b .....
5. „ „ skoene maak, noem ons 'n s.....
6. „ „ klere maak, noem ons 'n k.....
7. „ „ hare sny, noem ons 'n h.....
8. „ „ op 'n fiets ry, noem ons 'n f.....
9. „ „ te perd ry, noem ons 'n p.....
10. „ „ stoei, noem ons 'n s.....
11. „ „ 'n geskenk gee, noem ons die s.....
12. „ „ 'n geskenk ontvang, noem ons die o .....

13. Iemand wat gedigte maak, noem ons 'n d.....
14. ,, ,, boeke skrywe, noem ons 'n s.....
15. ,, ,, toneel speel, noem ons 'n t.....
16. ,, ,, voetbal speel, noem ons 'n v.....
17. ,, ,, tennis speel, noem ons 'n t.....
18. ,, ,, kaartspeel, noem ons 'n k.....
19. ,, ,, 'n vergadering toespreek, noem ons die s.....
20. ,, ,, 'n debat inlei, noem ons die i.....
21. ,, ,, skape skeer, noem ons 'n s.....
22. ,, ,, vrugte pak, noem ons 'n p.....
23. ,, ,, vrugte pluk, noem ons 'n p.....
24. ,, ,, transport ry, noem ons 'n t.....
25. ,, ,, opsig hou by 'n eksamen, noem ons die o.....
26. ,, ,, aan ander werk gee, noem ons 'n w.....
27. ,, ,, vir 'n ander werk, noem ons 'n w.....
28. ,, ,, vir 'n saak veg, noem ons 'n v..... daarvan.
29. ,, ,, 'n saak bestry, noem ons 'n t..... daarvan.
30. ,, ,, oor 'n radio omroep, noem ons 'n o.....

B. *Watter uitgang het al hierdie woorde? So 'n uitgang noem ons ook 'n agtervoegsel of 'n s.....*
C. *Hoe noem 'n mens die groep woorde wat hierdie agtervoegsel het?*

10

I. (*a*) Dit **is** donker. (*Toestand.*)
(*b*) Dit **word** donker. (*Verandering van toestand.*)
(*c*) Daar **word gepraat**. (*Handeling.*)

Sê of ons in die volgende sinne met (a) 'n toestand (b) 'n verandering van toestand of (c) 'n handeling te doen het:—

1. Dit is laat.
2. Dit word laat.
3. Daar word gepraat.
4. My sussie word al hoe stouter.
5. My sussie word baie geterg deur ons.
6. My sussie is baie stout.
7. Tant Annie word regtig vet.
8. Mevrou Visser is 'n ou soustannie.
9. Daar word elke aand gedans.
10. Al die bome in die hoofstraat word afgekap.
11. Die vee word dag vir dag maerder.
12. Vanjaar is sitrusvrugte baie skaars.
13. Die kuikentjies word vinnig groot.

14. Weekliks word die huis van voor tot agter skoongemaak.
15. Kinders onder twaalf word nie tot daardie vertoning toegelaat nie.
16. Die woelwaters word vanmiddag na skool gehou.
17. In die kerksaal word nie gerook nie.
18. Op die plaas is dit baie stil.
19. Teen sononder word die pluimvee versorg.
20. Teen sononder word dit skielik koud.
21. So teen sononder is dit al koud.
22. Die vrugte begin nou ryp word.
23. Ongelukkig word die pad duskant die berg onrybaar.
24. Duskant die berg word die pad nou geteer.
25. Die pad is duskant die berg onbegaanbaar.

II. (het gemaak). Ons toe 'n vuur om die vleis te braai.
Ons **het** toe 'n vuur **gemaak** om die vleis te braai.

Herhaal onderstaande sinne met die werkwoorde op die regte plek:—

1. (het gegaan). Jan-hulle verlede Saterdag rivier toe om vis te vang.
2. (het gevra). Hansie my om hom om sewe-uur wakker te maak.
3. (is gewillig). Die minister nie om die tentoonstelling te open nie.
4. (het besluit). Die komitee gister om die vergadering uit te stel.
5. (is verdaag). Die hof die tweede keer om verdere inligting in te win.
6. (het voorgeneem). Die beskuldigde hom om nooit weer oneerlik te wees nie.
7. (het verlang). Ek daarna om weer 'n slaggie met jou te gesels.
8. (het vergeet). Marie skoon om haar opstel te skrywe.
9. (is gewaarsku). Die rakkers deur die magistraat om nie weer klippe op die dakke te gooi nie.
10. (het gesoebat). Die kleinkinders hulle oupa tevergeefs om nog 'n storie vir hulle te vertel.
11. (moes beloof). Ons vir my ma om nooit weer met vuurhoutjies te speel nie.
12. (moes spaar). Ek jarelank om 'n fiets te kon koop.
13. (het wag gestaan). Een van die seuns bo in die gang om ons betyds te waarsku as 'n onderwyser aankom.
14. (het beveel). Pa ons om die halwe-werk te gaan oordoen.
15. (moes probeer). Almal eers om daardie swaar gewig op te tel.
16. (het verwag). Die druipelinge sê almal dat hulle om in die eksamen te slaag.

17. (het gesukkel). Outa Booi vertel dat hy baie om die perd te vang.
18. (sal regkry). Ek glo nie dat jy dit om daardie vent te flous nie.
19. (het vergeet). Het jy al gehoor dat Juffrou om die rapporte te pos?
20. (is beter). Ek dink dat dit om alles kontant te koop.
21. (is beter). Ek dink dit om alles kontant te koop.
22. (het gesmeek). Tevergeefs die dief die polisie om hom nie te boei nie.
23. (het gesmeek). Tevergeefs die beskuldigde om genade.
24. (roep). Jou pa jou om hom te gaan help.
25. (het geroep). Jou pa jou om hom te gaan help.

III. (*a*) *Vraag*: Slaan hy jou?
Antwoord: **Nee,** hy slaan my **nie.**
(*b*) *Vraag*: Slaan hy vir jou?
Antwoord: **Nee,** hy slaan **nie** vir my **nie.**
(*c*) *Vraag*: Slaan hy die osse?
Antwoord: **Nee,** hy slaan **nie** die osse **nie.**
(*d*) *Vraag*: Het sy die tafel gedek?
Antwoord: **Nee,** sy het **nie** die tafel gedek **nie.**

LET OP:—Behalwe in sinne soos die eerste waar die persoonlike voornaamwoord sonder voorsetsel gebruik word, staan die eerste **nie** onmiddellik na die eerste werkwoord of deel van 'n werkwoord.

Beantwoord die volgende sinne ontkennend:—

1. Skop jy die bal?
2. Vang jou maat die bal?
3. Leer jy nou jou les?
4. Kom jy netnou saam?
5. Bly jy op jou stoel sit?
6. Hou jy van die nuwe leesboek?
7. Stel hy sy besoek uit?
8 Dek Sarie saans tafel?
9. Kom jy uit Noag se ark?
10 Kom die agteros ook in die kraal?
11. Het hy vir jou geslaan?
12. Het hy jou 'n blou-oog geslaan?
13. Het julle al vir hom ontmoet?
14. Het jy al jou opstel geskrywe?
15. Sal dit môre mooiweer wees?
16. Sal julle gou by ons kom kuier?
17. Gaan julle Dingaansfees vier?
18. Moet ons halfpad weer omdraai?

19. Wil jy gaan **sit**?
20. Moet hy vyftig reëls uitskrywe?
21. Doen iedereen sy plig?
22. Maak Paul sy potlood skerp?
23. Vang 'n mens vis met jou hand?
24. Het hulle voor die deur bly staan?
25. Sal jy gou kom?

IV. Laat 'n ou motor sy lewensgeskiedenis vertel.

V. A. *Vul die ontbrekende aan:*—

1. Dis nie om die hondjie nie, maar .....
2. Hy weet waar Dawid .....
3. Die appel val nie ver .....
4. Ek het 'n appeltjie met .....
5. In die land van die blindes is .....
6. Ledigheid is die duiwel .....
7. As die kat weg is, is .....
8. Wie in glashuise woon, ...
9. Waar die hart van vol is, ...
10. As jy 'n hond wil slaan, ...

B. *Spreek uit:*— **ie** - **uu.**

LET OP:—Om **u** (**u**) te sê, maak klaar vir **ie**, maar stoot die lippe 'n bietjie vooruit.

Lees:—

(*a*) Ier — uur; vier - - vuur; mier — muur; sier - - suur; bier — buur; dier — duur; bestier — bestuur.
(*b*) Die Ier het 'n uur voor die vuur gesit.
(*c*) Na die vuur het daar 'n mier oor die muur geloop.
(*d*) Weet u, u bure kan ure lank voor die vuur sit en bier drink?

11

I. A. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: My pa was en skeer hom.
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: My pa **sal** hom was en skeer.
(*c*) *Verlede tydsvorm*: My pa **het** hom **gewas** en **geskeer**.

LET OP:—'n Mens kan nie terselfdertyd **was** en **skeer** nie.

Sit om in die (*a*) *Verlede en* (*b*) *Toekomende tydsvorme*:—

1. Die vrou was en stryk self haar klere.
2. Die arme meisie eet en slaap in dieselfde kamer.
3. Die ou tannie praat en praat, maar niemand luister na haar nie.

4. Die boer oes en dors sy graan.
5. Gedurende die droogte swoeg en sukkel ons van die môre tot die aand.
6. My oom ploeg en eg sy lande in Meimaand.
7. Die vee bulk en blêr van die dors.
8. Smorens was en bleik die meid ons vadoeke.
9. By my oupa speel en slaap ek in die rondawel.
10. In die vakansie lees en skryf ek selde.

B. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Die niksnut **lê** die hele dag **en slaap.**
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: Die niksnut **sal** die hele dag **lê en slaap.**
(*c*) *Verlede tydsvorm*: Die niksnut **het** die hele dag **gelê en slaap.**

LET OP:—Die handelinge **lê** en **slaap** vind gelyktydig plaas.

Sit om in die (a) Verlede en (b) Toekomende tydsvorme:—

1. Die verliefde nooientjie sit en droom by die treurwilgers.
2. Vader staan en gesels met die dokter.
3. Jan loop en fluit in die gange.
4. Piet lê en sing in die bad.
5. Gert sit en slaap in die klas.
6. Die jong staan en twis alweer met die meid.
7. Hy loop en dink oor sy moeilikhede.
8. Die stouterd sit en grens op die stoep.
9. Die skoliere sit en geniet die storie wat die onderwyser voorlees.
10. Hulle staan en terg die kruppel ou jong.

C. In plaas van te sê: „Hy hou die heeldag aan met rusiemaak", kan ons sê: „Hy staan die heeldag en rusiemaak".

Sê op nog 'n manier:—

1. Jy moenie so staan en lol nie.
2. Hy staan die hele dag hier en sanik.
3. Moenie hier staan en skoorsoek nie.
4. In plaas van sy werk te doen, staan hy die hele môre en gesels
5. Ag, moenie so staan en rondtrap nie.
6. Jy sal my aanhou tempteer tot ek kwaad word.
7. Toe sy haar opstel moes skryf, het sy aanhoudend gegiggel.
8. Ek het vir my daaroor vererg dat hy so aangehou het met lieg.
9. Jy moenie so ewigdeur witvoetjie soek by die onderwysers nie.
10. Daardie ou man bly van die môre tot die aand preek oor meisies se kleredrag.

II.

A.	B.
(*a*) Toe die skoot klap,	1. toe sy haar fout besef.
(*b*) 'n Blos sprei oor haar gesig	2. spring die tier in die lug.

(*a*) Toe die skoot klap, spring die tier in die lug.
(*b*) 'n Blos sprei oor haar gesig toe sy haar fout besef.

L.W.—Die handelinge het reeds plaasgevind. In watter tydsvorm staan die wwe.?

Begin met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur telkens die geskikste sin in die B-kolom te kies:—

A.	B.
(*a*) Toe die aanrander hom bevlie,	1. spring almal af en soek vuurmaakhout.
(*b*) Die vrou gee net een gil en staan op die stoel	2. toe gee hy nog 'n paar gape en eerlank is hy vas aan die slaap.
(*c*) Toe die piekniekwa stilhou,	3. pluk hy blitssnel sy rewolwer uit sy sak.
(*d*) Toe hy sy rekening betaal,	4. toe die muis by haar verby hardloop.
(*e*) Hy skakel die lig af;	5. gee die kassier vir hom 'n kwitansie.

A.	B.
(*a*) Die ou Fordjie gee net een hik	1. vou die valskerm oop en stadig sak hy grond toe.
(*b*) Toe hy van die trein afklim,	2. toe smyt sy dit in die vuur en bars in trane uit.
(*c*) Sy lees die telegram nog eenkeer;	3. toe val die eerste druppels neer en eerlank is dit die ene water net waar jy kyk.
(*d*) Toe hy uit die vliegtuig spring,	4. toe gaan staan dit in die middel van die stroom, en tevergeefs probeer ons hom weer aan die gang kry.
(*e*) Die wolke begin saampak; die weer begin dreun;	5. sien hy niemand om hom te ontmoet nie.

A.	B.
(*a*) Toe die trein vertrek,	1. knoop hy sy baadjie styf toe, trek sy handskoene aan en stap werk toe.

(*b*) Toe die skoolklok so vroeg lui;

(*c*) Die dominee lees die psalm voor;

(*d*) Die tennisafrigter wys eers hoe die raket vasgehou moet word

(*e*) Toe die wind daardie wintermôre so koud waai,

2. toe begin die orrelis speel en die gemeente staan op om saam te sing.
3. en toe slaan hy self 'n paar balle om vir die beginners te wys hoe hulle dit moet doen.
4. kyk alle leerlinge verbaas op want gewoonlik gaan hulle eers 'n kwartier later huis toe.
5. val dit my skielik by dat ek nie my reiskaartjie by my het nie, en dat my geld ook nog in my tafellaai lê.

III. A. *Lees*: —

(*a*) Piet — pier; vies - vier; miet — mier; dief - dier; lied — lier; bietjie liedjie; Grietjie — rietjie.

LET OP:—Voor **r** van dieselfde lettergreep is **ie** lank, anders kort.

(*b*) Piet se familie is groot mieliebоere. In die winter vreet die diere die mieliestronke. Daar het hy sy liefde vir liriese tonele geleer.

B. *Lees*:

(*a*) lier — leer; tier - teer; vier — veer; mier — meer; sier — seer; bier - beer.

(*b*) Tien plus vier maak veertien, maar tienmaal vier is gelyk aan veertig.

(*c*) Mientjie meen dat sy haar veertiende verjaarsdag saam met al haar vriendinne sal vier.

(*d*) Liesbet moet liewers leer om nie briewe te skryf as sy haar boek moet lees nie.

IV. *Vul die leestekens in en gebruik hoofletters, kappies en deeltekens waar nodig*:—

(*a*) langmarkstraat 20 pietermaritzburg 10 oktober 1947

(*b*) moet ek links of regs draai oorkant die bult,vra giel ry man ry antwoord gert moenie vrae vra nie

(*c*) sy verslag en dit weet ek deur die waarneming gee 'n volkome juiste beeld van die toestand van die droogte-geteisterde streke

(*d*) as dit nie binne veertien dae reen nie sal die boere nie kan ploee vir aanstaande jaar se oes nie wat n benarde toestand sal laat ontstaan

(e) die meisie in die basaar het my net die rok gewys wat ek gesoek het dus het ek maar niks meer gese nie maar dit dadelik gekoop.

V. A. *Gebruik in sinne:—*
Lief vir; verlief op; al; almal; alles; alle; agter; na; rond; rondom.

B. Gestel jy moet 'n oorsese besoeker jou dorp of stad gaan wys: waarheen sal jy hom orals neem?

C. Noem die provinsies van Suid-Afrika. Wat noem ons hulle gesamentlik?

12

I.

	Bedrywende	*Lydende*
(*a*)	**Hulle sê** dat die musiek-onderwyser kwaai is.	**Daar word gesê** dat die musiekonderwyser kwaai is.
(*b*)	**Die mense** sê dat die musiekonderwyser kwaai is.	**Dit word gesê** dat die musiekonderwyser kwaai is.
(*c*)	In hierdie kantoor **rook 'n mens nie.**	In hierdie kantoor **word** nie **gerook** nie.
(*d*)	In hierdie kantoor **mag 'n mens** nie **rook** nie.	In hierdie kantoor **word daar** nie **gerook** nie. In hierdie kantoor **mag (daar) nie gerook word** nie. Dit word nie toegelaat om in hierdie kantoor te rook nie.
(*e*)	Die Bestuur (of ons) **wag** aansoeke **in** om die betrekking van eerste assistente in 'n damesklerewinkel. (A. C. Human en Kie.)	Aansoeke **word ingewag** om die betrekking van eerste assistente in 'n damesklerewinkel. (A.C. Human en Kie.)

LET OP:—**Hulle, 'n mens, die mense** word in sulke sinne onbepaalde voornaamwoorde genoem. Dikwels is dit nie nodig om die onderwerp van die bedrywende vorm by omsetting in die lydende vorm te meld nie. Woorde soos (deur) **ons, hulle, hom, die bestuurder,** ens., word dan eenvoudig weggelaat.

Sit om uit die bedrywende vorm in die lydende vorm, of omgekeerd:—

1. Hulle beweer dat die skip op tyd vertrek het.
2. S.A.P.A. beweer dat daar opnuut 'n werkstaking in Amsterdam uitgebreek het.
3. Uit Nieu-York word gemeld dat Amerika 'n nuwe handelsverdrag met Engeland aangegaan het.
4. Daar word berig dat die skip op die hoogte van St. Helena awery gehad het.
5. Die mense beweer dat dit die ergste droogte is wat die Suid-weste nog ooit beleef het.
6. Hulle dink dat die Unie aan die opdroog is.
7. Die mense glo dat sy lewe deur 'n wonderlike toeval gered is.
8. Applikasies word gevra vir die betrekking van 'n tweetalige gesondheidsinspekteur. (Stadsklerk, Vryheid.)
9. Inskrywings word ingewag vir die aankoop van 'n motorboot. (Unieraad vir Tenders.)
10. In die begroting word voorsiening gemaak vir 'n buitengewone toekenning van vyfhonderd pond aan die stadsorkes.
11. Belastingbetalers word hiermee in kennis gestel dat die belastingkantoor voortaan om twaalfuur sal sluit.
12. Hulle verhoog vanjaar die inkomstebelasting met vyf-en-twintig persent.
13. Daar word besef dat treinreise so aantreklik moontlik gemaak moet word.
14. Na wat uit gesaghebbende bron verneem word, is daar 'n groot toestroming van naturelle na die stede.
15. Die bestuur maak voorsiening vir uitbetaling van skadevergoeding.
16. Die spoor word nou so gebou dat al die uitvoer uit Durban moet kom.
17. In Amerika is daar verenigings gevorm vir die voortgesette navorsing van atoomkrag.
18. Die notule van ons vereniging word in Afrikaans en Engels gehou.
19. 'n Mens mag nie snags na twaalfuur in daardie saal dans nie.
20. Hulle beweer dat die karavaan deur Boesmans aangeval is.

II. Die eerste Afrikaanse koerant het **in** 1876 verskyn.
In 1876 het die eerste Afrikaanse koerant verskyn.

Begin telkens met die woorde in vet druk:—

1. Die jaggeselskap het **dou voor dag** van die huis af vertrek.
2. Lenie het **boonop** nie voor dagbreek teruggekom nie.
3. Pieter het **'n rukkie later** die kamer binnegestap.
4. Hy kon nog nie foutelose opstelle skryf nie, **ofskoon** hy so belese was.

5. Die motor het gaan staan, **deurdat** die brandstof opgeraak het.
6. Niemand kon raai **waar** die gekweste venoster geskuil het nie.
7. Ons buurvrou was **eergisteraand** in 'n ongeluk betrokke.
8. Punte sal **vir** onleesbare skrif afgetrek word.
9. Die motor het **met** 'n dolle vaart in die straat afgejaag.
10. Die leerlinge kon nie begryp **waarom** soveel punte vir netheid toegeken word nie.
11. Dis **onlangs** uitgesaai dat die ou poskantoor gesloop gaan word.
12. My ma het met ons geraas **toe** ons so stout was.
13. Jy moet my net roep **as** jy my hulp nodig het.
14. Die skoliere was tjoepstil, **al** was dit speeltyd.
15. Ons het nie weer gejok **nadat** Pa ons dié keer gelooi het nie.
16. Jy moet jou haas **as** jy betyds wil wees.
17. Fanie was in sy noppies **toe** hy die nuwe fiets in sy kamer sien.
18. 4,428 boeke het **gedurende** die jare 1861 tot 1942 in Afrikaans verskyn.
19. Dit het **orals** gewemel van die miere.
20. Jan het **ewe** dapper na die hoof se kantoor gestap.
21. Die soldaat het **daarna** vertel hoe hy uit die krygsgevangenekamp ontsnap het.
22. Almal was **teen** daardie tyd al aan die slaap.
23. Al die groot winkels sal vanmiddag gesluit wees, **omdat** daar 'n massavergadering in die stadhuis gehou word.
24. Daar vind nog orals onluste plaas, **alhoewel** die vrede reeds so lank gelede gesluit is.
25. Ma het skielik onthou dat die stoof nie afgeskakel was nie, **nadat** ons al 'n uur in die trein was.

III. (*a*) Hy loop **na** die boekrak (*Beweging*).
(*b*) Hy staan **by** die boekrak (*Rus*).

Kies **na** *of* **by**:--

1. Verlede vakansie het ek ..... my oom-hulle gekuier.
2. My suster vertrek môre-aand ..... die Karoo.
3. Die seun hardloop ..... die bus.
4. Gooi die bal ..... Piet.
5. My nefie loseer gedurende die kwartaal ..... ons.
6. Stap gou ..... die poskantoor en koop vir my 'n seël.
7. Die hond lê heelnag ..... die rusbank.
8. ..... wie gaan jy die vakansie deurbring?
9. Toe ons ..... die stasie aankom, trek die trein net weg.
10. Dis tyd om ..... die konsert te gaan.
11. Sal jy vir my ..... die stadhuis wag?

12. Hierdie winkelier moet tweemaal in die maand ..... Johannesburg reis.
13. Ry gou-gou ..... die slagter en koop 'n pond vleis ..... hom.
14. Die kosgangers wil môre ..... die waterval gaan kampeer.
15. Die kosgangers het op hulle fietse ..... die waterval gery.
16. Ek het hom die eerste maal ..... die Fouche's ontmoet.
17. Ek wens ek kon ..... Nieu-York vlieg.
18. 'n Ou vriend het nou die dag 'n besoek ..... ons afgelê.
19. Toe hy die inbreker gewaar, gryp hy soos blits ..... sy rewolwer.
20. Hy het lank ..... die voël gemik, maar hom tog gemis.
21. Saans ja die skaapwagter die vee ..... die kraal.
22. Pa-hulle gaan vanaand ..... die Fourie's kaartspeel.
23. Ons is van plan om Saterdagmôre ..... die mond te gaan visvang.
24. Toe hy die spook sien, het hy ..... sy mamma gehol.
25. Outa Klaas woon al jarelank ..... Oom Hennie op die werf.

IV. Jy is lid van 'n sportklub (voetbal, hokkie, tennis, swem, of wat ook al). Skrywe 'n kennisgewing uit oor a.s. Woensdag se oefening.

V. *Beantwoord die volgende vrae in volledige sinne:*—

1. Hoe noem ons die inwoners van Johannesburg?
2. ,, ,, ,, Pretoria?
3. ,, ,, ,, Bloemfontein?
4. ,, ,, ,, Durban?
5. ,, ,, ,, Kaapstad?
6. ,, ,, ,, Pietermaritzburg?
7. ,, ,, ,, Stellenbosch?
8. ,, ,, ,, Die Paarl?
9. ,, ,, ,, Die Vrystaat?
10. ,, ,, ,, Parys?
11. ,, ,, ,, Londen?
12. ,, ,, ,, Rome?
13. ,, ,, ,, Athene?
14. ,, ,, ,, Berlyn?
15. ,, ,, ,, Arabië?
16. ,, ,, ,, Antwerpen?
17. ,, ,, ,, Keulen?
18. ,, ,, ,, Ierland?
19. ,, ,, ,, Utrecht?
20. ,, ,, ,, Amsterdam?
21. ,, ,, ,, Engeland?

22. ,, ,, ,, Skotland?
23. ,, ,, ,, Kanada?
24. ,, ,, ,, Burma?
25. ,, ,, ,, Indië?
26. ,, ,, ,, Amerika?
27. ,, ,, ,, Europa?
28. ,, ,, ,, Asië?
29. ,, ,, ,, Australië?
30. ,, ,, ,, Duitsland?

13

I. A. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Ons **hoor** die kanonne **bulder.**
(*b*) *Verlede tydsvorm*: Ons **het** die kanonne **hoor bulder.**

Sit om in die verlede tydsvorm:—

1. Die koshuis-seuns gaan Saterdagmiddag bergklim.
2. Pa laat die tuinjong die beddinkies omspit.
3. Ek sien die motor om die hoek jaag.
4. Ons gaan nie Donderdag visvang nie.
5. Ek hoor die kerkklok twaalfuur slaan.
6. Die verpleegster hoor nie die pasiënt kreun nie.
7. Die bangbroek verbeel hom hy hoor iets onder sy bed asemhaal.
8. Gaan julle dikwels perdry?
9. Kom jy na die goëlaar kyk?
10. Skielik voel ek die trein ruk vorentoe.
11. Hy durf nie sy mond oopmaak nie.
12. Ons gaan dié keer by die brug piekniekhou.
13. Hy voel sy hart vinniger klop.
14. Die bokkie sien nie die tier nadersluip nie.
15. Ons begin vandag werk vir die eksamen.

B. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Jy **behoort** nie so **te jok** nie.
(*b*) *Verlede tydsvorm*: Jy **behoort** nie so **te gejok het** nie.

Sit om in die verlede tydsvorm:—

1. Julle behoort dit darem te weet.
2. Jy hoef nie so laat te gaan slaap nie.
3. Jy hoef nie die motorhuis te sluit nie.
4. Hulle hoef nie vir ons leuens te vertel nie.
5. My ouers behoort darem regtig gereelder te skryf.
6. Om te jok is darem nie nodig nie.
7. Om te vloek is regtig nie mooi nie.

8. Jy behoort die tjek te kruis.
9. Ons hoef nie 'n geweer saam te neem nie.
10. Die seuns behoort hulle oor die onbeskoftheid te skaam.

II

(*a*) Die klip is lig, **maar die dame kan dit nie optel nie.**
(*b*) Die klip is lig, **dog die dame kan dit nie optel nie.**
(*c*) Die klip is lig, **tog kan die dame dit nie optel nie.**
(*d*) Die klip is lig **en tog kan die dame dit nie optel nie.**

LET OP:—**Dog** is deftiger as die ander twee.

Herhaal op nog twee maniere:-

1. Ek het die bediende geroep, maar hy het nie geantwoord nie.
2. Die aanklaer het die getuie 'n vraag gestel, maar sy het geswyg.
3. My oudste broer ly aan sy mangels, maar hy wil dit nie laat uithaal nie.
4. Ons het hom op heterdaad betrap, maar hy ontken dat hy wou steel.
5. Petrus het gesê dat hy vanaand sou bel, maar hy het dit nooit gedoen nie.
6. Die misdadiger het hom voorgeneem om voortaan 'n voorbeeldige lewe te lei, maar hy sit alweer agter slot en grendel.
7. Ons sou nie vanaand kerk toe gaan nie, maar ons het darem gegaan.
8. My pa het my daaraan herinner dat ek die deure moes sluit, maar ek het dit vergeet.
9. Die span het baie hard gespeel, maar hulle het verloor.
10. Hy was doodseker dat hy sou slaag, maar hy het gedruip.
11. Daar was byna geen brandstof in die tenk nie, maar hulle het besluit om 'n entjie te gaan ry.
12. Sy ouers het hom verbied om te gaan swem, maar hy het hom nie daaraan gesteur nie.
13. Die pad vorentoe was verspoel, maar die motoris het aangery.
14. Die vent was beskonke, maar hy het agter die stuurwiel ingeklim.
15. Ons wis dat my ouers vies sou wees, maar ons het 'n radiostel op hulle rekening gaan koop.
16. Ek het my broer geskud, en tog het hy nie wakker geword nie.
17. Dit was 'n mak perd, en tog het hy gebewe toe hy moes opklim.
18. Die nuwe skoene het die dame gedruk, dog sy het hulle aangehou.
19. Die wors was byna verkool, maar dit het vorentoe gesmaak.
20. Die seun was amper platsak; tog wou hy daardie mes koop.

21. Die naelloper het olik gevoel; tog het hy aan die wedren deelgeneem.
22. Koos was sowat twintig pond ligter as Nico, dog hy het die uitdaging aangeneem om teen hom te boks.
23. Ouboet wou eers nie saamspeel nie, maar op die ou end het hy darem ingewillig.
24. Die ou kêrel is uiters suinig, dog later het hy darem 'n bedraggie tot die boufonds bygedra.
25. Jannie het geneul om 'n fiets, maar hy het dit nie opgepas toe sy ouers hom een gegee het nie.

III. (*a*) *Vraag*: Is „Kees van die Kalaharie" deur Sangiro geskrywe?
(*b*) *Antwoord*: **Nee,** „Kees van die Kalaharie" is **nie** deur Sangiro geskrywe **nie.**

Beantwoord die volgende vrae ontkennend:—
1. Is jou huiswerk deur iemand anders gemaak?
2. Is daar rede vir hierdie beskuldiging?
3. Kan 'n mens van brood alleen lewe?
4. Het hy hom in elke opsig goed gedra?
5. Het sy die gebeurtenisse na waarheid oorvertel?
6. Het hy na jou ouers verlang?
7. Was sy verlief op dié kêrel?
8. Het hy ons daarmee bedoel?
9. Praat hy met sy niggie?
10. Het die perd rondom die resiesbaan geloop?
11. Sal die koning oorkom na Suid-Afrika toe?
12. Het almal hard gewerk gedurende die jaar?
13. Kan jy op hierdie manier 'n huis bou?
14. Is die „Nagwag" deur Dirk Potter geskilder?
15. Kan hy goed uitdrukking gee aan sy gevoelens?
16. Het jy daardie paar skoene van my geleen?
17. Is jy dan afhanklik van sy hulp?
18. Moet ons nie nog 'n spyker in die muur slaan nie?
19. Sal dit nog 'n spyker in sy doodkis wees?
20. Het jy al daaraan gedink dat ons môre-oggend om sesuur moet opstaan?
21. Is hy baie trots op sy kapteinskap?
22. Skrik jy dan vir koue-pampoen?
23. Is jy lus vir pampoenkoekies?
24. Sal ons by die voordeur langs loop?
25. Wag hy al van verlede jaar af?

IV. *Verdeel die rolle en dra die volgende samesprake voor*: -

A.

KLAAS LEKKERLIEG: Jy weet ons het eenjaar so 'n las gehad van die mossies hier op die plaas. Waar jy kyk, was swerms soos

sprinkane. Wat doen ek toe? Ek laai mooi my haelgeweer met duimspelde en loop saggies tot by 'n boom waarin dit krioel van die goed. Toe ek naby genoeg was, skree ek: „Hiert julle!" Skielik vlie die hele swerm op en ek haak af. Jong en toe word die swerm mos teen die boomstam vasgespeld. Weet jy hoeveel ek daar afgehaal het? Negehonderd nege-en-negentig.

PIET KLEINLIEG: Hoekom sê jy nie liewers duisend nie?

KLAAS LEKKERLIEG: A nee a! Jy wil tog nie hê ek moet ter wille van een ou mossietjie gaan lieg nie.

B.

EERSTE JAGTER: In my jong dae het 'n leeu my mos eendag bekruip.

TWEEDE JAGTER: En toe?

EERSTE JAGTER: Net toe hy sy lyf van die grond af optel, hoor ek iets ritsel. Ek loer agtertoe en sien hom aankom deur die lug. Soos die blits swaai ek my lyf om en hou my hande waar my kop was. Toe ta dink hy het my kop beet, toe sit sy keel tussen my hande vas en druk ek sy gorrel toe. Sy vel het ek vir my ma present gegee.

TWEEDE JAGTER: So het 'n olifant my mos eendag stormgeloop.

EERSTE JAGTER: Ja?

TWEEDE JAGTER: Man, toe ek hom sien kom, klouter ek soos 'n wildekat in 'n boom in, maar ek was skaars by die eerste mik, toe voel ek al sy slurf teen my lyf aan.

EERSTE JAGTER: En toe?

TWEEDE JAGTER: Jong, toe kry ek skielik gedagte daar is 'n speld aan my hoed se lint. Ek ruk dit uit en steek hom binne --- in sy slurf daarmee dat die bloed so spat. Maar toe moes jy hom hoor brul het en hy slaat klou in die grond dat die bome so op 'n ry platlê.

DERDE JAGTER: Maar weet julle dat 'n leeu en tier my eendag saam betrek het? Ek loop mos in 'n voetpaadjie tussen die turksvye. Skielik trap ek byna op 'n tierwyfie wat daar lê en slaap. Ek skrik my boeglam, maar soos jy sê mes, spring ek om en . . . kyk vas in die oë van 'n leeumannetjie wat agter my aankom.

EERSTE EN TWEEDE JAGTERS tegelyk: En toe?

DERDE JAGTER: Toe het hulle saam my opgeëet.

V. A. *Leer uit die hoof:*

1. Moenie daar staan **soos 'n soutpilaar nie.**
2. Van poësie weet hy soveel **soos 'n kat van saffraan.**
3. Met hom wil ek **liewers saameet as saam-baklei.**
4. Moenie daar sit **soos 'n uil op 'n kluit nie.**

5. Sy mond is so groot **dat jy met 'n wa en 'n span osse daarin kan draai.**
6. Daardie tannie is so kwaai **soos 'n geitjie (tierwyfie).**
7. Hy is vir my so bang **soos die duiwel vir 'n slypsteen ('n bok vir 'n skoot hael).**
8. Vandag voel ek so fris (gesond) **soos 'n vis in die water.**
9. Dié feit staan **soos 'n paal bo water.**
10. As hy pak kry, skree hy **soos 'n maer vark.**

B. *Voltooi die vergelykings:—*

1. Lenie is so maer soos 'n .....
2. Nettie is so lank soos 'n .....
3. Na die afmattende reis het hy geslaap soos 'n .....
4. Die kêrel kan vloek soos 'n .....
5. Baie sogenaamde rykes het skuld soos .....
6. Die pad hiervandaan is so reguit soos 'n .....
7. Nou is hy so dood soos 'n .....
8. Oom Bartel was so doof soos 'n .....
9. So vinnig soos ..... het hy omgespring.
10. Vroeër was hulle skatryk; vandag is hulle so arm soos .....
11. Die medisyne is so bitter soos .....
12. Hierdie appelkoos is so soet soos .....
13. Hy kry nie sommer seer nie; hy is so taai soos 'n .....
14. Die roller het die kuikentjie so plat soos 'n ..... getrap.
15. Springbokke is op daardie plaas so volop soos .....

14

I. (*a*) Die kaptein **druk** 'n drie agter die pale. (*Bedrywende vorm.*)
(*b*) 'n Drie **word** deur die kaptein agter die pale **gedruk.** (*Lydende vorm.*)

Sit om in die Lydende vorm:—

1. Gewoonlik bederf oupas hulle kleinkinders.
2. Die polisie boei die skelm.
3. Ek vertaal die paragraaf in Afrikaans.
4. Nou slaan jy die spyker op sy kop.
5. Voor elke wedstryd oefen ons hard.
6. Hy oefen 'n baie goeie invloed op sy maats uit.
7. Weekliks skryf ons opstelle.
8. Die regter veroordeel die beskuldigde tot die dood.
9. Unie-Winkels adverteer 'n nuwe soort stofsuier.

10. Sakelui onderneem dikwels reise per vliegtuig.
11. Selde trek ons onderwyser iemand voor.
12. Teenswoordig voer die regering minder ysterware in as vanmelewe.
13. Die stadsraad lê 'n nuwe park aan.
14. Die loodgieter maak die krane in ons huis heel.
15. Vanaand lees die Durbanse omroeper 'n praatjie oor sport voor.
16. Die skool se bibliotekaris handig elke speeltyd boeke uit.
17. Min seuns ondersteun die wedstryde teen ander skole.
18. Baie seuns besoek gereeld die bioskope.
19. Die twee nasies voer oorlog.
20. Speel die twee spanne nog daardie wedstryd op Maandag?
21. Brei mnr. Smit nog julle rugby-spanne?
22. Voorsien jou ouers vir jou van genoeg sakgeld?
23. Geniet die klas hierdie leesboek?
24. Terg Piet nog vir Lenie oor daardie kêreltjie van haar?
25. Voer die toneelgeselskap weer „Sarie Marais" op?

II. L.W. **Dan** — hier **daarna**; Eng. **then.** Dit dui 'n gewoontehandeling aan en word nie met die verlede tyd gebruik nie.

A. WAT EK SMÔRENS VOOR SKOOLURE DOEN.

„Smôrens as die wekker lui, skrik ek wakker; dan druk ek die knoppie daarvan af; dan....."

Vertel verder wat jy elke more doen, maar begin elke sin met **dan.**

„..... ek gaap twee- of driekeer; ek skop die komberse van my af; ek kom orent; ek klim tydsaam uit die bed uit; ek trek my pantoffels en kamerjas aan; ek gaan badkamer toe; ek draai die krane oop; ek trek my kamerjas, pantoffels en slaapklere uit; ek klim in die bad in; ek smeer my goed seep; ek was my deeglik; ek droog my af; ek laat die water uitloop; ek maak die bad skoon; ek borsel my tande; ek trek my aan; ek kam my hare; ek gaan eet; ek groet my ouers; ek gaan my boeke haal; ek pomp my fiets op; en ek ry skool toe."

B. WAT EK GISTERMÔRE GEDOEN HET.

„Gistermôre toe die wekker gelui het, het ek wakker geskrik; toe het ek die knoppie daarvan afgedruk; toe ....."

Vertel wat jy daarna gedoen het, maar begin elke sin met **toe.**

III. *Kies* **jy, jou, jou(ne), julle, julle s'n** *of* **u:—**

LET OP:—**Jy** en **jou** word gewoonlik gebruik wanneer 'n mens op so 'n vertroulike voet met iemand verkeer dat jy hom sommer op sy eerste naam (sonder meer) noem — anders **u.**

1. Liewe Marie, hoe gaan dit met .. .. .. en .....huisgesin?
2. Waarde Heer, Met verwysing na .. brief van 29 jl. moet ek ..... meedeel dat die goedere wat ..... gepos het, my nie bereik het nie.
3. Beste Jan, Dankie vir ..... brief wat ..... vir my van ..... oupa se plaas af geskryf het.
4. Annie, is hierdie boek ..... of is dit ..... broer s'n?
5. Liewe Oupa, Dankie dat ..... geskryf het ek moet net vir ..... laat weet as ek platsak raak.
6. Meneer, kan . .. . asseblief vir my die pad stasie toe wys?
7. Klasie, ... moet eers .. ... hande gaan was, anders smeer .. .. weer ... . withemp vuil.
8. Die onderwyser sê vir die klas: „..... moet ..... voorgeskrewe boeke nog 'n paar keer deurlees as ..... die eksamenvrae vlot wil beantwoord."
9. Liewe Ouers, Baie dankie vir ... . .. brief. Maar ..... het vergeet om ... ... vakansie-adres vir my te stuur.
10. My woorde aan die dokter was: „..... moet my nie seermaak nie, anders skop ek vir ... .. ."
11. Die vader sê aan sy seuntjie: „Hierdie fiets is nou ..... Sorg dat ..... dit oppas, want as ..... dit verniel, gee ek nie weer vir . . 'n nuwe nie".
12. ..... karnallies! Hoe laat .. . .. vir my skrik. As ... . . dit weer doen, loop ek vir .. . .. deur.
13. ..... stouterd! Hoekom is ..... so ongehoorsaam?
14. Dames en Here. Ek wil ..... hartlik bedank dat ..... my uitgenooi het om ..... oor dié onderwerp toe te spreek.
15. Rita, ... moeder roep ..... .
16. Tante, sal .. .. vir my ook so 'n trui brei as ek vir . ..... die wol verskaf?
17. Hannes, ... weet dis regtig tyd dat .... hare moet laat sny.
18. 'n Mens moet ... . bes doen as ... sukses wil behaal.
19. Die onderwyseres sê vir die kinders: „Hierdie klaskamer is ..... Sorg dat ..... dit netjies hou".
20. ..... lompe lummel! Kan ..... nie kyk waar ..... loop nie.

IV. Skryf 'n telegram uit aan 'n vriend om hom die uitslag van sy eksamen mee te deel.

V. A. *Vorm oorganklike wwe. van die vetgedrukte onoorganklike wwe. en bring die nodige veranderinge in die sin aan:—*

1. Die twee lande het vyf jaar teen mekaar **geveg.**
2. Ek sal eersdaags op jou brief **antwoord.**

3. Hy het **gevorder** tot hy eerste luitenant geword het.
4. Jy moenie met 'n oumens **spot** nie.
5. Hulle het eersteklas met my **gehandel.**

B. *Maak oorganklike wwe. van die volgende s.nwe. en b.nwe. Gebruik hulle dan in sinne:—*

werk, man, plant, paal, hart, invloed, doel, vrede, veilig, genadig.

C. Vertel die snaaksste grap wat jy ken.

D. Stel 'n raaisel aan die klas.

E. Vertel die grootste leuen wat jy ken.

15

I. A. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Die moeder **bekommer** haar.
(*b*) *Verlede tydsvorm*: Die moeder **het** haar **bekommer.**

LET OP:—Geen **ge-** in die verlede tydsvorm as die werkwoord met **be-**; **ge-**; **er-**; **her-**; **ver-**; of **ont-** begin nie.

Sit om in die verlede tydsvorm:—

1. Die beskuldigde ontken alle skuld.
2. Die twee ou vriende gesels oor die verlede.
3. Hiermee erken ek die ontvangs van u brief.
4. Die vlytige skoliere hersien hulle werk.
5. Sy vertaal die hele brief uit Engels in Afrikaans.
6. Min seuns gedra hulle goed in die bioskoop.
7. My ouers vereffen hulle rekenings aan die end van die maand.
8. Frikkie ontvang elke dag 'n brief.
9. Ons bewonder die mooi meubels in die sitkamer.
10. Die kinders geniet die vakansie aan die strand.
11. Ek begeer niks meer as wat my toekom nie.
12. Die Hollanders en die Duitsers beweer albei dat hulle die drukpers uitgevind het.
13. Korneels ontken nie dat hy die belhamel onder die kwajongens was nie.
14. Ek herinner my die geval nog baie goed.
15. Ek vergeet alweer om die werkwoord op die regte plek in te voeg.

B. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Wie **sorteer** die briewe?
(*b*) *Verlede tydsvorm*: Wie **het** die briewe **sorteer**? (of **gesorteer.**)

Sit om in die verlede tydsvorm: –

1. Oom Hans registreer die brief aan sy seun.
2. Ons buurman repareer sy huis.
3. Jannie telegrafeer vir sy oupa op sy tagtigste verjaarsdag.
4. Hannes respekteer sy oom.
5. Wie parkeer die motor op so 'n slegte plek?
6. Ek probeer so wat ek kan om die som reg te kry.
7. Piet baseer sy hoop op die uitslag van verlede kwartaal se eksamens.
8. Stalin regeer al jarelank oor Rusland.
9. Die ou man se storie interesseer my gladnie.
10. Ek amuseer my maar 'n bietjie met sketse van ons onderwyser te teken.

II. (*a*) Hy was stout; **daarom** moes hy riemspring.
(*b*) Hy was stout; **dus** moes hy riemspring.
(*c*) Hy was stout; **derhalwe** moes hy riemspring.
(*d*) Hy was stout; **gevolglik** moes hy riemspring.
(*e*) Hy was stout; **om dié rede** moes hy riemspring.

LET OP:—**Derhalwe** is deftiger as die ander woorde.

Sê op nog vier maniere:–

1. 'n Wolkbreuk het losgebars; dus moes ons daardie aand maar tuisbly.
2. Die deugniet het 'n ruit gebreek; daarom moes hy twee sjielings van sy sakgeld daarvoor betaal.
3. Ek het nie my huiswerk voltooi nie; derhalwe wou my ouers my nie saamneem bioskoop toe nie.
4. Besoekers het opgedaag; gevolglik kon ons nie die vergadering bywoon nie.
5. Die melk het suur geword; om dié rede moes ons maar swart koffie drink.
6. My sussie het skielik siek geword; daarom kon ons nie met vakansie vertrek nie.
7. Die een kêrel het kroongetuie geword; dus is hy nie gestraf nie.
8. Die petroltenk was dolleeg; derhalwe het die motor gaan staan.
9. Vleis is te duur; gevolglik moet die armes maar daarsonder probeer klaarkom.
10. Die prefek het sy voorregte misbruik; om dié rede het sy maats hulle agting vir hom verloor.

III. (*a*) 'n Rukkie **na** ete het die eerste druppels begin val (*Tyd*).
(*b*) Die hasie se oortjies het **agter** die bossie uitgesteek (*Plek*).

Kies **na** *of* **agter**:—

1. Toe ek omkyk, sien ek die leeu net 'n paar tree ..... my.
2. 'n Paar dae ..... die skoolsluiting het hulle almal met vakansie vertrek.
3. Die twee bomme het net drie tellings . ... mekaar ontplof.
4. . ... ontbyt moet ek my fiets gryp en jaag om betyds by die skool aan te kom.
5. Toe die inbreker voetstappe hoor, spring hy rats .. .. .. die klerekas in.
6. Die trop springbokke in die voetpaadjie het ..... mekaar aangestap.
7. Die môre .. .. die middernagfees was die meeste kwajongens poot-uit.
8. Toe ons wegkruipertjie gespeel het, kon niemand vir Dawie kry nie, want hy het ..... die heining weggekruip.
9. ..... Oupa sy storie voltooi het, moes almal gaan slaap.
10. Die matrikulante het besluit om mekaar . ..... tien jaar in dieselfde klaskamer te ontmoet.
11. ..... die oorlog het 'n mens van een staking ..... die ander gehoor.
12. Die perd het geskrik vir 'n bokkie wat skielik ..... 'n miershoop uitgespring het.
13. Die soldaat se ouers het sy brief ontvang eers ... ... sy tuiskoms.
14. Die hond het al ..... die wa aangedraf.
15. 'n Paar vabonde het besluit om ..... die kerkhof weg te kruip en vir Bang-Jan skrik te maak.
16. Onmiddellik ..... sy toespraak is hy luidrugtig toegejuig.
17. Gewoonlik voel 'n mens ..... 'n vakansie weer lus om te werk.
18. Dis selde dat daar ..... tienuur saans nog ligte in ons bure se huis brand.
19. ..... die ongeluk het iemand dadelik die geneesheer ontbied.
20. ..... die huis staan 'n tamaai akkerboom.

IV. A. *Brei die volgende leidende woorde uit tot 'n afgeronde verhaal*:—

Ridder ry een nag in 'n sneeustorm..... soek dorp tevergeefs ..... bind perd aan 'n kruispaaltjie vas ..... ontwaak volgende dag laat ..... son skyn ..... sneeu gesmelt ..... lê op kerkplein ..... perd hang aan die kerktoring ..... skiet riem af ..... perd val op matras ..... rv verder.

B. *Spreek uit*:— **e — eu.**

LET OP:—Om **eu** te sê, maak klaar vir **e**, maar stoot die lippe vooruit; **e** en **eu** is albei lang klinkers in Afrikaans, nie tweeklanke nie.

Lees:—

(*a*) Leen — leun; steen — steun; neet - neut; kees — keuse; seën — seun; reën — reun; neus, beul; kreukel; euwels; Beukes; leuen.

(*b*) Leentjie leun teen die steen om haar rug te steun. Die reun staan by die geut met sy neus in die reën.

(*c*) Meule, geul, speurder, humeur, opbeur, steur, heul.

(*d*) Dit het eendag gebeur dat 'n seun vir 'n speurder 'n leuen vertel het.

V. A. *Gebruik die volgende uitdrukkinge in sinne sodat die betekenis duidelik uitkom*:—

uit die staanspoor uit; 'n orige jukskei; oor die tou trap; sy rieme styfloop; die vyfde wiel aan die wa; bo sy vuurmaakplek; tou opgooi; noustrop trek; briek aandraai; dit hotagter kry.

B. Tel in Afrikaans tot 45.

16

I. A. Ek het nog nooit **so 'n vlieguig** gesien nie (*Enkelvoud*).
Ek het nooit **sulke vliegtuie** gesien nie (*Meervoud*).

Sit om in die meervoud:—

1. My buurman is 'n Engelsman.
2. Dié vrou en haar man kom goed klaar.
3. Die brug oor die rivier het weggespoel.
4. Die wa ry stadig deur die drif.
5. Gooi jou vuil hemp in die wasgoedmandjie.
6. Het jou ma ook 'n elektriese stoof?
7. Die vlag wapper aan die vlagpaal.
8. Jy moet nou daardie speelding gaan hêre.
9. Daar is 'n diep gat in die pad uitgespoel.
10. Die ouderling het 'n ernstige gebed by die biduur gedoen.
11. Daar is 'n kanon op die oorlogskip.
12. Die matroos en die soldaat het aan die oorlog deelgeneem.
13. 'n Ploeg en 'n eg word deur 'n boer op 'n plaas gebruik.
14. Hy het nog nooit so 'n reguit pad gesien nie.
15. Die hoof van die departement is 'n Fransman.

B. Die wa is deur my broer gemaak.
Die **waentjie** is deur my **broertjie** (**boetie**) gemaak. (*Verkleining.*)

A. *Gee die verkleiningsvorme waar dit pas:* —

1. Die hond het sy poot uitgesteek asof hy om hulp vra.
2. Die seun het in die pad afgehardloop en sy toon nerf-af gestamp.
3. Die kinders speel in hulle swempakke met skulpe, emmers en grawe.
4. Die golwe spoel hulle sandkastele weg.
5. Toe gaan hulle na die poel om hulle skepe op die water te laat seil.
6. In Lilliput lewe die mense in dorpe met klein wonings met tafels, stoele en beddens wat geskik is vir babas.
7. Die sirkusleier het 'n leeu aan 'n dun tou deur die strate gelei.
8. Die baba suig aan 'n fopspeen.
9. Die elektriese waaier veroorsaak 'n trek oor die blomme in die blompot.
10. Toe ons merk dat daar 'n vlieg in die glas is, het ons die melk dadelik gaan uitgooi.
11. Boet het die arm van sy suster se pop laat breek toe hy die popwa laat omval het.
12. Met Kersfees het Ma vir Jan 'n kam en borsel en vir Anna 'n ring en 'n handsak present gegee.
13. Die feë het vir hulle koningin 'n krans van rose en vir die koning 'n septer gebring.
14. Die twee maats het 'n ketting van aandblomme gevleg en dit om die hanslam se nek gehang.
15. In Dolf se skoen was daar 'n spyker wat 'n gat in sy sokkie geskeur het.

B. Wat kan alles met die verkleinwoord uitgedruk word?

II. A. WAT EK GISTER GEDOEN HET.

„Gistermiddag toe ek tuisgekom het, het ek die deur oopgemaak; toe het ek binnegestap; toe ...."

Vertel verder wat jy gistermiddag gedoen het, maar begin telkens met toe.

„..... ek haal my hoed af; en hang dit aan die kapstok op; ek trek my baadjie uit; en hang dit oor die klerehangertjie in my hangkas; ek trek my skoene uit; ek val in 'n gemaklike stoel neer; ek kry tee; ek gooi daar twee lepeltjies suiker in; ek roer dit om; ek drink dit; ek voel lus vir nog 'n koppie; ek roep die meid en kry 'n tweede koppie; ek vat 'n boek; ek begin lees ek gaan 'n rukkie in die tuin werk; ek gee die hoenders kos; ek spuit die blomme nat; ek gaan my regmaak vir die aandete; ek eet soos 'n os; ek luister aandagtig na die huisgodsdiens; ek doen my huiswerk; ek bêre my boeke; ek trek my klere uit en trek my pijamas aan; ek spring in die bed en slaap so vas soos 'n klip tot die wekker afgaan.

B. WAT EK ELKE DAG DOEN

„Elke middag as ek tuiskom, maak ek die deur oop; dan stap ek binne; dan ...."

Vertel verder wat jy elke middag doen. Begin telkens met **dan.**

III. (*a*) *Vraag*: Eet hy die appel wat van die boom afgeval het?
Antwoord: **Nee,** hy eet **nie** die appel wat van die boom afgeval het **nie.**
(*b*) *Vraag*: Sê hy dat hy ons daar gesien het?
Antwoord: **Nee,** hy sê **nie** dat hy ons daar gesien het **nie.**

Beantwoord die volgende vrae ontkennend:—

1. Ken jy die woord wat jy in die woordeboek nageslaan het?
2. Hoor jy die geraas wat die kinders maak?
3. Sien jy die gat waarin die motor geval het?
4. Is die grond heilig waar ons op staan?
5. Het die boontjies wat jy geplant het, opgekom?
6. Het jy die lesse wat jou vader jou geleer het ter harte geneem?
7. Sê jou ma dat ons ongehoorsaam was?
8. Dink die ou dat ons maar alles vir soetkoek sal opeet?
9. Glo hulle werklik dat hulle ons daarmee om die tuin kan lei?
10. Wil jy beweer dat ek dit gesê het?
11. Weet jy waarop ek staat maak?
12. Kan julle ons vertel waar die burgemeester woon?
13. Weet iemand waar die burgemeester woon?
14. Kan jy my sê hoe laat dit is?
15. Wens jy dat die „All Blacks" moet wen?
16. Lê my baadjie nog waar ek dit neergesit het?
17. Het jy geantwoord toe ek jou geroep het?
18. Het jy skaam gevoel omdat jy in die modder geval het?
19. Weet jy hoekom ons so sukkel met hierdie oefening?
20. Sukkel ons regtig met die ontkenning?
21. Het almal die gedig geniet wat ons gister gelees het?
22. Kan iemand raai waaraan ek nou dink?
23. Kan iemand raai waarvan ek nou skielik gedagte kry?
24. Het ek hier êrens 'n sikspens laat lê?
25. Kan jy die tortelduif sien wat daar tussen die takkies sit?

IV. *Skryf 'n opstel oor*: „My Hond Roeland en Ek".

V. I.p.v. „Hy was **baie stil**", kan ons sê: „Hy was **doodstil** of **tjoepstil**".

Gee die intensiewe vorme:—

1. My suster se naelverf is **rooi.**
2. Die rok wat sy aangehad het, was **swart.**

3. Ouma se hare is al **wit.**
4. Waar hy my geknyp het, was dit **blou.**
5. Die arme dogtertjie het haar **vaal** geskrik.
6. Na die reent is die veld **geel** van die blommetjies.
7. By haar **blou** rok het die dame 'n **groen** hoed opgehad.
8. Die arme kêrel is **doof.**
9. Hy is **verlief** op my suster.
10. Die ou wynvlieg was daardie aand weer **dronk.**
11. Soe! Daardie dag was sy **kwaad.**
12. Die motor se as was **af.**
13. Toe ons daar aankom, was die hondjie wat omgery is, al **dood.**
14. Pietie het die spitvurk **deur** sy voet gesteek.
15. Die bul het **oor** die heining gespring.
16. **Deur** die boek is daar grappige beskrywings.
17. **Snel** het die konstabel sy rewolwer uitgepluk.
18. Die verkluimde lammetjie was al **styf** toe die skaapwagter hom raakgeloop het.
19. Ek het 'n nuwe paar skoene **nodig.**
20. Die skelm het **fyn** beskryf hoe hy die misdaad gepleeg het.
21. Ek wou **graag** saamgegaan het.
22. Laat daardie aand het 'n **vreemde** man aan die deur geklop en slaapplek gevra.
23. Moenie bang wees nie; die ou koei is **mak.**
24. Skielik het ek in my bed **orent** gesit.
25. Toe die weerlig die boom langs die huis tref, het sy haar **lam** geskrik.
26. Van elektrisiteit weet hy **weinig.**
27. Die vent is **gek.**
28. Daardie middag was dit **heet** op die koringveld.
29. 'n **Ronde** klip het **voor** my voete neergeval.
30. Die wapen waarmee die moord gepleeg is, was **skerp.**

17

I. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Vandag **word** die huis skoongemaak.
(*b*) *Verlede tydsvorm*: Gister **is** die huis skoongemaak.

LET OP:—Partykeer pas albei. Sê dan wat die verskil is.

Kies **is** *of* **word**:—

1. Onlangs ..... 'n nuwe boekwinkel in ons stad geopen.
2. Stout kinders ..... nie altyd gestraf nie.
3. Omdat Jannie stout was, ... hy gestraf.

4. Verlede jaar ..... my suster se mondigwording gevier.
5. Die ou klavier ..... 'n week gelede vir die kinders op 'n vandusie gekoop.
6. Vanmelewe ..... 'n plaas aan elke kind gegee.
7. Hier ..... nie gerook nie.
8. Elektrisiteit ..... deur wrywing voortgebring.
9. My oom ..... besig aan sy motor, m.a.w. my oom se motor ..... deur hom heelgemaak.
10. In daardie juwelierswinkel ..... daar al dikwels ingebreek.
11. Kleinkinders ..... gewoonlik deur hulle oupas en oumas bederf.
12. Op die oomblik ..... die misdadiger in die hof verhoor.
13. Hoekom ..... belastings nie liewers afgeskaf nie?
14. Punte sal vir slordigheid afgetrek .....
15. Die konfyt kan nog nie gekook ..... nie, want die vrugte ..... nog nie eers geskil nie.
16. Eers ..... die tente opgeslaan; daarna ..... 'n noodwalletjie om elke tent gegraaf.
17. Die vrugte wat gister afgepluk ....., moet in kissies verpak ..... sodat hulle mark toe gestuur kan .....
18. Ons huidige prinsipaal ..... deur almal respekteer, maar die vorige ..... deur almal gehaat.
19. In die somer ..... die vrugte gepluk.
20. As dit reent, ... 'n mens nat.
21. ..... daar te veel swak boeke gepubliseer?
22. Grootpraters ..... deur alle mense verag.
23. Tans ..... „Hamlet" in Benoni vertoon.
24. Wanneer ..... stemreg aan vrouens toegestaan?
25. Deur wie ..... Amerika ontdek?

II. Hy sê dat **hy onlangs 'n kalf met twee koppe gesien het.**

Begin telkens met **Hy sê dat.**

1. Dit reent.
2. Dit reent hard.
3. Dit reent nie.
4. Dit het gereent.
5. Dit het hard gereent.
6. Dit het nie aanhoudend gereent nie.
7. Dit het nie meer as twee duim gereent nie.
8. Dit sal reent.
9. Dit sal miskien reent.
10. Dit sal voor vyfuur vanmiddag reent.
11. Hulle gesels.
12. Hulle gesels nie.
13. Hulle gesels nie oor die oorlog nie.
14. Jy moet ook aan die gesprek deelneem.

15. Sy gesels interessant.
16. Sy gesels interessant oor enige onderwerp onder die son.
17. Die dogters giggel.
18. Die dogters giggel alweer.
19. Almal het hartlik oor die grap gelag.
20. Dis vanmiddag warmer as gister.
21. Dit gaan môre nog warmer wees.
22. Dis die waarheid.
23. Dis 'n baie slegte gewoonte om te rook.
24. Die boere het om reent gebid.
25. Die boere se gebede is verhoor.

III. *Spreek uit*: y **ui.**

LET OP:—Vir **ui** word die lippe vooruit gestoot.

Lees:—

(*a*) Hys huis; rys, reis—ruis; lys—luis; grys—gruis ly, lei - lui; sy — suie; pyn — puin; lym — luim.
(*b*) Hy het gisteraand by die huis gebly, omdat hy te lui was om uit te gaan.
(*c*) Toe my moeder op reis gegaan het, het sy versuim om 'n lys te maak van die bagasie wat sy in die ruim laat sit het.
(*d*) My suster hou van eiers maar sy kan nie uie of enige uintjies verdra nie.

IV. *Lees onderstaande stuk uit Die Huisgenoot noukeurig deur en beantwoord die vrae daarna in volledige sinne*:—

Dit was in 1916 op die plaas Sterfling, twee myl van die dorpie Reitz af, dat my moeder op 'n middag bewend en spierwit van die skrik, die huis binnegekom het met 'n hoendereier in haar hand. My broer, wat toe drie-en-twintig jaar oud was, en ek, 'n meisie van twintig, het die eier uit haar bewende hand geneem.

Ons het ook geskrik. Op die eier het die volgende woorde opgehewe gestaan: „Sondaars bekeer julle **onmiddellik**" en onderaan was daardie dag se datum. Geen mensehand kon dit geskryf het nie, want dit was opgehewe kompleet asof die eier net so gelê is.

Met 'n bonsende en beangste hart het ek gou my vader gaan roep, onderwyl al my sondes **skielik** soos 'n rolprent voor my gees verbygesweef het. Wat kon dit anders wees, het ek gedink, as 'n bonatuurlike waarskuwing aan een of ander lid van die familie?

Net toe my moeder aan my vader vra: „Pa, moet ons nie maar Boeke vat nie?" het my broer uitgebars van die lag. Hy was die skuldige en het dit erken. Die vorige aand **het hy met**

gesmelte vet op die eier geskryf en dit die hele nag deur in asyn laat lê. Die asyn het die dop gedeeltelik weggevreet en **net** die vetgesmeerde woorde het agtergebly. My broer het dit toe afgewas en die volgende oggend in 'n hoendernes gaan plaas.

Hy en ek het die grap verder voortgesit deur die eier in 'n hoendernes van 'n sekere huisgesin in Reitz te gaan plaas. Van die **voorval** by ons het ons tot vandag toe **stilgebly**, want daardie huisgesin, wat vroeër baie ongereelde kerkgangers was, het die volgende Sondag **almal** kerk toe gegaan en so ook al die Sondae **daarna.**

Die ouers van daardie gesin leef vandag nie meer nie en as van hulle kinders, wat nog leef, hierdie stukkie lees, sal hulle òf **lekker lag** òf baie **kwaad** wees.

1. Wie was die karnallie in bostaande stukkie?
2. Vir wie het die karnallie die eerste poets gebak?
3. Hoe het hy die poets voorberei?
4. Watter verklaring het die skryfster aanvanklik vir die opgehewe woorde aangeneem?
5. Wat was die moeder se onmiddellike reaksie nadat die vader aangekom het?
6. Wie was die volgende keer aan die beurt om die „bonatuurlike waarskuwing" in die nes te ontdek?
7. Wat was die uitwerking op hulle?
8. Dit skyn asof hulle nooit uitgevind het dat iemand hulle 'n streep getrek het nie. Hoe weet ons dit?
9. Wat sou jy gedink en gedoen het as jy op so 'n eier afgekom het?
10. Voorsien moontlike opskrifte vir bostaande stukkie.
11. Watter gekursiveerde woorde beteken naasteby dieselfde as: slegs, algar, geswyg, skater, dadelik, meteens, indien, vies, gebeurtenis, sedertdien?
12. Wat beteken: Boeke vat?
13. Wat noem 'n mens die aantal eiers wat jy vir 'n hen gee om uit te broei?
14. As 'n hen wil broei, sê 'n mens: „Die hen is . . . . ."
15. 'n Perd runnik; 'n haan . . . . . ; 'n hen . . . . ; kuikentjies . . . . . .

V. A. 'n **Lafhartige** daad; 'n **noodlottige** ongeluk; 'n **oorverdowende** geraas.

Gee die byvoeglike naamwoorde wat dikwels saam met die onderstaande selfstandige naamwoorde voorkom:--

1. Ek bly steeds u d . **dienaar.**
2. Weens die lang . . . . . **droogte** moes talle boere met hulle vee trek.
3. In die leë kamer het daar 'n d. . . . . **stilte** geheers.

4. Ons het 'n baie aa... ..... **vakansie** aan die strand deurgebring.
5. Hy het 'n vr..... **pogings** aangewend om die speurder se planne te dwarsboom.
6. Nooit sal ek daardie n..... **ontkoming** vergeet nie.
7. Van die toespraak het die spreker 'n ho..... **mislukking** gemaak.
8. Moenie probeer jok nie; vertel my die r..... **waarheid.**
9. Hy was bereid om alles vir sy dier..... **vaderland** op te offer.
10. Om die kn..... **vuurtjie** het ons stories gesit en vertel.

B. In Frankryk heers (wat van Frankryk kom) gewoontes.
In Frankryk heers **Franse** gewoontes.

Gee geskikte byvoeglike naamwoorde i.p.v. die woorde tussen hakies:—

1. Dis 'n (wat van belang is) hoofstuk wat ek so pas gelees het.
2. Dit was 'n (wat vertel) storie waarna ons moes luister.
3. Jan is 'n (wat lief is om te spaar) seun.
4. Die (wat by Oos-Londen is) vlieghawe is 'n hele entjie van die stad af.
5. My broertjie is 'n (wat gedurig siek is) kêreltjie.
6. Pokkies is 'n (wat maklik aansteek) siekte.
7. Ek lees graag (wat in Afrikaans geskrywe is) boeke.
8. Op 'n (wat vol wind was) Augustus-môre het ons die reis aanvaar.
9. Die (wat van die Vrystaat kom) perskes smaak baie lekker.
10. Dis 'n (waarin daar gevaar steek) onderneming.
11. Hy is 'n (wat vol jaloesie is) persoon.
12. Die (wat per telegram ontvang is) berig het die ou dame erg ontstel.
13. In 'n (wat per telefoon gevoer is) gesprek het sy my van die gebeurtenis vertel.
14. Op 'n (toe die son geskyn het) dag het ons twee die veld ingestap.
15. 'n (Wat aan sy senuwees ly) persoon behoort nie 'n motor te bestuur nie.

18

I. A. (*a*) *Teenwoordige tydsvorm*: Die son **gaan** in die weste **onder.**
(*b*) *Toekomende tydsvorm*: Die son **sal** in die weste **ondergaan.**
(*c*) *Verlede tydsvorm*: Die son **het** in die weste **ondergegaan.**

LET OP:—As die klem op die eerste deel van die ww. val, is dit skeidbaar.

Sit om in die (a) teenwoordige en (b) verlede tydsvorme:—

1. Koos sal nie aan die wedstryd déélneem nie.
2. Die ou vrou sal haar suiker eers óórweeg.
3. Manie sal jou met jou sukses gelúkwens.
4. Die onderwyser sal in die skoliere se sport belángstel.
5. Pa sal die laatslaper wákkerskud.
6. Dié kêrel sal sy nooi altyd liéfhê.
7. Die veewagter sal van die veld af terúgkeer.
8. Juffrou sal vir hom die woorde vóórspel.
9. Daardie vent sal my kwáádmaak.
10. Daardie outjie sal my nie óndergooi nie.

B. *Teenwoordige tydsvorm:* Ek **oorwéég** sy voorstel.
Toekomende tydsvorm: Ek **sal** sy voorstel **oorwéég.**
Verlede tydsvorm: Ek **het** sy voorstel **oorwéég.**

LET OP:—As die klem op die laaste deel van die ww. val, is dit onskeidbaar.

Sit om in die (a) teenwoordige en (b) verlede tydsvorme:—

1. Die dam sal die bome op die wal weerkááts.
2. Die dief sal die polisie uitoorlê.
3. My pa sal nooit een van sy diere mishándel nie.
4. Sy plan sal weereens mislúk.
5. My ouers sal my van die nodige sakgeld voorsién.
6. Die polisie sal die deurtrapte skelm agtervólg.
7. Ons sal eers ons werk voltóói.
8. Hulle sal 'n lang reis ondernéém.
9. Die gawe skoonseun sal sy sieklike skoonmoeder onderhóú.
10. Ons sal jou voorstel oordínk.

II. (*a*) My gewese onderwyser het my **dadelik** herken.
(*b*) **Dadelik** het my gewese onderwyser my herken.

Begin telkens met die woorde in vet druk:—

1. Die vraestelle was **vanjaar** nie danig moeilik nie.
2. Meester het **kortliks** vir ons die inhoud van „Simba" vertel.
3. Ons was uitgeput **toe** ons daardie aand tuisgekom het.
4. Ek kan dit nie glo **dat** Dolfie so dwaas was nie.
5. Die twee broers gaan **elke** Saterdagmiddag bioskoop toe.
6. Die kwajongens het **daarna** in hulle spoor getrap.
7. Baie vee het **gedurende** daardie droogte gevrek.
8. Hulle verlowing is **onlangs** in die koerant aangekondig.
9. Dis onlangs in die koerant aangekondig **dat** hulle verloof is.
10. Die Franse is **gewoonlik** baie galant.
11. U het **miskien** u jas in die bioskoop vergeet.
12. **Die kampeerders het heelnag** gelê en spookstories vertel.

13. Geen mens ter wêreld kan **met** so 'n **stomp skêr** any **nie**.
14. Die brug het ingetuimel, **pas** nadat die trein oor was.
15. Die eiesinnige vent sal **vroeër** of later sy fout ontdek.
16. Geen mens kan **op die oomblik** moeër as ek voel nie.
17. Geen mens kan **moeër** as ek voel nie.
18. Die motor het skielik **agter** die berg gaan staan.
19. Die motor het **skielik** agter die berg gaan staan.
20. Die grensbalie het **huil-huil** by sy ma aangekom.
21. Dit sal vanmiddag dalk reën, **as** die wind opkom.
22. Die bome sal bot en bloei **sodra** warmer dae aanbreek.
23. Daar is **op** drie na vyfhonderd leerlinge in ons skool.
24. Ons sal moet terugkeer, **voordat** dit te donker word.
25. Nellie sal dié keer in die eksamen slaag, **tensy** sy paniekerig gaan word.

III. *Beantwoord die volgende vrae*: —

1. Deur wie is hierdie boek geskrywe?
2. Na wie kyk jy nou?
3. Waarna kyk jy so stip?
4. Na wie loer jy so skelm?
5. Waarna loer jy so begerig?
6. Deur wie is hierdie skildery gemaak?
7. Op wie moes ons gisteraand so lank wag?
8. Waaraan dink jy nou?
9. En aan wie dink jy alweer?
10. Waaroor mymer jy?
11. Deur wie is die musiek van hierdie liedjie gemaak?
12. Na wie verlang jy?
13. Waarna verlang jy?
14. Waaraan herinner hierdie verhaal jou?
15. Aan watter items gaan jy deelneem?
16. Waaroor is jy skaam?
17. Waarvoor is Generaal de Wet beroemd?
18. Waarvan hang die sukses van ons onderneming af?
19. Van wie is Piet afhanklik?
20. Vir wie was Klaas gister kwaad?
21. Waaroor was Klaas gister kwaad?
22. Waaroor kla Standerd VII altyd?
23. Waaraan het Pasteur hom gewy?
24. Waaroor kwel gelowige mense hulle gewoonlik?
25. Waarvan moet 'n mens julle voorsien as julle moet skrywe?
26. Waarmee het jy die klad verwyder?
27. Waaroor bekommer jy jou?
28. Wat bedoel jy daarmee?
29. By wie woon jy?
30. By wie het Marie toe gaan bly?

IV. *Die prentjie op die volgende bladsy beeld 'n swemgala uit.*

1. Wat het jy aan te merk oor die grootte van die aankondiger met die outydse luidspreker?
2. Waar staan die duikplank?
3. Waarnatoe spring die duikers?
4. Is die broekspype van die man in die onderste linkerhoek reg geteken?
5. Watter ander opsetlike foute merk jy in die prentjie op?

V. A. *Soek al die selfstandige naamwoorde in stel* 17 *vraag* IV. LET OP:—'n S.nw. is die naam van iemand of iets.

B. *Maak 'n afgetrokke s.nw. van elkeen van die volgende woorde en gebruik dit in 'n sin:—*

Goed, hoog, groot, breed, gebeur, begrawe, ly, bedoel, beteken, gesels.


C. Vertel wat jy sal doen as 'n slang jou pik.

19

I. (*a*) *Bewering*: Piet vee sy voete aan die mat af.
(*b*) *Bevel*: Piet, vee **jou** voete aan die mat af.

Sê:—

1. Vir Piet om sy boek oop te maak.
2. Vir Klaas om geduldig te wees.
3. Vir Jan om sy baadjie uit te trek.
4. Vir die klas om goed op te let na wat jy sê.
5. Vir Neels om sy skoene vas te maak.
6. Vir Nelie om haar hand op te steek.
7. Vir Sannie om haar in geselskap te gedra.
8. Vir Lenie om haar potlood goed skerp te maak.
9. Vir Alie om haar blou rok môre aan te trek.
10. Vir die meisies om julle nie in die skande te steek nie.
11. Vir die laaste een om hulle monde te hou.
12. Vir jou maat om die lemoen vir jou af te skil.
13. Vir jou vriende om jou voorstel te ondersteun.
14. Vir jou vriende om jou by te staan as jy die saak bepleit.
15. Vir die dogter om haar moeder op te pas.
16. Vir die ryk jongman om sy siek ou vader te onderhou.
17. Vir julle onderwyser om die voorstel te oorweeg.
18. Vir julle onderwyser om die eksamen asseblief nie te stel nie.
19. Vir die klasprefek om vir Koos pak te gee.


5 voet
7 voet

20. Vir die motorbestuurder om voor die deur van Kerkstraat no. 12 stil te hou.
21. Vir die meisies om op te hou met ginnegaap.
22. Vir jou ma om nie onrustig te wees oor jou nie.
23. Vir jou niggie om jou geluk te wens met jou verjaardag.
24. Vir Petrus om die voorsitter se woorde in die direkte rede weer te gee.
25. Vir Fanie om 'n hoenderhaan na te maak.

II. *Vul in* **nou** *of* **toe**:—

1. ..... ek wil my huiswerk doen.
2. ..... ek wou my huiswerk gedoen het.
3. Ons moes ..... maar omdraai huis toe.
4. Julle moet ..... eers gaan aantrek.
5. Ons moes ..... maar omdraai huis toe.
6. Hulle ken ..... almal die verskil tussen „Nou" en „Toe".
7. ..... ek op die plaas was, was daar baie rooimiere.
8. Hoekom het julle nie die dokter ..... ontbied nie?
9. Ongelukkig kan ek nie ..... aan sy van dink nie.
10. Ongelukkig kon ek nie ..... aan sy van dink nie.
11. Hy wou ..... nie saam met ons gaan swem nie.
12. My oom het ..... 'n slagyster gestel en die tier gevang.
13. Ons het ..... die brandweerwa in die straat sien afjaag.
14. ..... het hulle vir my die tou afgegooi en my daarmee opgetrek.
15. Hy mog ..... nie later as nege-uur saans tuiskom nie.
16. Kan jy ..... self 'n elektriese lig regmaak?
17. Ek was ..... nog sommer 'n opgeskote knapie.
18. ..... het die hane begin kraai, daarom het die spoke verdwyn.
19. Ek gaan ..... dadelik my oupa vir die present bedank.
20. Ons het ..... besluit om teen die berg uit te klim.
21. Ons was al moeg, maar ..... was dit darem koeler.
22. ..... het ek ondertoe getuimel teen die krans af.
23. Ek besef ..... dat ek ..... verkeerd was.
24. ..... hoef ek nie meer so danig vroeg op te staan nie.
25. ..... het hulle my dikwels in die hospitaal kom besoek.

III. (*a*) *Bevel*: **Staan op.**
(*b*) *Verbod*: **Moenie opstaan nie.**

Maak die volgende sinne ontkennend:—

1. Staan van jou stoel af op.
2. Eet jou spinasie.
3. Loop weg.
4. Kom hier.

5. Lag saam met ons.
6. Dink aan jou nuwe skoene.
7. Vat my hand.
8. Gee vir hom 'n pak slae.
9. Laat spat.
10. Wees beleef.
11. Vra om ekskuus.
12. Loop.
13. Vertel my wat jy gisteraand gedoen het.
14. Kyk of jy daardie som kan doen.
15. Klap hom om sy ore.
16. Tel op die stuk glas wat daar voor jou voete lê.
17. Duik van die boonste plank af.
18. Sê net wat jy wil.
19. Trap op die versneller.
20. Hou die tradisies van jou voorouers in ere.
21. Leer die bladsye wat ek genoem het van buite.
22. Spog met anderman se vere.
23. Glo wat ek jou vertel
24. Vra wat hy daarmee bedoel het.
25. Vra as jy iets nie verstaan nie.

IV. Teken in die vorm van 'n dagboek aan wat jy elke dag verlede week gedoen het.

V. A. Sy medisyne was **stroopsoet** maar hare was **galbitter.**

Gee die teenoorgesteldes (antonieme):—

1. Dis 'n **slegte** voorbeeld van **armoede.**
2. Wanneer is die **oorlog verklaar?**
3. Het die skelm toe **beken** dat hy skuldig was?
4. In daardie huis heers **orde.**
5. Ek het jou nog nooit **vertrou** nie.
6. Ons het ons motor teen 'n **verlies** verkoop.
7. Wanneer is jou oupa **gebore?**
8. Moenie nou jou hoed **opsit** nie.
9. Jy moet maar liewers jou skoene **aantrek.**
10. Dit was 'n **maklike** taak.
11. Jou antwoord was heeltemal **reg.**
12. Wie was die **laaste** klaar?
13. Beantwoord die vrae **skriftelik.**
14. Ons gaan **dikwels** die Smits besoek.
15. Vanjaar is botter en eiers **skaars.**
16. Hier is die rivier taamlik **diep.**
17. 'n **Vreemde** man het my toegeknik.
18. Seuns is **luier** as dogters.
19. Met my sakgeld is ek gewoonlik **spandabelrig.**

20. Is jou oupa ook so **vrygewig** soos myne?
21. Dit was darem regtig 'n **heldhaftige** daad.
22. Is Piet en Jan nog **vriende**?
23. Is julle alweer **kwaaivriende**?
24. Jy moet liewers **praat.**
25. Ons tuingrond is besonder **skraal.**
26. Mejuffrou Strydom is besonder **skraal.**
27. Vanjaar is die vee **spekvet.**
28. Ons osse is gewoonlik **trommeldik** wanneer hulle saans van die veld af kom.
29. Daardie bout is veels te **dik** vir die moer.
30. Julle moet saans **later** gaan slaap.

B. Vertel wat jy sal doen as jy skielik ontdek dat julle huis aan die brand is.

20

I. (*a*) Haar oë **is blou en haar lippe rooi.** (*Toestand: Teenwoordige tyd.*)
(*b*) Daar **is** lank oor die saak **gepraat.** (*Handeling: Verlede tydsvorm.*)

Sê of ons in die volgende sinne met (a) 'n toestand in die teenwoordige tyd of (b) 'n handeling in die verlede tyd te doen het:—

1. Nog 'n muis is gister deur die kat gevang.
2. Nou-die-dag is 'n slang vlak voor ons huis doodgemaak.
3. Daardie knaap is veels te groot vir sy skoene.
4. Jan is die onnoselste mens wat ek ken.
5. Die arme osse is deur die volk mishandel.
6. Partykeer is hy regtig gaaf teenoor ons.
7. Vanjaar is die wisselbeker weer deur ons skoolspan verower.
8. Sy skuld is nog nie deur hom betaal nie.
9. Daar is dié aand lank oor daardie eienaardige voorval gepraat.
10. Juanita is 'n paar dae later dood aangetref.
11. „Gety" is deur Holmer Johanssen geskryf.
12. „Die Onterfdes" is nog 'n boek deur Holmer Johanssen.
13. Laasgenoemde is in 1945 gepubliseer.
14. Die dorp Boshof is in 1852 aangelê.
15. Dit is nou op die kop halfelf.
16. 'n Monument ter ere van die gesneuweldes is onlangs naby die stadhuis onthul.
17. Daar is die hele aand gedans en gesing.
18. Dis 'n infame leuen.

19. Dis deur hom uit sy duim gesuig.
20. Van sy onskuld is ek oortuig.
21. Jy is ook maar siende blind en horende doof.
22. Is die geheim uiteindelik ontdek?
23. Is hy onskuldig aan die misdaad?
24. Is dit 'n nuwe soort stofsuier?
25. Is die toegangspryse tot die konsert dan verhoog?

II. Mammie sê **dat jy veels te groot vir jou skoene is.**

Verbind onderstaande sinne met **dat**:—

1. Dis onwaar. 'n Spinnekop het sewe pote.
2. Baie mense glo. Die gerug is waar.
3. Ek het gedink. Jy is ouer as jou broer.
4. Nou die nag het my sussie gedroom. Sy het 'n prinses geword.
5. Piet beweer. Alta gaan vanjaar die rekord slaan.
6. Die berugte dief het volgehou. Hy is onskuldig aan die inbraak.
7. Die jagter het vertel. Hy het twee lewendige leeus se sterte aan mekaar vasgebind.
8. Ons het almal gemeen. Jy sou die afspraak onthou.
9. Die wiskundige het bewys. Twee maal twee is nie altyd vier nie.
10. Die kleinspan het hulle oupa gesoebat. Hy moes vir hulle nog „ware leuens" vertel.
11. Die boere het nog aanhou hoop. Dit sou binnekort reent.
12. Die gasheer het voorgestel. Die reisiger moes maar liewers die nag daar slaap.
13. Party mense verbeel mos vir hulle. Hulle is beter as iemand anders.
14. Uiteindelik het die ondersoek-kommissie vasgestel. Die Kalaharie kruip geleidelik ooswaarts.
15. Niemand het verwag nie. Daardie perd sou die resies wen.
16. My pa het uitgereken. Die vakansie sal ons ongeveer sestig pond kos.
17. Ouma sê. Dis beter om vanaand tuis te bly.
18. Het jy hom daaraan herinner? Hy het belowe om vir niemand te vertel nie.
19. Die weduwee het daarop staatgemaak. Haar kinders sou vir haar op haar oudag sorg.
20. Ek kon voorspel het. Julle sou nie die wedstryd wen nie.
21. Tevergeefs het sy moeder hom gewaarsku. Hy moes versigtig wees.
22. Die ou dame kla. Sy kan nie snags slaap nie.

23. Die hoof sê. Julle moenie met oophals-hemde skool toe kom nie.
24. Oom Dirk vertel. Dis baie droog in hulle omgewing.
25. Almal weet tog. Dis 'n skande om ontrou te wees.

III. *Gee die regte trap van vergelyking van die woorde tussen hakies:—*

1. My broer is die (sterk) van ons twee; of dink jy ek is (sterk) as hy?
2. Môre-oggend moet ons nog (vroeg) opstaan.
3. Hierdie ysterpaal is nog (vas) as die een wat ons so pas uitgehaal het; hierdie paal is dus die (vas) van almal.
4. Hoe (ver) 'n mens loop, hoe (moeg) word jy.
5. Dis werklik die (snaaks) grap wat ek nog ooit gehoor het.
6. Dié slag is ek (tevrede) as verlede keer.
7. Die dogters was (opgewonde) as die seuns.
8. Dogters se naels is gewoonlik (skoon) as seuns s'n.
9. Dis hulle (een) kind wat verongeluk het.
10. Hoe (gou) jy maak, hoe (eer) sal jy klaarkry.
11. (Gaaf) kan 'n gasvrou daarem nie wees nie.
12. 'n (Slu) vent sal jy nie sommer teëkom nie.
13. In ons distrik is dit baie (droog) as by julle.
14. Jy behoort darem (verstandig) op te getree het.
15. Oupa is aansienlik (doof) as Ouma.
16. Jy kan gerus (duidelik) probeer skrywe.
17. Toe die twee betrap is, het die kleintjie (verleë) as sy maat gelyk.
18. Matesis is nie juis (moeilik) as boekhou nie.
19. As jy maar net soggens effens (vroeg) wil opstaan, sal jy betyds by die skool aankom.
20. Jan is verreweg die (fors) van die twee stoeiers.
21. Ou Poon was darem 'n (goed) ryperd as Bles.
22. Hoe (eer) jy jou leer gedra, hoe (goed) sal dit wees.
23. Kom sit 'n paar banke (voor); jy ooreis jou oë.
24. Gaan staan 'n entjie (agter); jy is te naby aan die skildery.
25. Kom 'n paar tree (naby); jy is te ver van my af.

IV. 'n Klasmaat is in die hospitaal en jy moet namens die klas 'n **brief** skryf om te vertel hoe hy (sy) gemis word. Sorg dat jy hom (haar) opbeur deur 'n paar grappige voorvalle by die skool te beskryf.

V. *Kies die regte woord:—*

1. Meneer, verskoon my; ek het my opstelboek (huis toe, by die huis) (gelaat, verlaat, vertrek).
2. Ons trein het om sesuur (gelaat, verlaat, vertrek).

3. As julle van die skool (gelaat, verlaat, vertrek) moet julle julle boeke op my lessenaar (laat, verlaat, vertrek).
4. Die drenkeling het om (help, hulp) geroep, maar omdat ek nie kon swem nie, kon ek hom nie (help, hulp) nie.
5. As jy my gevra het om jou te (help, hulp), sou ek jou alte graag (help, hulp) verleen het.
6. Mevrou Brand het vir Lenie (gehelp, gehulp) om die dansrok te maak.
7. Lenie het baie opstandig teenoor haar pa (gekom, gekry, geword).
8. Ons het baie snaaks in ons natgereënde klere (gelyk, gekyk, gesorg).
9. Hoekom (kyk, lyk, sôre) die dametjie dan nou so oes?
10. As ons weg is, moet jy goed vir jou pa (kyk, lyk, sôre).
11. Negentig van ons dapperste soldate het in daardie geveg (gevrek, gesterf, gesneuwel).
12. Die waardige ou grysaard het op negentigjarige leeftyd (gevrek, gesterf, gesneuwel).
13. Julle moet nou (al, almal, alle, al die, alles) gaan slaap.
14. Die hond het (al, almal, alle, al die, alles) die kat se kos opgevreet.
15. Ek glo gladnie (al, almal, alle, al die, alles) wat hy vertel nie.
16. Dr. X bring (alledaags, daagliks) 'n besoek aan die hospitaal: motorongelukke is vir hom iets (alledaags, daagliks).
17. Toe Jan Celliers se eerste bundel gedigte (uitgegee, voortgebring) is, was dit 'n belangrike gebeurtenis in die Afrikaanse literatuur.
18. As ons die twee skilderye vergelyk, is die ooreenkoms (skynbaar, duidelik, blykbaar).
19. Hy het hom totaal vergis. (Skynbaar, duidelik, blykbaar) het hy hom deur (skynbare, duidelike, blykbare) ooreenkomste laat mislei.
20. Dis nie (gewoonlik, gebruiklik, gewoon) om 'n pols (-horlosie -klok) in jou sak of 'n huis (-horlosie, -klok) om jou arm te dra nie.

21

I. (*a*) *Direkte rede.*

Die eie woorde van 'n spreker word so weergegee:—

Jan sê: „My broer is die oudste van ons twee".

„Hoera!" skree die toeskouers. „Dawie het nog 'n drie gedruk".

„Vandag kan ek nie hier bly nie", het sy ons verseker.

(*b*) *Indirekte rede.*

Iemand anders kan die spreker se woorde so oorvertel:—

Jan sê dat sy broer die oudste van hulle twee is.

Jan sê sy broer is die oudste van hulle twee.

Opgewonde skree die toeskouers dat Dawie nog 'n drie gedruk het.

Opgewonde skree die toeskouers Dawie het nog 'n drie gedruk.

Sy het ons verseker dat sy daardie dag nie daar kon bly nie.

LET OP:- In onderstaande sinne word nie elke keer „sê" gebruik nie. Watter woorde word almal gebruik? Watter ander woorde kan nog gebruik word?

Vertel oor aan 'n klasmaat: (*Indirekte rede*):

1. Toe Pappie in die leunstoel neersak, sug hy: „Nou voel ek darem regtig moeg".
2. „Nee", was Sannie se antwoord. „Ek het geen kleingeld by my nie".
3. Koos skryf: „Ek is platsak en moet aanstaande week vir Boetie 'n verjaarsdaggeskenkie koop".
4. Ma het dadelik teengespreek: „Dis nie waar wat jy sê nie".
5. Ek het hom onderbreek met die versekering: „Dis verkeerd; hier is dit nie so koud soos gister by die piekniek nie".
6. Ouma het gekla: „Vandag pla die rumatiek my alweer en gister het ek tog so fris gevoel".
7. Toe het die spreker vervolg: „Ons het vanaand hierheen gekom om hulde te bring aan een van ons grootste staatsmanne".
8. Die beskuldigde het geantwoord: „Jan Hendrik Vosloo is my volle naam".
9. Piet het verduidelik: „Ek kan nie met jou saamkom nie, want ek moet nog eers vanaand my huiswerk doen".
10. Die outa beduie: „Die dorp is nie ver hiervandaan nie, dis net hier agter die bult".
11. Net voor die dokter uitstap, voeg hy by: „Môre-aand sal ek weer hierheen kom om seker te maak of 'n operasie nodig sal wees. Goeie-nag Mevrou Brink".
12. Laat daardie middag ontvang ons die telegram: „Operasie geslaagd. Hettie gou bygekom".
13. „Naaseergisteraand het ons 'n veldbrand hier duskant die berg gesien", was Piet se woorde.
14. „Ongelukkig het ek my beursie verloor en sal dus nie meer daardie rok kan koop nie", het Bettie met trane in haar oë verklaar.
15. Môre-aand kom ons u besoek, as u tuis is", het mnr. Smithulle vir my pa gesê, maar hulle het nooit opgedaag nie.

16. Die minister het beweer: „Daar sal vanjaar geen depressie wees nie".
17. Ek het volgehou: „Hier is iemand onder die bed; ek het sy asemhaling gehoor".
18. Op die ou end het hy beken: „Ons almal het jou die poets gebak".
19. Ek kon nie anders as om te luister nie hoe hy vir haar fluister: „Daar sal geen haan na kraai nie".
20. Sy het gesê: „Ek glo nie my pa sal vir my jok nie".

II. (*a*) Jy kan saamgaan as jy betyds klaar is.
As jy betyds klaar is, kan jy saamgaan.
(*b*) Jy kon saamgegaan het, as jy betyds klaar was.
As jy betyds klaar was, kon jy saamgegaan het.
(*c*) Hy neem altyd 'n sambreel saam as dit reent.
As dit reent, neem hy altyd 'n sambreel saam.
(*d*) Hy het altyd 'n sambreel saamgeneem as dit gereent het.
As dit gereent het .....

LET OP:—Hierdie bysinne deur as (Eng. „whenever") ingelei;
(*a*) gee te kenne dat die handeling gereeld plaasvind.
(*b*) As stel in sulke sinne 'n voorwaarde.

Begin onderstaande sinne met As:—

1. Jou motor sal jarelank hou as jy dit oppas.
2. Jou motor sou jarelank gehou het as jy dit maar net opgepas het.
3. Ek sou liewer nie daardie leuen vertel het nie, as ek jy was.
4. Die dame sou die trein gehaal het, as sy vroeër aanstaltes gemaak het om aan te trek.
5. Die verpleegster sal my laat weet as my sussie dalk sieker word.
6. Almal sou van hom gehou het, as hy maar net minder van homself gepraat het.
7. Die meeste van hulle sou speel-speel deurgekom het, as hulle gedurende die jaar harder werk het.
8. Die toekoms lag jou toe, as jy gereeld jou plig doen.
9. Hy sou uiteindelik 'n vername betrekking beklee het, as hy pligsgetrouer was.
10. Die volke van die wêreld sal mekaar nog uitroei, as hulle met atoombomme aanhou speel.
11. Outa Jan is alte spraaksaam as hy hoenderkop is.
12. Vanmelewe het ouers hulle kinders gelooi as hulle onge hoorsaam was.
13. Roep my as jy my hulp nodig het.
14. Ons bure het vreeslik geraas as hulle partytjies hou.
15. Hy het hom keer op keer verslaap as hy vroeg moes opstaan.

16. Hy sou nie altoos platsak gewees het nie as hy eerder wou leer om maandeliks 'n sommetjie te spaar.
17. 'n Mens sou meer werkkrag gehad het as dit koeler was.
18. My ouma druk haar kop onder die kussings in as die weer swaar is.
19. 'n Mens sou hulle sien spaander het as daar regtig 'n spook verskyn het.
20. 'n Mens word bang as die groot ou huis snags so kraak.

III. (*a*) *Vraag*: Na wie kyk jy?
(*b*) *Antwoord*: Ek kyk na Lenie.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Op watter manier het hy die saak aangepak?
2. Aan wie sit jy so en dink?
3. Met wie het jy daar gestaan en praat?
4. Waaraan het jy jou hoed opgehang?
5. Waarop het jy die boek neergesit?
6. Waaraan hang die skildery?
7. Waarop lê die kombers?
8. Waaroor trek hy sy hoed?
9. Waarin trek hy sy hoed?
10. Waarom sit hy sy boordjie?
11. Waarna sit jy en luister?
12. Na wie sit jy en luister?
13. Met wie dink jy dat jy praat?
14. Op wie is Jannie verlief?
15. Aan wie is Sarie verloof?
16. Met wie is Lang-Koos getroud?
17. Vir wie behoort kinders lief te hê?
18. Waaraan dink jy?
19. Waarvan lewe spinnekoppe?
20. Op wie is jy jaloers?
21. Aan wie het hulle hulle huis verhuur?
22. Wat sien jy rondom jou?
23. Vir wie haat jy?
24. Aan watter rak moet ek my jas ophang?
25. Op watter gebied blink ons skool uit?
26. Waarmee het jou broertjie jou geslaan?
27. Waarmee het die inbreker hom verdedig?
28. Waarvoor is jy bang?
29. Vir wie is jy bang?
30. Saam met wie het jy bioskoop toe gegaan?

IV. Oupa is tagtig **jaar** oud.
Oupa is al **jare** gelede oorlede.

A. *Gee die regte vorme van die woorde tussen hakies:* —

1. Die eksamen het (drieuur) geduur.
2. Die eksamen het presies om (drieuur) begin.
3. Ons moes (uur) lank somme maak.
4. Toe hy verdwaal het, het hy (myl) ver in die donker gestap.
5. Per trein Durban toe is dit twee-en-sewentig (myl), maar per motor is dit ses-en-vyftig (myl) terwyl dit per vliegtuig sowat dertig (myl) is.
6. Dis seker die (honderd) keer wat ek hom gewaarsku het.
7. Om 'n tweedehandse motor aan die loop te hou, moet 'n mens (pond) spandeer.
8. Jack London het tweehonderd-en-dertig (pond) geweeg.
9. Die (eers) skoot was binne in die kol.
10. My (ag) en (veertien) verjaarsdae was die aangenaamstes.

B. *Voorsien die Afrikaans:*—

1. (Some) het van die verhaal gehou, maar die (others) het dit vervelig gevind.
2. Hy dra nie meer (glasses) nie.
3. My pa het sy (trousers) geskeur.
4. Ons het die (July holidays) Knysna toe gegaan.
5. Daar was (hundreds of) mense by die lughawe.
6. 'n (Quarter) van die klas was 'n (quarter of an hour) laat.
7. Ons het sowat (three hours) vir die trein gewag.
8. Om (seven o'clock) was die saal al stampvol.
9. Ek sal op die (twelfth) van die maand, en nie op die (fourteenth) nie, vertrek.
10. Ek het vir my drie tennisballe teen twee sjielings (each) gekoop.
11. Ons het die (seventy miles) binne 'n uur en 'n (quarter) afgelê.
12. Ontmoet my om (half past four).
13. Dina is (five feet nine inches) lank.
14. Hy was (forty seven years ten months two weeks and three days) oud toe hy oorlede is.
15. Die haelstorm het presies (two hours forty minutes and twenty seconds) geduur.

V. (*a*) *Sê waarvoor die volgende staan en gebruik die naam in 'n sin:*—

Uilspieël; Jan Rap en sy maat; Jan Tuisbly; nuuskierige Agie; Antjie Somers; Judas; Thomas; Vader Cloete; 'n Fariseër; die ware Jakob.

(*b*) Presies hoe laat is dit nou?

(*c*) Die hoeveelste is dit vandag?

(*d*) Hoeveel weeg jy?

(*e*) Hoe ver woon jy van die **stasie** af?

(*f*) Hoe oud is jy?

(*g*) Hoe lank is jy?

22

I.

WAT ONS DOEN WANNEER DIE SKOOL SLUIT.

Ons sit die vorige aand al ons boeke netjies in die rak en pak ons koffers in. Dan gaan ons met 'n verligte gevoel slaap en staan die volgende oggend vroeg op.

Vir die naam gaan ons skool toe maar die hele voormiddag doen ons niks nie, want die onderwysers is besig met ander dinge. Om twaalfuur sluit die skool. Dan roep ons hoera! en slenter gesels-gesels huis toe.

Na ons ge-eet het, bestel ons huurmotors om ons stasie toe te neem. As die motors kom, gaan ons haastig die bagasie haal en oorhandig dit aan die bestuurder. Dan soen ons ons ouers en die boeties en sussies wat by die huis bly en por die bestuurder aan om te jaag so al wat hy kan.

As ons by die stasie kom, staan daar 'n groot skare skoolkinders en onderwysers op die perron. Ons gaan toustaan voor die loket om 'n kaartjie te kry en wag ongeduldig ons beurt af. As dit reeds tyd is vir die trein om binne te kom, kry ons die kaartjies in die hande en hardloop uitasem na die perron. Dan verneem ons dat die trein twee uur te laat is en moet ons teen wil en dank daartoe besluit om die swart wagtende massa nog swarter te maak.

LET OP:—Bostaande is 'n gewoontehandeling.

Vertel nou eers wat julle **môre** *sal doen as die skool sluit en dan wat julle* **gister** *gedoen het toe die skool gesluit het. Begin so:—*

(*a*) Ons sal vanaand al ons boeke.....

(*b*) Ons het gisteraand al ons boeke.....

II. Koos sê dat **dit verstandig is.**

Begin telkens met **Koos sê dat.**

1. Hy het sy ouers lief.
2. Hy hou baie van biltong.

3. Hy hou baie daarvan.
4. Die honde het die hele nag geblaf.
5. Jannie is smoorverlief op Driena.
6. Sy vader moes verlede week skielik 'n operasie ondergaan.
7. Hulle moes die dokter dadelik ontbied.
8. 'n Mens kan jou woordeskat uitbrei deur advertensies te lees.
9. Julle behoort nie die aap so te terg nie.
10. Die passasiers moes hulle bagasie self versorg.
11. Die kruier het die dame gehelp om die bagasie te dra.
12. Die kruiers was besonder besig.
13. Dis nie nodig nie.
14. Dis nie nodig om saam te gaan nie.
15. Julle hoef nie die geld terug te betaal nie.
16. Hy het eenkeer 'n jong „disnis" geslaan.
17. Dis verstandig om vroegtydig 'n plek te bespreek.
18. Party appels was asynsuur.
19. Party appels was asynsuur; daarom het hy hulle weggegooi.
20. Ons hoef nie môre so vroeg op te staan nie.
21. Ons hoef nie vanmôre so vroeg op te gestaan het nie.
22. Die ou dame het julle mooi gevra om haar nie weer skrik te maak nie.
23. Die polisie het beloof om die huis op te pas.
24. Jy moenie vir hom wolhaarstories vertel nie.
25. Hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.

III. (*a*) *Onderwyser*: **Sê vir Piet hy moenie so lui wees nie.**
(*b*) *Leerling*: **Piet, jy moenie so lui wees nie.**

1. Sê vir hom hy moenie so slordig wees nie.
2. Sê vir hom hy moenie na die bioskoop toe gaan nie.
3. Sê vir haar sy moenie so bang wees nie.
4. Sê vir my ek moenie vir julle op skool hou nie.
5. Sê vir ons ons moet ons nie aan kafpraatjies steur nie.
6. Sê vir hulle hulle moenie vergeet om hulle knipmesse saam te bring nie.
7. Sê vir Jonas hy moenie die skape in die kraal ja nie.
8. Sê vir die meisies hulle moenie dink hulle is snaaks nie.
9. Sê vir die predikant hy moenie sy manel aantrek nie.
10. Sê vir jou ouers hulle moenie vir jou wag nie.
11. Sê vir die juwelier hy moenie so veel vir sy horlosies vra nie.
12. Sê vir die tandarts hy moenie vir jou seermaak as hy jou tand trek nie.
13. Sê vir die dokter hy moenie vir jou bitter medisyne gee nie.
14. Sê vir jou ouma sy moenie vir haar oor jou bekommer nie.
15. Sê vir die skeidsregter hy moenie partydig wees nie.
16. Sê vir die kondukteur hy moenie vergeet om jou betyds wakker te maak nie.

17. Sê vir jou besoekers hulle moenie so haastig wees om te vertrek nie.
18. Sê vir jou vriendin sy moenie skinderpraatjies versprei nie.
19. Sê vir jou sussie sy moenie die deur laat oopstaan nie.
20. Sê vir die motorbestuurder hy moenie op die opdraende stilhou nie.

IV. *Voltooi die volgende verhaal:—*

Ons het die aand laat baljaar. Dit was al ver oor elf toe ek daar wegkom. Die nag was donker en die pad het deur 'n populierbos geloop. Presies om twaalfuur gewaar ek 'n wit ding in die pad .....

V. *Lees die samestellings reg:—*

1. Die (passasier + trein) het met die (goed + trein) gebots.
2. Vir niemand is dit sommer (kind + speletjies) om 'n (wa + as) te buig nie.
3. Staan 'n (os + wa) ooit in 'n (wa + huis)?
4. Hy het sy (hemp + moue) opgerol en sy (skoen + veters) vasgemaak.
5. Op so 'n koue (winter + dag) sit 'n mens graag voor 'n (kaggel + vuur).
6. Is (man + klere) enigsins duurder as (vrou + klere)?
7. In ons stad is daar verskeie (meisies + skole) en (kos + skole).
8. Die (skei + regter) was self 'n kranige (rugby + speler).
9. Na die (Matrikulasie + eksamen) gaan ons 'n (middel + nag + fees) vier.
10. Het jy al ooit 'n (kalf + hok) of 'n (perd + stal) en 'n (koei + stal) gesien?
11. Hoekom laat 'n (sak + roller) my altyd aan 'n (wolk + krabber) dink?
12. In die (hoog + skool) is daar minder skoliere as in die (laag + skool).
13. Die (skip + lading) bestaan veral uit (voedsel + voorrade) vir die lande waar (honger + nood) heers.
14. Wie hou nie van (droog + vrugte) en (boer + wors) nie!
15. Moenie altoos aan die (reg + kant) van die pad ry nie; bly tog aan die (links — kant) daarvan, jy is mos nie nou in Europa nie.
16. Is die (suid + kruis) altyd aan die (suid + kant)?
17. Die (lid + tal) van ons (debat + vereniging) neem nog steeds toe.
18. In die (koning + ryk) van die blindes is (een + oog) koning.
19. Ek gaan my (duif + hok) met (oog + draad) toemaak.

23

I. (*a*) *Verlede tyd*; *Bedrywende vorm*: Die hond **het** 'n haas **gevang.**
(*b*) *Verlede tyd*; *Lydende vorm*: 'n Haas **is deur** die hond **gevang.**

Sit om in Lydende vorm:—

1. Hettie Smit het „Sy kom met die Sekelmaan" geskryf.
2. Jan het my bedrieg.
3. Juffrou het vir Nettie op haar vingers getik.
4. Niemand het die geheim verklap nie.
5. Die vyand het 'n neerlaag gely.
6. Die tenks het die voetvolk in die steek gelaat.
7. 'n Seuntjie het my beursie opgetel en aan die polisie oorhandig.
8. Die vlieë het ons die hele middag in ons slaap gepla.
9. Jacobs het die eerste diamant ontdek.
10. Volgens sekere geskiedkundiges het Van Niekerk die eerste diamant ontdek.
11. Dr. van der Merwe het al die kinders in ons skool teen pokkies geënt.
12. Na die wedstryd het die prinsipaal ons span gelukgewens.
13. Speel-speel het die skurk die polisie om die bos gelei.
14. Laat daardie aand het die brandweer die vuur geblus.
15. Hulle het diamante ter waarde van duisende ponde by die smokkelaars gevind.
16. Daardie keer het sy pa hom gewaarsku om nooit weer kluitjies te bak nie.
17. T. J. Haarhoff het „Somer" in Engels vertaal.
18. Die hael het al oom Frans se koring platgeslaan.
19. Die vloedwaters het die brug naby die dorp weggespoel.
20. Die voorsitter het 'n vergadering vir aanstaande maand belê.
21. Het 'n perd jou al ooit afgegooi?
22. Het iemand anders ook die geluid gehoor?
23. Het Piet die seuntjie karnuffel?
24. Het Vasco da Gama Amerika ontdek?

II. *Teenwoordige Tyd*: Die verpleegster **woel** die verband styf om sy vinger **vas.**
Verlede tyd: Die verpleegster **het** die verband styf om sy vinger **vasgewoel.**

Herhaal in die verlede tyd:—

1. Jan kom terug na sy moeder.
2. Die boer trek weg dorp toe.

3. Toiings gaan terug plaas toe.
4. Die grensbewoners besluit om weg te trek uit die Kolonie.
5. Lettie is bly om na haar ouers en oupa te kan teruggaan.
6. Die verhaal vertel van twee seuns wat van die plaas af weggaan.
7. As hy met vakansie teruggaan plaas toe, verlang hy na die stad.
8. Die stedeling raak verlief op 'n boeremeisie.
9. Hy hou skool op Meronne.
10. Hulle klim op na die waterval.
11. Op die ou end gaan die aangenome dogter weg van haar pleegouers.
12. Sy gaan terug na haar huis op Doornkloof.
13. Dan gaan Estelle eendag terug na haar ou dorp.
14. Miem gaan weg van die plaas af.
15. Toiings wend geen poging aan om die donkie na oompie Dissel terug te neem nie.
16. As Soois weggaan om op die spoor te werk, vermoor ou Datie vir Sagrys.
17. As hulle op die plaas terugkom, is dit al donker.
18. Die skrywer vertel van 'n boer wat van sy plaas af wegtrek.
19. André gaan terug na Italië.
20. Toiings gaan dan terug na die plaas.
21. Albert is eers 'n verraaier maar keer later terug na sy volk.
22. Na sy seun se begrafnis keer Frans met 'n gebroke hart terug huis toe.
23 Sy word oorgehaal om met die ander mense in die huis saam te stem.
24. Die eiesinnige dametjie stem tog nie saam met die ander lede van die gesin nie.
25. Soois trek uiteindelik van die plaas af weg om op die spoor te gaan werk.

III. *Lees:* -

LET OP:—Vir **u** word die lippe vooruitgestoot.

(*a*) hel — hulle; reg — rug; vleg — vlug; rek — ruk; res — rus; pit — put; kis — kus; lis - lus; ontgin — ontgun; bril — brul.

(*b*) Hulle het die waatlemoenpitte in die put gegooi.

(*c*) Na 'n ruk het die bul gebulk en het hulle op die vlug geslaan.

(*d*) By die brug het ons die bus na die suidkus gehaal.

(*e*) brûe — rûe.

(*f*) Die ingenieur het baie brûe gebou.

(*g*) Na die dag se werk was hulle rûe **seer**.



IV.

In hierdie prentjie staan die vermaarde keiser en veldheer Alexander voor die beroemde filosoof Diogenes, wat in 'n vat gewoon het.

(*a*) Hier word mense uit die verre verlede voorgestel. Waarvan kan dit afgelei word?
(*b*) Wie is die oudste, en waaraan kan jy dit sien?
(*c*) Watter kledingstukke het die twee persone aan?
(*d*) Watter ander voorwerpe kan jy opmerk?
(*e*) Watter werkwoorde word hier voorgestel?
(*f*) Blykbaar is dit koud — kyk na die bome se blare en na die wolkie — daarom sit Diogenes in die son; maar daar val 'n skaduwee oor hom. Wat was Diogenes se versoek aan Alexander?
(*g*) Laat die onderwyser die verhaal vertel en herhaal dit aan die onderwyser.

V.

A. *Gebruik* **be-, ge-,** *of niks by die uwe. in die vet druk*:

1. My seun het die afgelope jaar baie goed **vorder** op skool.
2. Ek raas nie; ek **oefen** maar net my stembande.
3. Jy het nog nie op my vorige brief **antwoord** nie.
4. Die onderwyser het ons **straf** oor ons rumoerigheid, maar niemand het straf gekry nie.
5. Die dief is met veertien dae tronkstraf **straf.**
6. Niemand sal jou **straf** as jy 'n trossie druiwe pluk nie.
7. Hoe lank **staan** Afrikaans al as 'n taal?
8. Ek sal daardie voorstel met alle mag **veg.**
9. Hy sal homself nog **grawe** in die kuil wat hy vir ander grawe.
10. Jy **antwoord** nie my vraag nie.

B. *Kies telkens die regte woord*:

1. (Tel, vertel) my gou waar Piet se fiets is.
2. Kan jy al tot duisend (tel, vertel)?
3. Hy het my (getel, vertel) dat jy my boeksak weggesteek het.
4. Ek het vyf sjielings van hom (geleen, verleen).
5. Daardie woord is aan Grieks (geleen, ontleen, verleen).
6. Toe sy geld nodig gehad het, het ons haar dadelik hulp (geleen, ontleen, verleen).
7. Die onderwyser het nog nie ons antwoorde (geoordeel, beoordeel, veroordeel) nie.
8. Die verraaier is tot die dood (geoordeel, beoordeel, veroordeel).
9. Die skape moet van die bokke (geskei, verskeie) word.
10. Ek het al (geskei, verskeie) kere opgemerk dat hy skielik naar word.

11. Ek het maar net die eerste (afdeling, indeling, verdeling) van die som gemaak.
12. Die kinders het gestry oor die (afdeling, indeling, verdeling) van hulle ouers se besittings.
13. Dis moontlik om 'n beter (afdeling, indeling, verdeling) van die stof te maak.
14. Tien jaar (gelede, verlede) het daar 'n wêreldoorlog uitgebreek.
15. Hierdie gemeente (bestaan, ontstaan) al tweehonderd jaar. Dit het (bestaan, ontstaan) in die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie.

24

I. *Leer van buite:—*

Teenwoordige tydsvorm.	*Verlede tydsvorm. (Imperfektum).*
(*a*) Hulle kan my help	(*a*) Hulle kon my help
(*b*) ,, wil ,,	(*b*) ,, wou ,,
(*c*) ,, moet ,,	(*c*) ,, moes ,,

LET OP:—**Kan, wil, mag,** en **moet** word modale hulpwerkwoorde genoem. Ook **sou,** imperfektum van **sal,** en **laat** word as modale hulpwerkwoorde gebruik: **Hulle sou my help; hulle laat my help; hulle het my laat help.**

Sit om in die verlede tydsvorm:—

1. Pappie moes al sy tande laat uittrek om gesond te word.
2. Die vliegtuig sal om tienuur vertrek.
3. Niemand van ons kan so vinnig soos Kiewiet hardloop nie.
4. Niemand mag hom met sy werk help nie.
5. Piet wil nie met Pa saamgaan nie.
6. Daardie dogtertjie mag nooit alleen êrensheen gaan nie.
7. Saans moet die kinders voor nege-uur hulle ligte afslaan.
8. Partykeer kan die ou tog alte lekker spekskiet.
9. Sal jy die hele aand tuisbly?
10.* Jy moenie leuens vertel nie.
11. Hy laat maar Gods water oor Gods akker loop.
12. Daar soveel op die spel is, mag ons nie afsydig bly nie.
13. Jy moet gaan kyk hoe die kinders tekere gaan.
14.† Wie wil nou spek en boontjies wees?
15.† Kan jy nie 'n handjie bysit nie?
16. Moet ek alweer met jou raas?

17. Mag die Heer ons bystaan?
18. Daardie seuntjie sal nog eendag 'n man van groot aansien word.
19.† Kan jy nie kyk waar jy ry nie?
20. 'n Mens moet hom goed dophou.

LET OP:—

(*) As ons wil te kenne gee dat dit wel gebeur het, sê ons: **moes nie vertel het nie.**

(†) As ons wil te kenne gee dat dit nie gebeur het nie, sê ons: **moes gaan kyk het; kon hy gesit het; kon hy nie gekyk het nie.**

II.

LET OP:—**Toe** het betrekking op die verlede; **dan** op die toekoms.

Kies **toe** *of* **dan**:

1. Bespreek eers jou sitplek; .....koop jy jou kaartjie.
2. ..... het ek wakker geskrik.
3. Ons moes ..... dadelik opstaan.
4. Hy het eenkeer bo die water uitgekom en ..... verdwyn.
5. ..... het Patrys in die stroom ingeduik.
6. Ons het 'n rukkie stilgestaan; ..... kon ons die waterval hoor dreun.
7. Eers sal ek na Parys gaan, ... gaan ek na Rome.
8. Die jagter het sy geweer gelaai; ..... het hy versigtig nader gekruip.
9. Die jongspan het Oupa vir sy storie bedank en ..... het hulle gaan slaap.
10. Eenaand, ... dit al pikdonker was, het my kamerdeur stadig oopgeskuif.
11. Laat die tee net 'n rukkie trek; ..... skink jy dit in.
12. Hulle het uitmekaar gespat ..... hulle die spook gewaar.
13. ..... moes hy vir ons haarfyn beskryf hoe hy ontsnap het.
14. Die pad kronkel deur die bos; ..... draai dit regs.
15. Hulle het gemik en ..... knal die twee skote tegelyk.
16. Gaan eers pos toe; ..... kan jy later weer gaan speel.
17. Skakel die lig aan; ..... hoef jy mos nie jou oë te ooreis nie.
18. ..... ek verlede jaar op die plaas was, het daar 'n kwaai droogte geheers.
19. ..... wou die perd vir hom skop.
20. Gaan vra vir Pa; ..... kom sê jy vir ons of ons daarheen kan gaan.
21. Ek sal die boek deurlees; ..... sal ek vir jou die inhoud daarvan oorvertel.

22. ..... het hy die waarheid van dié spreekwoord besef.
23. Die klokkie sal lui; ..... . kan julle maar gaan eet.
24. Hulle het gou-gou aangetrek; .... het hulle die bus stad toe gehaal.
25. Vanmiddag gaan ek eers 'n rukkie rus; .... sal ek die blomtuin natspuit.

III. *Vul die ontbrekende voorsetsels in:* - -

1. Ons sal môrevroeg .... sewe-uur .... trein vertrek.
2. Ek hou . ..... my broer maar is nie lief .... my suster nie.
3. Hoe laat vertrek die trein .... Pretoria ..... hierheen?
4. Ons moes die onderwyser .... klas spreek.
5. Ons het lank . . .. mekaar gesels ..... die atletiek-byeenkoms.
6. Die kinders het hartlik ..... . die grap gelag.
7. Kyk om, dan sal jy hom .... jou sien staan.
8. Die klomp vrugtestelers het die appelkose ..... mekaar verdeel, maar die pere het die oudstes net .... hulle twee verdeel.
9. Omdat ons nie almal .... perd kon ry nie, moes party maar ..... voet .... die swemplek loop.
10. „Ampie" is .... Van Bruggen geskrywe.
11. Die reis het ons ..... motor onderneem, maar die bagasie moes .... trein gestuur word.
12. Ongelukkig het ek nie geld ..... . my gehad nie.
13. Pa was regtig trots ..... my, omdat ek die dief betrap het.
14. 'n Mens moet liewers vriendelik ..... die bediendes wees.
15. Nadat hy vyf jaar ..... die meisie verloof was, het sy gesterf.
16. ..... dié manier het ons hom ..... die put getrek.
17. Die mielieland is ..... een plek heeltemal weggespoel.
18. My aansoek . die betrekking is ..... die hand gewys.
19. Daar is verskillende maniere waar- ..... 'n mens goedere kan bestel, byvoorbeeld kontant ..... aflewering of kontant .... bestelling.
20. Uiteindelik het hy tog .... die meisie getrou.
21. Die drenkeling het ..... hulp geroep.
22. Gee asseblief my groete ..... . die res van die huisgesin.
23. .... dié rede moes ons onverrigtersake terugkeer.
24. Oupa is . . .. ambulans ..... die hospitaal vervoer.
25. Ons sit ..... tafel ..... ander woorde ons is besig om te eet.

IV. *Vul die leestekens in en gebruik hoofletters en diakritiese tekens waar nodig:—*

aspirant kampeerders moet die volgende artikels saambring 1 ekstra paar skoene 2 orige stelle onderklere 1 jas 2 komberse 1 knipmes 1 rol tou maar hulle moet geen ander onnodige goed saambring nie eetware wat volop verkrygbaar sal wees sal deur die kampbestuur verskaf word.

V.

A. *Gebruik in sinne of in 'n breër verband en omskryf dan die betekenis:—*

iets hals oor kop doen; koppig; kopsku; iets oor die hoof sien; iets deur die vingers sien; iets uit die hoof leer; soveel hoofde, soveel sinne; kop uittrek; iemand se kop was; geen kop of stert van iets kan uitmaak nie; sy kop stamp

B. *Spreek uit:* - **ooi - oei.**
Lees:—

(*a*) kooi—koei; looi—loei; rooi—roei; gooi—groei; mooi — moeilik; dooie — stoei.

(*b*) Hulle het die goeie man in boeie geslaan en in die tronk gegooi. Dit was gladnie mooi nie, maar 'n verfoeilike daad.

(*c*) Ek stoei al 'n uur met hierdie moeilike som en nou word dit tyd dat ek kooi toe gaan.

(*d*) In die lente, toe die perskebome gebloei het, het ons tweetjies met 'n skuitjie in die digbegroeide stroom op gaan roei.

25

I. I.p.v. „Jy moet die inhoud van die gedig in jou eie woorde weergee",(*sagte bevel*) kan ek sê: „Gee die inhoud van die gedig in jou eie woorde weer" (*direkte bevel*).

Sê op nog 'n manier:—

1. Jy moet die potlood van die vloer af optel.
2. Jy moet die prent aan die muur ophang.
3. Jy moet jou boek toemaak.
4. Jy moet smôrens vroeër opstaan.
5. Jy moet jou opstel oorskrywe.
6. Julle moet oppas vir slange in die lang gras.
7. Julle moet al julle kos opeet.
8. Julle moet so hard loop as julle kan.
9. Julle moet daardie woord tagtigmaal oorskrywe.
10. Julle moet ondertussen aangaan met julle werk.
11. Slaan maar tien sjielings van die prys af.

12. Betaal hom uit in kontant.
13. Trek 'n sikspens af van die tjek vir kommissie.
14. Wen elke aand jou horlosie op.
15. Tel jou voete behoorlik op as jy loop.
16. Droog julle goed af as julle uit die water kom.
17. Kyk waar julle loop.
18. Raai julle maats aan om na die konsert te kom luister.
19. Ag toe, gaan julle nog 'n entjie saam met my.
20. Trek julle baadjies vandag maar uit.
21. Sê jou tafel van twaalf op.
22. Julle moet die resultate van die eksamen nog 'n week afwag.
23. Julle moet julle werk so gou as moontlik liefkry.
24. Piet, hou jy nou wag by ons klere.
25. Jy moet die senter goed dophou.

II.

(*a*) Jan sê **dis 'n leuen.**
(*b*) Jan sê **dat dit 'n leuen is.**

Sê op nog 'n manier:–

1. Jan sê dat die kool die sous nie werd is nie.
2. Jan sê hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.
3. Jan sê hulle maak hom kwaad.
4. Jan sê dis sommer skinderpraatjies.
5. Die kinders glo dat Vader Krismis vir hulle presentjies bring.
6. Ek dink dis 'n groot grap.
7. Ek het vannag gedroom dat ek 'n matroos is.
8. Ek meen dis die eerste fout wat jy maak.
9. Koos beweer dat hy 'n gewig van tweehonderd pond kan optel.
10. Hy verbeel hom maar hy is so sterk.
11. Hy dink ook hy kan ver spring.
12. Ek sê dat ek verder as hy kan spring.
13. Ek meen selfs ek sal hom met hoogspring wen.
14. Hulle vertel my dat Sannie presteer het in swem.
15. Sannie sê sy het die tweehonderd-jaarts gewen.
16. Maar Lenie sê dat Minie sê dat Sannie nie eers hard geoefen het nie.
17. Ek dink ons moenie vanaand weer laat gaan slaap nie.
18. Julle moenie dink julle kan my vir die gek hou nie.
19. Die hoofonderwyser het vir Piet gesê dat hy nie op sy louere moet rus nie.
20. Ek dink jy sal moet hard bysit.
21. Die mielieboere verwag dat hulle vanjaar 'n rekord-oes sal wen.
22. Ek dink dit sal 'n gawe plan wees om môre te gaan kampeer.

23. Ek dink dis net die ding wat ons wil hê.
24. Het julle gehoor julle moenie van die blomme afpluk nie?
25. My pa sê dis gemeen om 'n seun te pootjie.

III.

(*a*) *Aanraai*: Jy moet hom 'n pak gee.
(*b*) *Afraai*: Jy moet hom **nie** 'n pak gee **nie.**
(*c*) *Aanraai*: Jy moet vir hom 'n pak gee.
(*d*) *Afraai*: Jy **moenie** vir hom 'n pak gee **nie.**

Raai eers aan om die volgende dinge te doen en raai dit daarna af:--

1. Vir Piet om jou lastig te val.
2. Vir Koos om met jou te baklei.
3. Vir Klaas om die hond te têre.
4. Vir Jan om my te bedrieg.
5. Vir Annie om dit te doen.
6. Vir Sannie om hom aan te kyk.
7. Vir Sarie om vir hom te luister.
8. Vir Bettie om vir jou hand te gee.
9. Vir Oom Koos-hulle om by ons te kom kuier.
10. Vir die mense om mekaar lief te hê.
11. Vir die mense om onder mekaar rusie te maak.
12. Vir die Transvalers om die Kapenaars 'n pak te gee.
13. Vir die motorbestuurder om stadig te ry.
14. Vir jou boetie om dit in sy sak te steek.
15. Vir jou boetie om sy knipmes in sy sak te steek.
16. Vir die koor om hard te sing.
17. Vir die koor om na die orrel te luister.
18. Vir die kaptein om julle te laat oefen.
19. Vir jou vriend om jou antwoord te gee.
20. Vir jou vriend om jou brief te beantwoord.
21. Vir die klas om hom uit te lag.
22. Vir die klas om na die bord te kyk.
23. Vir Krissie om haar tekening vir jou te wys.
24. Vir jou hond om nie vir die dief te blaf nie.
25. Vir die busbestuurder om voor jou huis stil te hou.

IV. Maak 'n bestelling uit vir die kruidenier van die benodigdhede van julle huishoue vir die volgende week.

V.

A. Watter vakke kan 'n mens op julle skool leer? Noem die onderwyser wat elke vak doseer. Watter vakke gaan jy vir Senior-Sertifikaat skrywe?

B. Watter Afrikaanse (*a*) tydskrifte; (*b*) koerante ken jy?
C. Wat is jou (*a*) voornaam; (*b*) van? Spel dit.
D. Watter vertrekke is daar gewoonlik in 'n huis?
E. Noem die drie hoofmaaltye.

26

I. (*a*) *Direkte rede.*
(i) Die baas beveel sy jong: „Gaan vee die motorhuis uit".
(ii) Die baas vra sy jong: „Het jy die motorhuis uitgevee?"
(*b*) *Indirekte rede.*
(i) Die baas beveel sy jong om die motorhuis te gaan uitvee.
(ii) Die baas beveel sy jong dat hy die motorhuis moet gaan uitvee.
(iii) Die baas vra sy jong of hy die motorhuis uitgevee het.

Vertel oor:

1. Die nooi beveel haar meid: „Gaan trek dadelik 'n skoon voorskoot aan".
2. „Wees tog versigtig as jy 'n straat oorstap", maan die moeder haar dogtertjie toe sy met die boeksak by die hek uithol.
3. „Praat die waarheid man, of ek raps jou!" het my pa my gebied, terwyl hy met die rottang teen sy broekspyp piets.
4. „Dawid, loop haal gou die pakkie by die stasie", sê die bestuurder.
5. „Toe dan nou, hou op met die lawaai", beknor die radelose moeder haar woelwaters.
6. „Moenie roer nie, anders skiet ek", was die bevel van sersant Mans, terwyl hy die rewolwer na die smokkelaar rig.
7. Hy vra haar: „Het jy jou reiskaartjie by jou?"
8. Sy vra hom: „Het jy jou kamerdeur gesluit?"
9. „Was jy om elfuur gisteraand in jou kamer?" wou die magistraat van die beskuldigde weet.
10. Die laaste vraag wat die inspekteur aan Marié gestel het, was: „Wil jy eendag in 'n stad woon, of op 'n plaas?"
11. In aanwesigheid van die oujongnooi het Jannie gevra: „Mammie, hoe oud is dié tannie?"
12. Die bekommerde vraag van die dame was: „Is my seun se arm af, Dokter, of is dit net gekraak?"

13. Die reisiger het gevra: „Hoe ver is dit hiervandaan Durban toe?"
14. Willie het gevra: „Pa, kan ek aanstaande naweek 'n maat saambring?"
15. Toe hy sy pa dit wou wysmaak, het hy geantwoord: „Jy moenie dink ek is 'n swaap nie!"
16. Nou-die-aand sê Piet nog: „Ek het geen bang haar op my kop nie", en gisteraand hardloop hy tog vir 'n pampoenspook weg.
17. Ek dink toe maar: „Ag wat, ek sal môrevroeg die bagasie aflaai", dog toe ek daar kom, is die motor dolleeg.
18. Rooi van woede herhaal hy: „Ek sal jou nooit in der ewigheid weer vertrou nie!"
19. Op die Johannesburgse stasie staan: „Moenie op die platform spoeg nie".
20. ONDERWYSERES: Dis die sesde keer dat jy na Piet se werk loer".
    KLAAS: Ek weet, Juffrou, maar hy skryf ook so bedroef lelik.

II. (*a*) As Jannie maar net die waarheid gepraat het, sou Pa hom nie streepsuiker gegee het nie. (*Voorwaarde*).
(*b*) Hy haal sy hoed af as hy 'n dame groet. (*Gewoonte.*)
(*c*) Jannie moes riemspring toe hy daardie leuen vertel het. (*Eenkeer in die verlede.*)

Kies as *of* toe: --

1. Rita kon saamgery het, ... daar maar net genoeg plek in die motor was.
2. My klein boetie skater van die lag . . . . . hy onder die voete gekielie word.
3. My boetie wou nie lag .... hy so siek was nie.
4. ..... ek die eerste minister was, sou ek baie verbeterings aangebring het.
5. . . . . hy die eerste minister was, het hy tog nie daarin geslaag om veel tot stand te bring nie.
6. Die polisie het die motorbestuurder voorgekeer . hy so vinnig in die hoofstraat afgeja het.
7. 'n Mens kan 'n rit des te meer geniet . . jy stadig ry.
8. Ons sou die vakansie meer geniet het, . die Venters by ons geselskap aangesluit het.
9. Ons het veel meer pret gehad . . . . . die Venters by ons geselskap kom aansluit het.
10. Die huis sou aan die brand geslaan het . . . hy die vuurhoutjie in die blik petrol gegooi het.
11. Al is ons hoof 'n bejaarde man, bewe hy nog . . . hy 'n gehoor moet toespreek.

12. Die bruidegom het baie trots gelyk .... hy die ring aan sy bruid se vinger gesteek het.
13. Ek geniet dit baie . ..... ek op 'n Saterdagmôre die mense op die sypaadjies kan dophou.
14. Dit het gebeur ..... ek nog so 'n opgeskote knapie was.
15. Aand vir aand kla Nelie ..... dit haar beurt is om tafel te dek.
16. Moeder kon dit byna nie glo ..... Nelie nou die aand uit haar eie begin tafeldek het nie.
17. Oupa vertel dat hy altoos 'n sakdoek om sy hand gebind het ..... hy 'n spook moes groet.
18. Sy hand is erg verskroei ..... hy daardie keer met die kaal hand 'n spook gegroet het.
19. ..... dit eerder gereën het, sou daar nie soveel skape gevrek het nie.
20. ..... die ou man so suinig geword het, het party mense hom 'n vrek begin noem.

III. (*a*) Die motor **wat** ek graag wil besit, is te duur.
(*b*) Die perd **wat** die resies gewen het, is nog jonk.
(*c*) Wie is die man **wat** so hartlik kan lag?
(*d*) Dis die klerk daardie **vir wie** ek gister so vies was (*Na 'n voorsetsel*).
(*e*) Is dit die vrou **wie se** man onlangs oorlede is? (*Besitlik*).
(*f*) **Wie** nie werk nie, sal nie slaag nie (*Onbepaald*).
(*g*) **Wie** fluister daar? (*Vraag*).

LET OP:--**Wie** word vir mense gebruik en alleenlik (*a*) na 'n voorsetsel; (*b*) saam met **se**; (*c*) in onbepaalde betekenis en (*d*) as vraagwoord.

Vul in:—

1. Ken jy die seun ..... die rekord geslaan het?
2. Dis ons buurman se seun ..... gister verdrink het.
3. Die persoon ..... met jou gepraat het, is nie Afrikaanssprekend nie.
4. Almal ..... daarvoor lus het, kan saamgaan.
5. Iemand . . . ek baie goed ken, het daardie skildery gekoop.
6. Kinders ..... jok, word gewoonlik goeie verhaalskrywers.
7. ..... op oneerlike wyse ryk word, sal nooit gelukkig wees nie.
8. Die meeste mense ..... daarlangs woon, is betreklik ryk.
9. Is dit jy ..... die ruit gebreek het?
10. Nee, dis iemand anders ..... die ruit gebreek het.
11. Is dit Andries ..... jou die streep getrek het?
12. Is dit jou ma na ..... jy verlang?

13. Sangiro is 'n skrywer van ..... ek regtig baie hou.
14. ..... is die man met ..... jou suster gaan trou?
15. ..... is die man ..... met jou suster gaan trou?
16. Ek ken nie die kêrel van ..... jy gepraat het nie.
17. Ek ken nie die kêrel ..... met jou gepraat het nie.
18. ..... is dit ..... vir jou geroep het?
19. ..... is dit vir ..... jy geroep het?
20. Ek hou nie van kinders ..... se hare altoos deurmekaar is nie.
21. ..... dit beweer, weet nie waarvan hy praat nie.
22. ..... het beweer dat ligstrale nie kan breek nie?
23. Ek het 'n pen ..... 'n mens net eenkeer elke drie jaar laat vul.
24. Dis 'n skilpad ..... al oor die honderd jaar oud is.
25. Die konstabel ..... my voorgekeer het, wou weet waar my fiets se lisensie is.

IV. *Lees die volgende:—*

Oom Andries, 'n godsdienstige ou boer, het hom verbeel dat hy nie bang is vir die dood nie en een oggend aan die ontbyt-tafel vir sy neef Gert gepreek dat hy altyd bereid moet wees om voor sy Skepper te verskyn sonder vrees of bewing.

Net toe hy en sy neef hulle eiers opgeëet het, kom die bediende egter binnegehardloop en skree ontsteld vir haar baas dat sy die verkeerde eiers gekook en op tafel gesit het. Oom Andries wou weet wat die eiers dan makeer. Sy antwoord dat dit die eiers is waar die kleinbasie jakkalsgif ingesit het om die slang te vergewe wat kom eiers steel.

Toe skrik oom Andries hom boeglam en roep in groot ontsteltenis uit dat dit die rede is waarom hy so'n vreeslike maag-pyn kry. Hy glo dat dit klaarpraat met hom is en vra die Here om hom te help. Tant Alie, sy vrou, probeer hom kalmeer en sê dat hy nie bang hoef te wees vir die dood nie, maar hy gaan nog eens so erg aan met sy spektakels. Hy betreur dit dat hy so 'n slegte lewe gelei het en kla maar gedurig oor die maagpyn.

Ondertussen het Gert maar rustig bly sit.

Net toe oom Andries dink dat sy laaste uur geslaan het, kom klein Pietie egter opgewonde ingehardloop en wil van sy ma weet waar die eiers is waar hy epsomsout in gesteek het.

Sy ma vra hom of di' dan epsomsout is wat hy daarin gesteek het. Toe hy bevestigend antwoord, sê sy dat Aia Kaatjie dan gesê het dat dit jakkalsgif was. Hy antwoord dat Aia Kaatjie nie weet waarvan sy praat nie en dat daar gladnie eers jakkalsgif in die huis is nie.

Toe word Oom Andries skielik beter en sê dat dit maar goed is dat hy nie bang is vir die dood nie.

Maak nou 'n dialoog van hierdie verhaal en gee die nodige toneelaanwysings.

V. (*a*) Toe was ek nog 'n (wat twaalf jaar oud is) knapie.
(*b*) Toe was ek nog 'n **twaalfjarige** knapie.

Vervang die woorde tussen hakies deur een woord:—

1. Hy het 'n (wat skitter) sukses behaal.
2. Ouma het 'n (wat geslaag het) operasie ondergaan.
3. Dat jy jou kop nog eendag sal stamp, is my (wat vas is) oortuiging.
4. Ons het 'n (wat dringend is) oproep ontvang.
5. Hierdie water is ongelukkig nie (wat gedrink kan word) nie.
6. Wie kan 'n (wat gedra kan word) grammofoon saambring piekniek toe?
7. Alle vrugte is nie (wat geëet kan word) nie.
8. Ag, moenie sulke (net soos 'n kind) dinge sê nie.
9. Die ou kêrel is al heeltemal (net soos 'n kind).
10. Ek hou van mense wat (net soos kinders) is.
11. Die (wat tot die provinsie behoort) belasting moet dadelik betaal word.
12. Die (wat tot die stad behoort) treine is smiddags stampvol.
13. Dat inbraak gepleeg word, is 'n (wat elke dag gebeur) gebeurtenis.
14. In wie se kamer sal die (wat teen middernag plaasvind) fees gehou word?
15. Op die oomblik verkeer die verongelukte nog in 'n (wat krities is) toestand.
16. Onlangs het daar 'n (wat kritiek lewer) bespreking van die digter se bydrae tot die letterkunde verskyn.
17. Hou jy van (wat vol liriek is) beskrywings?
18. Weens die droogte het talle (wat nie kan praat nie) skape gevrek.
19. In ons distrik het 'n (wat lank duur) droogte geheers.
20. In die kamer het daar 'n (dood) stilte geheers.
21. Dis darem regtig 'n (wat vol geheime is) gebeurtenis.
22 Is jy ook 'n lid van die (wat vir almal oop is) biblioteek?
23. Sy het 'n (wat sonder vrug was) poging aangewend om agter die geheim te kom.
24. My pa is 'n (wat maklik vergeet) mens.
25. Sorg dat julle (wat die doel tref) maatreëls tref.

27

I.

A. (*a*) Het **jy** al ooit **so 'n** duur **halssnoer** gesien? (*Enkelvoud*).
(*b*) Het **julle** al ooit **sulke** duur **halssnoere** gesien? (*Meervoud*).

Sit om in die meervoud:—

1. In elke stad is daar 'n magistraatshof.
2. Om watter rede het hy nie sy belofte nagekom nie?
3. Elke môre staan ek om sewe-uur op.
4. My maat het die gewoonte om elke Sondagaand 'n lied te sing.
5. Daar is 'n grafsteen op die graf van die soldaat wat in die oorlog gesneuwel het.
6. Op 'n plaas is daar o.a. 'n koei; 'n kalf; 'n os; 'n ooi; 'n ram; 'n lam; 'n hamel; 'n merrie; 'n hings; 'n vulletjie; 'n sog; 'n beer; 'n reun; 'n teef; 'n gans; 'n eend; 'n kalkoen; 'n hen en 'n haan.
7. Die pad het erg verspoel.
8. Wat is die vinnigste: 'n stoomskip, 'n vliegtuig of 'n motorfiets?
9. Is daar 'n a, 'n b of 'n s in jou naam?
10. Het jy al ooit so 'n swaap gesien?
11. 'n Kadet moet die bevel van sy offisier gehoorsaam.
12. Beantwoord elke vraag kortliks.
13. Die kritikus het daardie speurverhaal aangeprys.
14. Die barbaar aanbid 'n afgod.
15. Aan so 'n onderneming is daar 'n gevaar verbonde.

B. Daar is 'n turksvydoring in die baba se oog
Daar is 'n **turksvydorinkie** in die **babatjie** se **ogie.** (*Verkleining.*)

Gee die verkleiningsvorme waar dit pas:—

1. Jan se ma het vir hom 'n skoon hemp aangetrek en 'n skoon das en boordjie omgesit.
2. Die jong vrou wat daar sit, het regtig 'n snaakse hoed op.
3. My oom het wegstaan-ore en 'n wipneus.
4. Het my kind dan iets in haar oog?
5. Sy het 'n lieflike ou piering gehad waaruit sy haar kat laat drink het.
6. My ou skat, wat gaan jy vir jou ou vrou op haar verjaarsdag gee?
7. Met Ouma se verjaarsdag het ons neefs en niggies vir haar 'n stoelkussing en 'n werkmandjie present gegee.
8. Die ou dame wat in daardie ou kafee werk, is baie vriendelik.
9. Die brief was maar kort.

10. Dis 'n maklike vraag.

II. Hy sê dat **'n mens liewers nie jou boeke moet uitleen nie.** *Laat elkeen in die klas 'n sin met* „Hy sê dat" *maak.*

III. *Vul die ontbrekende voorsetsels in:—*

1. Ons vertrek so ..... vieruur.
2. Almal ..... Jan het pak gekry.
3. ..... my verjaarsdag het ons pannekoek gekry.
4. Veels geluk ..... jou verjaarsdag.
5. ..... sewe-uur daardie môre het ons die berig ontvang.
6. Dis oorspronklike skilderye wat ..... die muur hang.
7. Aanstaande kwartaal gaan ons hoofonderwyser ..... verlof Kaap toe.
8. Die voetgangers was ..... daardie tyd al byna dood ..... die dors.
9. Die ambulans het gejaag ..... die ongelukstoneel.
10. ..... ongeluk het ek die inkpot omgegooi.
11. Niemand wis ..... watter rede Gert so kwaad ..... Piet was nie.
12. 'n Mens behoort hoflik ..... dames te wees.
13. Die polisie het hom gelukgewens ..... sy kordaatstuk.
14. Die beskuldigde pleit tevergeefs ..... genade.
15. Wanneer gaan ons weer ..... die museum?
16. Wanneer gaan ons weer ..... hulle huis tok-tokkie speel?
17. Waarom is jy so skaam ..... meisies?
18. ..... aandete, as dit koeler is, kan ons 'n entjie gaan stap.
19. Julle moet sorg dat julle stiptelik ..... agtuur die klaskamer binnestap.
20. ..... wie het jy die eerste keer 'n Kruger-pond gesien?
21. Ek is nog nie seker nie maar ek dink ons sal so ..... vieruur kan gaan swem.
22. Die meeste meisies is doodbang ..... muise en spinnekoppe.
23. ..... sononder het ons ons bestemming bereik.
24. Net 'n paar van hulle wou ..... die spookhuis toe gaan.
25. Kotie verjaar ..... 4 April.

IV. Vertel die storie van 'n prent wat jy in die bioskoop gesien het.

V. *Vul die ontbrekende woorde* in:—

1. Die inwoners van die Oranje-Vrystaat noem ons..... In die ..... word ..... tradisies gehandhaaf.
2. Die inwoners van Transvaal noem ons ..... In die ..... is daar ..... gewoontes.
3. Die inwoners van die Kaapprovinsie noem ons ..... In die ..... is daar ou ..... huise.

4. Die inwoners van Natal noem ons ..... In ..... heers 'n ..... gees.
5. Die inwoners van Rhodesië noem ons ..... In ..... is daar die ..... kopermyne.
6. Die inwoners van Egipte noem ons ..... In ..... is 'n ou ..... kuns bewaar.
7. Die inwoners van Suid-Afrika noem ons ..... In ..... sing ons die ..... volkslied.
8. Die inwoners van Asië noem ons ..... In ..... word ..... sedes en gewoontes gehandhaaf.
9. Die inwoners van Italië noem ons ..... Die ..... koning moes uit ..... vlug.
10. Die inwoners van Roemenië noem ons ..... In ..... vind ons die ..... oliebronne.
11. Die inwoners van Arabië noem ons ..... In ..... word ..... perde geteel.
12. Die inwoners van Abessinië noem ons ..... Oor ..... heers die ..... keiser.
13. Die inwoners van Spanje noem ons ..... Uit ..... word baie ..... lemoene uitgevoer.
14. Die inwoners van Frankryk noem ons ..... Uit ..... kry ons ..... wynsoorte.
15. Die inwoners van Engeland noem ons ..... Die hoofpersoon in ..... is die ..... koning.
16. Die inwoners van Pole noem ons ..... In ..... word die ..... tradisies gehandhaaf.
17. Die inwoners van Vlaandere noem ons ..... In ..... is daar beroemde ..... skrywers.
18. Die inwoners van Europa noem ons ..... In ..... bestaan 'n ..... beskawing.
19. Die inwoners van Palestina noem ons ..... Die ou ..... stede in ..... is al dikwels verwoes in die loop van die geskiedenis.
20. Die inwoners van Griekeland noem ons ..... In ..... tref ons pragtige ou ..... geboue aan.

28

I. (*a*) Die gebou **is** in 1805 opgerig. (*Handeling in die verlede.*)
(*b*) Daardie gebou **was** reeds opgerig toe ek Parys besoek het. (*Handeling in die verlede vóór 'n ander handeling in die verlede.*)

LET OP:—**Was opgerig** word die plusquamperfektum-vorm (Voltooid-verledetydsvorm) genoem.

Sê of die handeling in onderstaande sinne (a) enkel in die verlede of (b) in die verlede vóór 'n ander handeling in die verlede plaasvind:—

1. Die tuin is gister natgelei.
2. Die tuin was alreeds natgelei toe dit begin reën het.
3. Ons sitplekke is 'n paar dae gelede bespreek.
4. Ons sitplekke was alreeds bespreek toe ons van plan verander het.
5. Toe ons op die plaas aankom, was die os al geslag.
6. Toe ek vertrek het, was my klere nog nie teruggestuur van die droogskoonmaker af nie.
7. My pen is onlangs van my tafel af gesteel.
8. Sedertdien is daar nog nie weer van Swart-Hans gehoor nie.
9. Voordat ek my skoene aangetrek het, was hulle blink-gevryf deur die meid.
10. Omdat my opstel nie gister geskryf was nie, moes ek dit vanmôre voor skool doen.
11. Die blokkiesraaisel is deur geeneen van ons opgelos nie.
12. Nog 'n klerk is aangestel vir ons kantoor.
13. Die slang was alreeds doodgemaak, toe die kaffer met die geweer daar aankom.
14. Die tee was al geskink toe ek wou gaan teemaak het.
15. Nog voordat sy dit kon voel, was haar tand reeds uitgetrek.
16. Die spoorweg deur ons dorpie is in 1899 geopen.
17. Oorlog was nog nie verklaar toe die troepe oor die grens gekom het nie.
18. Wêreldoorlog II is in 1939 verklaar.
19. Aan 'n spuitvliegtuig was gedink lank voor die tweede wêreldoorlog uitgebreek het.
20. Die rekord is nie geslaan nie.

II. Het jy gehoor **dat die skool môremiddag om eenuur gaan sluit?**

Voltooi met **dat**:—

1. Ek het nooit geweet .....
2. Piet spog .....
3. My oupa het vertel .....
4. Ek het gevrees .....
5. Die karnallie het nie verwag .....
6. Sy maats het op hom vertrou .....
7. Die hele tyd het die kinders besef .....
8. Die winkelier het verneem .....
9. My ouers het belowe .....
10. Die bediende het vergeet .....

11. Hulle het ons gewaarsku .....
12. Daardie keer het hy gesweer . .....
13. Bastian sê .....
14. Sy het gesoebat .....
15. Die bestuurder het besluit .....
16. My sussie wou nie glo .....
17. Die jong het seker gedink .....
18. Daardie seun gee voor .....
19. Die sportuitruster skryf .....
20. Mnr. Strauss beweer .....

III. *Direkte woordorde*: My pa het nie **gister** 'n skaap geslag nie. *Omgekeerde woordorde*: **Gister** het my pa nie 'n skaap geslag nie.

LET OP:—Die eerste **nie** staan onmiddellik na die onderwerp of 'n persoonlike voornaamwoord wat sonder voorsetsel as voorwerp van die ww. dien. Ook die bepaling van tyd kan voor **nie** staan: „My pa het gister **nie** 'n skaap geslag nie"; en **nie** self kan bepaal word deur 'n woord of woorde wat daarvóór staan: **glad nie**; **in die geheel nie.**

Begin die volgende sinne met die vetgedrukte woorde:—

1. Piet sal nie **môre** 'n pak slae kry nie.
2. Piet het nie **gister** 'n pak slae gekry nie.
3. Piet kry nie **vandag** 'n pak slae nie.
4. Ek is nie **smiddags** op my kantoor nie.
5. Hy het nie **toe** die pyn gevoel nie.
6. Hy werk nie **saans** nie.
7. Eende word nie nat **as dit reent** nie.
8. Jy moenie lag **as hy praat** nie.
9. Ek weet nie **waar die jakkals se gat is** nie.
10. Ek was nie alte bly **toe ek hom gewaar** nie.
11. Hy is glad nie bang **vir my** nie.
12. Hy het nie die mes **in hierdie kamer** weggesteek nie.
13. Koos eet nie **al sy kos** op nie.
14. Koos wil nie **al sy kos opeet** nie.
15. Daar was nie **verlede jaar** 'n oorstroming in die Vrystaat nie.
16. Daar was nie verlede jaar 'n oorstroming **in die Vrystaat** nie.
17. Daar is nie 'n ringmuur **om ons huis** nie.
18. Daar is nie **'n ringmuur** om ons huis nie.
19. Ons kandidaat het nie **in die parlement** gekom nie.
20. Die voorbok kon nie **oor die doringdraad** spring nie.
21. Jy moenie **vir hom** luister nie.
22. Die ou het **toe** nie meer met my geraas nie.
23. Ek sal jou nie **vandag** vertel nie, miskien 'n ander dag.
24. Hulle kon nie **tot bo-op die krans** klim nie.
25. Jy moet **hom nie alte veel** terg nie.

IV. *Lees onderstaande aanhaling uit* **Kees van die Kalahari** *deur die broers Hobson, en beantwoord die vrae daaroor in volledige sinne:—*

Die geveg is egter te wreed om lank aan te hou. **Opeens spat hulle uitmekaar** en hardloop elk so hard soos hy kan van die vegplek af weg .....

Die nuwe kommandant gaan toe **ewe trots** op die hoogste punt van die duin staan.

„Bôgom!" Hees en kortafgebroke. Sy eerste bevel aan die **trop**!

„Bôg, bôg", **antwoord die verslae mannetjies sag en onderdanig** van waar hul hul wonde sit en lek. Daarop laat hy 'n vraende ôf-ôf hoor wat sy **manskappe** dadelik die bome laat inklim en orals rondkyk of hul Kees nie **gewaar** nie. As die kommandant daardie oomblik kon **opgedaag** het, sou daar 'n **tweegeveg** plaasgevind het soos die woestyn maar min sien.

Maar hoe die mannetjies ook rondkyk, Kees is nêrens te kry nie. Die verstandige ou het betyds **die hasepad gekies.** Onder die **lawaai** op die duin het hy (Kees) stilletjies van die boomtak afgeklim en **gemaak dat hy wegkom.** Toe die trop **dus** weer na hom soek, het die ou al 'n hele ent stadig en pynlik langs 'n duik teen die duine weggesukkel.

Nog 'n ruk sit die nuwe kommandant aandagtig en luister. **Dog naderhand** skyn hy daarvan **oortuig** te wees dat sy **teëparty** gevlug het, want hy stap ewe trots van die duin af en spring in 'n hoë, **kaalgewaaide** boom op waar hy urelank bly sit en **spioeneer.**

1. Kan jy raai waarom hierdie geveg tussen die bobbejane plaasgevind het?
2. Hoekom het die mannetjies uitmekaar gespat?
3. Wat het die mannetjies gedoen nadat hulle die onderspit gedelf en weggehardloop het?
4. Waarom het die nuwe kommandant die mannetjies in die bome laat inklim?
5. Hoekom was hy op sy hoede vir Kees?
6. Wanneer het Kees hom uit die voete gemaak?
7. Watter aanduidings (afgesien van die woord **woestyn**) kry ons dat die trop in die woestyn verkeer?
8. Watter woorde in bostaande stuk hoort tot bobbejaantaal en wat beteken elkeen?
9. Gee moontlike opskrifte vir bogenoemde stuk.
10. „..... waar hul hul wonde sit en lek". Maak nog vyf sinne met „sit en ....."
11. Omskryf die vetgedrukte woorde of gee woorde wat nagenoeg dieselfde beteken.

12. 'n Mens praat van 'n **trop** bobbejane; 'n ... . skape; 'n ..... voëls; 'n ..... vliegtuie; 'n ... ... soldate; 'n ..... mense.

V.

A. **Vier** jaar gelede het ons in die Kaapse Skiereiland gewoon. Aanstaande Maandag sal ons my suster se mondigwording **vier.**

Gebruik onderstaande woorde telkens met 'n ander betekenis.

hoop; loop; ken; veer; gehoor; gesig; vertrek; deur; duur; stryk.

B. (*a*) *Kies telkens die regte woord: –*

1. Die pakkie is gladnie te (swaer; swaar) om te dra nie.
2. Vanjaar is die kleinvee net so (maer; maar) soos die grootvee.
3. Professor Grobler is ook 'n (dokter; doktor) in Opvoedkunde.
4. Die (hael; haal) het al die koring platgeslaan.
5. In die Ooste word (reis; rys) gekweek.
6. Johannesburg is die (stat; stad) met die grootste bevolking in Suid-Afrika.
7. Moenie teen die venster (leun; lêûen) nie.
8. Wie het die trek noordwaarts (gely; gelei)?
9. Die (end; ent) van die verhaal is baie treurig.
10. Die sinkende skip het (syne; seine) om hulp gestuur.
11. Moenie meer doen as wat (vereis; verys) word nie.
12. Die pad teen die berg op is besonder (steil; styl).
13. Moenie altyd (weier; wyer) as 'n mens jou 'n gunsie vra nie.
14. Sy het 'n (eed; eet) afgelê dat sy nie weer sou jok nie.
15. Ek (wed; wet) jou dat daar mense op die maan is.

(*b*) *Maak sinne met die orige woorde.*

29

I. *Omskrywe die betekenis van die volgende sinne:-*

1. Julle **moes** nie julle skille daar laat lê het nie.
2. Julle **sou** nie julle skille daar laat lê het as daar 'n onderwyser by was nie.
3. Wat **sou** die minister besiel het om so teen die boere uit te vaar?
4. **Sou** jy so vriendelik wil wees om my brief dadelik te beantwoord?
5. Gister **sou** jy nie so lui gewees het nie.
6. Gister **moes** jy nie so lui gewees het nie.
7. **Sou** u my miskien twee sak koring per trein wil stuur?
8. 'n Mens **sou** sê dat hy die koning se hond se oom is.

9. Jy **sou** amper mis geskiet het, as jy nie amper raak geskiet het nie.
10. Hoekom **sou** ek nie spek eet wanneer ek lus voel daarvoor nie?

II. Sy het 'n sug van verligting geslaak toe **sy gehoor het dat sy geslaag het.**

Voltooi onderstaande sinne:

1. Ek het ses houe met die rottang gekry toe .....
2. Snags word ek dors; dan ... .
3. Eers eet ek my pap; dan ....
4. Sy het eers haar baaiklere aangetrek; toe .....
5. Die son het net agter die berg weggesak toe ....
6. Die perd het gerunnik toe .....
7. Smorens maak ek my bed op; dan .....
8. My klere was druipnat toe ....
9. Iemand het na hom kom soek toe .....
10. Die kat het die muis bekruip, sy rug hoog opgetrek en toe .....
11. Bêre die gereedskap; dan ... ..
12. Sy het 'n ruiker blomme gepluk; toe .....
13. Hy het 'n voëlverskrikker in die tuin opgerig; toe ....
14. Hy het die eksamen afgelê; toe ....
15. Bespreek jou sitplek; dan .....
16. Die kind het baie bleek gelyk toe ... .
17. Sit 'n stukkie kaas in die muisval; dan ... .
18. Die stad was maar net 'n klein dorpie toe ..
19. As jy nou gaan bad; dan
20. Toe ..

III. *Spreek uit:* **oo — oe.**

Lees:—

boor — boer; voor — voer; toor — toer; moor — moer; verloor — loer.

LET OP: — **o(o)** en **oe** is albei klinkers in Afrikaans, nie tweeklanke nie. Voor **r** in dieselfde lettergreep is albei lank.

boer — boet; moer — moet; stoere — stoele; ploeë — ploeg; voeë — voeg.

LET OP: —In die eerste van bostaande woordpare is **oe** lank, in die tweede kort.

oog — moeg; rook — roekeloos; voog — voeg; voor — voer; koor — koer.

IV. Beskryf die gebeurtenisse wat op die prentjie hiernaas uitgebeeld is.


Gister het ek 'n tand laat trek
Sê! Is jou mond seer?
Sit tog stil jong, dan suig ek die gif uit.
Eina man! Hoe weet jy of dit sal help?
Jy trap op 'n slang!
Eina! My been...
Jy was baie dapper my seun. Maar die gif het in daardie seer plekkie in jou mond 'n vasvat kans gekry.
Toemaar jy word al beter.
Jy't my gered maat.

V.

A. *Gebruik in sinne sodat die verskil in betekenis of funksie duidelik uitkom:—*

Daarom, darem; eindelik, eintlik; skynbaar, blykbaar, duidelik; gewoonlik, gebruiklik; handel, handeling, handelwyse; afkoms, herkoms; veg, baklei.

B. Noem die vyf (*a*) vastelande en (*b*) seë van die wêreld.

C. Noem die maande van die jaar.

30

I. *Sit om in (a) die verlede en (b) die toekomende tydsvorm.*

1. Jy moet daardie werk oordoen.
2. Ek het my ouers lief.
3. Meneer Nel het baie geld.
4. Ons jaarblad word jaarliks gedruk.
5. Die afgevaardigdes reis per trein kongres toe.
6. Gert vertel sy maats hoe hy gedurende die vakansie sakgeld verdien.
7. Die spreker moet hard praat want die saal is taamlik groot.
8. Die dooie skape word deur die volk afgeslag.
9. Die veld word dag vir dag kaler en die vee vrek by hope.
10. Word kinders onder twaalf tot daardie vertoning toegelaat?
11. Ons klasmaats oorweeg dit of hulle 'n geselligheid moet reël.
12. Sannie wil nie glo dat die skaal akkuraat is nie; daarom weeg sy haar oor.
13. Om sewe-uur lui die etensklok; dan gaan ek gou my hande was.
14. Ons ryk buurman beweer dat hy die beste melkkoeie het.
15. Die veewagter pas die skape naby die vlei op.
16. Hy gee die inhoud van die gedig in sy eie woorde weer.
17. Doen jy jou bes?
18. Elke Maandagmôre sit en slaap Rooi-Piet in die klas.
19. Ek doen nou my huiswerk, sodat ek Saterdag vry kan wees.
20. Julle hoef darem nie so danig vroeg te loop nie.
21. Ons durf nie saans laat buite speel nie.
22. Hy sê jou die sin woord vir woord voor.
23. Ek het nie baie geld in die bank nie.
24. Het hy die moed om teen my te boks?
25. Hoor jy ook iemand kreun?

II. Baie skape het gevrek, **omdat daar 'n droogte geheers het.**

Voltooi onderstaande sinne telkens deur middel van **daar het 'n droogte geheers** *met die woorde in die regte volgorde:—*

1. Die groot- en kleinvee was brandmaer, want .....
2. Botter was baie skaars, omdat .....
3. Die boere kon nog nie begin ploeg nie, omdat .....
4. Oom Piet kon nie sy plaas verlaat nie, want .....
5. Die veld was kaal en dor, omdat .....
6. Die boere moes met hulle vee trek, omdat .....
7. Die boorde het min vrugte gelewer, omdat .....
8. Die blomtuin het verdroog, omdat .....
9. Verlede jaar se uitvoer van graansoorte was gering, omdat .....
10. In 1933 het baie boere bankrot gespeel, want .....
11. Niemand is toegelaat om 'n tuinslang te gebruik nie, omdat .....
12. Saans het die diere plankdun huis toe gekom, omdat .....
13. Toe die eerste druppels val, het almal 'n sug van verligting geslaak, omdat .....
14. Myle ver moes hulle water aanry, omdat .....
15. Baie plattelanders moes stede toe trek, want .....
16. Die owerheid moes aan die naturelle verduidelik dat daar 'n kosskaarste bestaan, aangesien .....
17. 'n Tekort aan koring is verwag, omdat .....
18. Die meeste riviere was net sandbeddings, omdat .....
19. Toe die reënbuie gekom het, het die grond verspoel, want .....
20. Selfs die plattelanders moes sonder groente klaarkom, omdat .....

III. *Voorsien die ontbrekende voorsetsels:—*

1. Net toe ons motor ..... die hoek swaai, kom daar 'n ander ..... die straat ..... gejaag.
2. Ons het so vinnig as moontlik ..... die bome ..... gespring, en reguit ..... die opening laat spaander. Omdat die eienaar die opening toegestop het, het ons soos bokke ..... die onderste draad ..... gekruip en gehol ..... die plek waar ons die fietse weggesteek het.
3. Ek het skoon vergeet dat ons ..... skool in die saal moes vergader.
4. As die trein tog maar net ..... tyd was.
5. Daar was baie rotse ..... die eenkant van die pad.
6. Toiings was alte trots ..... sy klonkie.
7. Die twee motors wat ..... mekaar gebots het, is erg beskadig, en twee van die insittendes ly ..... skok.

8. Drie dae ..... die skoolsluiting het ons ..... vakansie vertrek.
9. Sowat vier van die matrikulante het ..... die eksamen gedruip.
10. Hennie het nog nie van sy ouers gehoor of hy saam ..... my plaas toe mag gaan nie.
11. Toe ek ..... sesuur ..... die stasie aankom, was daar niemand om my te ontmoet nie.
12. Dis moontlik dat ons ..... drie maande 'n nuwe motor sal koop.
13. Almal het hartlik ..... die grap gelag.
14. Die nuwe eienaar is besig om 'n draad ..... sy plaas te span.
15. Die bedelaar het ..... kos en ..... 'n slaapplek gevra.
16. Die leier van die rowerbende is onlangs ..... die polisie betrap.
17. Dis nog onseker ..... watter dag ons sportbyeenkoms sal plaasvind.
18. Niemand weet hoe lank ..... die konsert hy tuisgekom het nie.
19. Daardie boek kan 'n mens ..... enige boekwinkel koop.
20. Ek het die meid gevra om tog ..... my hondjie te kyk terwyl ons ..... vakansie is.
21. ..... die droogte kon die boere nie voor Januarie begin ploeg nie.
22. Dit val my nou eers by dat ek vir Pappie nog nie ..... sy verjaarsdag gelukgewens het nie.
23. 'n Hele paar van ons klasmaats is smoorverlief ..... Mienie.
24. Ek ril ..... angs as ek aan die tandarts dink.
25. Jannie is kwaad ..... jou, omdat jy voor die dogters ..... hom gelag het.

IV. Droom dat jy 'n konstabel is en vertel iets van jou ondervindinge.

V.

A. *Die volgende is sinomieme. Kyk hoeveel jy nog bymekaar kan maak:—*

Hy is hoenderkop; Hy is hoog in die takke; Hy is hoog aan; Hy is geswael; Hy het tiermelk gedrink; Hy is lekkerlyf; Hy het te diep in die bottel gekyk; Hy loop twee rye spore; Hy kan nie eenbeentjie staan nie; Hy het die elmboog gelig.

B. Sê die Afrikaanse alfabet op.

31

I. (*a*) *Verpligting*:
Jan **moet** tuisbly.
Jan **moes tuisgebly het.**
(*b*) *Sedelike verpligting*:
Jan **behoort** tuis **te** bly.
Jan **behoort** tuis **te gebly het.**
(*c*) *Geen verpligting nie*:
Jan **sal tuisbly,** as ons hom dit beveel.
Jan **sou tuisgebly** het, as ons hom dit beveel het.

Vertaal:—

1. I should have gone to the market but I forgot.
2. By rights you should let them know that you are coming.
3. The speaker said that great nations should try to settle their disputes peaceably.
4. Othello should have made certain of the facts before he murdered Desdemona.
5. Should a writer always give a happy ending to a story?
6. We should not expect to find a picture good just because it is pretty.
7. We should not attempt the journey to Egypt before winter.
8. He should have warned us that the house was haunted.
9. I think you should consider the matter before you do anything.
10. I wonder whether you should drive so fast on this road.
11. I doubt whether you should read that kind of book.
12. You ought to attend to the lesson if you wish to learn anything.
13. Children ought to be seen and not heard.
14. You ought to have told me your secret.
15. She ought to have consulted the doctor about her rash.
16. They ought to have built their house on the hill.
17. You must brush your hair before you come to the dining room.
18. You must not try to fish in the pond.
19. You must be obedient.
20. You must go to bed now.
21. You have to pack your clothes before four o'clock.
22. You have to pay grandmother a visit.
23. He had to take an unpleasant medicine.
24. We had to sleep in a tent while we were camping.
25. The soldiers had to spend the night in a village.
26. I shall go to the bioscope.

27. I will go to the bioscope.
28. I would have come with you, if you had only asked me.
29. If I were you I would never do that again.
30. Would you have trusted him again?

II. *Kies* toe *of* dan:—

1. Ek staan op; ..... maak ek die deur oop.
2. Ek het opgestaan; ..... het ek die deur gaan oopmaak.
3. Dit was aangename dae ..... ons nog op die skoolbanke gesit het.
4. Die drenkeling het tweekeer bo die water verskyn; ..... het hy weer verdwyn.
5. Die tuinier spit die akker om; ..... hark hy dit gelyk en ..... plant hy die angeliere.
6. ..... ons om die berg kom, hoor ons die waterval dreun.
7. Die motor se remme het geweier, ... ry hy maar deur die toe hek.
8. Na ete skakel Pa die radio aan; ..... luister hy na die musiek.
9. 'n Mens moet 'n turksvy eers afskil; .....kan jy dit eet.
10. Gewoonlik trek ek eers aan; ..... kam ek my hare.
11. Die weer het 'n paar keer gedreun; .....het dit begin drup.
12. ..... my ouma oorlede is, was ek nog 'n opgeskote knapie.
13. Die inbreker het aan die brandkas geraak; ..... lui daar 'n klokkie in die bestuurder se huis.
14. 'n Mens laat die tee net so 'n rukkie trek; ..... skink jy dit in.
15. Elke Saterdag gaan ek biblioteek toe; ..... lees ek die tydskrifte.
16. As hulle nie sulke bangbroeke was nie, kon hulle die dief ..... op heter daad betrap het.
17. Die dame het die telegram gelees en ..... het sy in trane uitgebars.
18. Om tienuur saans skakel hy die lig af en ..... probeer hy slaap.
19. Die tjek was gekruis; ..... kon hy dit nie sommer oor die toonbank wissel nie.
20. Die wiel het 'n lek gekry; ..... moes ons die binneband uithaal.
21. Trek jou skoene aan; ..... kan die dorings jou mos nie steek nie.
22. Hy het sy skoene aangetrek; ..... kon die dorings hom nie steek nie.
23. Hy het nog 'n patroon in die geweer gesteek; ..... skiet hy die gekweste leeu dat hy morsdood neerval.

24. In alleryl gooi die ruiter die toom oor sy perd se nek; ..... toe spring hy in die saal en ja op 'n stywe galop weg.
25. Die son het agter die wolke verdwyn; ..... het dit gou koeler geword.

III. (*a*) Sê wat jy dink.
Verbod: **Moenie** sê wat jy dink **nie.**
(*b*) Sê tog wat jy dink.
Verbod: Moet tog **nie** sê wat jy dink **nie.**
(*c*) Praat so hard soos jy kan.
Verbod: **Moenie** so hard praat as jy kan **nie.**
of **Moenie** so hard as jy kan, praat **nie.**

Maak ontkennend:—

1. Kyk of hulle al klaar met eet is.
2. Kam jou hare voor jy uitgaan.
3. Haal tog die verband van die wond af.
4. Gee asseblief vir my die roer aan wat Teunis gelaai het.
5. Skop dan die hond wat jou kos wil opeet.
6. Staan asof jy 'n laaistok ingesluk het.
7. Druk so hard as jy kan in die skrum.
8. Vertel vir ons waar Dawid die wortels gegrawe het.
9. Besin eer jy begin.
10. Beskryf tog vir my hoe die ongeluk plaasgevind het.
11. Vra vir Koos waar hy sy mes bêre.
12. Gaan vertel vir jou ma dat ek jou 'n pak gegee het.
13. Glo (maar gerus) dat ek altyd ewe geduldig sal bly.
14. Glo vir my as ek vir jou iets vertel.
15. Sê vir hom dat hy twintig foute het.
16. Bly hier staan tot ek terugkom.
17. Teken die kaart oor, wat op die bord staan.
18. Beantwoord nou dadelik die vraag wat ek jou gestel het.
19. Gaan kyk gou-gou of ek die lig doodgemaak het.
20. Vertel my hoeveel uur jy gisteraand gewerk het.
21. Smeer botter en konfyt op jou brood voordat jy begin eet.
22. Loop so hard as jy kan na die poskantoor toe.
23. Vang die os aan die horings voordat jy kom probeer inspan.
24. Kyk goed uit jou oë as jy in daardie kloof beweeg.
25. Prakseer eers watter ekskuus jy gaan maak.

IV.

'n Vriend het saam met jou gegaan om die vakansie by jou deur te bring. Jy het so pas aan sy ouers 'n telegram gestuur dat hy (sy) in 'n ongeluk betrokke was en dat 'n brief sou volg. Skryf nou daardie brief; sorg dat jy vir hulle gerusstel en vertel volledig wat gebeur het.

V. *Gee telkens die regte vorm van die woord tussen hakies:* —

1. Met wie is jou neef (trou)?
2. Hoekom het jy haar nie met haar verjaarsdag (gelukwens) nie?
3. Nou het jy haar (teleurstel).
4. So (sê); so (doen).
5. Na die (afmat) reis het ons 'n rukkie gaan rus.
6. Die (afmat) maaiers het 'n rukkie onder die bome gaan asemskep.
7. Die vrou het haar man (liefhê).
8. Jy (hoef) nie so vroeg (gaan slaap) nie.
9. Sonder (blik of bloos) vertel sy my 'n leuen.
10. Niemand het my (waarsku) dat dit in die ou huis spook nie.
11. Wie het julle planne (dwarsboom)?
12. Die (was) voorsitter, was 'n bejaarde man.
13. Verlede Saterdagaand het ons (gaan dans).
14. Soos die blits het die ontsnapte bandiet by my (verbyhol).
15. Daelank het die geneesheer aan sy herstel (wanhoop).
16. Die geagte professor (word) onlangs oorlede.
17. (Doen) sake het geen keer nie.
18. (Giet) yster breek baie maklik.
19. Dit spyt my dat ek jou brief nie eerder (antwoord) het nie.
20. Op ons plaas staan 'n fort wat tydens die oorlog (oprig).
21. As jy nie wil spaar nie, sal jy ook nooit geld (het) nie.
22. Nou die dag het ek nog 'n splinternuwe potlood (het).
23. Die (opwen) kandidate kon nie duidelik skryf nie.
24. Hy het sy eksamen met lof (aflê).
25. Die juwelier het my horlosie vir 'n hele jaar (waarborg).

32

I.

A. *Gee die sprekers se eie woorde (direkte rede):*—

1. Hy het gesê dat hulle die volgende dag sou terugkom.
2. Ek het vir haar gevra of sy die tee ingeskink het.
3. Mammie het vir Ina gevra of sy die tafel sou dek.
4. Opgewonde skree die seuns dat hulle gewen het.
5. Met 'n kreet van pyn roep sy uit dat die hond haar gebyt het.
6. Die neulerige kind het sy pappie gesoebat om vir hom 'n sikspens te gee.
7. Die plaasjapie het vervolg dat hy nie eers in 'n stad begrawe wou wees nie.
8. Bemoedigend sê die dokter vir my dat ek nie bang hoef te wees nie.

9. Die bevel was kort en bondig dat hulle moes stormja.
10. Sy laaste woorde aan my was dat hy die volgende dag 'n telegram sou stuur.
11. Die vroutjie het my meegedeel dat hulle nie oor 'n naam vir die baba kon besluit nie.
12. Ek het die klerk vir die bestuurder hoor vra of hy vir hom 'n paar dae verlof sou toestaan.
13. Moeder het ons verbied om met klippers te gooi.
14. Hilda het vir Louis gesê dat hy verspot was en dat hy nie vir haar so moes terg nie.
15. Jan het die onderwyser gevra of hy sy boek mog leen.

B. *Sit om in die direkte rede*:—

Toe oom Gawerjal binnestap, vra hy vir sy vrou, tnat Treinie, waar die tweeling is, waarop sy geantwoord het dat hulle in die kamer is, besig om rokke aan te pas.

Opgewonde het die oubaas uitgeroep of hulle dit alwéér doen en bygevoeg dat die vorige rekening nog nie eers betaal is nie. Sonder om haar man aan te kyk, het sy vir hom daarop gewys dat die kinders tog klere moet aantrek, maar toe val hy haar weer in die rede met die bewering dat hulle die klere mos nie dra nie.

Natuurlik wou tant Treinie weet wat hulle anders daarmee doen. Hierop het hy dadelik geantwoord dat hulle net heeldag aanpas; en dat hulle alweer aanpas, nog voordat hy kans gehad het om te keer dat die tweede rekening die eerste inhaal.

C. *Sit om in die direkte rede*: -

'n Advokaat het sy lang kruisverhoor skielik onderbreek om vir die regter daarop te wys dat al die jurielede aan die slaap geraak het, waarop die regter geantwoord het dat die advokaat hulle aan die slaap gesus het; ook het hy vir die advokaat gevra of hy hulle nie liewers self sal wakkermaak nie.

II. Omdat sy skrif onleesbaar was, het Nico in die eksamen gedruip.

Begin telkens met **omdat**:—

1. Die brood wou nie rys nie, omdat die bakker die suurdeeg vergeet het.
2. Die kampeerders kon nie die vuur aansteek nie, omdat hulle vuurhoutjies nat geword het.
3. Ons het hom dae aaneen geterg, omdat hy vir 'n pampoenspook geskrik het.

4. Mitzi is baie populêr onder haar maats, omdat sy altyd opgeruimd is.
5. Die verkeer is baie druk, omdat die skole vandag gesluit het.
6. Die loseerders het selde eiers gesien, omdat dit so duur was.
7. Ek kon nie ophou lees nie, omdat die boek so spannend was.
8. Bennie weet nie hoe om te melk nie, omdat hy 'n stedeling is.
9. Tinus ken nie die verkeersreëls nie, omdat hy 'n plaasjapie is.
10. Sy suster sal nog 'n vername swemster word, omdat sy so gereeld oefen.
11. Mammie eet nie graag stysel-kos nie, omdat dit haar nog vetter maak.
12. Almal het vir hom gelag, omdat hy „gedurende" so snaaks uitgespreek het.
13. Sy bynaam is Ghandi, omdat sy voortande uit is.
14. A. G. Visser se naam is alombekend omdat hy 'n volksdigter was.
15. Die motor het byna die afgrond afgetuimel, omdat dit so glyerig was.
16. Snags droom hy net van fietse, omdat hy dolgraag een wil besit.
17. Gister het hy nie tyd gehad om sy huiswerk te doen nie, omdat sy pa hom ingespan het.
18. Sewe jaar lank sal hy ongelukkig wees, omdat hy 'n spieël gebreek het.
19. Heeldag was die skoliere opgewonde, omdat die skool vroeër as gewoonlik sou sluit.
20. Vandag sal die blomtuin pragtig wees, omdat dit so goed bemés is.
21. Op verskillende gebiede is hy baie bedrywig, omdat hy nog eendag in die parlement wil kom.
22. Na die oorlog was daar groot lyding in Europa, omdat die winters so straf en voedsel so skaars was.
23. In die digbevolkte stede het die siekte vinnig versprei, omdat so baie ondervoed was.
24. Die Volkerebond het nie aan sy doel beantwoord nie, omdat daar gedurig struweling onder die nasies was.
25. Die maan lyk groter as die sterre, omdat dit so naby die aarde is.

III. *Gee telkens die juiste vorm van die byvoeglike naamwoord*:—

1. Die (oud) man het 'n (lank) jas aan.
2. In die (vroeg) môre het ons opgestaan.
3. My fiets is gladnie (duur) as hare nie.
4. Dis ongetwyfeld die (snaaks) grap wat ek nog ooit gehoor het.
5. (Doof) mense kan mos nie hoor nie.
6. Toe het ek maar die (dood) kanarie gaan begrawe.

7. Nou die dag het hy vir ons 'n (goed) grap vertel.
8. Hoe (hoog) ons teen die berg uitgeklim het, hoe (koud) het dit geword.
9. Met die laaste skoot was ek (tevrede) as met die (eers).
10. Om op jou hande te staan, is natuurlik (moeilik) as om op jou voete te staan.
11. Om water in die hande te kry, was vir ons (belangrik) as om te slaap.
12. Daarna het ons (droog) klere gaan aantrek.
13. Na mate dit (donker) geword het, het ons (vaak) geword.
14. 'n (Skoon) geleentheid kon ons nie gehad het nie, maar ons het gehoop dat die springbokke nog (naby) sou kom.
15. Op daardie oomblik was ek die (ongelukkig) kêrel in die ganse wêreld.
16. Dis twee (moeg) en (uitgeput) jagters wat daardie aand tuisgekom het.
17. Ons moes 'n (lank) ruk wag voordat die trein vertrek het.
18. In die (dof) skynsel van die flitslig kon ons skaars ons weg deur die slote vind.
19. Omdat die rivier daar (breed) as (bo) was, het ons (laag) langs die rivier afgestap.
20. Net 'n (wreed) moordenaar kon dit gedoen het.
21. 'n (Berug) dief is onlangs in die tronk gestop.
22. (Gaaf) bure kan 'n mens jou nouliks voorstel.
23. Nee dis die (verkeerd) woord; weet jy nie wat die (reg) woord is nie?
24. In die (Bloemfontein) dieretuin is 'n paar tierleeus.
25. Is hy (oud) as sy suster; ek was nog altyd onder die indruk dat hy die (oud) van die twee is?
26. Gomlastiekgoedere was toe die (skaars).
27. Op die (Durban) strand is daar nie besonder mooi skulpies nie.
28. Ek het my pa nog nooit (verleë) as daardie dag gesien nie.
29. Ek twyfel of hy (betroubaar) as sy broer is.
30. Moenie bang wees nie; dis 'n (doodgoed) (oud) dame.

IV. Gee die hoofgedagte van die volgende passasie in logiese volgorde en in so min woorde as moontlik weer:—

WEERVOORSPELLINGS.

„Die weervoorspellings is maar altyd verkeerd", is die gedagte wat die meeste mense het oor die daaglikse voorspellings wat in die nuusblaaie verskyn. Die weerkundiges beweer egter anders. Volgens hulle is hulle naastenby sewe uit elke tien keer reg, en dis slegs by uitsondering dat hulle 'n bok skiet.

'n Vergelyking van die weervoorspellings met die werklike weersomstandighede in die afgelope sewe weke, wat deur die Weerkunde-kantoor uitgereik is, staaf dan ook die bewering.

Die weerkundiges is nie skaam om te erken as hulle verkeerd voorspel het nie. Hulle is egter daarop gesteld dat die publiek moet besef dat hulle soms ook presies reg voorspel. Die voorspellings is nie te maklik nie, aangesien die weer vir die hele skiereiland vooruit geskat moet word. Daar is net een Weerkunde-kantoor vir die hele gebied. Dit is dus onmoontlik om altyd die juiste voorspellings vir die hele Skiereiland te gee.

„Dit reën dikwels teen die hange van Tafelberg as die res van die Skiereiland mooi weer het", het 'n beampte by die Weerkunde-kantoor aan ons verteenwoordiger gesê. „As ons die weer op elke plekkie in Kaapstad en die voorstede moet voorspel, sal die voorspellings elke dag bladsye beslaan".

Dit gebeur dus dikwels dat die weerkundiges mooiweer voorspel en dat dit dan in sekere voorstede reën. Die mense wat as gevolg van die voorspellings natreën, sê dan alte graag, met 'n tevrede glimlag: „A, die weervoorspelling is weer soos altyd verkeerd." Hulle vergeet egter dat die weervoorspelling gister en eergister en die dag vantevore reg was.

Een van die beamptes van die Weerkunde-kantoor verklaar dat die mense tog te geneig is om net die dae te onthou waarop daar verkeerd voorspel is en dan die ander te vergeet.

(*Die Burger.*)

V.

A. **Sloot, slot, sleutel,** is s.nwe. wat afgelei is van die ww. **sluit.** *Vul in onderstaande sinne s.nwe. in wat afgelei is van die ww. tussen hakies:—*

1. As jy my gevra het om jou te help, sou ek jou alte graag (help) verleen het.
2. Sy halfbroer het jarelank 'n (wreek) teen hom gekoester en toe hy eindelik die geleentheid kry, het hy 'n bloedige (wreek) geneem.
3. Ons het 'n lang (spreek) gevoer oor die saak.
4. Die kinder-(spreek) van Sneeuwitjie is algemeen bekend.
5. Die drenkeling het om (help) geroep, maar geeneen van die omstanders kon swem nie.
6. Jan kan maar geen (begryp) kry van algebra nie.
7. Daar was 'n nare (ruik) in die kamer.
8. Jy moenie jou vader se (gebied) verontagsaam nie.
9. Ons is met sterk (bind) van vriendskap aan mekaar verbind.
10. Die (gebied) van daardie paartjie is al driemaal in die kerk afgelees.
11. Toe hy die (skiet) skiet, val die bok ook.

12. Na die aanval van beroerte was sy (spreek) heeltemal belemmer.
13. Die firma het my bestelling by stukkies en (breek) uitgevoer.
14. Dit was 'n (spring) in die duister, maar gelukkig het alles goed afgeloop.
15. Ek het geen (kies) nie; ek moet maar toestem.

B. Wat is gewoonlik alles op 'n ontbyttafel?

33

I. (*a*) Het jy hom nie gevra **om** jou **te** help nie?
(*b*) Die armes is darem nie **te** beny nie.
(*c*) Waarom wou jy nie probeer sing nie?

Vul in **om te, te** *of niks*:—

1. My pa het die bedelaar beveel ..... trap.
2. Moenie so sukkel .. huil nie; jy het nie seergekry nie.
3. Ek het baie daarvan gehou . . . . die motor . ..... bestuur.
4. Jannie het gesoebat ..... saam . gaan.
5. Het jy jou ouers getelegrafeer jou op die stasie . ..... ontmoet?
6. ..... jok, is darem maar nie mooi nie.
7. ..... skinder, is 'n slegte gewoonte.
8. ..... snork, is nie my gewoonte nie.
9. Hier is 'n besonder boeiende boek ..... lees.
10. Is jy gereed ..... loop?
11. Jy hoef gladnie ..... jok nie.
12. 'n Mens behoort nooit met jou bure twis nie.
13. Deur ..... koes, het die bokser 'n opstopper vrygespring.
14. In plaas van ..... swyg, het hy die aap uit die mou gelaat.
15. Dis aan jou ..... wyte dat ek moes riemspring.
16. Ons sal môre begin ..... die lande om . ploeg.
17. Ons huis word eersdaags ..... koop aangebied.
18. Die huis langs ons s'n is nou ..... huur.
19. Ek was honger en jy het my niks ..... ete gegee nie; ek was dors en jy het my niks ..... drinke gegee nie.
20. Dis ..... verstaan waarom hy vir jou kwaad is.
21. Wat hy voorspel het, blyk reg . ... wees.
22. Toemaar, jy hoef nie . . . vrees nie; jy sal speel-speel slaag.
23. Ek het 'n hele paar keer probeer bel, maar elke keer was die telefoon beset.
24. Na 'n rukkie het sy van die verhaal begin .. . hou.
25. As ek jou eers begin ..... terg, sal jy nooit weer vir my probeer ..... terg nie.

II. (*a*) Ek sal saamgaan, as jy so 'n rukkie wil wag (*Voorwaarde*: *Eng.* „**if**").
(*b*) Nettie sing graag as/**wanneer** sy in die bad is (*Gewoonte*; *Eng.* „**when**"/„**whenever**").
(*c*) Ek weet regtig nie **wanneer** dit sal reent nie. (*Tyd en onsekerheid*; *Eng.* „**when**").
(*d*) **Wanneer** het hy klaargekry? (*Tydsvraag*; *Eng.* „**when**").

Kies as *of* **wanneer**:

1. ..... ek eendag ryk is, sal ek lang reise onderneem.
2. ..... kom jy ons weer besoek?
3. Kom sê vir my ..... julle dalk besluit om 'n entjie te gaan ry.
4. Die kadette moet vanmiddag op die paradeterrein bymekaar kom, ... dit nie voor drie-uur reent nie.
5. Hulle sou vanmiddag op die paradeterrein bymekaar gekom het, ... dit nie voor drie-uur gereent het nie.
6. Ons sou jou op die stasie gaan ontmoet het, ... jy maar net vroegtydig 'n telegram gestuur het.
7. ..... 'n mens in die stad is, verlang jy na die plaaslewe.
8. ..... die bom net 'n paar tree na die regterkant toe geval het, was ek en my maat ook die ewigheid in.
9. ..... daar 'n lig in die gang brand, is hulle tuis.
10. Ek wonder ..... die Smits weer vir ons kom kuier.
11. Die geneesheer het die verpleegster beveel om hom te bel ..... die koors styg.
12. Die beskuldigde sou sekerlik vrygespring het, ... hy net nie so parmantig was nie.
13. Weet jy ..... J. H. Pierneef gebore is?
14. ..... my pa dit kan bekostig, gaan ons aanstaande jaar 'n nuwe motor aanskaf.
15. Hy jok ..... hy sê dat hy nog nooit 'n leuen vertel het nie.
16. Ek kan nie onthou ..... dit laas gereent het nie.
17. Kan jy raai ..... Wêreldoorlog III verklaar gaan word?
18. ..... Jannie nie so dikwels stokkies gedraai het nie, kon hy speel-speel geslaag het.
19. 'n Mens raak so maklik aan die slaap ..... jy 'n vervelige boek lees.
20. ..... dit nie binnekort reent nie, sal die boere groot skade ly.
21. ..... dit toe gereent het, sou die boere groot skade gely het.
22. Dis onseker ..... die spelers sal aankom.
23. Ek kon jou die geld geleen het, ... jy my net gesê het dat jy platsak was.

24. Die onderwyser lyk vies ..... iemand die klaskamer laat binnegestap kom.
25. ..... het julle van sy siekte gehoor?

III. (*a*) *Twee bewerings*: Hy het die bal **geskop** en ek het dit **gevang.**
(*b*) *Ontkenning van eerste bewering*: Hy het **nie die bal geskop nie** en ek het dit gevang.
(*c*) *Ontkenning van tweede bewering*: Hy het die bal geskop en **ek het dit nie gevang nie.**
(*d*) *Ontkenning van albei bewerings*: Hy het **nie die bal geskop nie** en **ek het dit nie gevang nie.**

LET OP:—**Want**-sinne word soos volsinne behandel.

Ontken eers die eerste bewering, dan die tweede bewering, dan altwee:—

1. Die son het gister geskyn en ons het gaan swem.
2. Die jong het 'n besem gaan haal en die meid het voor die deur gevee.
3. Hy het sy opstel geskrywe want hy wou vroeg gaan slaap.
4. Ons het baie mielies gewen want ons het vroeg gesaai.
5. Hy het 'n lang brief huis toe geskrywe en ons het die hele tyd vir hom gewag.
6. Die atoombom is 'n wrede wapen en alle nasies begeer om dit te besit.
7. Jy kan op my reken want ek sal dit gou vergeet.
8. My vriend het sy kaartjie gekoop en toe nog net die trein gemis.
9. Ons het vroeg opgestaan want ons het die oggend mense verwag.
10. Ek sal vir jou 'n brief skrywe, want my voet is seer.

IV.

1. Gee 'n opskrif aan die hand vir hierdie illustrasie.
2. Beskryf die landskap waardeur hierdie vakansiegangers op die eerste prentjie reis.
3. Lyk hulle baie geïnteresseerd in hulle omgewing?
4. Kyk hoe skrik hulle wakker. Wat het daar gebeur?
5. Waarin het hulle die ou maanhaar gesteur?
6. Wat lê agter sy stert op die grond?
7. Wat stryk daar links van hom neer?
8. Wat galop daar weg van die toneel op die agtergrond?

SMITHSONIAN

9. Wat doen die seuntjie op die agterste bank wat hy nie mag nie?
10. Wat ontbreek aan die motor?

V.

A. *Soek al die bnwe. in stel* 32 *vraag* IV.

LET OP:—'n bnw. sê hoe iemand of iets is.

B. *Lei 'n bnw. van elkeen van die volgende woorde af en gebruik dit in 'n sin:-*

moed, gebruik, skyn, blyk, genoeë, reën, wind, belang, held, spraak, praat, moeg.

C. Wat sien jy alles in die klaskamer?

34

I. (*a*) Vandag **is** niemand afwesig nie.
(*b*) Onlangs **is** my ouma oorlede.
(*c*) Toe ek gebore **is, was** my ouma al oorlede.
(*d*) Onlangs **was** my ouma ernstig siek.

Vul in: **is** *of* **was**:—

1. My oupa .... in 1890 gebore.
2. My sussie .... gister net siekerig.
3. My sussie .... gister opereer vir blindedermontsteking.
4. Ek .... nog nooit in 'n operasiekamer nie.
5. „Die Enkeling" .... deur 'n kleurling geskryf: S. V. Petersen.
6. Sangiro .... die skuilnaam van A. A. Pienaar.
7. Die twee karnallies in die dominee se boord betrap.
8. Die beskuldigde ter dood veroordeel.
9. In Nieu-York 'n wolkekrabber deur 'n weerligstraal getref.
10. Nadat die brug gebou ...., ... die pad verlê en toe moes 'n nuwe gebou word.
11. Ongelukkig .... ons gisteraand nie tuis toe Jan-hulle vir ons kom kuier het nie.
12. Nou-die-dag .... haar moeder skielik oorlede.
13. Lank gelede .... daar 'n spook op hulle plaas gesien.
14. Ek hoop dat jy nog perdfris en springlewendig ....
15. Toe die dokter daar aankom, ... my arm alreeds gespalk.
16. Ek .... nog nie seker daarvan dat hy onskuldig .... nie.
17. Dit het gebeur toe ek nog sommer 'n opgeskote knapie ....
18. In ons stad ongeveer vyftig persone aan pokkies oorlede.

19. Die Vrouemonument .. .. alreeds voltooi toe my pappie gebore . . ..
20. 'n Praatjie deur ons skoolhoof ... . nou die aand oor die radio uitgesaai.
21. In hoeveel tale ..... „Somer" vertaal?
22. Die motor .... dertig tree ver deur die trein gesleep.
23. Toe die pokkies-epedemie uitgebreek het, ... ek al geënt.
24. Toe ons op die plaas ...., het ek leer perdry.
25. .... „Burgers van die Berge" deur E. N. Marais of deur Sangiro geskryf?

II.

Sy lag omdat **iemand vir haar kielie.**
Maak soveel sinne moontlik met **Sy lag omdat** .....

III.

Vul die regte voorsetsels in:--

1. Gister het ek 'n brief .... my ouers geskrywe.
   Gister het ek 'n brief . .. . huis geskrywe.
2. Ek het die brief . ... my vader geadresseer.
   Ek het die brief . ... Vlakplaas geadresseer.
3. Die onderwyser is baie kwaad ..... jou.
   Hy is kwaad .. .. jy nie jou werk gedoen het nie.
4. Meneer, dink ..... u belofte.
   Wat dink jy ..... daardie spektakel?
5. Die mense sal ..... haar lag met daardie verspotte rok aan.
   Ons het ons slap gelag .. .. die grap.
6. Sy is maar altyd so skaam .... vreemde mense.
   Sy is nou skaam ..... wat sy gisteraand gesê het.
7. Jy moet jou ma liewers .. .. vergifnis vra.
   Die vreemde oom het . .. . ons welstand gevra.
8. Gaan roep gou ..... Piet.
   Toe hy begin sink, het hy angstig .... hulp geroep.
9. Hy het . .. . my geskop maar my nie geraak nie.
   As jy nie ophou nie sal ek ..... jou skop.
10. Die by sal jou steek as jy ..... hom slaan.
    Omdat hy nie wou hoor nie, het ek ..... hom geslaan.

IV. *Verdeel in versreëls, gebruik hoofletters waar nodig en vul die leestekens in:--*

was jy 'n rosebloesem en ek die roos se geur hoe heerlik deur die lewe steeds rondom jou te swewe beswymend aan jou boesem betower deur jou kleur was jy 'n rosebloesem en ek die roos se geur.

(Uit: *Gedigte* deur A. G. Visser).

V. *Gee die regte vorme van die verlede deelwoorde tussen hakies:*

1. Met 'n (verbaas) uitdrukking het hy die tjek ontvang.
2. Hy het etlike (misluk) pogings aangewend om die gewig op te tel.
3. Wie is jou broer se (verloof)?
4. In die agterbuurt word 'n mens getref deur talle (verwaarloos) tuintjies.
5. Nou lyk die (verf) huis weer ordentlik.
6. Hulle sê ons leef in 'n (verlig) eeu.
7. Ons het die paddas met (buig) spelde probeer vang.
8. Ongelukkig het hy nie die (vereis) aantal punte in die eksamen behaal nie.
9. Na die uitslag van die eksamen het die (teleurstel) kandidate druipstert verdwyn.
10. Die (uitput) reisiger het gou aan die slaap geraak.
11. Uiteindelik is daardie (slyp) dief tog agter slot en grendel.
12. (Doen) sake het geen keer nie.
13. (Giet) yster breek baie makliker as staal.
14. Toe die poskantoor afgebrand is, was sy sommer nog 'n (opskiet) bakvissie.
15. Hoor hoe swets die (suip) skepsel weer vanaand.
16. Ons (is) klasonderwyser was baie gewild onder sy leerlinge.
17. Op 'n (gee) oomblik is 'n sarsie kleingeweer afgevuur.
18. Dr. Opperman is 'n (belees) persoon.
19. Die (ontslaap) administrateur was al bejaard toe hy aangestel is.
20. (Steel) vrugte smaak gewoonlik vorentoe.
21. Wie is die (verdink) persoon?
22. Jare lank was die twee broers (sweer) vyande.
23. Dikwels dink die (jaar) ou vader terug aan sy (vervlieg) jeug.
24. Met (span) aandag het ons die stoeiers dopgehou.
25. Dis skadelik om brood van (sif) meel te bak.

35

I. *Sit om in die verlede tydsvorm:*

1. Ek wil maar net weet of ek mag saamgaan.
2. Die arm vrou was en stryk self haar klere.
3. Marie ondergaan 'n blindederm-operasie.
4. Die stoepsitter sit en droom in sy gemaklike stoel.
5. Het jy jou hondjie lief?

6. Hoe verder hy hardloop, hoe moeër word hy.
7. Ons dorp se geskiedenis word deur prof. Nel in 'n boek beskryf.
8. Die jongmense gaan 'n entjie wandel.
9. Julle hoef nie voor sewe-uur te kom nie.
10. Die windlawaai loop en fluit in die huis.
11. Die radiopraatjie oor „Goggas" word deur dr. Venter voorgelees.
12. Oupa-hulle bring die wintervakansie aan die strand deur.
13. Die vakansiegangers moet om vyfuur opstaan om die trein te haal.
14. Die beskuldigde word ter dood veroordeel.
15. Oupa word vinnig grys vandat hy op die dorp bly.
16. Sien jy die motor oor die bult verdwyn?
17. Die polisie ondersoek die inbraak, maar hulle kan geen aanduidings vind nie.
18. Ons moet die papiere in die snippermandjie gooi en dit dan gaan verbrand.
19. Wanneer ek vaak is, gaap ek aanhoudend.
20. Niemand hoor die remme knars nie.
21. Ons sukkel en sukkel dog ons kan nie die patroon uit die geweer uitkry nie.
22. Ek herken hom aan sy rooi hare.
23. Die bedelaar vra die dame om vir hom 'n naald en garing te leen.
24. Die vrede word eers gesluit en dan volg hongersnood.
25. Die sieke roep net die verpleegstertjie wanneer hy iets nodig het.

II. Piet is gestraf, omdat hy sy sussie **gepla het.**

LET OP: - **Omdat** moet onmiddellik deur die onderwerp gevolg word.

A. *Verbind onderstaande sinne met* **omdat.** *Begin telkens met die eerste sin:*

1. My broer en ek moes maar met allerlei werkies help. Werkvolk was destyds baie skaars.
2. Ou Wagter is dood. 'n Slang het hom gepik.
3. Eiers is 'n beskermende voedsel. Dit bevat waardevolle proteïnes wat spiere en weefsels opbou.
4. 'n Goeie voorraad mineralestowwe soos kalk, yster en fosfor is nodig. Dit bou bene, tande, spiere en die bloed op.
5. Gebruik die nuwe soort liddoringsalf. Dit laat eelte en liddorings wortel en tak opdroog.
6. Gebruik T. C. P. Dit is veel meer as net 'n ontsmettingsmiddel.

7. Sarel kan amper nie loop nie. Hy is so vet.
8. Die Venters het hulle motor verkoop. Hulle wil 'n huis laat bou.
9. Die bye het my boetie lelik toegetakel. Hy het die blare van geelwortels by die nes gaan stukkend vrywe.
10. Petrus se pa het hom gelooi. Sonder toestemming het hy met die motor gaan ry.
11. Servaas is vandag afwesig. Gisteraand het hy groen appelkose gaan steel.
12. Ons tennisafrigter is 'n puik speler. Gereeld oefen hy.
13. Jy sal môre vaak wees. Vanaand bly jy te laat wakker.
14. Die motor het omgeslaan. Veels te vinnig het die bestuurder om die hoek gejaag.
15. Die osse het rusteloos geword. Hulle het 'n leeu geruik.
16. Die elektriese ketel het my 'n skok laat kry. Daar was 'n kortsluiting.
17. Pa was woedend. Die bediende was parmantig teenoor Ma.
18. 'n Mens kan nie aan die anderkant van die rivier kom nie. Nou-die-dag is die brug weggespoel.
19. Dr. Smit is my swaer. Hy het met my suster getrou.
20. Piet was vies vir my. Gisteraand wou ek nie saam met hom kattekwaad aanvang nie.
21. Beppie het geslaag. Die hele jaar het sy fluks gewerk.
22. Ek kan nie bioskoop toe gaan nie. Dis my beurt om die huis op te pas.
23. Die klasmaats het vir Annie geterg. Sy het vergeet om haar hare te kam.
24. Ons sal maar gaan slaap. Dis nou al baie laat.
25. Ons sal maar gaan slaap. Dis tyd om te gaan inkruip.

B. Piet is gestraf, **want hy het sy sussie gepla.**
Herhaal bostaande oefening deur die sinne met **want** *te verbind.*
(Woordorde van 'n hoofsin.)

III.

2. (*a*) *Spreek eers uit in lettergrepe en verdeel dan skriftelik volgens die spelling*:—

manne, parallelle, onmiddellike, katjie, badjie, baadjie, baaitjie, paddatjie, bietjie, kouerige, verlange, Johannes, growwe, lawwe, akkommodasie, applaudiseer, appelleer, telegram, telefone, eksamen, ekskursie, definitief, propaganda, netjies, koningin.

(*b*) *Kap die voor- en agtervoegsels af*:—
oorwinnaar, begeerte, herkoms, tevrede, verklaar, openbaar, ervare, onteer, verag, aartsdomheid, grysaard.

boosaardig, gemeenskap, sywaartse, vreesagtigheid, plaery, maatjie, tweeling, onbetroubaarheid, onstandvastigheid, kwaadaardigheid.

(c) *Verdeel skriftelik in lettergrepe:*
beginner, hervormer, verklaring, leeuwin, randjie, pootjie, maatjie, bietjie, houterigheid, oorsese, tweede, tweërlei, wewenaar, senuweeagtigheid, stormjaar, alleenlik, nieteenstaande, teëkanting, oënskynlik, gereelde, tentoonstelling, opmerkinge.

IV.

Beantwoord die volgende advertensie wat in die jongste uitgawe van 'n Afrikaanse tydskrif verskyn het:-

BETREKKING VAKANT:

'n Klerk vir algemene kantoorwerk, veral boekhou, in 'n algemenehandelaarskantoor. Meld salaris verlang, ouderdom, kwalifikasies en ondervinding. Sluit ook gewaarmerkte afskrifte van getuigskrifte in. Applikant moet tweetalig wees en aansoeke moet die ondergetekende nie later as 1 Mei bereik nie.

J. Nel,
Posbus 234,
Nelspruit.

V.

A. *Vul 'n werkwoord in:—*

1. As hy smôrens opstaan, ... hy eers sy hemp aan en dan sy broek. Sy skoene ..... hy laaste aan.
2. Saans ..... hy eers sy skoene uit en dan sy broek en hemp.
3. Kees het later weer wraak ..... op die ander bobbejaanmannetjie.
4. Ek vrees ek het vanmôre 'n verkoue .....
5. Jy moet jou das ..... voor jy uitgaan.
6. As 'n vriend in nood verkeer, moet jy nooit weier om hom hulp te ..... nie.
7. Môre-oggend moet ons die bus om agtuur .....
8. Die groot droogte het die boere baie skade .....
9. Het die kinders tog nie alweer kattekwaad ..... nie?
10. Nadat die vyand jarelank weerstand ....., is hy uiteindelik gedwing om wapens ..... te .....
11. Ek sal reëlings ..... om 'n vergadering vir môre-aand te .....
12. Hiermee wil ek die ontvangs van jou brief van 10 deser .....
13. Die gekweste leeu het in die bos in .....

14. Fanie was smoorkwaad toe die ander seuns hom so 'n streep ..... het.
15. Toe die motor 'n entjie by my verby was, hoor ek skielik die remme .....
16. Na die dogtertjie 'n ruk rondgerol het, het sy darem aan die slaap .....
17. Hoe laat het sy toe vanmôre wakker .....?
18. Ek sal my sekerlik verslaap as jy my nie betyds kom ..... nie.
19. Wie sou daardie misdaad ..... het?
20. Skielik ..... daar 'n slang oor die pad.
21. Het 'n by jou .....?
22. Moenie vergeet om 'n posseël op die brief te ..... nie.
23. Waarom het Hans Vlok 'n wrok teen Stefán .....?
24. Toe ons gaan swem het, het Pietie in die moeilikheid ..
25. Sondag was die warmste dag wat ek nog ooit ..... het.

B. Vertel 'n droom wat jy onlangs gehad het.

36

I.

A. (*a*) Leon **het** 'n grap **vertel.**
(*b*) 'n Grap **is** deur Leon **vertel.**

Sit om in die lydende vorm.

1. Iemand het ons afgeloer.
2. Verlede nag het die muishond 'n paar hoenders gevang.
3. Nou-die-aand het die huisvader 'n paar seuns in die spens van die koshuis betrap.
4. Opgewonde het die gehoor die sangeres toegejuig.
5. Slag vir slag het die doelwagter die bal misgevang.
6. Ek het die blomme self in die vaas gerangskik.
7. Die kankerlyer het talle deskundiges geraadpleeg.
8. Eergister het mnf. Smit-hulle ons na hulle goue-bruilof uitgenooi.
9. Verlede jaar het ons koring doodgeryp.
10. 'n Boef het my ma in die straat beledig.
11. Ons prinsipaal het die kampioene gelukgewens.
12. Die klerk het my gekul.
13. Die vabonde het alweer die bedelaar uitgekoggel.
14. Die matrikulante het die nuwelinge ontgroen.
15. Sannie se ouers het haar nooit begryp nie.

B. (*a*) Voordat die drenkeling bygekom het, **het** die lewensredders kunsmatige asemhaling **toegepas.**
(*b*) Voordat die drenkeling bygekom het, **was** kunsmatige asemhaling **deur** die lewensredders **toegepas.**

Sit om in die lydende vorm:—

1. Toe ek vertrek het, het die dames alreeds eenhonderd pond ingesamel vir die basaar.
2. Toe ons van plan verander het, het ons reeds reëlings getref vir die piekniek.
3. Nadat die jagter die bok geskiet het, het hy hom huis toe gedra en afgeslag.
4. Voordat mej. Nel ons geroep het, het ons klaar die werkies verrig.
5. Toe die son ondergegaan het, het die volk reeds die laaste skaap afgeskeer.
6. Nog voordat oom Jan oorlede is, het hy sy plaas verkoop.
7. Toe ek verlede vakansie op die plaas gekuier het, het my maat se pa alreeds vir hom 'n nuwe vragmotor aangeskaf.
8. Toe die eerste reëns geval het, het die boere al klaar hulle landerye gebraak.

II. (*a*) Hy vra: „Het die klokkie gelui?"
(*b*) Hy vra **of** die klokkie gelui het.

LET OP: **of** druk twyfel uit.

Gebruik telkens **of**:- -

1. Hy vra: „Gaan dit vanmiddag reent?" "
2. Die kandidaat wonder: „Gaan ek vanjaar die paal haal?"
3. Sy staan en dink: „Het ek die elektriese ketel afgeslaan?"
4. Wie kan sê: „Môre sal ek nog lewe?"
5. Pieter het gevra: „Gaan julle almal swembad toe?"
6. Raai: „Gaan ek my wit rok of die bloue aantrek?"
7. Boetie het my gevra: „Wil jy saam met my kom speel?"
8. Toe die boeie om sy arms gesluit word, wonder die skelm: „Gaan ek dié keer weer uit die tronk ontsnap?"
9. Die werkgewer het getelegrafeer: „Aanvaar u die betrekking?"
10. Hy kon nie sê: „Dit is die waarheid", nie.
11. Die onderwyser het gevra: „Hou julle van die moderne kuns?"
12. Die koper vra die klerk: „Krimp hierdie materiaal baie?"
13. Elke môre wonder ek: „Moet ek 'n sambreel saamneem?"
14. Gaan vra die winkelier: „Het u nog van daardie lekkergoed in voorraad?"
15. Die rondloper lê en dink: „Het ek al tienduisend myl ver gestap?"

16. Die moeder sit en wonder: „Sal Jannie 'n eerlike en pligsgetroue man word?"
17. Die tikstertjie vra: „Het iemand miskien my handsak gesien?"
18. Pappie het van ver af geroep: „Het julle die nuus gehoor?"
19. My maat fluister in my oor: „Weet julle van die poets wat ons vir hulle gaan bak?"
20. Die gewonde vra: „Sal jy my moeder laat weet waar my graf is?"

III.

A. (*a*) *Bewering*: Stefaans het sy boek gevat en weggestap.
(*b*) *Ontkenning*: Stefaans het **nie** sy boek gevat en weggestap **nie.**

Maak ontkennend:—

1. Kerneels het die bal raak gevat en 'n drie agter die pale gaan druk.
2. Jan het die hele dag in sy kamer gesit en droom.
3. Hy het die brief geskrywe en dit toe gaan pos.
4. Dié aand het ek vroeg uitgetrek en gaan slaap.
5. Die veroordeelde het om genade gesmeek en gesoebat.
6. Jy moet goed wik en weeg voor jy tot 'n besluit kom.
7. Die Van der Merwe's sal ons kom haal en weer huis toe bring.
8. My ma het self die deeg geknie en beskuit gebak.
9. Toe ons aangekom het, het my hond getjank en teen my opgespring.
10. As die lente aanbreek, sal die bome weer bot en bloei.

B. (*Teenstrydige bewerings*):
(*a*) Hy het die mes gevat **maar nie die potlood skerp gemaak nie.**
(*b*) **Hy het nie die mes gevat nie** maar die potlood skerp gemaak.

Sê andersom:—

1. Die jong het nie die besem gaan haal nie maar die meid het die kamer uitgevee.
2. Die stoof het aangebly maar die kos het nie verbrand nie.
3. Hy het nie sy werk gedoen nie maar tog hoë punte behaal.
4. Die kinders was nie ongehoorsaam nie, maar tog is hulle gestraf.
5. Die boere het baie gesaai maar nie veel ge-oes nie.
6. Ons span het hulle uiterste bes gedoen maar nie die wedstryd gewen nie.

7. Die boere het nie hoé pryse vir hulle produkte gekry nie. maar die handelaars het groot profyte gemaak.
8. Jakkals het hom siek gehou maar hy was nie regtig siek nie.
9. Die meisie was baie mooi maar sy het nie netjiese klere gehad om aan te trek nie.
10. Ons het al ons gereedskap saamgeneem maar geen vis gevang nie.

C. *Vervang in bostaande sinne* **maar** *eers deur die deftige woord* **dog** *en daarna deur* **en tog.**

IV. *Teken in 'n paar sinnetjies elk, situasies waarby die volgende uitdrukkings te pas gebring kan word: –*

1. Hoe meer siele, hoe meer vreugde.
2. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.
3. Dis nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie.
4. Nuwe besems vee skoon.
5. As jy nie self agter die deur gestaan het nie, sou jy nie 'n ander daar gesoek het nie.

V.

A. (*a*) In daardie **voorstad** woon net **rykes.**
(*b*) In daardie **agterbuurt** woon net **armes.**

Gee die teenoorgesteldes:

1. Outa Adooms is die **luiste** skepsel wat ek ken.
2. Die muurtjie om ons erf is **laer** as julle s'n.
3. Hy was heeltemal **gewillig** om hand uit die mou te steek.
4. Ek dink daardie vent is **getrou.**
5. My suster is **getroud.**
6. Ons **hoofonderwyser** is 'n **wewenaar.**
7. Dis **veilig** om per vliegtuig te reis.
8. Na daardie **heldhaftige** optrede het sy hom nog meer **liefgehad.**
9. Koop 'n **enkel** kaartjie huis toe.
10. Gou het hy in die **guns** van die onderwysers geraak.
11. Die ondersoek wat die polisie ingestel het, was myns insiens **grondig.**
12. Tot my **blydskap** het ek in die eksamen **geslaag.**
13. Pappie het my **aangeraai** om eendag 'n prokureur te word.
14. Dis 'n **alledaagse** gebeurtenis om vliegtuie oor ons skool te sien sweef.
15. In ons omgewing is die Engelssprekendes in die **minderheid.**
16. Die perd wat ek gery het, was regtig **dooierig.**
17. Die gasheer het die gaste **koel** ontvang.
18. Wat is die **letterlike** betekenis van „duister?"
19. Gee liewers 'n **letterlike** vertaling van die paragraaf.
20. Sal dit 'n **geheime** vergadering wees?

B. Die **sieke** moet die **gesonde** dra.

Vul die teenoorgestelde in:--

1. Moenie jou **nuwe** klere aantrek nie; trek jou ..... aan.
2. Ons het **hot** en ..... na my pa se sleutels gesoek.
3. 'n Mens se **uitgawe** moet nooit hoër as jou ..... wees nie.
4. Van **wyd** en ..... het afgevaardigdes na die kongres toegestroom.
5. Die ongeluk was aan die beskonke bestuurder te **wyte** maar aan wie was die reddingswerk te .....?
6. **Teenswoordig** reis baie mense per vliegtuig, maar ..... was die ossewa die vernaamste vervoermiddel.
7. As kind was Albert baie **sieklik**, maar tans is hy .....
8. Pryse word gewoonlik bepaal deur 'n **toenemende aanbod** en 'n .....
9. My pa het die plan **goedgekeur** maar my ma het dit .....
10. Die **stedelike** bevolking weet maar bra min van die ..... bevolking.

37

I.

A. (*a*) Die **held** van die verhaal is 'n **kunstenaar** (*Manlik*).
(*b*) Die **heldin** van die verhaal is 'n **kunstenares** (*Vroulik*).

Gee die teenoorgestelde geslag waar moontlik:--

1. Sy vriend het hom 'n streep getrek.
2. My swaer is 'n onderwyser by die Hoër-Jongenskool.
3. Ons buurman het sy slegte jong in die pad gesteek.
4. Hy is 'n sondaar.
5. Ken jy die skrywer van hierdie verhaal vir seuns?
6. Die prinsipaal van ons skool is ook 'n goeie sanger.
7. Haar peetoom is 'n oujongkêrel.
8. Mejuffrou Pienaar is 'n lektrise aan die universiteit.
9. My neef wil eendag 'n akteur of 'n balletdanser word.
10. Net dames mag by die vereniging aansluit.
11. Daardie kalf behoort aan die outa.
12. Die gasvrou het die burgemeester aan die woord gestel.
13. Toiings wou hê dat sy klonkie eendag vir die baas moes werk.
14. Die pianis is 'n bekende musikant.
15. Die kelner is 'n weeskind.

B. (*a*) Om watter **redes** het die **werkgewers julle** ontslaan? (*Meervoud*).
(*d*) Om watter **rede** het die **werkgewer jou** ontslaan? (*Enkelvoud*).

Gee die enkelvoudsvorme:—

1. Die Franse en die Engelse het saam hulle vyande beveg.
2. Is julle ook lede van die verenigings?
3. Wie se speelgoed lê hier op die stoep?
4. Ek het blou hemde en wittes.
5. Hulle gebede om reën is verhoor.
6. Sulke leuenaars het ons nog nooit teëgekom nie.
7. Weens masels is die skoliere in kwarantyn.
8. Op die markte kan groente en vrugte, ook pluimvee en suiwelprodukte gekoop word.
9. Smôrens moet die vrouens vir hulle mans ontbyt maak.
10. Alle lede behoort hulle subskripsiegelde gereeld jaarliks te betaal.
11. Onder die koeie is daar vettes en maeres.
12. Kyk na die voorosse. Sulke sterkes en grotes het julle nog maar selde gesien.
13. Ons lewens word deur onbekende magte beheers.
14. Hulle aanbiedings is van die hand gewys.
15. Sulke boewe beland vroeër of later in tronke.

II. (*a*) **Vraag**: Hoekom het jy vir my gejok?
(*b*) **Antwoord**: Omdat ek bang was dat u my sou wiks.

Beantwoord die volgende vrae:-

1. Hoekom het jy so laat tuisgekom?
2. Waarom het jy nie gesê dat jy siek voel nie?
3. Om watter rede het jy vir Neels geklap?
4. Hoekom lag die twee dogters?
5. Waarom blaf die honde?
6. Om watter rede het die konstabel die fietsryer voorgekeer?
7. Hoekom is die vee so maer?
8. Waarom pla jy altyd jou boetie?
9. Om watter rede het hy tronkstraf gekry?
10. Hoekom is jou klere so verskeur?
11. Waarom drom die mense daar saam?
12. Om watter rede het jy die draadloos afgeskakel?
13. Hoekom is Piet en Gert nie meer maats nie?
14. Waarom is die trein laat?
15. Om watter rede het die werkgewer die klerk ontslaan?
16. Hoekom neem jy aan geen sportsoort deel nie?
17. Waarom lees jy nie meer boeke nie?
18. Om watter rede het jy streepsuiker gekry?
19. Hoekom is die ete vanaand weer laat?
20. Waarom hou jy nie van kool en spinasie nie?
21. Om watter rede het jy jou hare so kort laat knip?
22. Hoekom bly jy nie vanaand by die huis nie?

23. Waarom is die strate in hierdie ou stad so nou?
24. Om watter rede trek Slamaiers eers hulle skoene uit voordat hulle in die kerk ingaan?
25. Hoekom gebruik dames lipstiffies?

III.

(*a*) Ek het na **Jan** gekyk. (*Antwoord*).
(*b*) Na wie het jy gekyk? (*Vraag*).

Stel die vrae waarop die gekursiveerde woorde die antwoord kan wees.

1. Dis nou **presies halftwee.**
2. Ek gaan **Pretoria toe.**
3. **Op 14 Desember** vertrek ons strand toe.
4. Sy het die kaart **met 'n potlood** geteken.
5. **Sonder geld** kan 'n mens niks koop nie.
6. **Omdat Oupa siek is,** het hulle die dokter laat roep.
7. Die stouterds kom nou **van die vrugteboord af.**
8. **Met die De Wets** gaan dit nog baie goed.
9. Daardie hoedjie kos **drie ghienies.**
10. Sy loop **soheentoe.**
11. Hy sal saam met **sy ouers** wildtuin toe gaan.
12. Ouma hou van **biltong.**
13. Mnr. Kriel is **tagtig** jaar oud.
14. Ek kyk na **daardie ou dronklap.**
15. Ek kyk na **daardie ster wat verskiet.**
16. Lenie is verlief op **jou broer.**
17. Ons gaan kuier by **my oom-hulle.**
18. Sy is vir **niemand** kwaad **nie.**
19. Mammie het vir **'n spinnekop** geskrik.
20. **Nog nooit** het ek so 'n leuenaar teëgekom **nie.**
21. „Gister" is deur **C. M. van den Heever** geskrywe.
22. Die piekniekplek is **sowat twaalf myl** hiervandaan.
23. Party mense kan 'n water-aar met **'n mikstokkie** aandui.
24. Ons luister na **die radio-musiek.**
25. Dis vandag **7 Augustus.**

IV. *Voltooi die volgende storie:—*

Ek sal dit nooit vergeet nie. Klaas Swarts was so sterk soos 'n Simson en vir geen duiwel bang nie. Waarskuwings het nie gehelp nie, maar .. ..

V.

A. *Maak afkortinge vir:—*

namiddag; voor Christus; asseblief; bladsy; byvoorbeeld; eerskomende; u dienswillige dienaar; byvoeg-

like naamwoord; meervoud; meneer; voorbeeld; opmerking; myns insiens; mevrou; mejuffrou; laaslede; Kaapprovinsie; in sake; geteken; in verband met; onder andere.

B. Noem die name wat gewoonlik aan die spelers in 'n rugbyspan gegee word.

C. Wie blaas die fluitjie?

D. Wie laat 'n span oefen?

E. Watter Afrikaanse woorde i.v.m. rugby ken jy nie?

38

I. *Vertel onderstaande gesprek aan iemand anders oor:—*

Twee Slamaiers, Gammat en Abdoel, raak eendag op die kaai aan gesels.

GAMMAT: Jy weet, Abdoel, hier waar ons nou staan, vang ek mos sommer eendag 'n vis wat vyftig pond weeg.

ABDOEL: Dis nog niks nie. Gister gooi ek my vislyn hier in, en weet jy wat? Ek trek een van Jan van Riebeeck se lanterntjies hier uit, en die liggie brand nog.

GAMMAT: Jy dink tog nie ek sal dit glo nie.

ABDOEL: Maak jou vis vyf-en-twintig pond ligter, dan blaas ek die liggie dood.

II. *Begin met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur 'n geskikte sin in die B-kolom te soek:—*

(*a*)

A.	B.
1. Die kos het verbrand	(*a*) omdat hy so onnutsig was.
2. Sy pa het hom rottangolie gegee	(*b*) omdat daar 'n droogte en hongersnood heers.
3. Die horlosie het gaan staan	(*c*) omdat sy aan kanker ly.
4. Die Sjinese eet nou gras, bas en klei	(*d*) omdat die huisvrou 'n boek gesit en lees het.
5. Haar moeder is bedlêend	(*e*) omdat hy vergeet het om dit op te wen.

(*b*)

1. Die ou is smoordronk	(*a*) omdat hy kaalkop perdgery het.
2. Die prospekteerder het sy gesondheid ondermyn	(*b*) omdat dit in 'n vreemde taal geskryf is.

3.	Jan het sonstraal gekry,	(c)	omdat hulle op pad teë-spoed gehad het.
4.	Die gaste het nie opgedaag nie,	(d)	omdat hy te lank in die trope vertoef het.
5.	Ek kon die boek nie lees nie,	(e)	omdat hy na die dunnek tannie gevry het.

III. *Vul die ontbrekende voorsetsels in:*

1. Die vergadering het presies ..... halfag begin.
2. Ek dink te veel ..... my ouers as ek alleen is.
3. ..... die einde van die kwartaal sien die skoliere uit ..... die vakansie.
4. Ek het die lig nie ..... opset afgeskakel nie, dit was ..... abuis.
5. As jy hik, moet jy net sewekeer ..... die huis hardloop.
6. Die Natalse skole sluit vandag ..... 'n week.
7. Die meeste skoliere het „Martjie" ..... „Die Heks" verkies.
8. Toe die klonkie ..... die plaas aangekom het, het hy geen skoene ..... sy voete gehad nie.
9. In die winter het ou Johnson gewoonlik 'n serp ..... sy nek gedra.
10. Ek ken haar ..... haar lag.
11. Saans luister ons graag ..... die radio-musiek.
12. Kom, ons ry ..... die opgaardam.
13. Selfs die slagters was vies ..... die vleiskontroleurs.
14. Moeder het 'n verband ..... my seer been gedraai.
15. ..... kos kan geen mens lewe nie.
16. Ons het ..... Glen gaan piekniek hou.
17. Bettie was been-af ..... Pieter, en hy ..... haar.
18. Elke skolier behoort ..... sport deel te neem.
19. Môre gaan ons ..... die plaas, want ons gaan die vakansie ..... my tante-hulle deurbring.
20. Anton loseer ..... sy oom en tante.
21. ..... ontbyt haas hy hom om ..... die skool te kom.
22. Jok jy nie ..... my nie?
23. Daar sit vier kaartspelers ..... die tafeltjie.
24. Die môre ..... die geselligheid was ons almal vaak.
25. Die tweeling trek ..... dieselfde manier aan.

IV. Jy het jou moeder die volgende gesprek oor die telefoon hoor voer. *Vul in wat aan die ander kant gesê is:—*

Hallo! .....
O is dit jy Lenie? .....
En toe, wanneer het julle teruggekom? .....

Hoekom dan so laat eers? ....
Ja. .....
Ja, ek verstaan. .....
'n Lekband! Dis 'n naarheid. .....
Ja, dis een geluk.
En waar was dit? .....
.....
O, dit sal lekker wees. Sal ek vir Sampie stuur om dit te kom haal? .....
Was die vis volop? .....
En wat het julle alles aangevang? .....
Ja. .....
Ja. .....
Regtig? .....
O, die jongspan darem! .....
.....
Lucie het mos waterpokkies gekry. .....
Sy was maar net tien dae siek. .....
Nee, niemand nie .....

Ons sal gou vir julle kom kuier, hoor Lenie. Is jy vanmiddag by die huis? .....
Nou, dan kom ek 'n bietjie inloer, hoor. .....
Tot siens!

V.

A. *Vervang* **maak** *deur 'n tekenender woord:* -

1. Die messelaar maak 'n huis.
2. Die boer maak 'n sloot.
3. Sy vrou maak 'n trui.
4. Vir môre moet ons 'n kaart van Europa maak.
5. Die twee lande het oorlog gemaak.
6. Nou het hulle weer vrede gemaak.
7. Die regering laat 'n brug oor die rivier maak.
8. My suster kan goed koek maak.
9. Na lang onderhandelings het hulle 'n ooreenkoms gemaak oor die toekoms van die kolonie.
10. Ons moet eersdaags 'n besoek by ons bure gaan maak.

B. *Gee die juiste vertaling in Afrikaans van* **put** *of* **make** *of die samestellings daarvan:*

1. (Put) asseblief die elektriese lig af.
2. (Put out) asseblief die lamp; dis nou al lig.
3. Moenie raas nie; jy (put off) my.
4. As jy jou wil (put out), kan jy maklik slaag.
5. (Put) asseblief vir my suiker in die koffie.

6. Miskien sal Hermanus nog eendag 'n goeie boer (make).
7. Jy moenie vir my so (make) skrik nie.
8. Sê vir die meid sy moet dadelik die beddens gaan (make).
9. Die voorsitter het belowe om die ontbrekende bedrag (make up).
10. Ek is van plan om 'n beter (make) motor te kry.
11. Stienie (made) 'n goeie vrou vir die ou man.
12. Jy (make) my nou net lag.

39

I. (*a*) *Verlede tydsvorm*: Ek **kan** nie betyds klaarkom nie.
(*b*) *Teenwoordige tydsvorm*: Ek **kon** nie betyds klaarkom nie.

Sit om in die teenwoordige tydsvorm:—

1. Ons wou hom nie beskuldig nie.
2. Ons kan hom nie beskuldig nie.
3. Ons mog hom nie beskuldig nie.
4. Ons moes hom nie beskuldig nie.
5. Ons sou hom nie beskuldig het nie.
6. Ons het hom nie laat beskuldig nie.
7. As ek maar daarvan geweet het, sou dit nie gebeur het nie.
8. Mog hy gespaard bly om die vrugte op sy arbeid te pluk!
9. Wie wou nou reserwe wees!
10. Hulle moes baie harder gepraat het.
11. Kon jy nie vir my gewaarsku het nie?
12. Sou dit gehelp het as ons daarby was?
13. Het oom Piet hom werklik laat gebruik deur die oproermakers?
14. Moes hy nie die woord met 'n hoofletter geskrywe het nie?
15. Jy moes dadelik om ekskuus gevra het.
16. Destyds mog 'n mens dink wat jy wou maar nie sê wat jy wou nie.
17. Almal wat wou, kon saamspeel.
18. Ek wou ook aandele koop, maar ek kon nie meer 'n enkele in die hande kry nie.
19. In die koshuis mog ons nie gaan slaap wanneer ons wou nie en nie opstaan wanneer ons wou nie.
20. Jy moes heelagter gespeel het; dan sou ons span nie verloor het nie.

II. Die kondukteur vra die dame. Haar sitplek is bespreek.
Die kondukteur vra die dame **of** haar sitplek bespreek is.

Verbind onderstaande sinne telkens met **of**:—

1. Die argitek twyfel. Die pryse van huise gaan binnekort daal.
2. Gaan kyk gou-gou. Daar is pos in die briewebus.
3. Dis onseker. Motors gaan so goedkoop soos voor die oorlog word.
4. Wie weet? Dit gaan vanmiddag reent.
5. Niemand kon my sê nie. Dis beter om met die ou pad te ry.
6. Het julle al gehoor? Die inkomstebelasting sal vanjaar verminder word.
7. Die prokureur wonder. Sy vrou sal betyds wees.
8. Ma wil weet. Ons gaan nog vanmiddag 'n entjie ry.
9. Het julle al verneem? Dit is verbode om 'n kamera saam te neem.
10. Het jy gehoor? Dit is waar dat daar môre 'n sonsverduistering sal wees.
11. Ek sal self gaan vra. Jy kan die hondjie saam met jou in die kompartement neem.
12. Het jy al daaroor nagedink? Jy gaan die betrekking aanvaar.
13. Ek is nie seker nie. Ek het alreeds daardie rekening vereffen.
14. Dis moeilik om te raai. Daardie koek is swaarder as drie pond.
15. Die polisie het nog nie laat weet nie. Hulle het die gesteelde goedere opgespoor.
16. Jy moet dadelik vir Gert bel om te sê. Jy wil die duiwe hê.
17. Hy het nog nie getelegrafeer nie? Hy het sy bestemming veilig bereik.
18. Oupa sal skryf. Ons kan die vakansie by hom gaan deurbring
19. Sal jy die bure vra? Hulle sal na die hondjie kyk solank ons met vakansie is.
20. Ons wonder. Jannie sal weer eendag kan sien.
21. Ek het nog nie gehoor nie. Die inbreker is betrap.
22. Het u al besluit? U gaan die motor van die hand sit.
23. Ons kon eenvoudig nie tot ooreenstemming geraak nie. Ons moes die stap doen.
24. Oom Piet het vir Hannes gevra. Hy sal belowe om die brief voor vyfuur te pos.
25. Het julle al gehoor? Dit is besluit dat elkeen se eie piekniekmandjie moet saambring.

III. (*a*) Ek het huis toe gegaan, **omdat (daar, aangesien, deurdat)** dit gereent het.
Ontkenning: Ek het nie huis toe gegaan nie, **omdat (daar, aangesien, deurdat)** dit gereent het.

(*b*) *Bewering*: Ek het my sambreel saamgeneem, **alhoewel (hoewel, ofskoon)** hy my gewaarsku het.
Ontkenning: Ek het nie my sambreel saamgeneem nie. **alhoewel (hoewel, ofskoon)** hy my gewaarsku het.

A. *Maak die volgende sinne ontkennend:—*

1. Die seuns het laat opgebly, omdat hulle die volgende dag moes eksamen skrywe.
2. Die getuie kon in die hof verskyn, daar hy bewusteloos was.
3. Die misdadiger het sy lewe verbeter, hoewel hy tronkstraf gekry het.
4. Die pasiënt het gesterwe, ofskoon die dokter oor hom gegaan het.
5. Hy het die woorde teruggetrek, alhoewel sy lewe in gevaar was.
6. Hy het moedeloos geword, deurdat so veel mense hom moed ingepraat het.
7. Hy het die saak stilgehou, aangesien Piet sy neef is.
8. Hy het mooi skoene aangehad, omdat hy 'n skoenmaker is.
9. Die gaste het die party geniet, daar volop drank verskaf is.
10. Hy het sy plan laat vaar, ofskoon hy baie teleurgesteld was.
11. Hulle het hom as spreker gekies, alhoewel hy 'n toespraak gemaak het.
12. Ek wil saamgaan, omdat ek nie van dans hou nie.
13. Hulle het met mekaar baklei, deurdat hulle so veel van mekaar gehou het.
14. Die prefek het sy maats gestraf, hoewel dit hom baie onpopulêr gemaak het.
15. Ons het vinnig gery, omdat 'n dorp naby was.

B. *Kies die beste woord:*

1. Die gras was al lank, **(hoewel, omdat)** ons dit die vorige week gesny het.
2. Die gras was nog nie lank nie, **(hoewel, omdat)** ons dit die vorige week gesny het.
3. Piet Vermeulen het in sy eksamen geslaag **(ofskoon, omdat)** hy so hard gewerk get.
4. Piet Vermeulen het nie in sy eksamen geslaag nie, **(ofskoon, omdat)** hy so hard gewerk het.
5. Hulle het rusie gemaak met mekaar, **(ofskoon, deurdat)** hulle op dieselfde meisie verlief is.
6. Niemand is beseer nie, **(hoewel, daar)** die motor erg beskadig is.
7. Die oes is nie veelbelowend nie, **(ofskoon, daar)** ons mooi reëns gehad het.
8. Hulle het hom van die kwajongstreke beskuldig, **(hoewel, omdat)** hy glad nie eers daar was nie.

9. Ek hou nie van Jan nie, (**hoewel, omdat**) hy so grootpraterig is.
10. Ek hou van Jan (**hoewel, omdat**) hy nie altyd so grootpraterig is nie.

IV. *Kies telkens die regte woord tussen hakies en beantwoord die vrae oor onderstaande beskrywing wat uit* **Radio-Week** *verkort is:—*

Die mens wil nie graap pyn (**lenig, verduur, uitskakel**) nie en daar is bewyse dat hy gedurende sy ontwikkeling pogings (**gesoek, bedoel, aangewend**) het om tandpyn te lenig.

Die Hindoes was van (**mening, twyfel, blydskap**) dat dié pyn veroorsaak is deur die (**knaag, krioel, nies**) van 'n wurm. Om van die wurm ontslae te raak, het hulle (**allerhande, sieklike, knetterende**) voorskrifte gehad. Baie van hierdie middels was (**nooit, iets, niks**) anders as bygeloof nie; bv. om 'n donkie te soen, of om die kop van 'n jong padda te hou teen die tand wat pyn.

Tans (**besit, beskik, verdra**) die tandarts oor 'n groot verskeidenheid verdowingsmiddels. Hipnose is ook deur die eeue heen, veral in die Ooste, (**gebruik, aangeskaf, verwyder**) as 'n middel om pyn te verdoof.

Eter was een van die vier stowwe wat die omwenteling in die gebruik van pynlose tandtrek laat plaasvind het.

Die eerste spuitnaald, soos hy vandag gebruik word, (**was, is word**) deur Van Neuner in 1827 gebruik. Rynd van Dublin en Wood van Edinburgh maak aanspraak dat hulle die eerste was om morfine met 'n spuitnaald toe te dien (in 1843). Die gebruik het hierna (**misbruik, toegeneem, verspoel**) en die spuitnaald het ook baie verbeterings ondergaan. In 1860 is cocaine (**vereffen, ontgin, ontdek**) en van toe af is vooruitgang gemaak met verdowingsmiddels.

1. Waaraan het die Hindoes tandpyn toegeskryf?
2. Watter middels het hulle aangewend om van die pyn ontslae te raak?
3. Noem nog 'n paar bygelowe in verband met pyn of siektes.
4. Hoe sal jy tandpyn behandel as jy ver van 'n tandarts af woon?
5. Watter middels het tandetrek pynloos gemaak?
6. Watter instrument is in 1827 ontdek, en deur wie?
7. Van watter land is Dublin die hoofstad en watter nasie woon daar?
8. Waarop maak Wood van Edinburg aanspraak?
9. Gee moontlike opskrifte vir bostaande stuk.
10. Gee die verkleinwoorde van: poging, wurm, bygeloof, donkie, padda, tand, spuitnaald, verbetering.

V.

A. *Gebruik in sinne of in 'n breër verband en omskryf dan die betekenis van:—*

voet by stuk hou; op stuk van sake; hom uit die voete maak; witvoetjie soek; voetjie vir voetjie loop; op groot voet lewe; op goeie voet met iemand wees; iemand iets voor die voete gooi; iemand die voet dwars sit; op staande voet.

B. Wat doen die onderwyser nou? (Laat hom bv. sy neus snuit, ens.)

40

I.

(*a*) Toe ons vertrek het, **was die lug betrokke.** (*Toestand in die verlede.*)

(*b*) Toe hulle van plan verander het, **was hulle sitplekke al bespreek.** (*Handeling in die verlede voor 'n ander handeling in die verlede.*)

Sê of ons in die volgende sinne met (a) 'n Toestand in die verlede of (b) 'n Handeling in die verlede, voor 'n ander handeling in die verlede te doen het:—

1. Dit was die aangenaamste dag in my lewe.
2. Die dogtertjie was daardie dag ernstig siek.
3. Die mense was opgewonde oor die goeie nuus.
4. Toe ek aangekom het, was dit nog nie aangekondig of die Maties die Aikies geklop het nie.
5. Dit was 'n koel aand toe ons 'n entjie gaan stap het.
6. Die beskuldigde was alreeds ter dood veroordeel toe sy onskuld bewys is.
7. Dit was al laat toe Pappie tuisgekom het.
8. Ek was in my noppies met die fiets wat ek op my verjaarsdag gekry het.
9. Die hele nag was dit so warm dat ek nie kon slaap nie.
10. Toe ons op die toneel verskyn, was die misdadiger klaar geboei.
11. Toe die brandweer daar opdaag, was die vlamme reeds geblus.
12. Nog voordat ek klaar gespeel het, was die tee al gemaak.
13. Omdat Mammie so siek was, het ons maar liewers die rit uitgestel.
14. Deurdat die klerk so onbetroubaar was, het hy geen verhoging gekry nie.

15. Aangesien die deur gesluit was, moes ons my broer roep om dit vir ons te kom oopmaak.
16. Die huwelik was al voltrek, toe die bruid uitvind dat haar bruidegom 'n houtbeen het.
17. Dirk was 'n talentvolle seun.
18. Was die skare opgewonde toe hulle die vredesaankondiging hoor?
19. Was die huis nog nie geverf toe julle ingetrek het nie?
20. Was jou klere al ingepak toe jy verneem dat julle julle planne moes laat vaar?

II.

(*a*) Al die petrol het uitgelek, **want daar was 'n gaatjie in die tenk.**

(*b*) Al die petrol het uitgelek, **omdat daar 'n gaatjie in die tenk was.**

Sê op nog 'n manier:--

1. Ek hou baie van honde, want hulle is sulke getroue diere.
2. Die vlei is die ene blomme, want dit het verlede week gereent.
3. Hy sal slaag, want hy is baie leergierig.
4. Celliers het die Suid-Afrikaanse vlakte goed geken, want hy was 'n landmeter.
5. Hy kan nie skryf nie, want hy het sy hande beseer.
6. Kosie moes 'n dag in die bed deurbring, want hy het te veel groen appelkose geëet.
7. Die piekniekgangers moes vroeg vertrek, want dis ver na die berg toe.
8. My pa moet al sy tande laat uittrek, want dit vergiftig sy hele gestel.
9. Daardie nag moes ons maar in 'n grot deurbring, want ons het verdwaal.
10. Die babetjie het gekreun van die pyn, want hy het steek in die oor gehad.
11. Die messelaar voel vanaand doodmoeg, omdat hy die hele dag hard gewerk het.
12. Die motor het gegly, omdat die pad die ene water en modder was.
13. Die atleet het die wedren verloor, omdat sy voet geswik het.
14. Die hond het begin blaf, omdat hy 'n vreemdeling sien aankom het.
15. Ek het skielik wakker geskrik, omdat iets by die venster beweeg het.
16. Ons moes riemspring, omdat ons vir my pa 'n leuen vertel het.

17. In 'n bus staan 'n man vir 'n dame op, omdat dit nie goeie maniere is om haar te laat staan terwyl jy sit nie.
18. Die man het dadelik die geneesheer ontbied, omdat sy vrou siek geword het.
19. Jy hoef nie vroeg te gaan slaap nie, omdat jy heeldag gehoorsaam was.
20. Die saal het afgegly, omdat die dorpenaartjie vergeet het om die buikgord vas te gespe.
21. 'n Seun moet sy hande uit die broeksakke haal as hy met iemand praat, want dis goeie maniere om dit te doen.
22. Lena behoort speel-speel te geslaag het, omdat sy skrander is.
23. Die bediende het die koppie laat val, want hy is mos heeldag aan die slaap.
24. Die huisvrou moes self die skottelgoed was, omdat haar meid spoorloos verdwyn het.
25. Smôrens voel Corrie dof, want sy slaap gewoonlik met toe vensters.

III. (*a*) *Spreek uit*:— **r, br, pr, dr, tr, gr, kr, fr, str.**
(*b*) *Lees*:—

1. Rina ry reguit na die rooi rante.
2. Braai, prooi, draai, tronk, grawe, kraai, fraai, vry, stry.
3. Ry drie tree om die draai.
4. Die vriende word gevra om die aand by ons te kom koffie drink en vleis braai.
5. Die strooijonker het confetti op die bruid en bruidegom gestrooi.
6. Jy moet krammetjies gebruik om die draad vas te kry.

(*c*) *Spreek uit en maak sinne met*:—
wa — waar; digte — digter; skrywe — skrywer; ligte — ligter; swaarde - swaarder; watte - watter; interessante — interessanter.

IV.

(*a*) *Sê in woorde*:—
(i) 4; 14; 40; 44; 18; 80; 88; 887; 1,001; 74; 444; 7; 995; 8,888; 12; 967; 1,000,000; 5,000,000.
(ii) $\frac{1}{2}$; $\frac{1}{8}$; $\frac{1}{1}$; $\frac{1}{5}$; $15\frac{3}{4}$; $33\frac{3}{7}$; $19\frac{11}{14}$; $12\frac{5}{8}$; $10\frac{3}{20}$; $14\frac{2}{9}$.
(iii) 27 ÷ 9 − 3; 12 × 5 = 60; 14 + 9 = 23; 52 — 10 − 42.
(iv) 2 vm.; 2.4 nm.; 4.15 vm.; 4.30 nm.; 5.45vm.

(*b*) *Gee die name van die geldstukke*:—
$\frac{1}{4}$d.; $\frac{1}{2}$d.; $\frac{3}{4}$d.; 1d.; $1\frac{1}{4}$d.; $1\frac{1}{2}$d.; 3d.; 6d.; 1/–; 2/–; 2/6; 5/–; £1.; £1–1–0.

V. *Vul die selfstandige naamwoorde aan*: –

1. As 'n mens leuens vertel, is jy 'n l .. ... .
2. Die eienaar van 'n winkel noem ons 'n w .. . ..
3. 'n Dame wat sing, is 'n s .....
4. Iemand wat in 'n eksamen druip, word 'n d.. . . .. genoem.
5. Iemand wat vir niks deug nie, is 'n d ... .
6. Die inwoners van 'n stad word s .... genoem.
7. Mense wat 'n bestaan op 'n plaas maak, noem ons b..... .....; spottenderwys noem ons hulle plaasj.. ..... .
8. Die persoon wat 'n lokomotief beheer, word die m . ..... genoem en word bygestaan deur 'n s ....; die persoon wat 'n vliegtuig beheer, word 'n vlieën ..... of 'n l ..... genoem.
9. As jy 'n misdaad pleeg, word jy 'n m... . .. . genoem.
10. Pasiënte word deur v. .. ... opgepas.
11. Die suster van jou vader of moeder is jou t.. .....
12. Iemand wat aan atletiek deelneem, is 'n a..... . ...
13. Mense wat met vakansie gaan, heet v. ..... .
14. 'n Vrou wie se man oorlede is, heet 'n w ... .; 'n man wie se vrou oorlede is, heet 'n w .....
15. Mense wat 'n wedstryd dophou, word t ... . genoem; diegene wat na 'n toespraak luister, word die g. ... . genoem.
16. Iemand wat kritiseer, word 'n k... .... genoem.
17. Iemand wat baie slim is, word 'n slimm.. ..... genoem; iemand wat dom is, heet 'n d .... . en iemand wat lui is, is 'n l ... ..
18. Die persoon wat agter die stuurwiel van 'n motor sit, is die b ... .
19. Mense wat reis, word r . ... .. genoem; diegene wat loop, heet v..... ... en dié wat te perd ry, is p.. .....
20. Die inwoners van Frankryk, heet F.. . .... ; dié van Engeland is E..... . en dié van Duitsland is D.... . ... ..
21. Kinders wie se ouers oorlede is, is w..... ...
22. Die man van my suster is my s.... .....
23. Iemand wat iets bespreek, is die s ... ..
24. As jy ander mense volg, is jy 'n v. ..... . van daardie mense.
25. 'n Leerling wat die matrikulasie-eksamen gaan aflê, is 'n m..... ...
26. Die persoon by wie jy werksaam is, is jou werkg. ..... .
27. Van iemand wat oorlede is, praat jy as die o ....
28. As iemand jou bedrieg het, noem jy hom 'n b ....
29. In Transvaal woon T..... ..; in Natal woon N..... .....; in die Oranje-Vrystaat woon V. ..... en in die Kaapprovinsie woon K .... .
30. 'n Groot aantal mense bymekaar, word 'n sk... .. .. of 'n m ... genoem.

41

I. *Sit om in die verlede tydsvorm:—*

1. Ek het 'n beurs, maar dis dolleeg.
2. Jy moet jou huiswerk doen voordat dit te laat is.
3. Jy hoef nie so danig vinnig te loop nie.
4. Die man en vrou vereffen al hulle rekenings voor hulle die dorp verlaat.
5. Waar voel jy die doring in jou voet steek?
6. Die deskundige oor grondverspoeling deurreis die hele land.
7. 'n Nuwe spoorwegbrug word oor die Oranjerivier gebou.
8. Party kampeerders lê nog en gesels in hulle tente, terwyl die ander so tekere gaan dat 'n mens hulle wie weet waar kan hoor.
9. Die volk gaan smôrens vroeg die koeie melk, terwyl Oupa die vuur aansteek om koffie te maak.
10. Eers spit die tuinier die grond om; dan hark hy dit gelyk.
11. Die dromerige meid laat die koppies val.
12. Ek vergeet weer om u vir die sakgeld te bedank.
13. Orals waar die saak bespreek word, word hy verdink.
14. Die twee nasies voer reeds jarelank oorlog.
15. Boetie vra vir Pappie waarom die hondjies se sterte afgesny word.
16. Ek het baie geld in die bank - so dink ek.
17. Hy sluit eers die deur; dan klim hy in sy motor en ry weg.
18. Skielik sien ek die geel oë van 'n springhaas blink, neem versigtig korrel en die skoot knal, maar dis mis.
19. 'n Maand voor my vertrek bespreek ek my sitplek; dan koop ek my reiskaartjie, en daarna kan ek onbekommerd wag tot die dag wanneer ek die reis moet aanvaar.
20. As ek die boek deurlees, raak ek so opgewonde dat ek dit nie kan neersit voor ek die laaste bladsy bereik nie.
21. Sodra sy die skool verlaat, sal sy aansoek doen om 'n betrekking as tikster.
22. Punte word vir netheid toegeken.
23. Danie word 'n spoggerige kêrel.
24. Boere wat hulle plase liefhet, moet een vir een wegtrek, want hulle kan nie meer 'n behoorlike bestaan daarop maak nie.
25. Dis 'n slim manier waarop die moord gepleeg word in daardie speurverhaal.

II. Dit is die waarheid.
   (*a*) **Hy sê dat** dit die waarheid is.
   (*b*) **Hy vra of** dit die waarheid is.

Begin onderstaande sinne met (*a*) **Hy sê dat** (*b*) **Hy vra of**:-

1. Ons span het die wisselbeker gewen.
2. Lenie verjaar môre.
3. Hy sal die bus nog haal.
4. Die vergadering vind môremiddag plaas.
5. Alle insittendes is ernstig beseer.
6. Sport geniet te veel aandag.
7. Dis teenswoordig moeilik om eiers in die hande te kry.
8. Die verkiesing sal tot 'n latere datum uitgestel word.
9. Die Springbokke gaan binnekort weer oorsee toer.
10. Sy broer het lus om ingenieur te word.
11. Sy onthou nog die poets wat ons vir haar gebak het.
12. Die ou man praat graag oor sy jeug.
13. Die polisie het kom kyk toe die ongeluk plaasgevind het.
14. Niemand het dit gehoor toe die inbreker deur die venster geklim het nie.
15. Sy suster hou daarvan om 'n mens te terg.
16. Dit sal nog lank duur voor die maan deur ons bereik word.
17. Piet gaan later 'n Jeep aanskaf.
18. Hulle bure gaan die volgende vakansie wildtuin toe.
19. Hy lees graag poësie.
20. Die skool begin nog om agtuur smôrens.
21. Die meid het vergeet om die badwater warm te maak.
22. Hulle sal Saterdag gaan visvang.
23. Die dame was gereed toe die huurmotor daar aankom.
24. Iemand het die deur gaan oopmaak toe sy aangeklop het.
25. Niemand het geweet waar die Smits woon nie.

III. *Vul die ontbrekende voorsetsels in*:

1. Moenie nou . . my praat nie, ek is besig.
2. Ons moes 'n rukkie . ..... Moeder wag.
3. Toemaar, ons lag nie ..... jou nie; ons lag .. .. die grap.
4. Ons het besluit dat ons ..... tien jaar .. .. .. die ou skool sou terugkeer.
5. Dit was lank ..... die eerste reëns voordat daar enige groenigheid verskyn het.
6. Gert het ons herinner .. die kere toe ons streepsuiker gekry het.
7. Piet het vertel hoe verlief hy .... Sybokkie was.
8. 'n Paar minute ..... middernag het elkeen ..... sy slaapkamer gegaan.
9. ..... ete het ons orals .... die plaas rondgeloop.
10. .... 'n week gaan ek weer huis toe want die skool heropen ..... tien dae, en ek wil nog by my ouers kuier.
11. die ou end trou Wynand dus nie ..... Linda nie.

12. ..... pad huis toe het Frikkie twee patryse geskiet.
13. Die ongeluk het presies ..... nege-uur plaasgevind.
14. Verlede Saterdagmôre het ons .... die rivier gegaan om vis te vang.
15. Ek het die vis ..... die Kaffer gegee om ..... die huis te dra.
16. Ek sien uit daarna om ..... twee weke ..... die plaas te gaan kuier.
17. Ons het die perd ..... die verkeerde manier gekniehalter.
18. Die een motor was ..... die verkeerde kant van die straat.
19. Meisies hou meer ..... katte as ..... honde.
20. Niel is nie danig populêr ..... sy klasmaats nie.
21. „Die Leeus van Magoeba" is ..... E. N. Marais geskrywe.
22. Is „Pelgrims" ..... dieselfde boeiende manier as „Toiings" geskryf?
23. Plaasseuns trou gewoonlik ..... die nooiens ..... hulle kontrei.
24. Hannie koester 'n wrok ..... Hansie.
25. Daar was toe baie ryp vrugte ..... die bome.

IV.

'n Vriend (in) wil graag sy (haar) Afrikaans verbeter en het jou per brief gevra om 'n interessante Afrikaanse boek aan te beveel. Noem die naam van die skrywer of skryfster en die titel van die boek. Vertel net genoeg van die inhoud om die nuuskierigheid te prikkel.

V.

A. Die voorvoegsel **ver-** dien dikwels om aan te dui dat 'n handeling heeltemal voltooi is. Vgl. **Daardie oefeninge moor 'n mens,** maar, „**Sy is helder oordag vermoor**", Soms beteken dit „verkeerd" of het dit 'n ongunstige betekenis. Vgl. **Hy het sy vriend verraai.**

Omskrywe nou die betekenis of krag van **ver-** *in die volgende sinne:—*

1. Ons het die oggend vroeg die huis **verlaat.**
2. By daardie geleentheid het al die meubels **verbrand.**
3. Die dief is tot twee jaar harde arbeid **veroordeel.**
4. Jy **vermors** net jou tyd.
5. Hy het al sy kanse **verspeel.**
6. Moenie my woorde **verdraai** nie.
7. Die trein **vertrek** om vyfuur in die oggend.
8. In Suid-Afrika word twintig miljoen sak mielies per jaar **verbruik.**
9. Jy staan nou en stories **vertel.**
10. Die vee het die veld heeltemal **vertrap.**

B. *Maak sinne met die s.nwe.:*
getjank, geraas, gelol, geskreeu, gesanik.
Watter gevoel druk **ge-** in daardie sinne uit?

42

I. *Vertel die volgende oor in die indirekte rede, beginnende met:* **Ampie het vir ook Kasper gesê ... .**

„As die katel klaar is, wil ek ook nog 'n koskas maak, en as Omie nie omgee nie, wil ek party van Omie se gereedskap ook gebruik. Ek sal dit onbeskadig weer vir Oom besorg. Ek kan enige ding maak, Oom Kasper, dis vir my geen moeite nie. En dan praat hulle nog van ambag leer, ek kry groot lag vir hulle".

Toe Booysen vir hom aanraai om nog 'n paar jaar met die beslommernis te wag, sê Ampie sommer padlangs:

„A nee, Oom Kasper, hoe praat Oom dan so verkeerd? Toe Oom vir my gehuur het, het Oom gesê dat ek my eie baas sal wees, wanneer ek mondig is. Oor drie maande is ek self 'n man, en ek reken so, dat elke man vir hom moet uitkyk vir 'n goeie vrou. Ek kan g'n beter in die hele kontrei kry as Annekie nie, Oom Kasper."

(Gewysig uit *Ampie die Meisiekind* deur Van Bruggen.)

II. Die kuikentjies piep, **want hulle kry koud.**

A. *Verbind met* **want.** *Begin telkens met die eerste sin:*

1. Ek het van die boek gehou. Dit is pakkend.
2. Hy gaan selde bioskoop toe. Die flikkering maak sy oë seer.
3. Sy sing net in die bad. Haar stem is vals.
4. Die vleis is nog rou. Dit het nie lank genoeg gebraai nie.
5. My sussie het al twintig pond in die spaarbank. Sy spaar elke maand 'n bedraggie.
6. Ons buurman se lig brand nog. Hy studeer tot laat snags.
7. Oom Piet loop met 'n kierie. Hy is al stokoud.
8. Op Kersdag werk my pa nie. Dis mos 'n vakansiedag.
9. Hulle is kwaaivriende. Hulle het rusie gemaak.
10. Ek versorg my tande gereeld. Ek wil nie eendag kunstande hê nie.
11. Teenswoordig lees ek gereeld die advertensies in koerante. Sodoende brei ek my woordeskat uit.
12. Ons onderwyser het gesê dat ons ook kookboek-resepte moet lees. 'n Mens leer op dié manier ook baie nuwe woorde.
13. Outa Moses is baie betroubaar. Hy het nog nooit iets in die huis gesteel nie.

14. Die blomme is verlep. Die tuinjong het vergeet om hulle nat te spuit.
15. Hulle kan nie 'n motor bekostig nie. Hulle is maar so pas getroud.
16. My ouma moet versigtig met haar dieet wees. Sy ly aan hoë bloeddruk.
17. Die piekniek moet maar uitgestel word. Dit begin alreeds stuif.
18. Die dame bestee veel tyd aan haar hare. Sy wil graag netjies lyk.
19. Hulle sê die oujongnooi sit op die bakoond. Sy sal blykbaar nooit trou nie.
20. Haar huwelik was regtigwaar 'n verrassing. Niemand het ooit verwag dat sy sou trou nie.
21. Hansie sleep vlerk by Tienie. Hy is smoorverlief op haar.
22. Ons moes maar omdraai huis toe. Die rivier het oor die laagwaterbrug gestroom.
23. Sy gesig is vol knoppies. Die muskiete het hom verlede nag toegetakel.
24. Die kampioen verwaarloos sy werk. Hy geniet te veel publisiteit.
25. Die werkgewer het hom ontslaan. Hy het sy werk te veel verwaarloos.

B. Die kuikentjies piep, **omdat hulle koud kry.**

Verbind bostaande sinne dié keer met **omdat**:—

III.

(*a*) Hulle sal haar nie as tikster aanstel **nie**, tensy sy eers in haar eksamen geslaag het. (*Lang pouse voor* **tensy.**)
(*b*) Hulle sal haar nie as tikster aanstel tensy sy eers in haar eksamen geslaag het **nie** (*Kort pouse.*)
(*c*) Hulle sal haar nie as tikster aanstel **nie**, of sy moet eers in haar eksamen slaag.

Sê op nog twee maniere:—

1. Niemand sal jou glo nie, tensy jy onomstootlike bewyse kan aanvoer.
2. Jy sal nie slaag nie, tensy jy hard werk.
3. Julle mag nie bioskoop toe gaan nie, tensy julle werk klaar is.
4. Ons span sal nie wen tensy hulle hard oefen nie.
5. Hy sal nie die vergadering bywoon nie, of hy moet van plan verander.
6. My oom sal nie gesond word nie, of hy moet 'n operasie ondergaan.
7. Niemand kan goed leer skrywe nie, tensy hy baie lees.
8. Daar sal geen verkiesing in Griekeland gehou word, tensy die vreemde troepe eers teruggetrek is nie.

9. Hulle sal jou nie hoor nie, tensy jy hard skree.
10. Die beesboere sal nie 'n bestaan kan maak tensy, daar 'n middel teen knoppiesvel-siekte gevind word nie.

IV.

Vyf seuns van julle skool is in die vakansie bymekaar, het niks te doen nie en is dus uit op kwajongstreke. Skielik stel die oudste voor om 'n motorkar in die straat te verwyder en 'n entjie te gaan ry. Jy is heftig daarop teen en wil niks met so iets te doen hê nie. Beskryf die argument wat daar plaasvind.

V.

Kan 'n spook deur 'n **toe** deur gaan? (*B.nw.*)
Die huis staan al die hele vakansie **toe.** (*Byw.*)
Hoekom het jy my nie geroep **toe** jy hulp nodig gehad het nie? (*Voegwoord.*)
Toe, roer jou! (*Uitroep.*)

A. *Watter rededele is die vetgedruktes?*
1. (*a*) Kan jy die hoogte van die boom **skat**?
   (*b*) Die verliefde jonggetroude noem sy vroutjie sy **skat.**
   (*c*) Iewers op ons plaas is 'n **skat** begrawe.
2. (*a*) **Roer** jou tee anders sal die suiker nie smelt nie.
   (*b*) 'n Mens gaan tog nie sonder 'n **roer** jag nie.
3. (*a*) **Ag**! Jy is verspot.
   (*b*) In jou opstel was daar **ag** spelfoute.
   (*c*) Niemand **ag** die kaptein baie hoog nie.
4. (*a*) 'n **Mens** kan nooit weet nie.
   (*b*) Jy is mos 'n **mens,** nie 'n dier nie.

B. *Gebruik onderstaande woorde in aparte sinne om die fuksieverskil aan te toon:—*
1. **Vat** (*a*) werkwoord (*b*) selfstandige naamwoord.
2. **Lewe** (*a*) werkwoord (*b*) selfstandige naamwoord.
3. **Sleg** (*a*) bywoord (*b*) byvoeglike naamwoord.
4. **Nader** (*a*) bywoord (*b*) werkwoord.
5. **Laat** (*a*) bywoord (*b*) hulpwerkwoord.

43

I.

(*a*) (Natuurlik.) Die werk moet deur jou gedoen word.
(*b*) Natuurlik moet die werk deur jou gedoen word.
Begin telkens met die wooord tussen hakies:—
1. (Saans.) Die deure moet gesluit word.
2. (Môre). Die span sal gekies word.

3. (Saans.) Die deure moes gesluit word.
4. (Gister). Die span moes gekies word, maar dit het gereent.
5. (Vinniger.) 'n Reis per vliegtuig kan nie daarheen afgelê word nie.
6. (Vinniger.) 'n Reis per vliegtuig kon daarheen nie afgelê word nie.
7. (Selde.) My pa se motor mag deur iemand anders bestuur word.
8. (Selde.) My pa se motor mog deur iemand anders bestuur word.
9. (Dikwels.) Jy sal deur mense beledig word.
10. (Nêrens.) Die boek kon gevind word.
11. (Dadelik.) Die dokter moes ontbied word.
12. (Binnekort.) 'n Boek sal deur ons onderwyser publiseer word.
13. (Eersdaags.) 'n Nuwe voorraad klerasie sal ontvang word.
14. (Ter elfder ure.) Die voorsitter moes 'n ander spreker vir die debat soek.
15. (Weens die reent.) Die reis kan nie meer per motor onderneem word nie.
16. (Op die ou end.) Die geslepe dief sal betrap word.
17. (Vroeër of later.) Daardie brief sal deur my beantwoord word.
18. (Myns insiens.) Kinders mag nie deur hulle ouers verwaarloos word.
19. (So teen middernag.) Die vyand moet aangeval word.
20. (Nouliks.) 'n Mens kon die spreker hoor praat.

II.

(*a*) Gaan vra vir Pa **of** ons nog vanmiddag 'n entjie gaan ry. (*Eng.* **„whether": onsekerheid**).

(*b*) Roep vir my **as** die telefoon lui. (*Voorwaarde*; *Eng.* **„it" - - indien.**)

Kies **of** *of* **as**:

1. Ek kan nie sê . . . . . jy reg gehandel het nie.
2. Sannie wil weet . . . . . jy die brief vir haar gepos het.
3. Roep maar net . . . . . jy my hulp nodig het.
4. Wonder jy nog . . . . . jy jou fiets moet verkoop?
5. Iemand kan saam met jou huis toe stap, ... jy bang is.
6. Ongelukkig het sy vergeet . . . . . sy sout in die kos gegooi het.
7. Ongelukkig het sy nie geweet . . sy die regte keuse gemaak het nie.
8. Ma wil weet . . . . jy die hoenders versorg het.
9. Dit lyk vir my . . . . . dit vanaand gaan reent.

10. . . . jy jou sambreel saamgeneem het, sou jy nie natgereent het nie.
11. . . . dit die waarheid is, sal ek nie kan sê nie.
12. . . . . dit lank sal duur voor die hongersnood oor sal wees, kan niemand voorspel nie.
13. Iemand moet tuisbly . . . . . ons ouers miskien die aand uitgaan.
14. Het julle al verneem . . . die wedstryd nog Saterdagmiddag sal plaasvind?
15. Ek sal jou laat weet die vergadering uitgestel word.
16. die vlieënier 'n sekonde later uitgespring het, sou die koeël hom getref het.
17. Het jy al gehoor dit waar is dat hulle verloof is?
18. Dit skyn . . die beskuldigde tog die diefstal gepleeg het.
19. Het jy al besluit . . jy môre met ons sal saamgaan?
20. Oom Piet sal julle betyds laat weet hy miskien uitvind dat hy nie kan saamgaan nie.
21. Het jy die hoof gevra . . . . . jy môre vroeër huis toe mag gaan?
22. Ek kan jou die boek leen . . jy dit nie elders kan kry nie.
23. Hettie is bekommerd om te weet . . . sy in die eksamen geslaag het.
24. Sy sal soveel gelukkiger wees . . . . . sy eers gehoor het . . . . . sy in die eksamen geslaag het.
25. Niemand kan voorspel . . . die onderneming 'n sukses gaan wees nie.

III.

A. *Kies:* **jy, jou, jou(n)e; julle; julle s'n** *of* **u.**

1. Kêreltjie, ... moet in . . . spoor trap; ek wiks vir as . . . . . weer jok.
2. vabond! Daar laat my alweer skrik.
3. Annie, waar werk . . pa? Weet . . . . . nie?
4. Meneer, ... baadjie is vol kryt.
5. Jan en Piet, . . moet vanaand . . . . . rugby-skoene skoonmaak.
6. Gert, waar het . . . . . hoed verloor?
7. Juffrou, het . . . . nie die verkeerde handsak gevat nie? Dié een behoort tog nie aan . . . . . nie.
8. Ella, is hierdie pen . . . . . ?
9. Piet, ... moet . . . . . gedra.
10. 'n Mens moet . . . . skuld gereeld betaal.
11. Dokter, dink . . . dat 'n operasie nodig sal wees?
12. Nee, ou maat vergis . . . . . ; ek wou . nie bedrieg nie.
13. Kom, stouterds! Nou sal . . vir . . katte-kwaad moet boet.

14. Hy sê dat ..... meer moet lees.
15. Kinders, is hierdie goed ..... ?

B. Dis **my** boek.
Die boek is **myne**.
Sê op nog 'n manier:—
1. Daardie motor behoort aan hom.
2. Daardie motor behoort aan Piet.
3. Is dit julle huis?
4. Dis hulle speelgoed.
5. Dit behoort aan haar.
6. Is dit u tikmasjien?
7. Dis ons gereedskap.
8. Hierdie uitveër is joue.
9. Die erf behoort aan niemand nie.
10. Daardie handdoek behoort aan Annie.

IV.

Sou diere ook kan droom? Indien wel, dan is hulle seker ook baie gelukkiger in hulle droomwêreld as in die werklike lewe. Vertel watter laste hierdie donkie almal in die werklike lewe moet dra en wat hy, volgens ons kunstenares, gedroom het? Het sy droom uitgekom? (*Sien prentjie op volgende bladsy*)

V.

Die hoofstad van Frankryk is Parys. In Parys praat die mense Frans.

Vul die ontbrekende woorde in:—
1. Die hoofstad van Engeland is ..... In ..... praat die mense .....
2. Die hoofstad van Italië is ..... In ..... praat die mense .....
3. Die hoofstad van Griekeland is ..... In ..... praat die mense .....
4. Die hoofstad van Denemarke is ..... In ..... praat die mense .....
5. Die hoofstad van Swede is ..... In ..... praat die mense .....
6. Die hoofstad van Noorweë is ..... In ..... praat die mense .....
7. Die hoofstad van Duitsland is ..... In ..... praat die mense .....
8. Die hoofstad van Pole is ..... In ..... praat die mense .....
9. Die hoofstad van Rusland is ..... In ..... praat die mense .....
10. Die hoofstad van die V.S.A. is ..... In ..... praat die mense .....


A
Zzz
Zzzz
15

11. Die hoofstad van Argentinië is ..... In ..... praat die mense .....
12. Die hoofstad van Brasilië is ..... In ..... praat die mense .....
13. Die hoofstad van Portugal is ..... In ..... praat die mense .....
14. Die hoofstad van België is ..... In ..... praat die mense .....
15. Die hoofstad van die Unie van Suid-Afrika is ..... In ..... praat die mense .....
16. Die hoofstad van Nederland is ..... In die ..... praat die mense .....
17. Die hoofstad van Nieu-Seeland is ..... In ..... praat die mense .....
18. Die hoofstad van Egipte is ..... In ..... praat die mense .....
19. Die hoofstad van Finland is ..... In ..... praat die mense .....
20. Die hoofstad van China is ..... In ..... praat die mense .....

44

I.

LET OP:—Verhale wat in die verlede gebeur het, word dikwels vertel asof die dinge nou plaasvind (*historiese praesens*). Daardeur word 'n aanskouliker voorstelling van die gebeurtenis verkry.

Vervang in die volgende passasie die teenwoordige tydsvorm deur die verlede tydsvorm van die werkwoord: -

Dis middernag en onheilspellend is die stilte wat in die kloof heers; geen luggie trek, geen blaartjie roer nie. Stil soos die nag, roerloos soos die rotse om hom heen lê Sluip, die luiperd, en wag. Die katoë is wydoop, die ore gespits en gedurig snuif-snuif hy die lug. Hy is honger, maar voordat hy handelend kan optree, moet hy eers die ruik van sy prooi kry en daarvoor is die nag nog te stil.

'n Uur gaan verby; twee ure, en nog lê die luiperd en wag. Eindelik begin daar 'n luggie oor die vlaktes trek — oor die sandduine en teen die helling van die berg op, en meteens kry Sluip die ruik waarop hy wag. Hy kwispel so effens sy stert en lig die fraaigevlekte liggaam van die grond af op. So staan hy 'n oomblik die luggie en snuif; toe, met buigsame liggaam laag teen

die grond gedruk, begin hy die bobbejaan te bekruip. Dis alles nog stil in die kloof, alles doodstil, en 'n slapende bobbejaan maak, deur af en toe sag te kreun, die stilte nog stiller. Die luiperd is al wat in daardie kloof roer; maar waar hy tussen die rotsblokke deurvleg, is hoegenaamd geen geluid nie — nie eens die gekraak van 'n takkie of die ritsel van 'n blaartjie om die slapende trop te waarsku nie.

(Uit: *Kees van die Kalahari*, deur Hobson.)

Watter van die twee vorme verkies jy?

II.

Sannie huil, **want haar ouers wil haar nie bioskoop toe laat gaan nie.**

Maak soveel sinne as moontlik wat begin met **Sannie huil, want** .....

III.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:—

1. Jack Augustine het ..... die venster ..... gespring, nadat die kaffer vir Stoernick ..... die lewe gebring het.
2. Hy het net drie vingers ..... sy regterhand.
3. ..... jou ontwil sal ek dit liewers nie weer doen nie.
4. Hans Bok het nie ..... spoke geglo nie.
5. Moet ouers hulle kinders ..... baie of ..... min sakgeld voorsien?
6. Die sondaar bid ..... vergifnis van sy sondes.
7. Ek is nog ..... skool, maar my broer studeer ..... die universiteit.
8. Arme ou Johnson was tot sy dood verslaaf ..... drank.
9. Almal ..... die oudste broer was aanwesig ..... die graf.
10. Die rekening moes ..... 'n week betaal word.
11. Ons vertrek presies ..... ag dae.
12. Kinders ..... ses jaar moet volprys betaal.
13. ..... weerskante van hom het 'n verpleegster gestap.
14. Die windjie het skraal ..... die hoeke gewaai.
15. Ongelukkig het geeneen van ons geld ..... ons gehad nie.
16. Soggens ..... sewe-uur moes ons opstaan.
17. Ek dink dikwels ..... die dapper soldate ..... die slagveld.
18. ..... waarskuwing het die leeu die geweerdraer bespring.
19. Neels wou nie sê ..... watter rede sy klere so bemors was nie.
20. Ons het ons swemklere aangetrek en dadelik ..... die baaiplek gehol.
21. ..... omtrent vyftig minute in die ysterlong het Gert bygekom.

22. Eers twee weke die ongeluk het hulle die lyk uitgehak.
23. Ons skool sluit die end van die maand.
24. Dit het gebeur toe my ouers . verlof Kimberley was.
25. Die kampeerders het . . die vuur gesit en stories vertel.
26. . . . . 'n maand sal ek veertien jaar oud wees.
27. Bring my groete . . . hom oor as jy weer hom skryf.
28. Daar was net 'n paar skrapies . sy been.
29. Gister moes ons dood . . . . . dag opstaan.
30. Die arme kindertjies bewe . die koue want hulle het nie eers skoene hulle voete nie.

IV.

Vertel 'n jagavontuur.

V.

I.p.v. „Die ou was nie **baie arm** nie maar **baie ryk**" kan ons ook sê: „Die ou was nie **brandarm** nie maar **skatryk**".

Gee telkens die intensiewe vorm:

1. Sy was gladnie **lelik** nie maar **skoon.**
2. Dit was geensins 'n **jong** hondjie nie maar 'n **oue.**
3. O nee! Hy is nie 'n **goeie** klerk nie; hy is **sleg.**
4. Al is Oupa sewentig jaar oud, lyk hy nog **fris** en **lewendig.**
5. Die wasgoed is nie **nat** nie maar **droog.**
6. Op die plase is groente **goedkoop** maar in die stede is dit **duur.**
7. Vanjaar is die grootvee **vet** en die kleinvee **maer.**
8. Smôrens is die vee **dun**; saans is hulle **dik.**
9. Die vrugte is nog **groen**; hulle behoort al **ryp** te gewees het.
10. Toe ek die pakkie opgetel het, was dit nog **lig** maar na ek dit 'n paar myl gedra het, was dit **swaar.**
11. Sy het 'n **wit** rok en 'n **swart** oorjas aangehad.
12. Party lemoene is **soet**; die ander is **suur.**
13. Die medisyne was glad nie **soet** nie maar **suur.**
14. Die ou man was al **krom** maar sy vrou het nog **regop** geloop.
15. 'n Rukkie gelede was die badwater nog **warm** maar nou is dit **koud.**
16. Gister was die koekblik nog **vol** en nou is dit **leeg.**
17. My oë was **oop** maar sy het hare **toe** geknyp.
18. Toe ons vanmôre vertrek het, was dit **lig,** maar toe ons vanaand teruggekom het, was dit al **donker.**
19. Boetie het 'n **nuwe** fiets gekry en ek 'n **oue.**
20. Na die dag se taak was ek **moeg** maar hy was nog **fris** en **lewendig.**

45

I.

(*a*) *Bedrywende vorm*: Die hoofprefek **moet** die klok **lui.**
(*b*) *Lydende vorm*: Die klok **moet** deur die hoofprefek **gelui word.**

Sit, sover moontlik, om in die lydende vorm: –

WAT DIE TIKSTER OP KANTOOR DOEN.

Mej. Snell moet elke oggend om agtuur die bus haal. Sy mag nie later as halfnege aan die kantoordeur klop nie. Dan moet sy haar hoed afhaal en ophang en die nodige werkregister teken.

Daarna moet sy dadelik papier en potlood neem en na die kantoor van die bestuurder gaan. Daar moet sy al die briewe stenografeer, wat hy vir haar dikteer. Dit duur tot omstreeks halfelf. Dan mag sy 'n kwartier pouseer om tee te maak en te drink.

Hierna behoort sy 'n begin te maak met die oortik van haar snelskrif. Om eenuur sal 'n vriendin haar kom haal om saam met haar in 'n kafee te gaan eet. Hulle mag nie langer as 'n uur versuim nie. Om vieruur moet sy al die korrespondensie aan die kantoorjonge gee om te pos. As sy daarmee klaar is, hoef sy haar nie so erg te haas nie en kan sy op haar gemak alles regsit vir die volgende dag.

Om halfvyf sal sy eers haar lipstiffie en poeierkwassie 'n slaggie hanteer en dan sal haar vriendin haar voor die kantoordeur kom ontmoet. Daarna sal sy die kantoor gou vergeet.

II. *Vul die ontbrekende woord(e) in*: –

1. Die mielies het so hoog gestaan 'n mens die sate nie kon bykom nie.
2. Vir my is dit so lank dit breed is.
3. Jy moet so gou moontlik weer kom.
4. So waar . . . padda manel dra.
5. Jy sal òf moet kies . . . . moet deel.
6. Hy wil nòg kies . . . . deel.
7. Nòg Piet . . . . Klaas het daar iets van begryp.
8. Òf Piet . . Klaas sal moet driekwart speel.
9. . . . . meer siele meer vreugde.
10. Lenie is al net so groot haar vader.
11. Oor 'n jaar sal sy groter wees haar vader.
12. Julle het so lank weggebly . ons maar begin eet het.

13. Dis dié ..... ons so baie moet sukkel.
14. Hoe rooier ..... mooier.
15. Hy het nou nog nie sy boek gebring nie, hoewel ek hom dit gister ..... gesê het.
16. Die kompromis het nòg die verbruikers ..... die produsente bevredig.
17. ..... meer haas ..... minder spoed.
18. Hy lieg ..... die stof so staan.
19. Daar is geen uitweg nou meer nie; dis òf hy ..... ek.
20. Het jy al ooit van so iets gehoor? Nee, ... nooit nie
21. Dit het langer ..... 'n jaar geduur voor ons weer van hulle gehoor het.
22. Kom nou uit die water ..... julle het lank genoeg ..... geswem.
23. Hoe eerder jy met jou werk begin ..... eerder sal jy klaar wees.
24. ..... eerder jy met jou werk begin ..... gouer sal jy met jou werk klaar wees.
25. Ons het gister so ver geloop ..... ons gisteraand doodmoeg was.
26. Ek glo Afrikaans is die maklikste van die twee tale ..... praat.
27. Dis 'n baie moeilike vraag ..... beantwoord.
28. ..... meer verbuigingsvorme daar in 'n taal is ..... meer moeilikhede dit oplewer.
29. ..... ons weet, is daar 'n groot verskil tussen die taal van 'n kind en dié van 'n grootmens.
30. ..... ons tevore gesê het, kan 'n skilpad gou wegkruip, al loop hy so stadig.

III.

(*a*) *Direkte woordorde*: Ek het nie my sambreel saamgeneem nie.

(*b*) *Omgekeerde woordorde*: Gister het dit nie gereent nie; daarom het ek nie my sambreel saamgeneem nie.

Verbind onderstaande sinne met die woorde tussen hakies:—

1. (Daarom.) Ek het my skryfboek by die skool vergeet. Ek het nie my huiswerk gedoen nie.
2. (Dus.) Ek het my skryfboek by die skool vergeet. Ek het nie my huiswerk gedoen nie.
3. (Gevolglik.) Ek het my skryfboek by die skool vergeet. Ek het nie my huiswerk gedoen nie.
4. (Derhalwe.) Ek het my skryfboek by die skool vergeet. Ek het nie my huiswerk gedoen nie.
5. (Nogtans.) Sy vriende het hom almal in die steek gelaat. Hy het nie sy plig versaak nie.

6. (Ewenwel.) Sy vriende het hom almal in die steek gelaat. Hy het nie sy plig versaak nie.
7. (Nietemin.) Sy vriende het hom almal in die steek gelaat. Hy het nie sy plig versaak nie.
8. (Tog.) Sy vriende het hom almal in die steek gelaat. Hy het nie sy plig versaak nie.
9. (Al.) Dirk het in sy eksamen geslaag. Hy het nie hard gewerk nie.
10. (Daarna.) Stefaans het gespit tot hy natgesweet was. Hy het nie droë klere aangetrek nie.
11. (Hierna.) Jy was baie ongehoorsaam. Jy kan nie weer uitgaan nie.
12. (Toe.) Frans het na die radio geluister. Hy het nie die klokke hoor lui nie.
13. (Dan.) As jy nie wil werk nie. Jy kan nie eet nie.
14. (Daardeur.) Hulle het altwee op dieselfde meisie verlief geraak. Hulle kon mekaar nie verdra nie.
15. (Hierdeur.) Hy was gewoond om altyd sy sin te kry. Hy kon nie in die teleurstelling berus nie.
16. (Anders.) Sal jy belowe om vir niemand te sê nie. Ek vertel jou niks nie.
17. (Al; nogtans.) Hy is baie arm. Hy is nie dom en onbeskof nie.
18. (Anders.) Hou op met teëstribbel. Ek sal jou nie help nie.
19. (Dus.) Ons voorouers het nie lank skoolgegaan nie. Hulle het nie hulle taal goed leer skryf nie.
20. (Dus.) Hy is 'n ernstige man. Hy skeer nie die gek nie.
21. (Al.) Ons het vandag nie meer penne van vere nie. Ons noem hulle nog met dieselfde naam.
22. (Toe.) Hy het kwaad weggestap. Hy kon my nie ompraat nie.
23. (Tog.) Hy het dit plegtig belowe. Ek vertrou hom nie.
24. (Dan.) As 'n mens die hele jaar hard gewerk het. Jy hoef nie bang te wees vir die eksamen nie.
25. (Al.) Ek sal dit nie doen nie. Jy staan op jou kop.

IV.

Oor 'n maand is dit vakansie. Bespreek 'n kamer(s) by 'n hotel. Verstrek die nodige besonderhede en doen die nodige navrae.

V.

A. (*a*) (Nag) behoort 'n mens te slaap.
(*b*) **Snags** behoort 'n mens te slaap.
Gee die regte vorme van die bywoorde tussen hakies: –

1. Stap tien tree (noord); nie (suid) nie.

2. Stap twaalf tree (voor); dan vyf tree (agter).
3. Draai (linkerkant) en dan (regterkant).
4. Julle behoort (môre) vroeër op te staan en (aand) vroeër te gaan slaap.
5. Die ou dronke het (fluit) in die straat afgestap.
6. Die pasiënt het (kort) 'n klokkie gelui.
7. Vertel my net (kort) hoe jy van „Die Grenslose" deur W. A. de Klerk gehou het.
8. Staan tog (effe) opsy.
9. Intussen het die hongerige ou maanhaar (stil) nadergesluip.
10. (Veel) geluk met jou verjaarsdag.
11. Met dié geskenk was sy (hoog) tevrede.
12. Die verskrikte vrou het (gou) die polisie gebel.
13. „Die Huisgenoot" verskyn (week); dit is dus 'n weekblad.
14. Ag wat, die ou werkie kan jy (speel) voor vanaand klaar hê.
15. Rangskik die name van jou klasmaats (alfabet.)
16. Moenie so slordig wees nie; doen die werk (net).
17. Inkomstebelasting word (jaar) ingevorder.
18. Nou moet jy in jou spoor trap; jy is al (herhaal) gewaarsku.
19. Kan jy nie nog (naby) aan my sit nie?
20. Ons het net mooi (tyd) op die stasie aangekom.
21. In die stede word melk (dag) afgelewer.
22. Moenie altyd (tyd) en (ontyd) vir mense gaan besoek nie.
23. Die vyand het (hardnek) weerstand gebied.
24. Die gasheer het die gaste (hart) verwelkom.
25. Ek het my (bloed) vererg vir die ongemanierde seuns.

B. Vertel nog 'n grap wat jy onlangs gehoor het.

46

I. *Vul die regte vorme van* **sou** *of* **moes** *in:* —

1. Jy . . . . saans vroeër gaan slaap.
2. Jy . . gisteraand vroeër gaan slaap het.
3. Môre-aand . . . . . ek vroeg gaan slaap.
4. Eergisteraand . . . . . ek vroeg gaan slaap het.
5. Julle . . . . . darem nie vir my in die steek gelaat het nie.
6. As daar maar net die geringste kans was om hom te waarsku, ... ons jou nooit in die steek gelaat het nie.
7. Ek besef dit was nie mooi van ons nie; ons . . . . . jou nooit in die steek gelaat het nie.
8. Julle my kom wakker maak; anders verslaap ek.
9. Ons belowe, ons . . . . . jou kom wakkermaak.

10. Ons jou kom wakker maak het, as ons nie self verslaap het nie.
11. Ons kon nie anders nie, ons .... die dokter gaan wakker maak het.
12. Ek het my plig versuim; ek ..... die deur gesluit het.
13. Sy .. liewers eerlik gewees het; sy ..... nie gejok het nie.
14. As sy nie bang vir die straf was nie, ... sy nooit gejok het nie.
15. Ek wonder; wat ..... haar bedoeling gewees het?
16. Dit was destyds die reël dat almal om tienuur ..... gaan slaap.
17. Ek regtig nie kon sê hoe sy heet nie.
18. Toe ons maar die hasepad kies.
19. Die dokter maar in die koue opstaan.
20. Ek .. nie graag 'n dokter wou wees nie.
21. Die beskuldigde moes 'n boete van vyf pond betaal.
22. Dit ..... te laat geword het, as ons nog langs die pad tee gedrink het.
23. Ek dink jy ..... die saak oorweeg het voordat jy tot 'n besluit geraak het.
24. Jy ..... ons gewaarsku het dat dit in daardie huis spook.
25. Ek . . so dink dat jy jou sleg gedra het.

II. (*a*) Sy bynaam is Spekkie, **omdat** hy so lekker kan spekskiet.
(*b*) Sy bynaam is Spekkie, **want** hy kan so lekker spekskiet.

Vul in **omdat** *of* **want**: –

1. Dirk is gespierd, ... hy van kleins af swaar gewigte optel.
2. Ons voorgeskrewe boek is baie duur, ... dit bevat 'n aantal illustrasies.
3. Sy hare is so lank, ... hy eerlikwaar nooit 'n kans kry om dit te laat knip nie.
4. Saans bly my ouers liewers tuis, ... my pa uitgeput is as hy van die werk af terugkom.
5. Teen daardie tyd was ons al doodmoeg, ... ons het twaalf myl ver gestap.
6. Daardie skool was baie gewild, ... ook op sportgebied het dit uitgeblink.
7. Jannie was seker van sy saak, ... hy het die kat eers goed uit die boom gekyk.
8. Tevergeefs het ons vir Hettie probeer flous, ... sy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.
9. Sy ouers hou nie van sy nooi nie, ... sy volgens hulle, 'n blote prikkelpop is.
10. Die vakansie het verbygevlieg, ... daar was so veel om te doen en te sien.

11. Ons het voor dooiemansdeur aangekom, ... ons nie 'n afspraak gemaak het nie.
12. Niemand wou hom glo nie, ... hy alte dikwels kluitjies gebak het.
13. Die volgende môre was sy spiere seer, ... hy is nie gewoond aan strawwe oefening nie.
14. Die brief het nooit sy bestemming bereik nie, ... dit was verkeerd adresseer.
15. Die pakkie is in die pos beskadig, ... dit was nie behoorlik verpak nie.
16. Oom Giel het baie jagstories geken, ... hy het verskeie jagtogte onderneem.
17. Die berugte dief is eindelik agter slot en grendel, ... hy het helder oordag by die poskantoor probeer inbreek.
18. Ons bure se tuin is baie netjies, ... hulle bestee baie tyd daaraan.
19. Leila is vandag afwesig, ... sy koue gevat het.
20. As kind het Marie veel trane gestort, ... sy kon nooit somme maak nie.
21. Die moeder was bekommerd oor haar kind, ... dit al so laat was en hy nog nie van die skool af teruggekom het nie.
22. Die skrywer was teleurgesteld, ... die uitgewers het sy manuskrip teruggestuur.
23. Ek voel vaak, ... verlede nag het ek skaars drie uur geslaap.
24. Jy kan hom nie kul nie, ... hy is op sy hoede.
25. Stella het haar kop gestamp, ... sy nie wou luister nie

III.

Gee die regte vorme van die b.nwe. en bywe. tussen hakies:

1. Hy is die (een) persoon wat daartoe in staat sal wees.
2. Hoe (laat) dit geword het, hoe (moeg) het die bergklimmers geword.
3. In 'n (dolleeg) emmer is gewoonlik niks nie.
4. In die (koud) nag moes hulle buite ronddwaal.
5. Hulle woon nie op die (bo) verdieping nie, maar op die (onder).
6. Met dié vangs was ek (tevrede) as met die vorige keer s'n.
7. Watter kafee is die (naby)?
8. Kom sit (effe) (naby) aan my.
9. Oupa is heelwat (doof) as Ouma; van hulle twee is hy dus die (doof).
10. Party verhale in die bundel is (interessant) as die ander.
11. Dis ongetwyfeld die (dwaas) stap wat jy kon doen.
12. Niks ter wêreld kan (moeilik) wees nie.
13. Wat is (lekker) en (geurig) as 'n nooiensperske?

14. Sy is nog (skaam) en (sku) as ooit tevore.
15. Hoe (kaal) jonker, hoe (groot) pronker.
16. Hoe (droog) jy jou afdroog, hoe (goed).
17. Piet is 'n (op) karnallie.
18. Gaan na die (naby) telegraafkantoor.
19. Daardie môre het ons nog (vroeg) opgestaan.
20. Na die oorlog was motors baie (duur) as voorheen.
21. Die waatlemoenkonfyt is op die (bo) rak.
22. Al hoe (snel) het die Fordjie teen die afdraande afgehol.
23. Vanjaar is die kleinvee (maer) as die grootvee.
24. Jan is ongetwyfeld die (fluks) seun in die klas.
25. My (een) ryperd is dood aan papies.

IV.

Verdeel in paragrawe, vul die leestekens in en gebruik hoofletters, kappies en deeltekens waar nodig:

na 'n rukkie hoor hy haar stem agter hom dit lyk dan vir my julle vang nooit vis nie toe hy omkyk sien hy weer haar mooi hare en helder oe party dae gaan dit maar so se hy mens moet maar net geduld gebruik wat sit jy aan vir aas mens vang hier 'n soort vis en die sit jy aan antwoord hy verkoop jy ook vis vra sy ja as ek vang sal jy vir my bring jy weet mos waar ons bly en daar gaan sy en stap saggies en rats oor die rotse heen.

(Uit: *Vuurvlieg en Sterre* deur Van den Heever.)

V.

A. *Maak sinne met:* —
'n Kafferpak; 'n loesing; op sy baadjie gee; taai tameletjies kry; streepsuiker kry; op sy tabernakel gee; uitlooi; platriem kry; laat riemspring; katswink slaan.

B. Watter woorde spel jy dikwels verkeerd?

47

I.

A. (*a*) Waar kry **jy** daardie **ding**? (*Enkelvoud*).
(*b*) Waar kry **julle** daardie **goed**? (*Meervoud*).
Sit om in die meervoud waar moontlik:—

1. Elke aand sit ek 'n warmwatersak in my bed.
2. Hy het 'n groot bedrag verduister.
3. 'n Boesman jag met pyl en boog, maar 'n blanke jag gewoonlik met 'n geweer.
4. Die boer het vir hom 'n nuwe ploeg en 'n nuwe eg gaan koop.

5. Hierdie juk skaaf die os se skof.
6. Daar is 'n verhewe gedagte in die gedig.
7. Maak gebruik van jou geleentheid.
8. Die sekretaris van die debatsvereniging het 'n omsendbrief van die Saamwerk-Unie ontvang dat elke lid voortaan een sjieling aan subskripsie moet betaal.
9. Jou haat en jou liefde moet jy aan niemand toon nie.
10. 'n Politikus is iemand wat van sy tong lewe.

B. (*a*) Die **vrou** en **haar dogter** is albei deftig geklee. (*Vroulik*).
(*b*) Die **man** en **sy seun** is albei deftig geklee. (*Manlik*).

Verander die geslag waar moontlik:—

1. Ons buurman is 'n onderwyser.
2. My vriend is 'n talentvolle sanger.
3. Die prinsipaal van ons skool is bevriend met die orrelis van ons kerk.
4. 'n Bruidegom word deur 'n strooi-jonker en 'n hofknapie vergesel.
5. Die oujongnooi glo nog aan towernaars.
6. 'n Heiden is nooit 'n Christen nie.
7. Die kuiken het op die hen se rug gespring.
8. My swaer was voor sy huwelik 'n wewenaar.
9. Die sekretaris van hierdie vereniging is 'n Jood.
10. Meneer Smit was die eksaminator van die Afrikaanse vraestel.

C. (*a*) Hy is sommer 'n snuiter.
(*b*) Hy is somer 'n **snuitertjie.** (*Verkleining*).

Gee die verkleiningsvorme waar dit pas:—

1. Om die blomtuin is 'n lae heining.
2. Die meid het my spieël gebreek.
3. Onder my speelgoed is daar 'n tang; 'n graaf; 'n byl; 'n saag; 'n tuinslang; 'n skêr; 'n snoeimes; 'n telefoon; 'n strykyster en 'n besem.
4. Om haar arm dra die meisie 'n polshorlosie.
5. Die tekening is deur my neef gemaak.
6. Ek wil nie 'n stuk koek hê nie, maar 'n sny brood.
7. In die voetpad het ek amper op 'n slang getrap.
8. Dié bedrag kon Oom darem vir die plaas betaal het.
9. Die eende swem op die dam.
10. By elke storie in hierdie kinderboek is daar 'n illustrasie.

D. Wat behalwe verkleining word deur die diminutief uitgedruk?

A. (*a*) Sy het skool toe gegaan, **alhoewel** sy siek gevoel *het.*
(*b*) Sy het skool toe gegaan, **hoewel** sy siek gevoel *het.*
(*c*) Sy het skool toe gegaan, **ofskoon** sy siek gevoel *het.*
(*d*) Sy het skool toe gegaan, **al** *het* sy siek gevoel.

Sê op nog drie maniere: -

1. Hy het nie die bus gehaal nie, **hoewel** hy soos die wind gehol het.
2. Ek voel vanmôre vaak, **alhoewel** ek gisteraand vroeg gaan slaap het.
3. Die motor het nie omgeslaan nie, **ofskoon** die binneband op 'n draai in die pad gebars het.
4. Ek sal die niksnut help, **al** kan ek hom nie voor my oë verdra nie.
5. Jan het geslaag, **hoewel** niemand dit verwag het nie.
6. Die inbreker het geen onraad bemerk nie, **alhoewel** ek net 'n paar tree van hom af agter 'n bos gestaan het.
7. Wenda was byna altoos platsak, **ofskoon** haar ouers gereeld vir haar sakgeld gestuur het.
8. Oupa-hulle het nie opgedaag nie, **al** het hulle laat weet dat hulle vandag sou kom.
9. Ons buurvrou gaan dikwels bioskoop toe, **hoewel** sy so doof soos 'n kwartel is.
10. Ek kan my goed voorstel hoe 'n mens in 'n tronk moet voel, **alhoewel** ek nog nooit eers in 'n sel was nie.
11. Die knapie hardloop in die gange rond, **ofskoon** sy pa hom gemaan het om nie te raas nie.
12. Die skurk het tog weer in die tronk beland, **al** het hy hom voorgeneem om voortaan die wet te gehoorsaam.
13. Piet se naels was nog maar swart, **hoewel** die onderwyser hom laat beloof het om dit gereeld skoon te maak.
14. Ek voel nog perdfris, **ofskoon** dit so laat is.
15. Outa Freek is bang vir spoke, **hoewel** hy sê daar bestaan nie so iets nie.

(ii) (*a*) **Alhoewel** sy siek gevoel het, het sy skool toe gegaan.
(*b*) **Hoewel** sy siek gevoel het, het sy skool toe gegaan.
(*c*) **Ofskoon** sy siek gevoel het, het sy skool toe gegaan.
(*d*) **Al** het sy siek gevoel, het sy skool toe gegaan.

Begin bostaande sinne telkens met die vetgedrukte voegwoord: --

III.

Wat is die verskil tussen: --

1. Hy luister na sy pa.
   en: Hy luister vir sy pa.
2. Ek sal aan die opdrag dink.
   en: Ek sal oor die opdrag dink.
3. Hy het my aan ons afspraak herinner.
   en: Ek het my ons afspraak herinner.

4. Pas op vir die diewe.
   en: Pas die diewe op.
5. Hy het vir Jan geslaan.
   en: Hy het na Jan geslaan.
6. Waaroor treur jy?
   en: Oor wie treur jy?
7. Ontmoet my om sewe-uur.
   en: Ontmoet my so teen sewe-uur.

IV.

Beskryf 'n skool- of ander konsert wat jy bygewoon het.

V.

A. *Leer uit die hoof*:—

1. Eet eers wat in jou bord is; jou oë is altoos **groter as jou maag.**
2. Hy **sien** ook nooit **verder as wat sy neus lank is nie.**
3. Nou **lieg** jy darem **dat die stof so staan.**
4. Myns insiens is sy nooi **so lelik soos die nag.**
5. Ek sal jou nie fop nie; **so waar soos padda manel dra.**
6. Ou Gert **rook soos 'n skoorsteen.**
7. Daardie ou skrynwerker **suip soos 'n vis.**
8. My vulpen het **soos 'n groot speld weggeraak.**
9. Toemaar! Daaroor sal ek **swyg soos die graf.**
10. Dit waag ek nie. **Liewer bang Jan as dooie Jan.**

B. *Voltooi die vergelykings*:—

1. As die wind nie waai nie, is die dam **so glad soos 'n** .....
2. 'n Mens kan die klip nie vashou nie; dis **so glad soos** .....
3. Die weergalm van die kanonskote het **gedreun soos** .....
4. Daardie ou Griekwa het byna **so oud soos** ..... geword.
5. Toe die verskrikte jong by my aankom, was hy **so bleek soos die** .....
6. Die son het die swemmer **so rooi soos 'n** ..... gebrand.
7. Daardie nooientjie **pronk soos 'n** .....
8. Sy **sing soos 'n** .....
9. As Piet moet pak kry, **pleit** hy **soos 'n** .....
10. Karel is **so skelm soos 'n** .....
11. Ons het **so stil soos** ..... gesit en luister.
12. Ou Koos het **gehardloop soos die** .....
13. Jy is net **so blind soos 'n** .....
14. Van vrees het die bangbroek **gebewe soos 'n** .....
15. Dit maak nie saak nie; vir my is dit **net so lank soos dit** .....

48

I. *Sit die volgende om in verhaalvorm (indirekte rede), beginnende met:* **-Adoons het uitgeroep** . . . . .

ADOONS: Hulle sê hierdie plaas spook! (*Kyk senuweeagtig rond*). Ek is darem nie so danig bang nie; maar my oorlede mama het altyd gesê as jy beginne bang word, dan moet jy beginne fluit. As die fluit nie help nie, dan moet jy beginne vloek. As die vloek nie help nie, moet jy beginne bid; of in die donker moet jy sterk tabak rook dat die vonke so spat. Maar die beste van alles is om te skree: „Wyk, Satan, wyk!"

SPOOK: (*steek arm deur venster asof hy Adoons wil beetkry*).

ADOONS: (*gril 'n paar maal*): Woer! Waarom kry ek dan nou so 'n koue streep by my rug af! My papa het altyd gesê dis die bang-aar wat daar afloop. (*Begin weer te fluit*). Maar waar bly my basies dan vanaand so laat!

(*Agter die skerms word 'n nare geluid gehoor, soos van iemand wat verwurg word.*)

SPOOK: (*agter skerm*): A-do-ons! A-do-ons! A-do-ons!

ADOONS: (*skrik geweldig; laat bord op vloer val*): Ag vadertjie, waar is my mama en my papa? Ek voel ek moet hulle groet! (*Hy begin geweldig te bewe en probeer al bibberend te fluit op die wysie van „Heer, waar dan heen?"*

SPOOK: (*agter skerm*): A-do-ons! A-do-ons! A-do-ons!

ADOONS: (*val op sy knieë*): Vader help! Dis geen aardse stem wat daar roep nie!"

(Uit: *Die Spook van Verlatenfontein* deur F. W. Boonzaaier.)

II. Die wolke het begin saampak; toe **het ons die kampmandjies maar opgepak en huis toe gery.**

Voltooi onderstaande sinne: --

1. Saans gaan hy bad; dan .. ..
2. Hy het gaan bad; toe .. ..
3. Die vrugtestelers het laat spaander toe . ..
4. Die penpunt het omgekrul toe ....
5. Ons het by Oupa kom sit; toe .. ..
6. Die klokkie sal lui; dan .. ..
7. Help my nou; dan ....
8. As dit voor môre reent; dan ....
9. Ek het my 'n boggeltjie gelag toe . ...
10. Sy voete het onder hom uitgegely toe .....

11. Die nooientjie het gebloos toe .
12. Eers het ons die vuur aangepak; toe .
13. Gaan gou-gou teekamer toe; dan . .
14. Ek sal jou die teken gee; dan . . . .
15. Smiddags gaan ek 'n rukkie rus; dan . ..
16. Ou Wagter het skielik begin blaf toe . ..
17. Die polisie het die fietsryer voorgekeer toe . .. .
18. Toe ek verlede keer op die plaas was, ...
19. Ek sal jou help, maar dan .. .
20. Toe .. ..

III.

Verbind onderstaande sinne met die aangegewe woord(e):

1. (Daarom). Hy het al eerder bedrog gepleeg. Die bestuurder van die firma het hom nie geglo nie.
2. (En tog). Ons het 'n lang droogte gehad. Die dam is nie leeg nie.
3. (Gevolglik). Hy het die kis goed toegespyker. Dit het nie oopgegaan nie.
4. (Nietemin). Hulle het alles in hulle vermoë gedoen om spaarsaam te lewe. Hulle kon nie hulle skuld betaal nie.
5. (Gevolglik). My pa het my ander werk gegee om te doen. Ek kon nie my les leer nie.
6. (Nietemin). Swede het nie oorlog gemaak nie. Swede moes baie ontberings verduur.
7. (Anders). Ons span sal hard moet oefen. Ons sal nie die dorpspan klop nie.
8. (Anders). Maak gou. Jy sal nie betyds klaarkry nie.
9. (Al; tog). Hy is nie familie van ons nie. Hy dra ons belange op sy hart.
10. (Nogtans). Ek kan nie eintlik sing nie. Ek sal my bes doen.
11. (Al). Hy is nie 'n Jood nie. Hy eet nie varkvleis nie.
12. (Maar daarna). Die vergadering is met gebed geopen. Daar het nie 'n mooi stemming geheers nie.
13. (Nogtans). Die geselskap het die Victoria-waterval besoek. Hulle het nie na Rhodes se graf gegaan nie.
14. (En toe). My oom het 'n beroerte gekry. Hy kon nie meer 'n motor bestuur nie.
15. (Nogtans). Die minister het die suikerboere hard aangeval. Hy kon nie sy bewerings staaf nie.
16. (Ewenwel.) Ek sal dit hierdie keer oor die hoof sien. Jy het nie reg gehandel nie.
17. (Dus). Hy ken nie Afrikaans nie. Hy kan nie die betrekking kry nie.
18. (Dus). Daardie hotel kan nie 'n lisensie kry nie. Hulle mag nie drank verkoop nie.

19. (Daarom). My oom het 'n hartkwaal. Hy mag nie bergklim nie.
20. (Tog). Die vee het by hope gevrek. Die boere het nie moed opgegee nie.
21. (Anders.) Jy moet die blomme elke dag water gee. Hulle sal nie mooi groei nie.
22. (Al). Dis 'n baie liewe meisie. Sy is nie baie mooi nie.
23. (En daardeur). Daar was 'n werkstaking aan die gang. Die huis kon nie betyds klaarkom nie.
24. (Daardeur). Hy het die gedig te haastig geleer. Hy kon dit nie vlot opsê nie.
25. (Daarom). Hy het hom vererg. Daar was niks met hom aan te vang nie.

IV.

Verbeel jou dat jy per vliegtuig gereis het van Durban na Kaapstad. Beskryf die reis en jou gewaarwordinge.

Op bygaande illustrasie sien jy o.a. die lug; berge; klowe; valleie; plantasies; 'n dorpie; 'n spoorweg met 'n trein daarop; 'n tonnel en 'n brug; fabrieke; strooise; en bome.

Nog woorde wat nuttig kan wees: lughawe; loods; watervliegtuig; opstyg; neerdaal of neerstryk; tweemotorige; enkeldekker; dubbeldekker; masjinis: telefonis.

V.

A. *Gebruik in sinne sodat die een nie die plek van die ander inneem nie:—*

vertel — beveel; leer - hoor; beteken -- bedoel — meen; woon — leef; geluk — slaag; vertrek — verlaat; laat — maak; kweek — groei; weet — ken; sien - kyk.

B. Op watter maniere kan 'n mens van een plek na 'n ander beweeg?

49

I. (*a*) Die klok **moet, kan, mag, sou, kon, mog, moes** deur die hoofprefek **gelui word.** (*Hulpwerkwoord.*)
(*b*) Die klok **word** deur die hoofprefek **gelui.** (*Teenwoordige tydsvorm.*)
(*c*) Die klok **is** 'n ruk gelede deur die hoofprefek **gelui.** *Verlede tydsvorm.*)
(*d*) Die klok **was** al deur die hoofprefek **gelui,** toe ek die klaskamer binnegestap het. (*Voltooid verlede tydsvorm.*)


S.

Sit om in die lydende vorm: –

1. Niemand sal die storie glo nie.
2. Piet moenie daardie boek lees nie.
3. Jy mag nie die motor bestuur nie.
4. Sannie moes die opstel netjies oorskryf.
5. Niemand kon die sleutels vind nie.
6. Die vrou pak haar man se klere in sy reiskoffer.
7. Danie begrawe sy dooie kanarie.
8. Die son verskroei die blommetjies.
9. Smôrens rangskik Moeder die blomme in die blompotte.
10. Pappie pas ons motor goed op.
11. Ou Jan het nie die tuin geskoffel nie.
12. Die matrikulante het verlede jaar 'n toneelstuk deur C. L. Leipoldt opgevoer.
13. Na die oorlog het Suid-Afrika koring ingevoer.
14. Die Nasionale Pers het „Heilige Beeste" gedruk en uitgegee.
15. Die klerk het my gekul met die suiker.
16. Toe ons daar aankom, het die brandweer die vlamme klaar geblus.
17. Nadat die volk die koeie gemelk het, het hulle gaan eet.
18. Voordat ek vertrek het, het ek my sitplek bespreek.
19. Toe ons die leeu doodgeskiet het, het hy reeds een van ons honde verskeur.
20. Toe ek die aand tuiskom, het my pa al die deure gesluit.
21. Wie sing daardie lied?
22. Wie het daardie lied gesing?
23. Wie moet daardie lied sing?
24. Waar koop jy sulke lelike dasse?
25. Waar kan 'n mens 'n trouer dier as 'n hond vind?

II. (*a*) Hy sê dis moontlik.
(*b*) Hy sê **dat** dit moontlik is.

Herhaal onderstaande sinne met **dat**:—

1. Ek dink dis 'n gawe plan.
2. Ek dink dis 'n gawe plan wat jy aan die hand gegee het.
3. Ek dink dis 'n gawe plan om alle motorfietse in die see te laat smyt.
4. Ria verbeel haar mos sy is wat wonders.
5. Ek dink jy vergis jou.
6. Die kêrel vertel die pad duskant die rivier het erg verspoel.
7. Ons onderwyser het beloof hy sal eendag die hele klas na die sjokolade-fabriek neem.
8. Die volk glo vandag nog dit spook in daardie ou huis.
9. Het jy gehoor die berugte dief het weer daarin geslaag om uit die tronk te ontsnap?

10. Daardie swemmer sê hy het etlike pogings aangewend om die wêreldrekord te slaan.
11. Party mense beweer dis gesond om melk vinnig te drink.
12. Niemand wou glo daardie lui seun is so 'n kranige atleet nie.
13. Oupa vertel, vanmelewe was daar baie springbokke op sy plaas.
14. Ek hoor gister het daar nog 'n inbraak in een van die voorstede voorgekom.
15. Die ou man voorspel, binne 'n paar jaar sal nog 'n groter droogte as in 1933 heers.
16. Ek het in die koerant gelees al die hotelle in Johannesburg is alreeds vir die Paasnaweek vol bespreek.
17. Die verkeerskonstabel het die fietsryers gewaarsku, hulle moenie weer langs mekaar in die strate ry nie.
18. My broer het geskryf, vroeg Saterdagmôre kan ons hom verwag.
19. In die Staatskoerant is aangekondig tot latere kennisgewing sal die prys van druiwe ses pennies per pond wees.
20. Mienie beloof, voortaan sal sy nie so dikwels vloek nie.
21. Dit blyk, die moordenaar het al 'n hele paar keer tevore onder verdenking gestaan.
22. Mammie vra, julle moenie in die huis raas nie, want haar kop is seer.
23. Dis vir my duidelik, julle sal nie daarin slaag om weer vry te spring nie.
24. Ek dink dié keer gaan die vabond aan die pen ry.
25. Die onderwyser reken teen dié tyd behoort die leerlinge nie meer woordorde-foute te maak nie.

III.

(*a*) *Spreek uit*: — **eur** — **uur**:

(*b*) *Lees*:—

1. Steur — stuur; geur guur; beur — bure; humeur — mure.
2. Hy gluur oor die muur en sien sy buurman voor die deur.
3. Onder al hierdie teleurstellings het hy nooit sy humeur verloor nie, net maar 'n suur gesig getrek.
4. In die eerste weke van hulle huwelik was dit alles rosegeur en maneskyn; nou steur hy hom nie meer aan haar geseur en geneul nie.

IV.

VOORSLAG deur A. G. VISSER.

Appelblou skimmel met spierwitte maanhaar —
Dit is die ryperd, die baasperd van my;
Maanhaar en stert soos 'n sybok gekartel
Waar sal ek, Voorslag, jou weerga weer kry?

Vinnig en fyn is hy, rats soos 'n reebok,
Vas op sy pote langs bergpad en krans;
Draf kan hy snel oor die veld soos 'n duiker,
Trippel kân hy soos 'n pronkbok wat dans.

Ek was 'n penkop en hy was 'n jongperd
Met de la Rey het ons stormgeja;
Onder 'n bui van kartetse het Voorslag
My en my maat van die slagveld gedra.

Groot die gevaar en daar veraf die redding,
„Voorslag dit *moet*! Môre voordag weer hier —
Dwarsdeur die nag sonder afsaal of omkyk"
Redding was daar, toe die rooidag lumier.

Sterk die verlange en ver woon die noointjie,
„Voorslag! sal ons twee vanaand dit nog haal?"
„Voorslag! die kleinnooi die kyk of ons aankom".
– Sononder was ons by haar afgesaal.

Gee my 'n ryperd, 'n roer en 'n wildsbok,
En ek beny nie die rykste sy geld;
Vryer en blyer as Vors op die troon is
Voorslag en ek op die eind'lose veld.

(*Verkort.*)

1. Watter woorde gebruik die digter om sy ryperd te beskryf?
2. Waarom het hy sy perd die naam „Voorslag" gegee?
3. Met watter diere vergelyk hy sy perd?
4. Watter twee heldedade het sy perd hom gehelp om te verrig?
5. Hoe weet ons dat hy en die perd albei jonk was?
6. Wat begeer die digter die meeste in die lewe?
7. Waarheen het die digter nà die oorlog gery?
8. Hoe weet ons dat hy haastig was om daar te kom?
9. Gee telkens woorde met min of meer dieselfde betekens **appelblou** met **onderhou: gekartel; pote; dans; afsaal; lumier, roer, blyer, vors.**
10. Soek woorde wat rym met elkeen van die volgende: soos **appelblou** met onderhou: **gekartel; pote; dans; afsaal; sonder; troon.**

V.

(*a*) In daardie huis heers daar **orde.**
(*b*) In daardie huis heers daar **wanorde.**
Gee die teenoorgesteldes: -
1. My boetie is die **stoutste** knapie wat ek ken.
2. Ek het my **regter**-enkel verswik.

3. Hou **regs.**
4. Ek wed jou Pa sal **onthou** om die brief te pos.
5. Hierdie lemoen is **stroopsoet.**
6. My ma se medisyne is **stroopsoet.**
7. Lees jy graag **prosa**?
8. Vanmôre was die strate **leeg.**
9. Meneer X. is 'n **beroemde** man.
10. Hoe laat sal die trein **aankom**?
11. **Meneer** Steyn is regtig 'n **gawe man.**
12. Die **leeumannetjie** het **sy** welpies opgepas.
13. Die pasiënt is **vanaand** weer **erger.**
14. Die ongeluk het 'n entjie **anderkant** die berg plaasgevind.
15. Sondae is ek gewoonlik **ledig.**
16. Is daar nog **nadele** verbonde aan so 'n onderneming?
17. Die span het **die hele** wedstryd net **verdedig.**
18. Kan 'n mens swem wanneer die see **eb**?
19. Ons reis **hierheen** was regtig **voorspoedig.**
20. Die skipbreukelinge het **gehoop** dat hulle gered sou word.
21. Dis 'n **slegte** gewoonte om **nuuskierige** vrae te stel.
22. My **oom-hulle** woon op 'n **afgeleë** plaas.
23. Ons span het die **oorwinning behaal.**
24. Ek het om aguur **aan die slaap geraak.**
25. Wie het die vlag **gehys**?
26. **Hy** skryf baie **netjies**; **sy** skrif **verbeter** by die dag.
27. Dis 'n **ouder**wetse gewoonte daardie.
28. Nou die dag het ek 'n besonder **boeiende** boek gelees.
29. Gaan jy aansoek doen om daardie **tydelike** betrekking?
30. My trui het erg **gekrimp** en is nou te **kort** vir my.

50

I. I.p.v. „**As hy maar 'n boodskap gestuur het,** dan sou alles reg gewees het", kan ons sê: „**Het hy maar 'n boodskap gestuur,** dan sou alles reg gewees het.

Sê op nog 'n manier:—

1. As ek hom gister gesien het, sou ek dit vir hom gesê het.
2. As ons dit kon reggekry het, dan sou ons nie gaan hulp vra het nie.
3. As ek dit maar net geweet het, sou ek hom so nooit as te nimmer in my vertroue geneem het nie.
4. As dit maar net nie so bitter koud was nie, dan sou ons 'n bietjie kon gaan rus het.
5. As die oorlog langer aangehou het, sou die ellende nog erger gewees het.

6. Het Giep se ouers hom strenger opgevoed, sou hy nie so 'n deugniet geword het nie.
7. Was yskaste effens goedkoper, sou ons ook een kon bekostig het.
8. Was julle maar net nie so eiesinnig nie, dan sou julle nooit in die moeilikheid beland het nie.
9. Het ons net nie vir Tielman heelagter laat speel nie, sou ons glad nie so sleg gevaar het nie.
10. Het ek maar na my vader se raad geluister, dan was ek nie vandag in so 'n verknorsing nie.
11. As hy die gevolge kon voorsien het, sou hy sekerlik nie die plan goedgekeur het nie.
12. As ons op vroeë reëns kon gereken het, sou ons baie koring saai.
13. As ek mog saamry, sou ek hom baie dankbaar gewees het.
14. As ek my ouers so vroeg moes verloor het, sou daar miskien niks van my tereggekom het nie.
15. Kon 'n mens hom vertrou dan was dit maklik om hom te help.

II. *Begin telkens met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur die geskikste sin in die B-kolom te kies:--*

A.	B.
1. Die meid het Sondag-middag nooit opgedaag nie, al	(*a*) sy daar nog nooit laat klere maak het nie.
2. Gisteraand het ek vroeg gaan inkruip, ofskoon	(*b*) behoort hy hard te leer as hy vanjaar wil slaag.
3. My ma het nou-die-dag 'n rekening van 'n klere-maakster ontvang, hoewel	(*c*) sy in 'n geselskap nie ba of boe kan sê nie.
4. Danie bring die grootste deel van sy tyd na skool op die sportveld deur, al	(*d*) my huiswerk nog nie klaar was nie.
5. Lenie speel die hoofrol in die toneelstuk, alhoewel	(*e*) het die nooi vir haar gesê om voor vyfuur terug te kom.

III.

(*a*) Hy sê die kinders twis nie.
(*b*) Hy sê **dat** die kinders nie twis nie.
Voeg **dat** *in:* -
1. Hy sê hy hoor jou nie.
2. Hy sê hy kan jou nie hoor nie.
3. Hy glo hy het geen vriende meer nie.
4. Ek is oortuig hy sal nie kom nie.

5. Ek glo vandag nog hy was nie betrokke by die saak nie.
6. Die bibliotekaris sê jy moenie die boek beskadig nie.
7. Hy vertel hy is nie bang vir spoke nie.
8. Sê nou hy dink nie daaraan om die brief te pos nie?
9. Ek vertrou hy sal ons nie in die steek laat nie.
10. Flip glo ons weet nie van sy streke af nie.
11. Ek dink hy skeer nog nie.
12. Hy sê die hond byt nie.
13. My suster skrywe jy moenie vergeet om vir haar 'n portret te stuur nie.
14. Hy sê hy is nie verloof nie.
15. Piet dink Nieu-York is nie groter as Londen nie.
16. Hy vertel mos hy kan nie duik nie.
17. Ek neem aan dis nie uit sy duim gesuig nie.
18. Glo jy hy kan nie swem nie?
19. Hy wil ons wysmaak hy het nog nooit 'n pak slae gekry nie.
20. Dink jy hy sal nie skrik as hy dit hoor nie?
21. Wil jy vir my vertel dis nie jy wat die plan aan die hand gegee het nie?
22. Tante het laat weet sy sal nie met nuwejaar kan kom kuier nie.
23. Die Turkse Eerste-Minister sê hy wil nie oorlog maak met die Russe nie.
24. Die Opposisie dink daar sal nie vanjaar verkiesings gehou word nie.
25. Sê hy regtig hy wil nie voorsitter wees nie?

IV.

Beantwoord die volgende advertensie wat jy in die jongste uitgawe van 'n Afrikaanse koerant gesien het: -

BENODIG.

Aansoeke word hiermee ingewag om die betrekking van motorwerktuigkundige by Meintjes se Garage, Hoekstraat 12, Bloemfontein.

Applikasies waarin volledige besonderhede in verband met kwalifikasies, ondervinding, ouderdom gemeld word, moet die ondergetekende nie later as 10 Julie bereik nie. Tweetaligheid is 'n vereiste. Die salaris verbonde aan die pos is £240 × 15—£300.

J. V. Meintjes.

V.

A. Kyk wie van julle die meeste vrugtename kan opnoem wat met P begin. En die meeste blomname wat met A begin. En die meeste diername wat met B begin.

B. Sit die speletjie voort met ander onderwerpe of voorwerpe.

51

I. (*a*) Moenie so lui **wees** nie. (*Toestand.*)
(*b*) Teen die einde van die jaar **word** 'n mens lui. (*Verandering van toestand.*)
(*c*) Aan die huis **word** getimmer. (*Handeling in die lydende vorm).*

Sê of ons met (*a*) *'n toestand of* (*b*) *'n verandering van toestand te doen het:*—

1. My broertjie wil graag 'n vlieënier word.
2. Wat jy daar sê, kan tog nie die waarheid wees nie.
3. Ek hou nie daarvan om lank siek te wees nie.
4. As jy jou nie oppas nie, sal jy weer siek word.
5. My grootouers word nou vinnig grys.
6. Oor nog 'n paar jaar sal my grootouers heeltemal grys wees.
7. Eindelik het ons moeg geword en omgedraai.
8. Ek wonder wat nog van jou sal word.
9. Die bioskoop sal seker teen halfelf uit wees.
10. Ek hoop dat ek nooit so vet soos sy sal word nie.
11. Vetter as sy kan 'n mens nooit word nie.
12. Jy hoef nie so bang te gewees het nie.
13. Moenie so parmantig wees nie.
14. Neels word darem alte parmantig.
15. Piet het skielik siek geword.
16. Om arm te wees, is darem nie aangenaam nie.
17. Die ou stasiegebou word gesloop.
18. Ons het maar omgedraai, omdat dit begin laat word het.
19. Teen drie-uur vanmôre het ek wakker geword.
20. As Jan nie so sleg gespeel het nie, kon ons die besitters van die wisselbeker geword het.

II. *Spreek uit met die beklemtoning op die regte lettergreep:*—
(*a*) sedert, distrik, gedurende, oninteressante, minister, familie, predikant, telegram, bekend, dialoog, advertensie, subsidie, testament, finansiële, politikus, oorwinnaar, uitsaaikorporasie, aflaai, komponis, departement, kompartement, minister, akademie, seremonie, notule.

(*b*) Ons predikant was voorsitter van die seremonie. Hy het 'n aantal interessante telegramme voorgelees waarin finansiële steun toegesê is aan die onderneming. Ook die regering het 'n subsidie beloof en liggame soos die S.A. Akademie en die Uitsaaikorporasie het hulle belangstelling betuig. Die notule sal voorgelê word aan 'n komitee wat benoem is om verder op die saak in te gaan.

III.

In elke sin moet twee voorsetsels of bywoord(e) op 'n slag ingevul word:—

1. Die berg was ongeveer twee myl ..... die huis .....
2. ..... drie ..... was daar twintig henne in die hok.
3. Omtrent vyf voet ..... die drinkplek ..... het die leeu die bokkie bespring.
4. Dou voor dag het ons ..... die huis ..... vertrèk.
5. ..... vanjaar ..... word die eise hoër gestel.
6. Die hoenders spring nie oor nie, hulle kruip ..... die draad .....
7. Ons het so 'n paar tree ..... mekaar ..... gestap.
8. Toe vlieg hy ..... my ..... soos die wind.
9. Ons het besluit om die volgende dag ..... die berg ..... te gaan stap.
10. Toe sy voet in die stiebeuel gegly het, het hy ..... die perd ..... geval.
11. Een van die vrugtestelers het ..... die boom ..... geval.
12. Die kraagmannetjie het al ..... die sandsloot ..... gesluip.
13. Deur middel van 'n tou het my vriend my ..... die put ..... getrek.
14. Die pad loop vlak ..... die deur .....
15. ..... toe ..... het hy saans vroeër gaan slaap.
16. Teen sononder was ons ongeveer vyftig myl ..... die plaas .....
17. Al ..... die heining ..... het die diewe gesluip, sodat niemand hulle gesien het nie.
18. Gaan jy ..... my ..... na die bioskoop-toe?
19. Dis nou tyd dat jy moet uitkom ..... die water .....
20. Fluit-fluit stap hy ..... die huis ..... tot voor die kaggel
21. Hulle hol ..... die huis ..... en gaan speel buite.
22. Stadig gly hy ..... die gladde wal ..... tot onder by die water.
23. Skaars tien tree ..... hulle huis ..... is 'n bushalte.
24. Op julle terugpad kan julle gerus ..... Oupa ..... stap.
25. Ek wiks julle as julle weer ..... die venster ..... loer.

IV.

Skryf 'n opstel oor: „Die Prefekte (of onderwysers) van ons Skool".

V.

Voor sononder was my werk **kant** en **klaar**.

Voltooi die woordpare:—

1. Die skip het met **man en** ..... vergaan.

2. Die mense het van **wyd en** ... na die bruilof toegestroom.
3. **Eensaam en** ..... woon die ou kluisenaar.
4. 'n Ware vriend sal jou **deur dik en** ..... bystaan.
5. Die handelsreisiger het Suid-Afrika al **kruis en** ..... deurreis.
6. Die vent het **hoog en** ..... gesweer dat hy onskuldig was.
7. Omdat ons hals-oorkop moes vertrek, moes ek maar **raap en** ..... en die klere in my reistas inprop.
8. Van uitgeputheid het ek daardie aand sommer **pens en** ..... in die bed gekruip.
9. Sonder om **te blik of te** ..... het sy my die leuen gestaan en vertel.
10. Die kleinspan het mekaar **pimpel en** ..... geknyp.
11. Na die loesing wat my pa hom gegee het, het die bediende **sak en** ..... verdwyn.
12. Oor dié stap sal jy ..... **of later** tog spyt voel.
13. Ons het sommer **oor dit en** ..... gesels.
14. Van sy **doen en** ..... weet 'n mens bra min.
15. Toe ons met vakansie was, het die inbrekers ons **rot en** ..... gesteel.
16. Alles was **in rep en** ..... toe die brand in die sitkamer ontdek is.
17. Sedert sy vertrek het ons nog **geen taal of** ..... van hom gehad nie.
18. In die vreemde stad het hulle my **van bakboord na** ..... gestuur.
19. Ons het **hot en** ..... gesoek na die verlore dokumente.
20. **So nimmer as te** ..... sal jy daarin slaag om jou broer uit te stof nie.
21. Die hael het die ruite aan die westekant **fyn en** ..... geslaan.
22. **Van heinde en** ..... het geluksoekers na die goudveld toegestroom.
23. **Vir ewig en** ..... het ons van mekaar afskeid geneem.
24. Moenie altoos **lieg en** ..... net waar jy kom nie.
25. Jannie het my **teen wil en** ..... saamgesleep na die bioskoop toe.

52

I. *Herhaal onderstaande paragrawe asof dit lank gelede plaasgevind het:—*

LET OP:—Iets wat reeds gebeur het, word gewoonlik vertel asof jy in die verlede leef, soos hieronder. *Vervang nou die praesensvorme so ver as moontlik deur verlede tydsvorme:—*

SKULDIG OF ONSKULDIG?

In sy bundel kortverhale „Swart Slang" vertel E. B. Grosskopf dat Jack Augustine van plan is om vir Stoernick te gaan vermoor. Hy klim deur die venster, want Stoernick lê smoordronk op sy bed. Versigtigheidshalwe skuil Jack darem nog agter die gordyn, want dalk kan iemand hom van buite sien.

Skielik hoor Jack 'n vloerplank kraak. Op dieselfde oomblik word die deur oopgestoot en hy sien hoe 'n kaffer met 'n koevoet in die hand binnekom. Stadig sluip die kaffer nader en slaan vir Stoernick oor die kop; dan verdwyn hy in die gang.

Terselfdertyd spring Jack Augustine deur die venster, maar buitekant word hy deur 'n konstabel voorgekeer. Hy word geboei en dan na die tronk vervoer om die nag opgesluit te word.

Die dominee kom besoek vir Jack net voor hy gehang moet word, want hy laat die dominee roep. Dan vertel Jack bostaande storie aan hom en wil weet of hy skuldig is aan die moord. Is hy?

II.

A.	B.
(*a*) Toe hy die telegram ontvang het.	(1) as dit mooiweer was.
(*b*) Ons kon Saterdag gaan roei het,	(2) het hy skielik bleek geword.

Moet gelees word: --

(*a*) Toe hy die telegram ontvang het, het hy skielik bleek geword.
(*b*) Ons kon Saterdag gaan roei het, as dit mooiweer was.

Begin telkens met die sin in die A-kolom en voltooi dit deur 'n geskikte sin in die B-kolom te kies.

A.	B.
(*a*) Julle moet eers vir Moeder help,	(1) toe het die poppe begin dans.
(*b*) Die werkgewer sal jou in kennis stel,	(2) het die werkgewer my telegrafies in kennis gestel.
(*c*) Hulle het in een muur 'n blik vol diamante ontdek,	(3) dan kan julle gaan speel.
(*d*) Weet jy	(4) as jou aansoek aangeneem is.
(*e*) Jannie het sy vyand 'n klap gegee.	(5) toe het hy die drenkeling te hulp geswem.
(*f*) Toe my aansoek aangeneem is,	(6) toe die bom ontplof het.
(*g*) Lammertjies blêr gewoonlik	(7) of daar weer 'n sonsverduistering gaan wees?

(*h*) Hy het hom boeglam gekrik,
(*i*) Die lewensredder het die tou gegryp
(*j*) Sand en klippers het op op die dakke neergeruis
(8) toe die ou gebou gesloop is.
(9) toe hy die wit gedaante in die pad sien.
(10) as hulle van die ooie af wegraak.

III.

(*a*) Dis die motor **wat** ons wou koop.
(*b*) Dis die perd **wat** my wou skop.
(*c*) Dis die man **wat** so lekker kan spekskiet.
(*d*) Dis die vent **vir wie** ek kwaad is.
(*e*) Dis die kêrel **wie se** nooi hom die bloupas gegee het.
(*f*) Dis die huis **waarin** ons voorheen gewoon het.

Vul die ontbrekende voornaamwoorde in; ook die nodige voorsetsels:

1. Die man . . vrou die lied gesing het, is gebreklik.
2. Die dame . . . op 'n piesangskil gegly het, het haar enkel verswik.
3. ..... is die man ... . jy gestaan en praat het?
4. ..... is die mense ..... jy loseer?
5. Dis 'n kierie; 'n mens loop ....
6. Sluit die hond . . so blaf in die motorhuis toe.
7. Neem die binneband . . lek na die garage toe.
8. Bring die kind so skree, hierheen.
9. Daar is die bioskoop ons gisteraand gegaan het.
10. Wie se pen is dit jy geskryf het?
11. Is dit Koos ... . jou dit vertel het?
12. Dis die bles hings ... . . ek afgeval het.
13. My broer . . . . . ouer as ek is, wil eendag 'n dokter word.
14. Dis die verkeerde manier . ..... jy daardie som gedoen het.
15. ..... is „Reisigers na Nêrens" geskrywe?
16. Is dit die bril .... jy gesoek het?
17. Hoe gaan dit nou met jou hondjie ..... die voorpoot af is?
18. Hoe gaan dit nou met jou hondjie . . die voorpoot . . . . . af is?
19. Is dit jou woordeboek . . . . die omslag af is?
20. Nee, dis nie my raket . . . . . die snare . . . . . af is nie.
21. Watter ruit is dit . ..... jy gebreek het?
22. Wie is die dame ..... jy gekyk het?
23. Wie is die dame ..... na jou gekyk het?
24. Geld is iets ..... 'n mens niks kan koop nie.
25. Ons nuwe onderwyser is iemand ..... ek sommer baie hou.
26. Hy het sy standpunt verdedig teen die onderwyser se aanval ... .

27. Wat is die rede ....?
28. Hy het na die hoof gegaan ..... hom vreeslik afgesnou het.
29. Hy is baie bang .....
30. Dit sal sekerlik help as jy jou geld ..... voeg.

IV.

A. *Waar het jy die volgende opskrifte gesien?*

Geen parkeerplek.
Hou links.
Oortreders sal vervolg word.
Toegang verbode.
Verbode te rook.
Uiters stadig.
Slegs vir blankes.
Eerste trek.
Te huur.
Hier rus .....
Ry; Stadig; Stop.
Gevaar.
Kom binne. Deur gesluit weens stof.
Staan tou: twee-twee.
Geen deurgang.
Stilte asseblief.
Gevaar. Padverlegging vorentoe.
Verhuis na .....
Ons praat Afrikaans.
Stap hier oor.
Duikweg.
Moenie spoeg nie.
Dag- en Nagdiens.

B. *Noem nog opskrifte wat jy gesien het, en sê waar.*

V.

A. (*a*) Wanneer kan jy van iemand sê: „Hy gooi (maak) sy flikkers êrens" of „Hy lê daar aan" of „Hy sleep daar vlerk"?

(*b*) Wat is „'n trekpleister"?

(*c*) Wat beteken dit „om iemand se hand in die as te slaan" of „iemand droog te sit"?

(*d*) Gee soveel sinonieme uitdrukkinge as jy kan vir: „Hy het lepel in die dak gesteek".

B. Watter ministers is daar gewoonlik?

53

I.

	Bedrywende	*Lydende*
(*a*)	Hulle **neem** die volgende mosie eenparig **aan.**	Die volgende mosie **word** eenparig **aangeneem.**
(*b*)	Hulle **het** die volgende mosie eenparig **aangeneem.**	Die volgende mosie **is** eenparig **aangeneem.**
(*c*)	Hulle **besluit** om die vergadering 'n week uit te stel	Daar (Dit) **word besluit** om die vergadering 'n week uit te stel.
(*d*)	Hulle **het besluit** om die vergadering 'n week uit te stel.	Dit (Daar) **is besluit** om die vergadering 'n week uit te stel.

Sit om uit die lydende vorm in die bedrywende, of omgekeerd:—

1. Hulle plant gewoonlik peerbome in kleigrond.
2. Hulle vra om die antwoord van die som in ponde te gee.
3. 'n Mens kan gou sien dat jy nog nie veel gereis het nie.
4. Die mense glo dat 'n komeet onheil bring.
5. Hierdie osse is almal in die Unie geteel.
6. Die bou van nasionale paaie sal spoedig op groot skaal hervat word.
7. Die staking van hawewerkers is so pas be-eindig.
8. My aandag is gevestig op 'n koerantverslag van my toespraak in Oos-Londen.
9. As 'n mens op 'n knoppie druk, vlie die deur oop.
10. Daar moet erken word dat hy teen die bepalings van die wet gesondig het.
11. In die Provinsiale Raad is daar verklaar dat veel meer onderwysers opgelei word as wat deur die skole opgeneem kan word.
12. Op die vergadering is besluit om 'n nuwe tydskrif uit te gee.
13. Hulle kan my nie blameer nie; ek is onskuldig.
14. Daar word hard gewerk vir die eksamens.
15. Die wetsontwerp is gister vir die eerste maal in die Volksraad gelees.
16. Hierdie bewering is oor die Moskouse omroep gemaak.
17. Daar is bevind dat sy ernstig beseer was.
18. Weekliks word tussen sewe- en agduisend skape in die omgewing van die Kaapse skiereiland verkoop.
19. My is dit meegedeel dat daar ontevredenheid onder die wynboere heers.
20. Op 'n groot vergadering is daar gisteraand in Kaapstad protes aangeteken teen die nuwe wet.

II.

(*a*) Jannie wou nie 'n baadjie gaan aantrek nie, **al was dit baie koud.**

(*b*) Jannie wou nie 'n baadjie gaan aantrek nie, **alhoewel (hoewel, ofskoon) dit baie koud was.**

Vul in **alhoewel, hoewel, ofskoon** *of* **al**: –

1. Die huisvrou het gesit en lees, ... dit tyd was om die ete te gaan voorberei.
2. Die huisvrou het gesit en lees, ... was dit tyd om die ete te gaan voorberei.
3. Die doofstomme kon my nie hoor nie, ... het ek in sy oor geskree.
4. Haar hoofpyn wou nie bedaar nie, sy 'n hele paar pille gesluk het.
5. My oupa loop nog fier en regop, ... hy reeds sewentig jaar oud is.
6. . . . . die boord goed versorg is, het die bome swak gedra.
7. . . . . was hy 'n wyse koning, was sy onderdane nie lief vir hom nie.
8. . . . . het baie bergklimmers probeer om die berg Everest te bestyg, het nog net twee daarin geslaag.
9. . . . . die kluisenaar sy gewig in goud besit, woon hy in 'n eenvoudige hutjie.
10. . . . . was Rex die frisste van die twee stoeiers, het hy die onderspit gedelf.
11. . . . . René baie tingerig is, het sy 'n puik verpleegster geword.
12. . . . . voel jy nou asof jou hart gebreek is, sal jy later toegee dat net jou trots gekrenk is.
13. . . . . kan die ou meid die Tien Geboue opsê, kom sy hulle selde na.
14. . . . . Maria sommer nog 'n bakvissie is, wil sy haar as 'n dame voordoen.
15. Hy kon my nie sê wie die skrywer van „Die Palmboom" is nie, ... het hy die bundel kortverhale 'n week of wat gelede gelees.
16. . . . . dit nog maar Meimaand was, het ons al planne begin beraam vir die Desembervakansie.
17. Ons buurvrou woon elke musiekkonsert by, ... weet sy van musiek so veel soos 'n kat van saffraan.
18. . . . . besit baie mense familiewapens, is hulle nie altyd daarop geregtig nie.
19. . . . . die vyand baie kunsskatte buitgemaak het, moes hulle dit later maar weer teruggee.

20. ..... Piet nog sommer 'n snuiter is, is hy altyd in die geselskap van grootmense.
21. ..... geen ervare ruiter die perd kon tem nie, het die sestienjarige Jannie daarin geslaag.
22. ..... moes die kinders vroeg gaan slaap, het hulle tot laat daardie aand baljaar, want hulle ouers was bioskoop-toe.
23. Die spoggerige kêrel het 'n motor aangeskaf, ... kon hy dit nie bekostig nie.
24. Hy is die opgeruimdste persoon wat ek ken, ... is sy siekte ongeneeslik.
25. ..... my oom besonder lief vir diere is, hou hy tog daarvan om te jag.

III.

Ek het in die tuin gespit, omdat dit gereent het.

(*a*) **Ek het nie in die tuin gespit nie,** omdat dit gereent het. (*Net die hoofgedagte word ontken.*)
(*b*) Ek het in die tuin gespit, **omdat dit nie gereent het nie.**
(*c*) Ek het nie in die tuin gespit nie, **omdat dit nie gereent het nie.**

LET OP: –In die laaste twee sinne word die vetgedrukte gedeelte ontken. **Nie** staan onmiddellik na die ww. (of dié pers. vnw. wat sonder voorsetsels as voorw. dien) en dus voor dié ww.

Onrken die vetgedrukte gedeeltes van die volgende sinne:—

1. Die karnallie het weggekruip, **omdat hy my sien aankom het.**
2. Die vabonde het vertel **dat hy by die leër aangesluit het.**
3. **Omdat dit gereent het,** het ons haastig gegroet en vertrek.
4. My maat het gesê **dat hy lank vir my gewag het.**
5. Ek begryp goed **waarom Meester vir Karel gestraf het.**
6. Ek weet **waar jy was.**
7. **Alhoewel jy my laat skrik het,** geniet ek tog die grap.
8. **Waar daar 'n rokie is,** is daar 'n vuurtjie.
9. **As hy so spog,** kry ek hom jammer.
10. Hy het ons nie gewaar nie, **omdat hy omgekyk het.**
11. Ek is oortuig **dat julle hom 'n streep getrek het.**
12. Ons sal geen beswaar maak **as hy dit voorstel nie.**
13. **As jy jou vol fiemies hou,** sal ek my nie oor jou bekommer nie.
14. Hy het daar ekspres geen woord van gesê nie, **om aanstoot te gee.**
15. Hy loop so stadig, **om my te trotseer.**
16. **Aangesien daar 'n rapport ingekom het,** kan ons die saak nie nou behandel nie.
17. Ek twyfel **of hy dit tog gedoen het.**
18. Vra jy nog **of dit sy is?**

19. Hy maak **of hy dit weet.**
20. **Wie kan hoor,** moet vorentoe kom.
21. Hulle weet **dat ons saamgaan.**
22. **Aangesien die besluit al geneem is,** sal ons geen beswaar maak nie.
23. **Daar hy ingestem het met die voorstel,** is hy ook skuldig.
24. Is jy van plan **om die Van der Merwe's ook uit te nooi?**
25. Doen jy dit **om sommer uit die staanspoor uit in die moeilikheid te kom?**

IV.

Onlangs het die volgende oor 'n bruilof in 'n koerant verskyn:—

„Die bruid het besonder deftig gelyk in haar troutabberd van swaar, wit satyn, gedrapeer by die hals en op die lyfie, met 'n sluier wat in 'n sleep uitgeloop het. Die ruim sluier, vasgeheg met blomme, het mooi afgesteek teen die donker hare van die bruid. Haar ruiker, van rose en varings het die vorm van 'n hoefyster aangeneem.

Die blommemeisietjie, in haar blou tabberdjie, ingeryg by die middel en met rooskleurige strikkies versier, het mooi gepas by die hofknapie in sy swart pakkie en satynbloesie. Hy het versigtig die ring van die bruid op 'n kussinkie gedra.

Ds. C. M. van Waboomspruit het die huwelik voltrek. Na die plegtigheid in die kerk het die vriende in die dorpsaal bymekaargekom. Mnr. I. P., oudste broer van die bruidegom, wat as seremoniemeester opgetree het, het ds. M. eerste aan die woord gestel.

Nadat hy die heildronk op die egpaar ingestel het, het mnr. D. die glasies op die ouers van die bruid laat klink. Mnr. S. het eers die bruidspaar toegesing en daarna was die bruidegom aan die woord. In 'n knap toespraak het hy almal bedank wat daartoe bygedra het om die verrigtings so goed te laat verloop".

Beskryf nou in jou eie woorde 'n trouery wat jy self gesien het.

V.

A. (*a*) Die geweer se **loop** is effens gebuig.
(*b*) Moenie so tydsaam **loop** nie.

Gebruik elke woord in twee aparte sinne om aan te toon dat dit meer as een betekenis en/of funksie het:—

vier; veer; tog; sy; reël; klop; gas; as; laat.

B. *Kies telkens die regte woord:—*
1. Ewe (vier; fier) kom die beskuldigde aangestap.
2. Jy moes 'n dun (boortjie; boordjie) gebruik het om dié gaatjie te boor.

3. O (nee; nie) jy is heeltemal verkeerd.
4. In die storie red 'n (vee; fee) die arme dogtertjie.
5. Die diamant wat ek in die groentetuin opgetel het, was 'n gawe (vonds; fonds).
6. Indiërs is baie lief vir kerrie en (reis; rys).
7. Onder wie se (leiding; lyding) het die ekspedisie gestaan?
8. Gaan trek dadelik skoon (kleure; klere) aan.
9. Moenie weer 'n (leuen; leun) vertel nie.
10. Van opgewondenheid spring hy in die (lug; lig).
11. Die (koel; koeël) het sy hart deurboor.
12. Meet gou-gou die (wyte; wydte) van hierdie kamer.
13. Loop agtermekaar in die (paadjie; paatjie).
14. Die geveg was bloedig en (fel; vel).
15. Ou Flip is (daarom; darem) 'n gawe kêrel!

54

I. (*a*) Jou antwoord vir die som kan nie reg **wees** nie. (*Toestand*).
(*b*) Dit **word** al hoe kouer. (*Verandering van toestand*).

Kies die regte vorm van **wees** *of* **word**:

1. Wanneer sal jy klaar .. ..?
2. Jy behoort trots te .. .. op jou broer.
3. Tiena het regtig 'n mooi nooi ..
4. Pappie is mos nog te jonk om nou al grys te ..
5. Die tuinjong het so astrant .. .. dat ons hom in die pad gesteek het.
6. Kinders behoort gehoorsaam te ..
7. Lettie het 'n regte grensbalie ..
8. Omdat ek begin vaak .. . . het, het ek maar gaan slaap.
9. Henk sê hy gaan eendag 'n joernalis ..
10. Smiddags teen vieruur . .. . dit sommer koud.
11. Daardie verhaal kan nie waar .. . .. nie.
12. Ons behoort teen sewe-uur tuis te .. ..
13. Selfsugtiger as Gert kan geen seun .. nie.
14. Om slordig te .. , is sekerlik nie iets om trots op te .. .. nie.
15. As ek jy was, sou ek nie so 'n skindertong .. nie.
16. Moenie altoos 'n remskoen .. .. nie.
17. Oor 'n week sal die eksamenuitslae bekend ..
18. Wanneer sal die eksamenuitslae publiseer ..?
19. Julle hoef glad nie so bang te .. het nie.
20. Toe die wit gedaante in die pad na my toe aankom, het ek al hoe banger . ..

II. (*a*) Die ou meid het haar boeglam geskrik. (toe). Sy het die wit gedaante in die pad gesien.

(*b*) Die ou meid het haar boeglam geskrik **toe sy die wit gedaante in die pad gesien het.**

Verbind onderstaande sinne deur middel van die voegwoord tussen hakies. Begin telkens met die eerste sin:-

1. Dit was die enigste keer. (dat). Ek het hom in 'n op gewekte stemming gesien.
2. Dit kom my voor. (asof). Metz moet 'n geslepe moordenaar wees.
3. Oom Stefaans wis. (dat). Sy dogter wou baie graag verder studeer.
4. Wat almal hinder is (dat). Ouma wil nog baasspeel.
5. Freek sou tweehonderd pond kry (as). Hy wou hulle die guns bewys.
6. Die boek boei 'n mens al hoe meer (namate). Jy lees verder.
7. Ek het wakker geword (omdat). Iets het by die venster beweeg.
8. Die voëltjie het ontsnap (al). Die koutjie was nog toe.
9. Die stadslewe is oppervlakkig beskrywe (alhoewel). Die verhaal speel in 'n stad af.
10. Oom Tom het hard gewerk (anders). Hy sou ook sy plaas moes verkoop.
11. Jack het gewonder (of). Sy maat sou hom dalk in die steek laat.
12. Martjie sou in die water geval het (as). Roelf het haar nie gegryp nie.
13. Japie se geskiedenis is baie interessant (dog). Dit verdien nie soveel aandag in die verhaal nie.
14. Die speurverhaal is vol handeling (tog). Ek het dit nie geniet nie.
15. Hans Bok was smoordronk (terwyl). Hy het by die murasie vir die spook gewag.
16. Die spoggerige jongkêrel gooi 'n paar esse voor die huis (dan). Hy kyk of die nooi miskien vir hom sien.
17. Sagrys het dadelik gaan wegkruip (toe). Hy het die perderuiter sien aankom.
18. Marta het agter die klerekas weggekruip. Sy kon die tweetjies afluister.
19. Jan het nog gevoel (soos). Hy het op sy troudag teenoor sy vrou gevoel.
20. Herman was baie agterdogtig (nogtans). Ou Lowinski het hom uitoorlê.

III.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:-

Onlangs is ek ook uitgenooi ..... die huwelik van ons buurman se seun ..... Lenie Viljoen. Die bruid het beeldskoon gelyk toe sy ..... die hand van haar vader die kerk binnestap, sodat ek kon verstaan waarom so baie kêrels beenaf ..... haar was.

..... afloop van die kerkdiens, ... vieruur, het almal ..... die stadsaal gegaan om daar ..... die egpaar te wag, want hulle moes eers ..... 'n afnemer ..... die anderkant van die stad. Onmiddellik ..... die afnemery het hulle reguit ..... die saal gekom. Nog nooit het ek soveel mense ..... 'n bruilof gesien nie.

Die spreker wat die heildronk ..... die egpaar moes instel, het gesê dat wat hy gaan vertel, ... skinderpraatjies mag klink, maar hy het nooit gedink dat die bruidegom ..... die bruid sou trou nie, al was hulle so lank ..... mekaar verloof, want as jongman was hy byna elke dag ..... iemand anders verlief en boonop het hy ..... baie ander nooiens vlerkgesleep. Hy het ook teruggedink ..... die keer toe die bruidegom as skoolseun verlief ..... die dominee se dogter was, maar dat sy nie meer ..... hom gehou het nadat haar pa hom een aand ..... sy vrugtetuin betrap het nie; ook het die kinders haar glo te veel ..... Sproetie gespot. Die dominee het hartlik hier-..... gelag; die dominee se dogter, wat ook ..... die gaste was, het net gebloos maar was glo darem nie kwaad ..... die spreker nie.

Toe dit die bruidegom se beurt was om te antwoord ..... die heildronke het hy vertel dat hy ..... kleins- ..... smoorverlief was, ... die bruid maar dat sy eers nie ..... hom gehou het nie, omdat hy te veel sproete ..... sy gesig gehad het. Later het sy glo entjies ..... hom gaan stap en lief geword ..... sy hondjie, totdat hy ook ..... die beurt gekom het; nou het sy belowe om lewenslank getrou ..... hom te bly en goed ..... hom te sorg. Intussen het sy met 'n teer glimlag ..... haar gesig ..... haar man gesit en kyk, asof sy baie trots ..... hom was.

..... die toesprake het die tweetjies ..... die gaste rondgestap en lank stilgestaan ..... die dominee se dogter. Hulle het hulle glad nie ..... die opmerkings van die gaste gesteur nie, want die hele tyd het hulle hand ..... die lyf gestap.

So ..... vyfuur het hulle gaan verklee, want ..... halfses sou hulle ..... motor vertrek ..... Margate. Hulle wittebroodsdae het hulle gedeeltelik daar deurgebring en toe al ..... die kus ..... gereis tot ..... Port St. Johns.

Daelank het die gaste nog gesels ..... die gesellige bruilof en dikwels dink ek nog terug ..... daardie dag, want eenkeer was ek ook verlief ..... daardie vaalhaar nooientjie ..... wie ons buurman se seun getrou het.

IV.

Jou oom het geskryf dat in jou dorp 'n huis te koop aangebied word en hy het gevra dat jy na die huis moes gaan kyk en vir hom laat weet of dit die moeite werd sou wees om dit te kom besigtig.

Skryf nou die brief waarin jy die toestand van die huis, buitegeboue e.d.m. volledig beskryf. Raai hom aan of af om dit te koop en sê of jy reken dis nodig dat hy self na die huis moet kom kyk.

V.

A. *Gebruik in sinne:—*

betyds; op tyd; mettertyd; destyds; toen ter tyd; ten tyde van; te syner tyd; tydelik; tydsaam; tydig; ontydig; bloktyd.

B. Noem die vier windstreke.

C. Watter vloeistowwe ken jy?

55

I. *Sit om in die verlede tydsvorm:-*

1. Een vir een moet die broers boedel oorgee.
2. Hy kyk om na die ou plaas waarvandaan hy wegry.
3. Gedurende die droogte begin die skape vrek.
4. Die ideale verhouding tussen vader en seun ontbreek ongelukkig.
5. Wenda dink terug aan die lewe op Kromburg.
6. Wenda is die tipe wat altyd meer wil hê as wat sy mag hê.
7. Die ouers stel belang in die opvoeding van hulle kinders.
8. Mnr. Castell en sy vrou doen hulle bes om 'n mens op jou gemak te laat voel.
9. Al die inwoners neem deel aan die politieke stryd.
10. Die arme kêrel weet nie wie sy vriend en wie sy vyand is nie.
11. Lida is 'n meisie wat van plesier hou.
12. In Andries steek daar niks goeds nie.
13. Na dertig jaar keer hy terug na sy geboortedorpie.
14. Op die ou end trou Mien nie met Freek nie, maar met 'n ander man.

15. Ek begin van die roman hou.
16. Lukas besluit om sy plan uit te voer.
17. Na baie jare word die skurk tog betrap.
18. Op pad daarheen kom hulle op 'n ongelukstoneel af.
19. Die brief word ongeopend aan Herman teruggestuur.
20. Freek sal tweehonderd pond wen as hy dit doen.
21. Met die hulp van Leonard word die gesteelde skatte opgespoor.
22. Iets tref my in oom Tom, die man wat sy grond so liefhet.
23. Oom Tom bied aan om vir oom Frans te help, sodat hy sy plaas kan behou.
24. Oom Rooi-Stefaans weet dat sy dogter graag verder wil leer.
25. Hannie koester 'n wrok teen die man wat haar altyd onderdruk.

II.

	A.		B.
(*a*)	Toe hy die telegram ontvang het,	1.	as dit net nie gereën het nie.
(*b*)	Ons kon Saterdag gaan roei het,	2.	het hy skielik bleek geword.

(*a*) Toe hy die telegram ontvang het, het hy skielik bleek geword.
(*b*) Ons kon Saterdag gaan roei het, as dit net nie gereën het nie.

Begin met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur telkens 'n geskikte sin uit die B-kolom te kies:–

	A.		B.
(*a*)	As dit vakansie is,	1.	as jy 'n vakansie op 'n plattelandse dorpie moet deurbring.
(*b*)	My plan is om eers te gaan vakansie hou;	2.	dan sal hy vasstel of 'n operasie nodig is.
(*c*)	Kobie was 'n bekende violiste	3.	dan moet hulle later daaronder ly.
(*d*)	'n Mens raak gou verveeld	4.	toe sy op Maasdorp aangekom het.
(*e*)	Die geneesheer sal die pasiënt deeglik ondersoek,	5.	of my klasmaats my oor dertig jaar sal herken.
(*f*)	Toe ons klaar was,	6.	dan wil ek 'n betrekking aanvaar.
(*g*)	Niemand kon raai	7.	is die dorpie stil en verlate.
(*h*)	Ons het geskater van die lag,	8.	wanneer die oorlog sou begin.

(*i*) Party mense maak graag skuld,

(*j*) Ek wonder

9. toe spoggerige Jan in die middel van die straat op 'n skil gegly het.
10. het net die pitte en skille oorgebly.

III.

Spreek uit:—

(*a*) **o — ô — o(o).**

morg — môre — more; sorg — sôre — vore; sog — sôe — slope.

(*b*) **oi — ôi — ooi.**

goiings — gôi — gooi; toiings — nôi — nooi; otjie; hondjie; mondjie; rotjie; afgodjie.

(*c*) **e — ê — ee.**

bed — bêre — bere; wed — wêreld — weelde; kerm— kêrel — keel; skets — skêr — skeer; bles - - blêr — bleek; êrens; nêrens.

gebedjie; portretjie; prentjie; tentjie; presentjie.

(*d*) Daar was 'n vlooi by die nôi in die kooi.

„Goeie môre, my hondjie", het die kêrel vir sy nôientjie gesê.

Die skapies blêr, die sôe ô-ô en die hondjie ie-ie as hulle vir die nôi sien kom.

IV.

Skryf 'n dialoog waarin Plaasjapie en Stadsmeneertjie ieder sy eie lewe verdedig.

V.

A. *Soek al die bywoorde in die passasie (stel 54 iii).*

LET OP:—'n Bw. kan drie dinge doen. Dit kan (i) jou iets vertel omtrent 'n handeling (hoe, waar, wanneer, hoekom, ens. dit gedien is), of dit kan (ii) die inhoud van 'n ander bw. of (iii) van 'n bnw. nader bepaal.

B. *Lei 'n bw. af van elkeen van die volgende woorde en gebruik dit in 'n sin:—*

Huis, gewoonte, groot, môre, dag, self, aand, noorde, kort, slegs.

56

I.

Gee die regte vorme van die woorde tussen hakies:—

1. Ek weet nie of hy kinders van drie (week) of kinders van drie (jaar) bedoel nie.
2. Ons het ses (maand) aan die strand deurgebring en toe weer twee (jaar) sonder onderbreking in die binneland gebly.
3. Die seun het van die (trap) geval en sy (bril) gebreek. Hy was een van die (tweeling).
4. Ons huis was die laaste tyd 'n hospitaal: eers het my klein sussie (masel) en my klein broertjie (pampoentjie) gehad, toe het my moeder gedurig gekla oor (sinking).
5. Hy verdeel sy werkdag in twee (periode) van vier (uur) elk.
6. (Skop) was troewe en Jan het net (skop) aas en (skop) twee gehad.
7. (Ruit) en (hart) is rooi (kaart); terwyl (skop) en (klawer) swart is.
8. Dis al honderd-en-veertig (jaar) gelede dat die (Engels) die land verower het.
9. Daar bestaan 'n mooi versameling (gedig) en ander (geskrif) van die hand van N. P. van Wyk Louw.
10. My oudste broer werk in die (Unie-gebou) in Pretoria. Hy is van plan om in Julie die (Victoria-waterval) te besoek.
11. Daardie kinders het mos geen (harsing) in hulle (kop) nie.
12. In die (middeleeu) was die (Nederland) verdeel in 'n aantal klein (staat).
13. 'n Pond goud is baie goue (pond) werd.
14. Die kis appels het honderd-en-vyftig (pond) geweeg, en byna twee (pond) gekos.
15. Hierdie twee (voorstad) 's in 'n lieflike (omgewing) geleë.
16. Ek kan geen gepaste (woord) vind om (uiting) aan my (gedagte) te gee nie.
17. Op een of ander tyd moes hulle opgekropte (gevoel) in heftige (woord) tot (uiting) kom.
18. Vir môre moet julle die (periode) van 1800 tot 1850 bestudeer.
19. Dis nie goeie styl om sulke verwarde (beeldspraak) in jou (opstel) te gebruik nie.
20. Die (mislukking) van sy planne het hom baie (hoofbreek) besorg.
21. Daar is twee (metodè) om te werk te gaan as jy in sy guns wil kom...

22. Die kosgangers het hard gepleit by die hoof maar tog met die (kous) oor die (kop) tuisgekom.
23. In die (vakansie) speel ek dikwels (biljart) met my twee (neef).
24. Ons moet die (trap) opgaan om by die biljartkamer te kom.
25. Partykeer speel ons ook (kaart). Maar die vorige keer het die (ruit) boer weggeraak, en toe was dit maar 'n gesukkel.
26. Die reisiesbaan is twee (myl) buitekant die stad geleë.
27. Jan het verskillende (rede) gehad vir sy weiering om saam te kom.
28. Ons langste voorspeler staan ses (voet) drie (duim) in sy (sokkie).
29. Nadat die vliegtuig neergestort het, moes hulle (myl) ver deur die woestyn stap.
30. Menige (student) sou (die moed) verloor het onder (so 'n omstandigheid).

II.

Begin telkens met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur die geskikste sin in die B-kolom te kies: –

A.	B.
1. Ek het die verhaal jare gelede gelees, dog	(*a*) hulle wil nie warm klere gaan aantrek nie.
2. Ek is ook na die geselligheid uitgenooi; tog	(*b*) het hy nie wakker geword nie.
3. Die kinders bewe van die koue, dog	(*c*) gaan ek liewers tuisbly.
4. Ons buurman verdien 'n redelike salaris; tog	(*d*) hy kan nie eers vir my op sy skouers tel nie.
5. Die wekker het vlak by sy oor gelui; tog	(*e*) ek kan nie meer die naam van die hoofkarakter onthou nie.
6. My neef is 'n frisgeboude kêrel, dog	(*f*) moet hy voor die einde van elke maand geld leen.

III.

Maak die vetgedrukte gedeeltes van die sinne ontkennend:

1. Vertel my **hoekom dit gesond is om baie vrugte te eet.**
2. Was hy bly **toe hy die telegram ontvang het?**
3. Die onderwyser het besluit **om ons vanmiddag 'n toets te laat skrywe.**
4. **Raai** hoeveel somme ek reg gehad het.
5. Ek het die vakansie geniet, **nieteenstaande dat ek op die plaas was.**
6. **Jy sal gou gesond wees as jy heeldag in die bed bly.**

7. Oom Piet het laat vra of **Pa wil saamry strandtoe.**
8. Die artappelmoere **wat jy wou hê,** het my buurman gekoop.
9. Hy weet nog gladnie **watter vakke hy in Matriek sal kies nie.**
10. **As hy Matriek deurkom,** gaan hy vir 'n ambag leer.
11. **Aangesien die koffer van leer gemaak was,** het hy dit nie gekoop nie.
12. Die motorwedrenne was 'n sukses, **ofskoon een persoon seergekry het.**
13. Ek kan nie verstaan **waarom jy geprotesteer het nie.**
14. Glo **jy dat Piet vir Jan kan ondergooi?**
15. As dit ter sprake kom, moet jy maar maak **asof jy alles daarvan weet.**
16. **Hoewel hy getroud was,** het hy van kinders gehou.
17. My suster het besluit **om haar vinger- en toonnaels te verf.**
18. Die kondukteur het gesê **dat hy die Fouche's in die trein gesien het.**
19. Die Mynhardts dink **dat hulle ons by die konsert sal sien.**
20. **Daar jy op 'n kind kan staat maak,** is die saak nou afgehandel.
21. **Omdat die weer opgesteek het,** het ons vroeg vertrek.
22. Hy wil altyd maai **waar hy gesaai het.**
23. Ma laat vra **waarom Oupa van plan is om te kom kuier.**
24. Die vreemdeling sê **dat ons hom iets te eet en te drink gegee het toe hy eenkeer honger en dors was.**
25. Die jong het die hele tuin omgespit, **sodat daar baie gras kan groei.**

IV.

A. *Skryf in woorde:—*

(i) 7.30 uur; 4; 14; 40; 440; 14e; 40e; 400e; $\frac{2}{3}$; $\frac{4}{5}$; 10.30 vm.; 5.25 nm.; 9.00 vm.; 1,000; 10,000; 100,000; 1,000,000; 1946; 3/130; $2 \times 14 = 28$.

(ii) £25—17—9d. F; 10 ml. 101 jrts. 2 vt. 4 dm.; 78 jr. 9 m. 2 w. 5d. 22u. 27 m. 14s.

B. *Lees in Afrikaans:—*

1. As 'n mens 'n groot granaat in die (half) deursny, is daar twee (halves).
2. As jy die (halves) in die (half) deel, is daar (quarters).
3. As jy die (quarters) in die (half) deel, is daar (eighths).
4. My pa is (forty years) oud; ek is (fourteen) en sy (four).
5. (All of us) was daardie aand poot-uit.
6. (Some) het geskrik, maar die (others) was doodbedaard.
7. Nog net (once) het 'n verkeerskonstabel my voorgekeer.

8. Ek het (twice) pak gekry en Karel (three times).
9. (Few) mense het die vergadering bygewoon.
10. (None of them) wou saamkom nie.

V.

Gee die regte vorme van die woorde of groepe woorde tussen hakies

1. Oom Rooi-Stefaans wis dat sy (een) dogter graag verder wou leer.
2. Dis 'n (elke dag) gebeurtenis dat moorde gepleeg word.
3. Dis 'n (klein wêreld) as 'n mens dink hoe maklik jy van een plek na 'n ander kan gaan.
4. (Iets sterk en edel) tref 'n mens in oom Tom se karakter.
5. Mikro beeld die kleurling se (lief) vir drank uit.
6. Kromburg is 'n (klein dorpie).
7. 'n Mens weet nie wie (jy) vriend of vyand is nie.
8. In Andries steek daar niks (goed) nie.
9. Die (Afrikaans) is 'n gasvrye volk.
10. Ek wil 'n reguit stok het; nie 'n (krom) nie.
11. Op pad (daar) het ons op 'n omgeslaande motor afgekom.
12. Met die (help) van Leonard word die skurk betrap.
13. Aia Martha was haar (een vriend).
14. In (almal) Sophie Roux se romas speel (lief) 'n groot rol.
15. Hy moes later besef dat (lewe) nie so rooskleurig is soos hy hom voorgestel het nie.
16. Party van hulle is fluks maar die (ander) is lui.
17. Hierdie (oud) motor was vier jaar gelede (splinternuut).
18. Ons het 'n week (lede) die nuus verneem.
19. Hardloop gou-gou (huis) en sê vir Mammie dat ek nie vanaand vir ete (huis) sal wees nie.
20. Dit sal seker vanmiddag reent want die lug is (betrek).
21. Die trein was presies twee (uur) laat.
22. Ons gaan nie weer so (lang) vir haar wag nie.
23. Die skelm het twee (Namakwaland) diamante by hom gehad.
24. Dit spyt my, Meneer, ek het my opstel (huis laat).
25. Die (Engels) leer teenswoordig al hoe meer (Afrikaans).
26. Dáár is die bioskoop (waar) ons vanaand wil gaan.
27. Tant Lenie is 'n (kwaad, oud) vrou.
28. (In somer) is die meeste bome lowergroen.
29. Oor drie maande sal ek vyf (pond) in die posspaarbank (het).
30. Koop asseblief vir my ('n pakkie sigarette); ('n dosie vuurhoutjies); ('n botteltjie ink) en ('n pond suiker).

57

I. (*a*) Hulle sing in die skoolsaal. (*Handeling in die teenwoordige tydsvorm.*)
(*b*) Hulle het in die skoolsaal gesing. (*Handeling in die verlede tydsvorm, bedrywende vorm.*)
(*c*) Hy is nog siek. (*Toestand in die teenwoordige tydsvorm.*)
(*d*) Hy was 'n rukkie gelede siek. (*Toestand in die verlede tydsvorm.*)
(*e*) Hy word vandag opereer. (*Handeling in die teenwoordige tydsvorm, bedrywende vorm.*)
(*f*) Hy is gister opereer. (*Handeling in die verlede tydsvorm, lydende vorm.*)

Vertaal:--

1. Some farmers are rich but the others are poor.
2. Some farmers were rich but the others were poor.
3. „Sarie Marais" is being sung on this record.
4. The song has been translated into many languages.
5. She is being trusted by nobody.
6. She is a very interesting person.
7. It has been raining all day.
8. It was raining all day.
9. Is your sister singing in the bath?
10. Sangiro is writing another book on animals.
11. Sangiro was writing another book on animals.
12. A book on lions is being written by Sangiro.
13. A book on lions has been written by Sangiro.
14. Many books were written by Sangiro.
15. Sangiro is an author and a hunter.
16. Sangiro was a hunter.
17. „Uit Oerwoud en Vlakte" has been translated as „The Maanhaar".
18. A book is being written about Sangiro.
19. Sangiro was born in 1894.
20. Sangiro has been painted by Anton Hendrikz.
21. I am longing for my mother.
22. He is reading a detective story.
23. The detective story was written by R. Meiring.
24. It is a very interesting detective story.
25. Detectives stories are usually enjoyed by boys.

II.

Jy moet gaan teemaak, as **die water kook.**

Voltooi onderstaande sinne:—

1. Niemand wis of .....
2. Skielik het die hond my bevlie toe .....
3. Ons sou les opgesê het, as .....
4. Die gehoor het begin gaap toe .....
5. Die barbier het my hare geskeer, dit gekam en toe .....
6. Wil jy nog weet of .....?
7. Sal jy 'n entjie saam met my gaan stap, as .....?
8. Het hy iets gesê toe .....?
9. Dis nog onseker of .....
10. Die piekniekgangers was uitgeput toe .
11. Pa sê hy twyfel of .....
12. Ek kon nie duidelik hoor of .....
13. Die motor sou hom nie omgery het nie, as .....
14. Ek sou daardie boek gekoop het, as .....
15. Jy sal nog betyds wees, as .....
16. My oë het begin brand toe .....
17. Hy het sy hoed afgehaal toe .....
18. As .....
19. Wie kan raai of .....?
20. Toe .....

III.

Vul die ontbrekende voorsetsels in: -

1. Wenda dink terug ..... die Kromburgers.
2. Almal neem deel ..... die politieke stryd.
3. Die familieportrette hang ..... die muur.
4. Mien het tog nie ..... Freek getrou nie.
5. In die verhaal word 'n jonkman, wat ..... Kaapstad woon, beskryf.
6. Sagrys dink net ..... homself.
7. „Buks" is ..... die broers Hobson geskryf.
8. Sy vrou ly al jarelank ..... tering.
9. Oom Soois se broer vry ..... sy dogter.
10. „Verbygerolde Dae" handel ..... die verlede.
11. Engela het verloof geraak ..... Gray.
12. Lalie het ..... haar suster ..... die dorp gaan woon.
13. Hulle swerf dag ..... dag rond om werk te soek.
14. Hy is nie gehoorsaam ..... sy moeder nie en slag ..... slag koggel hy haar uit.
15. Wenda is oorlede ..... dubbele longontsteking.
16. Die skurk is ..... aanklag ..... moord ..... dood veroordeel.

17. Vermenigvuldig ses ... . agtien en deel die getal ..... nege.
18. . .. Oom Tom se gesprek het hy 'n rukkie bedaar.
19. Daar hy siek was, moes hulle maar ..... sy hulp klaarkom.
20. Jim was ander woorde 'n deurtrapte skelm.
21. Almal het gretig uitgesien ... . die bruilof wat .... 'n paar dae sou plaasvind.
22. Die dronklap het ..... 'n spoed van vyftig myl ..... uur ..... die hoek gejaag.
23. Ongelukkig het die burgers nie genoeg ammunisie ..... voorraad gehad nie.
24. Jack het ..... verdenking ..... moord gestaan, maar niemand kon bewys dat hy skuldig daar- ..... was nie.
25. Tien ..... een het sy haar pa nooit iets daarvan vertel nie.
26. Vroeg daardie môre het Ampie ..... die kraal gegaan.
27. Ampie was smoorverlief ..... Annekie.
28. ..... die ou end het hy tog daarin geslaag.
29. Toiings was doodbang ..... Helmet; later was hy smoorkwaad ..... Windbuks.
30. Hy het . Siena verlang, daarom het hy weer ..... haar graf gegaan.

IV.

Vul die leestekens in en gebruik hoofletters en diakritiese tekens waar nodig:—

maar haar geduld was nou op en sy het vinnig asemgehaal jy het daardie vrou hiernatoe gebring herhaal cato jy het betteke tree nader aan haar suster bly stil cato se sy amper sissend deur haar tande ek het vanaand al genoeg verdra van jou verstaan ei nou bly jy stil hoor hoor jy cato tree agteruit en haar mond gaan oop van verbasing hou nou jou mond en moet nie 'n woord meer praat nie nie met my nie en ook nie met anita of iemand anders nie jy was altyd wreed en ongenadig die here sal jou nog straf.

(Deur Esther Maritz in *Die Huisgenoot.*)

V.

A. *Gebruik die regte voorvoegsel,* **(be-, ge-, er-, her-, ver-, ont-):—**

1. Hulle het die dief ...ken aan die merk bo sy linkeroog.
2. Toe het ons mekaar nog nie so goed .....ken nie.
3. Meneer, ek kom net skuld .....ken.
4. Kan jy .. ken dat jy vir hom geskop het?
5. Dit was .....kend dat sy gesondheid al 'n tyd lank swak was.
6. Voor ons ons tente opgeslaan het, het ons eers die terrein goed ...ken.
7. ... .. ken jy nou dat dit jou skuld is?

8. Ons het mekaar jare lank ken voor ons getrouid is.
9. Dis 'n .....kende verskynsel dat 'n moordenaar die toneel van sy moord later weer gaan besoek.
10. Toe ek haar na jare weer sien, het ek haar gladnie meer .....ken nie.

B. *Kies die beste woord*:—
1. Iedereen het met hom (gespot, bespot, verspot).
2. Dit was baie (gespot, verspot, bespot) van hom om so kwaad te word oor 'n kleinigheid.
3. Hulle het hom (gespot, bespot, verspot) om sy lang hare.
4. Dis al jare (gelede, verlede, oorlede) dat my oom (gelede, verlede, oorlede) is.
5. In die (gelede, verlede, oorlede) het dit dikwels voorgekom dat beeste hier spoorloos verdwyn.

58

I. (*a*) Sy oom **is** skatryk. (*Toestand* d.w.s. „skatryk" is 'n eienskap van sy oom.)
(*b*) Sy oom **word** skatryk. (*Verandering van toestand* d.w.s. „skatryk" word 'n eienskap van sy oom.)

Sê of ons in die volgende sinne 'n toestand of 'n verandering van toestand het:—
1. Die kinders in hierdie klas is baie lui.
2. Die kinders in hierdie klas word baie lui.
3. Haar rokkie lyk tog alte mooi.
4. Haar rokkie word al vuil.
5. Gerda is die slimste in die klas.
6. Gerda word moeg van leer.
7. Jou wit broek sal gou vuil wees.
8. Jou wit broek sal gou vuil word.
9. Sy was 'n lang ruk siek.
10. Sy het gister siek geword.
11. Jy moenie kwaad word vir my nie.
12. Koos bly maar kwaad vir my.
13. Ek is alweer verkoue.
14. Ek raak alweer verkoue.
15. Ag, hoekom word die mooi bome afgekap?
16. Kan dit moontlik wees?
17. Kan dit moontlik word?
18. Oupa word met verloop van jare al hoe gryser.
19. My ouers is nog nie grys nie.
20. Op die ou end raak die tweetjies verlief op mekaar.

II.

Begin telkens met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur die geskikte sin in die B-kolom te kies:—

A.	B.
1. Gisteraand het dit begin motreën; daarom	(*a*) het die gehoor nie aandagtig geluister nie.
2. Gisteraand het ons maar liewers nie gaan stap nie, daar	(*b*) het sy altoos in die klas gesit en droom of teken.
3. Lea wou vanaand nie lekkergoed eet nie, daar	(*c*) sy alte graag stories oor ander mense rondstrooi.
4. Die spreker het aanhoudend gehakkel; daarom	(*d*) het ons besluit om maar liewers nie te gaan stap nie.
5. Die motor het omgeslaan, daar	(*e*) sy alreeds haar tande geborsel het.
6. Mev. Smith word 'n skindertong genoem, daar	(*f*) dit onverwags begin motreën het.
7. Lettie kon somme nie verdra nie; daarom	(*g*) sy somme nie kon verdra nie.
8. Lettie het altyd in die rekenkundeles gedroom of geteken, daar	(*h*) die bestuurder veels te vinnig om die draai gejaag het.

III.

Vul die ontbrekende voornaamwoorde (en nodige voorsetsels) in:

1. ..... dink jy? Sannie?
2. ..... dink jy? Die eksamen?
3. ..... het jy baklei? Jan?
4. ..... het jy die tak afgesny?
5. ..... gebruik 'n mens 'n wasvel?
6. ..... het jy geskryf?
7. ..... verlang jy?
8. ..... luister jy? Die musiek?
9. ..... loseer jy?
10. ..... het jy die geld geleen?
11. ..... aard jy?
12. ..... is hy verlief?
13. ..... is „Die Siel van die Mier" geskrywe?
14. ..... het jy gaan kampeer?
15. ..... het julle die slang doodgemaak?
16. 'n Motor is iets ..... 'n mens vandag nie kan klaarkom nie.
17. Hier is die sleutels ..... ons gesoek het.
18. Dis 'n soort verhaal ..... ek gladnie hou nie.


LANDKAART

19. Hy is iemand ..... jy kan staatmaak.
20. Dis my ouers ..... ek geskryf het.
21. Dis die perd ..... ek afgeval het.
22. Wie is die mense ..... ons gaan kuier?
23. Weet jy ..... sy saamgegaan het?
24. Is dit die hoofstraat ..... die botsing plaasgevind het?
25. Dis die verkeerde deur ..... jy geklop het.

IV.

Dis darem 'n deurmekaarspul in hierdie skool. Kyk hoe sit die kêreltjie daar met 'n sigaar in sy hand. En die ander outjie het glad sy kruisbande oor sy kleurbaadjie aangetrek. Kaapstad lê seker in Noord-Afrika, of hoe?

Vertel wat daar nog verkeerd is in hierdie warboel van 'n skool, en sê hoe dit behoort te wees.

V.

A. *Gebruik in sinne:—*

op die been wees; been-af wees; harde bene kou; jou bene dra; been in die lug lê; met die verkeerde been uit die bed klim; iemand op die been help; ou bene maak; sy beste beentjie vooruit steek.

B. Wat sal jy alles saamneem as jy per motor gaan toer?

59

I.

A. *Vertel oor:—*

1. „Ja", het Emma geantwoord. „Hier kan ons nie 'n minuut langer vertoef nie."
2. „Moenie my pla nie", beveel die vader sy lastige seuntjie. „Gaan speel nou".
3. „Nee", verseker sy haar man. „Ek het nie my pa se verjaarsdag vergeet nie; ek het vanmôre vir hom 'n telegram gestuur."
4. Met 'n lang gaap sê Manie: „Ek het glad nie lus om so vroeg môre-oggend saam met jou stasie toe te kom nie".
5. „Trap! Ek wil jou nooit weer sien nie", beveel die nooi haar onbetroubare bediende.
6. „Foeitog", merk die dame teenoor haar man op. „Kyk hoe mishandel hulle die arme diere".
7. „Mag ek hier in die vliegtuig rook?" wou sy weet.
8. „Elsa, moenie vir my staan en jok nie; ek glo tog nie hierdie

stories nie", het die matrone haar verduideliking onderbreek.

9. „Kom hiernatoe; ek het vir jou 'n presentjie", het Pappie vir my gesê, maar ek wis dit was maar net sy plan om vir my te vang.
10. „Gee asseblief hierdie brief aan my moeder", het die gesneuwelde met pleitende oë gevra.

B.

Vertel oor in die indirekte rede, maar begin telkens met die vetgedrukte woorde: --

1. „Ek is platsak en sal dit waardeer as u my nog 'n paar sjielings kan stuur." **Daantjie skryf aan sy ouers** .....
2. „Is dit waar dat daar in 1946 'n agtling in China gebore is?" **Een van die vrae wat hulle my gestel het, was** .....
3. „Oorlog sal nooit weer gevoer word nie, want die wapens is nou te gevaarlik. Of verwag u dat die volkere van die wêreld mekaar tog wil uitdelg?" **Die spreker het sy toespraak afgesluit met die versekering dat** .....
4. „Het u al ooit daaraan gedink waarom ons mekaar soen, en waar hierdie koddige uiting van menslike gedrag vandaan kom?" **Een van die vrae wat A. Blignault aan die luisteraars van Kaapstad af gestel het, was** .....
5. „Soek in die verlede wat goed is en bou daarop julle toekoms." **Een van President Kruger se boodskappe aan sy volk was** .....
6. „By hierdie geleentheid word 'n puik program gelewer deur 'n aantal van die beste kunstenaars (-esse) in ons land; bespreek dus dadelik vir môre-aand se musiekuitvoering." **Hulle het in die koerant adverteer dat** .....
7. „Reeds gedurende die afgelope eeu woed daar 'n stryd tussen die skilder en die fotograaf." **Hans Nel beweer in die Mei-uitgawe (1946) van FILMA dat** .....
8. „Rasper die lemoenskille en laat dit week in die suurlemoensap. Roer die suiker en die wit van 'n eier daarin, klop dit dan deeglik. Smeer die lemoenglasuur oor 'n warm koek." **Die huishoudkundige verduidelik dat 'n mens** .....
9. „Gister was ek by 'n uitstalling van Maggie Laubser se skilderye." **Lenie skryf vir my** .....
10. „Kom jy hiernatoe om te werk of om te speel?" **Die bestuurder vra hom toe** .....

II.

	A.		B.
(*a*)	Toe ek wou gaan bad,	1.	sou ek regtig nie kon sê nie.
(*b*)	Of die berig die waarheid is,	2.	was die water al yskoud.

(*a*) Toe ek wou gaan bad, was die water al yskoud.
(*b*) Of die berig die waarheid is, sou ek regtig nie kon **sê** nie.

Begin met die sinne in die A-kolom en voltooi hulle deur telkens 'n geskikte sin in die B-kolom te kies:—

A.		B.
(*a*)	Ek eet my hoed op,	1. of die polisie daarin sal slaag om die skelm te betrap.
(*b*)	Die perd het hom afgesmyt	2. het die oubaas hulle amper betrap.
(*c*)	Julle moet julle speelgoed bêre;	3. toe die rolprent begin.
(*d*)	Ek twyfel	4. dan tel jy net die ringe om die pit.
(*e*)	Toe die karnallies toktokkie gespeel het,	5. as jy die voël raakskiet.
(*f*)	Hulle moes hulle speelgoed bêre;	6. dan jaag die wagter hulle veld-toe.
(*g*)	As hy duideliker beskryf het,	7. dan moet julle kom eet.
(*h*)	Die lig het stadig verdof	8. toe hy hom met die spore gesteek het.
(*i*)	As 'n mens wil weet hoe oud 'n afgesaagde boom is,	9. sou ek nie so gesukkel het om sy brief te lees nie.
(*j*)	Soggens tel die baas sy skape;	10. toe moes hulle gaan was vir die aandete.

III.

(*a*) *Bewering*: Piet het '**n sigaret** gerook.
Ontkenning: **Dis nie 'n sigaret wat Piet gerook het nie,** maar 'n sigaar.
(*b*) *Bewering*: **Jy** het die bord gebreek.
Ontkenning: **Dis nie ek wat die bord gebreek het nie,** maar Sara.

Maak ontkennend en vul aan met **maar**:—

1. Willie têre alweer **die kat.**
2. My nefie is baie swak **in rekenkunde.**
3. **Jy** het my inkpot omgegooi.
4. **Die onderwyser** het hom 'n blou-oog geslaan
5. Daar is 'n **blou** kol op jou baadjie.
6. Hoekom het jy so **lank** weggebly?
7. Basjan hou baie van **sy suster.**
8. Jy het 'n albaster stilletjies **in jou baadjiesak** gesteek.
9. Ferreira het **eerste** gekom in die klas.
10. **Ferreira** het eerste gekom in die klas.

11. **Bo-op die rand** groei pragtige waterlelies.
12. Hy het **sy hemp** geskeur toe hy in die boom geklim het.
13. Ek het die verslag van die wedstryd **in die koerant** gelees.
14. **Hy** wil alewig dwarstrek.
15. Daar het **masels** uitgebreek in die Hoër-Jongenskool.
16. **Hulle** is vreeslik kliekerig.
17. **Julle** hoef julle nie so aan te stel nie.
18. **Op bladsy** tien staan die gedig voluit.
19. In Indië heers **vanjaar** 'n hongersnood.
20. Die Eerste Minister het **per vliegtuig** na Londen gereis.
21. In die verte kan ek **mielielande** sien.
22. Bo-op die krans staan **'n baken.**
23. Op straat het ek **'n tydskrif** vir twee pennies gekoop.
24. Piet van Blerk het **'n gedig** oor „Die Maanskyn" gemaak.
25. **Elke Woensdag** moet ons 'n opstel skrywe.

IV.

Druk die gedagtegang van die volgende passasie in so min woorde as moontlik uit: -

Hoe ouer ons volk word, hoe ouer die wêreldgeskiedenis word, soveel te meer word die betekenis vir ons duidelik van die Groot Trek, soveel te groter word in die oë van die geskiedenis die heldhaftige manne en vroue wat daaraan deelgeneem het. Hulle name, hulle dade word in die geskiedrolle opgeneem onder dié wat in die herinnering van die mensheid onder die onsterflikes gereken word.

As 'n mens let op die dade en die woorde van die Voortrekkers, dan sou jy sê dat hulle in hul binneste moes geweet het dat hulle groot was, dat hulle die redders was van die Hollands-Afrikaanse nasionaliteit en taal en vryheid, en dat die gevoel hulle die krag gegee het om te doen wat hulle gedoen het; en in plaas van uitgeroei te word deur tienduisende wilde barbare, wondere te verrig en oorwinnaars te bly in die vreeslike stryd teen 'n oorweldigende oormag. Ons is geneig om te dink dat die harte wat so kalm in klein laertjies die aanval kon afwag van die ganse barbaredom, harte moes gewees het wat bewus was dat hulle tot iets groots uitverkore was en dit daarom gerus kon waag.

Maar oomblikke sien ons in hoe vals en onwaar dit is om so iets te dink: hulle het eenvoudig gedoen wat hulle gedink het hulle op die oomblik verplig was om te doen om die vryheid en die bestaan van hul eie klein klompie te red.

(Uit: *Afrikaanse Leesboek* deur Jan F. E. Celliers.)

V. Vertel die inhoud van 'n Afrikaanse boek wat jy onlangs gelees het.

60

I. *Sit om in die Lydende vorm:*

1. D. F. Malherbe het „Hans die Skipper" geskryf.
2. André Huguenet het „By die Meulstroom" opgevoer.
3. Wie het „Hamlet" in Afrikaans vertaal?
4. Die skoliere versier die saal vir die geselligheid.
5. Hettie sing 'n liedjie.
6. Mevrou Gie jaag haar meid weg.
7. Die wasmeid stryk die wasgoed.
8. Besoek baie mense die uitstall'ng van skilderye?
9. Lê die burgemeester nog môre die hoeksteen van die nuwe hospitaal?
10. Julle moet die reëls gehoorsaam.
11. Die polisie sal alle medepligtiges arresteer.
12. Jakkals het vir wolf uitoorlê.
13. Ons leërs het die vyand verslaan.
14. Anna moet die skottelgoed was.
15. Niemand kan die spreker hoor nie.
16. Nêrens sal jy 'n goedkoper wasmasjien kry nie.
17. Elke dansparty woon die Smits by.
18. Jy moet jou sitplek 'n maand voor die tyd bespreek.
19. Toe ons daarvan hoor, het die eienaar alreeds daardie huis verkoop.
20. Voordat hy getrou het, het hy alle reëlings klaar getref.
21. Moet ons die opstel nog skryf?
22. Kan niemand hierdie blokkiesraaisel oplos nie?
23. Wie kan dié gewig optel?
24. Het die verkeerskonstabel jou gewaarsku?
25. Nooi julle nie vir Piet-hulle uit na die geselligheid toe nie?

II.

(*a*) **Ofskoon.** Ek was vaak. Ek kon nie aan die slaap raak nie.
(*b*) **Ofskoon** ek vaak was, kon ek nie aan die slaap raak nie.

Begin onderstaande sinne met die voegwoord:—

1. **Sedert.** Ek het die spookstorie gelees. Ek droom elke nag daarvan.
2. **Omdat.** Dit is gebruiklik. Mans haal hulle hoede af as hulle iemand groet.
3. **Hoewel.** Ek het al baie grappe gehoor. Ek kan nie nou aan 'n goeie dink nie.
4. **Indien.** 'n Mens versorg jou tande van kleins-af. Sal jy nie alte gou kunstande hoef te koop nie.

5. **Daar.** Die meid is ernstig siek. Die huisvrou moet nou self die huis aan die kant maak.
6. **Tensy.** Dit reent môre. Ons sal by die dam gaan kampeer.
7. **Mits.** Dis môre mooiweer. Die toernooi sal plaasvind.
8. **Al.** Dit het gistermiddag gereent. Dis vandag snikheet.
9. **Sodra.** Jy slaag daarin om die blokkiesraaisel op te los. Jy moet dit vir my kom wys.
10. **Voordat.** Sy neef het die ongeluk gehad. Hy was 'n kampioen-tennisspeler.
11. **Hoe . . . hoe.** Jy maak die werk eerder klaar. Jy kan eerder gaan rus.
12. **Toe.** Die seuntjie was in die hospitaal. Sy ouers het dikwels vir hom gaan besoek.
13. **Aangesien.** Die klerk se salaris is verhoog. Hy kan nou sy kinders beter laat aantrek.
14. **As.** 'n Inbreker raak aan die brandkas. 'n Klokkie lui in die bestuurder se huis.
15. **Hoekom.** Hy het dit gedoen. Ek weet nie.
16. **Ofskoon.** Jannie se ouers het hom dit verbied. Hy peuter gedurig met elektriese drade.
17. **Nadat.** Die drenkeling was op vaste grond. Die lewensredders het kunsmatige asemhaling toegepas.
18. **Vandat.** Die dogtertjie se mangels is uitgehaal. Sy lyk baie gesonder.
19. **Toe.** Die klok het gelui. Die leerlinge het begin rondskuif.
20. **Deurdat.** Die dorpenaartjie het vergeet om die buikgord vas te maak. Die saal het afgegly.

III.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:—

1. ..... twee .. .... het die hele klas geslaag.
2. Piet lyk .... sy vader en tog aard hy ..... sy moeder.
3. Hy sal jou nie ..... die steek laat nie, jy kan .... .. hom staatmaak.
4. Uiteindelik is die berugte misdadiger ..... heterdaad betrap.
5. Sy ontbyt bestaan gewoonlik net .... roosterbrood en melk.
6. 'n Jagter behoort hom nooit onnodig .... gevaar bloot te stel nie.
7. Dis gewoonlik die dommes wat nie hulle aandag ..... die werk kan bepaal nie.
8. Jeanne en haar broer het .... hulle voog op die plaas gewoon.
9. ..... dié tyd was Elsa nie meer ..... haar positiewe nie.

10. Om toe-oé te tik, is . my vuurmaakplek.
11. Dag ..... dag moet die koeie gemelk word.
12. Toe ek verneem het dat ek geslaag het, was ek ..... my noppies.
13. Moeder sê dat sy haar die hele tyd ..... ons bekommer het.
14. Die kinders het ..... hartelus in die huis baljaar.
15. Ek vertrou ..... jou dat jy my nie ..... die steek sal laat nie.
16. Jy kan net twee boeke ..... 'n slag leen.
17. Hy het my ..... voorbaat vir die gunsie bedank.
18. Geen winkelier stuur lekkergoed . . .. sig nie.
19. Waarom moet 'n mens hom gedurig ..... sy plig herinner?
20. Die behoeftige kinders moet .. boeke voorsien word.
21. Die gepeupel het . .. . vryheid, gelykheid en broederskap gestrewe.
22. Die speurder het die misdadiger ..... die litteken .. .. sy gesig herken.
23. Die ongeluk was .. . wyte ..... die beskonke bestuurder.
24. . .. . slot . .... rekening is Afrikaans tog nie so moeilik nie.
25. Of ons nog môre gaan piekniek-hou, hang net ..... die weer ....

IV.

Skryf 'n opstel getitel: „Wonderlike karakters in ons dorp (stad)".

V.

'n **Poging** word aangewend; **skade** word berokken; die **doodvonnis** word voltrek; iemand moet **getuienis** aflê.

Gee selfstandige naamwoorde wat by onderstaande werkwoorde pas: —

1. Wie sou die ..... gepleeg het?
2. Waarom sou hy die ..... teen jou koester?
3. Op die ou end moes die vyand maar die ..... delf.
4. Verkeerd! Jy het die ..... misgeslaan.
5. Jy kan nie kopuittrek nie; jy moet jou ..... nakom.
6. Na 'n ruk moes die swakker bobbejaan maar die ..... blaas.
7. Vertrou jou vriende; moenie altyd . . . koester nie.
8. Na 'n rukkie het ek met die vreemdeling in die kompartement 'n ..... probeer aanknoop.
9. Sal jy so gaaf wees om vir my 'n .... te bewys?
10. In die hoë gras het die jagters die . . .. byster geraak.
11. Hy moes maar self opsnork want niemand wou hom ..... verleen nie.

12. Die bankklerk het in die tronk beland, omdat hy ..... verduister het.
13. Praat tog sin; moenie gedurig ..... praat nie.
14. Voor 'n mens gaan vakansie hou, behoort jy eers ..... te tref vir losies.
15. Watter ..... sou die kwaaddoeners nou weer smee?
16. Voor 'n minister sy amp kan aanvaar moet hy eers 'n ..... van getrouheid aflê.
17. Onderwysers verdra nie leerlinge wat graag (witv.) ..... soek nie.
18. Kan jy miskien 'n beter plan aan die ..... gee?
19. Het jy al jou rekening ..... ?
20. Klere was na die oorlog peperduur want die ..... het gestyg.
21. Toe klere weer volop was, het die ..... gedaal.
22. Daardie voorstel het algemene ..... gevind.
23. Die beskuldigde is ter ..... veroordeel.
24. In die wildernis is die Voortrekkers aan baie ..... bloot-gestel.
25. 'n Mens behoort jou volle ..... aan jou werk te skenk.

61

I. (*a*) (Gister.) **Dis** baie koud.
(*b*) **Gister was dit** baie koud.

Begin telkens met die woord(e) tussen hakies:

1. (Vandag.) My jongste broertjie ondergaan 'n operasie.
2. (Gister.) My jongste broertjie ondergaan 'n operasie.
3. (Môre.) My jongste broertjie ondergaan 'n operasie.
4. (Gisteraand.) Die hoenders word deur my versorg.
5. (Nou-die-dag.) Die polisie dagvaar 'n verdagte inbreker.
6. (Oor twee weke.) Die skool sluit vir die wintervakansie.
7. (Vanmelewe.) Daar's baie springbokke op Oupa se plaas.
8. (Onlangs.) Ons bring 'n aangename vakansie aan die strand deur.
9. (Binnekort.) Ek kom vir jou kuier.
10. (Sedert die oorlog.) 'n Groot omwenteling op die gebied van ons industrieë vind plaas.
11. (Vanmôre.) Ek wens my sussie geluk met haar verjaarsdag.
12. (Môre-oggend.) Ons gaan dou voor dag opstaan om kus toe te vertrek.
13. ('n Week gelede.) Hulle het mekaar nog baie lief.

14. (Aanstaande maand.) Ek het **genoeg geld om my skuld te** betaal.
15. (Destyds.) Ons moet die reis per ossewa aflê.
16. (Sedertdien.) Klein-Piet skiet nog nie weer spek nie.
17. (Sedert daardie dag.) Hy neem hom voor om nooit weer kluitjies te bak nie.
18. (Toe.) Die vrugtestelers lê rieme neer om nie gevang te word nie.
19. (Kort daarna.) Ons ry weer eendag by die spookhuis verby.
20. (Naaseergister.) Ek sien Jannie met Hannie praat.
21. (Gedurende die droogte.) Baie boere raak bankrot.
22. (Môre-aand.) Ek het die nodige bewyse in my besit.
23. (Eersdaags.) Die eksamenuitslae is bekend.
24. (Vroeër.) Die knaap wil nooit alleen gaan slaap nie.
25. ('n Ruk gelede.) My hond word baie siek.

II.

Hy sou sy rieme styfgeloop het, as **hy gewaag het om my te klap.**

Voltooi onderstaande sinne:—

1. Waarom het jy hom nie gevra of .. .. ?
2. Die motor het omgeslaan toe . .. . .
3. Hennie sou geslaag het, as .. ..
4. Hy steek 'n patroon in die geweer, vat korrel en toe .....
5. Toe dit so droog was, ...
6. As jy my gehelp het, ...
7. Of dit die waarheid is, ...
8. Hy het die gehoorbuis opgetel; toe ....
9. Het jy al gehoor of ....?
10. Piet sou nooit die geld verloor het nie, as .....
11. Die perd het skielik geskrik toe .....
12. Ek wonder of .....
13. Ek weet regtig nie of . . .
14. Die kosgangers sou gaan piekniek hou het, as .. ..
15. My suster het haar boeglam geskrik toe ....
16. Hy het die brief opgevou, dit in die koevert gesteek en toe .. . ..
17. Vra gerus maar, as ....
18. As .....
19. Toe .....
20. Of .....

III.

Gee die regte vorme van die b.nwe. tussen hakies:

1. Vrydagmiddae voel ek baie (moeg) as op Maandae.
2. Het jy al van die (bo) duikplank afgeduik?

3. Hoe (ver) 'n mens stap, hoe (dors) word jy.
4. Dis nie 'n (laag) muur nie maar 'n (hoog).
5. Dis nie 'n (klein) seuntjie nie maar 'n (groot)
6. Pappie is die (een) persoon wat ek sal vertrou.
7. Giep is regtig die (snaaks) persoon wat ek ken.
8. (Laf) as Giep kan geen mens wees nie.
9. Hoe (eers) jy begin blok, hoe (goed) sal dit wees.
10. Dit was die (een) keer wat ek gejok het.
11. Die (nuut) motor is net so vuil soos die (oud).
12. Sit tog (ver) van my af; sit liewers (naby) aan jou ma.
13. Die (goed) stuurlui staan gewoonlik aan wal.
14. My speelgoed is tog (nuut) as joue.
15. Die pryse by daardie winkel kan nie veel (billik) wees nie.
16. In die (vroeg) môre het ek 'n (verdag) geluid gehoor in die kamer.
17. Dit was 'n (goed) poging wat jy aangewend het om die rekord te slaan, maar jy kan nog veel (goed) doen.
18. Was jy al by die (Pietermar'tzburg) Voortrekkermuseum?
19. Hoe (donker) dit geword het, hoe (bang) het ek geword.
20. Ek het 'n perdjie, hoe (ver) hy ry, hoe (kort) word sy stertjie.
21. Moenie (nuut) klere aantrek nie; dra jou (oud).
22. Ons moes (buite) stap om te gaan kyk waarvoor die honde blaf.
23. Dis die (vies) wat ek nog ooit vir ou Gawie gesien het.
24. Met die jare raak Oupa al hoe (geboë).
25. Hier is die strate betreklik (breed) en (reguit) as in die middestad.

IV.

AS DIE OLIEBRONNE NOU UITGEPUT RAAK?

Die stof wat egter die **meeste** aangewend word as **kunsmatige** brandstof, is alkohol. So 'n plaasvervanger moet in groot hoeveelhede berei kan word teen ongeveer die koste van die **natuurlike.** Daar moet dus genoeg grondstowwe wees waaruit dit vervaardig kan word.

Die **beste** grondstof waaruit alkohol vervaardig kan word, is aartappels. Maar aartappels kan soveel **voordeliger** aangewend word as voedsel vir mens en dier. Daar moet dus na **ander** grondstowwe gesoek word.

Die **geskikste** grondstowwe vind ons in sekere gras- en graansoorte, asook in die afvaldele van sekere **sagte** houtsoorte wat in ander nywerhede gebruik word. Hierdie stowwe word na 'n voorbehandeling aan 'n gistingsproses onderwerp, waardeur die koolhidrate daarvan omgesit word in alkohol. Uit

hierdie alkoholhoudende produk word alkohol verkry deur distillasie.

Daar is baie ander grondstowwe, maar in die meeste gevalle is die eindproduk so **duur** dat dit nie winsgewend is nie. In ons eie land is daar ook al proefnemings met baie stowwe gemaak, maar die resultaat was nog nie so **bevredigheid** dat die produk met die **ingevoerde** kon kompeteer nie. Maar die **belangrike** saak is hier vir ons dat wanneer ons nie daardie natuurlike produk aan ons kuste gelewer kry nie, ons dan in 'n betreklik **kort** tydjie genoegsaam van ons eie brandstof moet kan vervaardig om ons ekonomiese lewe aan die gang te hou. Ons Brandstofnavorsinginstituut hou hom met hierdie saak besig.

(B. C. Schutte: *Olie, die Swart Goud.*)

1. Watter stof kan gebruik word as die oliebronne van die wêreld dalk opraak?
2. Wat is die vernaamste vereiste(s) vir so 'n plaasvervanger van olie?
3. Wat is die beswaar teen die gebruik van aartappels?
4. Wat kan in plaas van aartappels gebruik word?
5. Hoe word alkohol daaruit gehaal?
6. Wat word in Suid-Afrika in dié opsig gedoen?
7. Wat sal ons moet doen wanneer ons nie meer olie kan invoer nie?
8. Waarom?
9. Watter soorte brandstof gebruik ons daagliks?
10. Gee telkens die teenoorgestelde van die vetgedrukte woorde.

V.

Parys is die hoofstad van **Frankryk.** Die inwoners van **Parys** is **Franse.**

Vul die ontbrekende woorde in:—

1. Rome is die hoofstad van . . . . Die meeste inwoners van . . is . . . . . .
2. Berlyn is die hoofstad van . . . . . Die meeste inwoners van . . . . . is . . . . . .
3. Wenen is die hoofstad van . . . . . Die meeste inwoners van . . . . . is . . . . . .
4. Sofia is die hoofstad van . . . . . Die meeste inwoners van . . . . . is . . . . . .
5. Moskou is die hoofstad van . . . . . Die meeste inwoners van . . . is . . . . . .
6. Dublin is die hoofstad van . . . . Die meeste inwoners van . . . . is . . . . . .
7. Teheran is die hoofstad van . . . . . Die meeste inwoners van . . . . . **is** . . . . . .

8. Kopenhagen is die hoofstad van . . . . Die meeste inwoners van ..... is .....
9. Oslo is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
10. Nieu-Delhi is die hoofstad van .... Die meeste inwoners van ..... is .....
11. Ankara is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
12. Tokio is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
13. Warschau is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
14. Batavia is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
15. Brussel is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
16. Athene is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
17. Ottawa is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
18. Madrid is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
19. Washington is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....
20. Parys is die hoofstad van ..... Die meeste inwoners van ..... is .....

62

I.

(*a*) Het jy hom nie uitgenooi **om** die geselligheid by **te** woon nie?
(*b*) Ek het nooit **te** kenne gegee dat jy onnosel is nie.
(*c*) Dit het so teen sewe-uur **begin reent.**

Vul in **om te, te,** *of niks*:

1. Sy weet nie hoe ..... brei nie.
2. Sonder ..... dink, sê ek toe die verkeerde woord.
3. Ek voel lus ..... gaan slaap.
4. Dis 'n skande ..... dink dat hy so gou die vermanings vergeet het.
5. Sy het my probeer ..... wysmaak dat spinnekoppe ag oë het.
6. Moenie vergeet ..... stem nie: Jan moet hoofpriefek word.

7. Dis hope dat ons hulle tweede span sal klop.
8. Julle behoort nie so hard vir haar ..... gelag het nie.
9. Dis aan Wolraad Woltemade ..... danke dat veertien skipbreukelinge gered is.
10. Moenie alweer begin ..... kla nie.
11. Waarom het jy nie gisteraand opgedaag nie? Ons was jou ..... wagte.
12. ..... so te sukkel, laat 'n mens lus voel ..... vloek.
13. Deur ..... vloek het hy die werk nie ligter gemaak nie.
14. ..... oordeel na sy skrif is hy uiters slordig.
15. In plaas van ..... werk, het ons maar gaan speel.
16. Daarna wis hy nie wat ..... sê nie.
17. My rug is so seer dat ek nie weet hoe ..... lê nie.
18. My sleutels was nêrens ..... vind nie.
19. Ek het hom probeer ..... uitoorlê, maar hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie.
20. Toe hulle ouers weg was, het die kinders in die huis ..... kere gegaan.
21. Jy hoef nie dink ek sal jou van die lekkergoed gee nie.
22. Dis 'n winkel waar daar ..... kies en ..... keur is.
23. Nêrens kon ons 'n domkrag ..... leen kry nie, toe moes ons die motor maar optel.
24. Dit sal jou niks baat ..... stry nie.
25. Jy behoort nou ..... begin ..... hersiening te doen.

II.

Hy het gedruip. (Al, ofskoon). Hy het hard gewerk.

(*a*) Hy het gedruip, **al** het hy hard gewerk.

(*b*) Hy het gedruip, **ofskoon** hy hard gewerk het.

Verbind onderstaande sinne eers met die eerste en daarna met die tweede voegwoord tussen hakies. Begin telkens met die eerste sin:—

1. Ek sal jou help (as, mits). Jy vra my op 'n mooi manier.
2. Die motor het omgeslaan (dog, tog). Geneen van die insittendes is beseer nie.
3. Die elektrisiën het gomlastiekhandskoene aangetrek (dus, sodat). Dit was veilig om aan die elektriese drade te raak.
4. Jan sal nie slaag nie (en, nòg . . . nòg). Fanie sal ook nie slaag nie.
5. Pappie het al sy tande laat uittrek (want, omdat). Die dokter het hom dit aangeraai.
6. Ek hou niks van daardie skilderstuk nie (al, alhoewel). Dis deur 'n vername kunstenaar geskilder.
7. Ons het vinnig gehardloop (dog, tog). Ons het nie die bus gehaal nie.

8. My neef se gesig is geskend (want, daar). Hy het pokkies gehad.
9. Jy moet tuis bly (anders, òf . . . òf). Ek moet tuisbly.
10. Ons moes vroeg opstaan (want, aangesien). Ons moes voor tienuur daardie môre honderd-en-vyftig myl aflê.
11. Hy het die handrem getrek (derhalwe, sodat). Die motor kon nie teen die afdraande afhardloop nie.
12. Niemand het ooit weer van die outa gehoor nie (want, sedert). Hy het verdwaal.
13. Die knapie het in die skip weggekruip (dog, tog). Hy is nooit ontdek nie.
14. Die dame het eerder gesetter as skraler geword (al, ofskoon). Sy het daelank gevas.
15. Sy blindederm het hom gepla (maar, dog). Hy was te bang vir 'n operasie.

III.

I.p.v. „Dit was nie in die kamer wat hy geslaap het nie, maar onder die bome", kan ons sê: „Nie in die kamer nie, maar onder die bome het hy geslaap" of „Hy het nie in die kamer geslaap nie, maar onder die bome".

Sê op nog 'n manier:—

1. Dit was nie die meid nie, maar die jong wat ons kom waarsku het.
2. Dis nie jy wat geblameer sal word nie, maar ek.
3. Dis nie die haan wat ons geslag het nie, maar die hen.
4. Dis nie in die aand wat hy hom verslaap het nie, maar in die môre.
5. Dis nie vir my wat jy die geld skuld nie, maar vir my kamermaat.
6. Pa het nie in Johannesburg oorgebly nie, maar in Germiston.
7. Ek het Sondag nie twee briewe geskryf nie, maar 'n halfdosyn.
8. My neef is nie aan Lenie verloof nie, maar aan Bettie.
9. Koos het nie 'n gedig gemaak nie, maar sommer 'n rympie.
10. Ons het nie per motor gereis nie, maar per fiets.
11. Die kneg het die tuie nie in die waenhuis gebêre nie, maar in die stal.
12. Dis nie 'n kolestoof wat ons het nie, maar 'n elektriese.
13. Ou Pieta speel nie vandag heelagter nie, maar driekwart.
14. In die Boland boer ons nie met skape nie, maar met vrugte
15. Die boere word nie ryk nie, maar darem welvarend.
16. Dis nie die vyand wat hulle gebombardeer het nie, maar hulle eie mense.
17. Jy moenie vir my 'n speld bring nie, maar 'n naald.

18. Dis nie 'n Pierneef wat ek wil koop nie, maar 'n Wenning.
19. Ek sal nie vanjaar vir Junior-Sertifikaat skryf nie, maar miskien ander jaar.
20. Perskes pluk 'n mens nie in die winter nie, maar in die somer.
21. Dis nie die eerste keer wat ek dit sê nie, maar die honderdste.
22. Dis nie die petrol nie, maar die olie wat gedaan is.
23. Die wind kom nie van die suide nie, maar van die suid-weste.
24. Dis nie 'n leuen wat hy vertel het nie, maar 'n grappie.
25. Dis nie 'n regte telegram wat hy gekry het nie, maar 'n riemtelegram.

IV.

Skryf 'n telegram aan die ouers van jou beste vriend (in) uit om hulle mee te deel dat hy (sy) ernstig siek is en dat hulle na hom (haar) moet kom kyk.

V.

A. *Kies telkens die juiste woord en gebruik die ander in 'n sin:—*
1. Omdat ek hard geleer het, het ek in die eksamen (geslaag, geslag).
2. Ons moes die perd huis toe (lui, lei, ly).
3. Dit was 'n (lang, lank) ruk voor die brandweermanne die vlamme geblus het.
4. Hoeveel (present, persent) het jy in die toets behaal?
5. Hoeveel (Afrikaanse, Afrikaans) boeke het jy al gelees?
6. Ongelukkig was die winkels (dan, toe) al gesluit.
7. Pa wil weet (waar, waarheen) jy gaan.
8. Die hoeveelste het hulle (getroud, getrou)?
9. Hy het sy hemp 'n winkelhaak (geskeer, geskeur).
10. Hoeveel (maal, mal) het jy dieselfde storie vertel?
11. Het hy (vergeet, verkeerd) om die hek toe te maak?
12. Die beskuldigde het (herken, erken, beken) dat hy die diefstal gepleeg het.
13. Die (dowwe, dowe) ou man is deur die motor omgery.
14. Die (miere, mure) van die stal het omgeval.
15. Die skape (wy, wei) in die vlei.

B. *Kies telkens die regte woord:—*
ken, weet, kweek, groei, noem, roep, tuis, huis toe, almal, alles.

1. Dis al laat, kom ons gaan maar .....
2. Na die reën het die gesaaides vinnig begin .....
3. Die arme mense het ..... verloor in die droogte.
4. Wat ..... 'n mens daardie soort blom?
5. Nee, ek ..... regtig nie hoe die ou kêrel heet nie.
6. Dis etenstyd; gaan ..... gou vir jou pa.

7. . . . jy daardie mense al lank?
8. Ons kan nie ..... saamgaan nie; iemand moet tuisbly.
9. Watter soort vrugte ..... die boere in die Boland?
10. As jy vanaand ..... is, moet jy luister na die praatjie wat om nege-uur uitgesaai word.

63

I.

Begin:—„'n Eienaardige reeks inbrake is in Johannesburg gepleeg. Gewoonlik is . . ."

'n Eienaardige reeks inbrake word in Johannesburg gepleeg. Gewoonlik word die bontste verskeidenheid goed gesteel — dit verskaf die speurders van Marshall-plein al hoe meer hoofbrekens.

Sersant Le Grange betrap 'n venter, O'Hara, wat goed in sy besit het. Dit kom ooreen met die ware wat die vorige week gesteel is. O'Hara word in 'n sel gestop, maar word dieselfde nag so ernstig siek dat hy voor die dag breek, beswyk.

Die oorsaak van sy dood bly 'n geheim, behalwe dat sy regterhand geswel lyk. Die speurders ondersoek die pakkie sigarette wat by O'Hara lê; dit bring aan die lig dat iemand daarmee gepeuter het.

'n Spinnekop word in die leë sel langsaan ontdek; dan kom die speurders tot die gevolgtrekking dat iemand die spinnekop in die pakkie moes versteek het.

Die skuldige is blykbaar die rekenmeester wat vir Bless en Kie. boekhou: Jonson. Die speurders betrap hom dan ook werklik dat hy valse kwitansies uitreik vir goed wat nie in Bless en Kie. se voorraad voorkom nie.

Le Grange laat agtervolg die man wat die briewe uit die private posbus kom afhaal. Dit voer hom na die huis in Turffontein, waar blykbaar elke aand 'n groot aantal mans vergader om na die radio te luister.

Die huis word elke aand dopgehou, totdat Le Grange op 'n aand 'n boodskap ontvang dat die mense hulle voorberei om die huis in twee motors te verlaat. Hulle volg die motors tot by die groot pakhuis in Jeppe, waar hulle die nege inbrekers verras en, na 'n skietery, in hegtenis neem.

Toe Le Grange na Jonson, die rekenmeester van Bless en Kie., se kamerwoning gaan, om hom in hegtenis te neem, ontdek hy dat Jonson vermoor is.

(Gewysig uit *Die Brandwag*.)

II.

Voorsien die regte Afrikaanse woord vir dié tussen hakies:—

1. Niemand weet (when) die gat in die petroltenk geslaan is nie.
2. (When) die motor omgeslaan het, was die baba vas aan die slaap op die agterste bank.
3. (When) ek skaars twaalf jaar oud was, het my pa vir my leer motor bestuur.
4. 'n Mens moet sorg dat jy eers die enjin aansluit, (then) moet jy die aansitter trap.
5. 'n Kaiser het ek die eerste keer gesien (when) ons daardie naweek in Durban was.
6. Ek wonder (whether) dit waar is dat die Smits 'n nuwe model gaan aanskaf.
7. Die handelsreisiger het eers met 'n Ford rondgereis; (then) het sy maatskappy vir hom 'n Dodge gegee.
8. (When) ek in die eksamen geslaag het, kon ek uit my vel spring.
9. Werk maar net 'n bietjie gereelder (then) sal jy speel-speel slaag.
10. (If) die bestuurders (then) maar net nie die remme getrap het nie, sou die motor nie omgeslaan het nie.
11. (If) die ou net nie so besope was nie, sou hy nie omgery gewees het nie.
12. (When) oorlog gevoer word, verminder die waarde van geld gewoonlik.
13. (When) die volkslied gesing is, het almal op aandag gestaan.
14. (When) die lug betrokke is, kan 'n mens reën verwag.
15. (Whether) dit sal reën, is moeilik om te voorspel.
16. Almal hou hulle asem op, die koorddanser voltooi die toertjie en (then) begin die toeskouers uitbundig handeklap.
17. Smôrens tel baas Fanie die skape, (then) vra Toiings hoeveel makeer.
18. Visser was al bejaard (when) hy sy minneliriek begin skryf het.
19. Die twee hekse het al tien minute lank gebrand (when) die kardinaal bygekom het.
20. Die kardinaal het op sy knieë neergeval; (then) het hy om vergifnis gebid.

III.

Vul die ontbrekende voorsetsels in:

1. As ons ..... 'n taal dink, dink ons ook ..... die uitspraak daarvan. Ons dink nou ..... Hollands.
2. Die volgende dag is die kaffer beskuldig ..... die moord ..... Theunissen.
3. Die Italiaanse taal is ryk ..... vokale.

4. Jy moet ..... daardie man luister.
5. Die seun van die Spanjaard het ..... haar verliefd geraak.
6. Skielik het hy iemand nader ..... hom sien kom.
7. Hy het ..... die plattelanders gespot.
8. Ek dink dikwels terug ..... die dae toe ek nog skoolgegaan het.
9. Dawid het ..... sy getroude dogter gebly.
10. As ons ..... klein kindertjies praat, moet ons eenvoudige taal praat.
11. Claassens het meer ..... die geluk van sy oom gedink as ..... sy eie geluk.
12. Hulle huis is ..... 'n ryk Amerikaanse gesin verhuur.
13. Hy was onbewus ..... die wêreld ..... hom.
14. Ons kan die saak ..... twee maniere beskou.
15. ..... die eerste paar weke van die jaar kan dit daar baie warm word.
16. Toe hy bedwelmd was, was hy onbewus ..... wat ..... hom gebeur.
17. Jannie lyk baie ..... sy neef.
18. Hy is ..... diefstal ..... sy betrekking ontslaan.
19. Later is hy weer ..... sy betrekking herstel.
20. In sy verbittering het hy haat ..... alle mense gekoester.
21. ..... hierdie manier sal jy dit nooit regkry nie.
22. ..... sportgebied is hy nog onoortroffe.
23. Deur sy groot liefde ..... Annie het hy sy lewe ..... gevaar blootgestel.
24. Ons hedendaagse ridders verskil baie ..... die middeleeuse ridders.
25. Hy is nie ..... staat om ..... Afrikaans uitdrukking te gee ..... sy gevoelens nie.

IV.

Die busdiens waarvan jy moet gebruik maak, is in meer as een opsig onbevredigend. Lug in 'n brief aan die redakteur van 'n koerant jou gevoelens hieroor.

V. *Vertaal in Afrikaans*: —

1. As he did not turn up, I went home.
2. Everything went black before my eyes.
3. All the land has been washed away.
4. It will be the first time that we go on a holiday without my father.
5. How many times have you climbed the mountain already?
6. I wrote you thrice, but you did not even answer my letter once.

7. On the one hand it is a good thing to fast, but on the other hand it is unhealthy.
8. Mr. B. apologised that he had been so hard on Lenie.
9. How many marks do you think you will get for the twenty lines that you wrote?
10. We left Cape Town at nine o'clock last night and have only just arrived here.
11. She became very cross with me when I teased her. My grandfather suddenly became very gray. My eldest brother became a minister.
12. No, I don't know that man at all.
13. Chris came first and Willie last in the race.
14. Let us go for a swim and after that we can have a bath.
15. We got a very stiff English examination paper.
16. When my father becomes cross he is very hard on us.
17. Very soon an old man came to sit with us in our compartment and every now and again he would try to start a conversation.
18. The two of you must do your best to improve your Arithmetic.
19. This morning we shall have a swim, this afternoon we shall play a game of tennis and this evening we can go to the bioscope.
20. Children should love their parents but it is not necessary for them to fall in love with other people's children.

64

I.

(*a*) In: „Piet het belowe dat hy huis toe sou kom", word **sou** gebruik ter wille van die harmonie met **het belowe.**

(*b*) In: „Hy sou beswaar gemaak het, as hy aanwesig was", help **sou** om te kenne te gee dat die handeling nie plaasgevind het nie.

Sê wat die krag van die hulpwerkwoord **sou** *in die volgende sinne is:—*

1. Teunis het gesê hy sou (of sal) môre kom.
2. Teunis sou my nie teleurgestel het as hy nie siek geword het nie.
3. Sou jy vir my 'n plesier wou doen?
4. Ek sou graag wou weet hoekom die Van der Merwe's nie hulle brug wil heelmaak nie.

5. Sou jy vir my kan sê hoeveel vyfmaal negentien is?
6. Ek sou so dink!
7. As hy nie betaal het nie, sou ek hom vervolg het.
8. Sou dit waar wees dat Bettie Lombard ander week gaan trou?
9. Wat sou jy gedoen het as jy in my plek was?
10. Jy sou nie gesond gewees het as jy nie kasterolie gedrink het nie.

II.

(*a*) Die moeë man het die hele middag geslaap, (al). Die vlieë het hom gepla.

(*b*) Die moeë man het die hele middag geslaap, **al het die vlieë hom gepla.**

Verbind onderstaande sinne met die voegwoord tussen hakies. Begin telkens met die eerste sin:—

1. Die vlei is die ene blomme. (omdat). Dit het onlangs gereent.
2. Die vlei is die ene blomme, (want). Dit het onlangs gereent.
3. Vader sê, (dat). Ons gaan nie meer aanstaande naweek Warmbad toe nie.
4. Ons kan môre per fiets waterval-toe ry, (mits). Dis mooi-weer.
5. Die atleet doen sy bes, (dog). Hy kan nie daarin slaag om die rekord te slaan nie.
6. Anton sal slaag, (want). Hy is 'n baie getroue skolier.
7. Sarie se klasmaats hou van haar, (al). Sy is so 'n terggees.
8. Jy moet gou eers die blomtuin natspuit, (dan). Jy kan weer gaan speel.
9. Oupa en Ouma het nog gryser geword, (sedert). Ek was verlede keer met vakansie by hulle.
10. Die seun het nie die bad skoongemaak nie, (nadat). Hy het gebad.
11. Ouers het hulle kinders lief, (al). Hulle is soms stout.
12. Ek skryf maar weer vir jou, (alhoewel). Jy het nog nie my jongste brief beantwoord nie.
13. Ek wou „Ampie" lees, (dog). Dis nie in die biblioteek nie.
14. Celliers was 'n landmeter, (daarom). Hy het die Afrikaanse landskap goed geken.
15. Toiings het hom verbeel, (dat). Hy was skreculelik.
16. Pa wil weet, (hoekom). Jy het nie die motor gepolitoer nie.
17. Ons sal moet aanstaltes maak, (voordat). Die laaste bus vertrek na die stad.
18. Die bome sal bot en bloei, (sodra). Warmer dae breek weer aan.
19. Jy moet my net roep, (as). Jy het enige hulp nodig.

20. Ek het hom dit 'n paar keer gewys, (tog). Hy kón nie die knoop regkry nie.
21. Die inbrekers het ware ten bedrae van £500 gesteel, (toe). Die eienaars van daardie huis was in die bioskoop.
22. Ek het 'n hele ruk aan die deur geklop, (dog). Niemand het oopgemaak nie.
23. Die tuinier spit die beddinkies om, (dan). Hy hark die grond gelyk.
24. Dit was al laat, (nogtans). Ons moes die verdwaalde skaap gaan soek.
25. Wenda het haar vinger beseer (dus). Sy kon nie skryf nie.

III.

Spreek uit sonder **n** *maar gedeeltelik deur jou neus*: –
LET OP: By deftige woorde word die **n** wel uitgespreek.

1. gans; kans; saans; kanfer; gons; dons; spons; Adoons; pens; trens; grens; mens; teenspoed; eensaam; kunstig; lunsriem; Martiens; gedienstig; Franse.
2. Ons sal môre 'n kans kry om te proe hoe gansvleis smaak.
3. Stefaans laat 'n mens grens as hy vertel van al die teenspoed wat hulle teenswoordig deurmaak.
4. Martiens verstaan die kuns om sommer op te dons.

IV.

Beantwoord die vrae na aanleiding van die prentjie op die teenoorgestelde bladsy: —

1. Mense wat goed op strate verkoop, noem ons .....
2. Tot watter ras behoort die straatventers op hierdie prentjie? Waaraan kan jy sien?
3. Hoe is die mans aangetrek?
4. Wat dra die verkoopster oor haar kop? Wat het sy aan haar arms? Watter soort skoene het sy aan?
5. Wat bied hierdie venters alles te koop aan?
6. Watter soort hondjie is daar by die dames?
7. Wat dra die dame met die swart rok aan haar arm?
8. Wat noem jy mense wat te voet loop?
9. In 'n stad loop die mense nie in die straat nie maar op die .....
10. Wat sien jy alles op die agtergrond?

V.

A. *Druk die volgende gedagtes deurmiddel van spreekwoordelike uitdrukkinge uit*:—

1. Moenie moed opgee nie: al is hy nog so stadig, sal hy ook nog klaarkom (os).


JANSEN MODE

2. As 'n mens sulke groot moeilikhede kan oorwen, sal jy die laaste ook nog kan baasraak (stert).
3. Ek is gladnie bang vir jou nie (Dawid).
4. In die donker kan 'n mens nie goeie werk doen nie (konkelwerk)
5. Dit help nie om die saak te verbloem nie (doekies).
6. Hy onderneem te veel dinge gelyk (hooi).
7. Dit maak geen indruk nie (hond).
8. Hy het 'n lelike flater begaan (bok).
9. Ons het hom lekker gefop (tuin).
10. Hy is nie vatbaar vir verbetering nie (salf).

B. Beskryf volledig wat jy sal doen as jy jou vinger diep gesny het.

65

I. *Kies* **is** *of* **word:**

1. Gedurende die vorige oorlog ..... sekere artikels teen baie hoë pryse verkoop.
2. Onlangs . . daar 'n meidjie met twaalf vingers gebore.
3. Voordat klere gestryk ... .., ... dit eers gewas.
4. Ek was ongeveer elf jaar oud toe Oupa oorlede .....
5. . .. . die tee gemaak, of moet dit nog gemaak ....?
6. Die kiekies wat gister by die piekniek geneem ....., ... môre ontwikkel.
7. Die akkertjie wat vanmôre omgespit ....., sal seker vanmiddag beplant ....
8. My ma was ongelukkig nie tuis toe die gawe nuus ontvang . nie.
9. Smôrens die koeie gemelk, daarna .... die melk afgeroom.
10. Daar . ... nog steeds beweer dat die trein veiliger as die vliegtuig . . ..
11. As die vlag gehys ....., moet almal stil wees.
12. Alle diamante wat gevind ....., moes aan die speurders oorhandig ....
13. Luister goed: As die fluitjie geblaas ....., moet almal stormloop.
14. . daar Afrikaanse boeke, wat al vertaal ....?
15. Onderwyl die name afgelees . .. ., moet almal doodstil wees.

B. *Sit om in die Bedrywende vorm:—*

1. Gister is ek deur die polisie voorgekeer, omdat ek nie by die verkeerslig gewag het nie.

2. Deur wie word die toespraak vanaand gelewer?
3. Toe ons die blomme wou gaan natgooi, het die jong dit al klaar gedoen.
4. Het iemand julle plekke vir die konsert bespreek?
5. Niemand vertrou haar nie.
6. Nou-die-dag het ons buurman 'n paar diewe in sy boord gewaar.
7. Voordat Toiings met Griet getrou het, het nooi Miemie vir Dawid opgepas.
8. Alle burgers moes die sensusvorms voor die tiende invul.
9. Kon niemand die blokkiesraaisel oplos nie?
10. Het dr. Venter toe jou ma opereer?

II.

(*a*) Glo jy dat ek 'n leuen sal vertel?
(*b*) Glo jy **dit** dat ek 'n leuen sal vertel?
(*c*) Soek die sleutel ..... waar jy dit verloor het.
(*d*) Soek die sleutel **daar** waar jy dit verloor het.

Voeg telkens 'n gepaste woord in die eerste gedeelte van die sin in:—

1. Kan jy ..... glo dat dit al 'n jaar gelede is?
2. Ek glo ..... dat dit by die spruit spook.
3. Twyfel jy ..... dat Koos eerste sal kom?
4. Sit die brief ..... waar 'n mens dit maklik kan raaksien.
5. Dink ..... dat dit jou laaste kans is.
6. Ek belowe jou ..... dat ek dit nie weer sal doen nie.
7. Sy bekommer haar ..... dat ons nie genoeg te ete sal kry nie.
8. Jy moet jou skaam ..... dat jy so onbeskof was.
9. Ek praat nou ..... dat jy so 'n lawaai opgeskop het.
10. Gaan staan ..... waar ek vir jou gewys het.
11. Sy lieg ..... dat sy vir my om sesuur geroep het.
12. Ek glo nie ..... om kinders te slaan nie.
13. Oom Hans het belowe ..... om my saam te neem Bosveld-toe.
14. Jy sal die horlosie kry ..... wanneer jy in Junior-sertifikaat geslaag het.
15. Ek sê dit ..... omdat jy so lui is om te leer.
16. Jy moet die valletjie wegsteek ..... dat die muis dit nie sien nie.
17. Hulle het mekaar net ontmoet ..... waar die twee paaie kruis.
18. Ek sal jou die koerant gee ..... wanneer ek daar self klaar mee is.

19. Sy het gehuil ..... omdat ek haar 'n taai klap gegee het.
20. Loop nou reguit ..... waarnatoe ek jou stuur.
21. Loop nou reguit ..... waarheen ek jou stuur.
22. Hulle het al lankal besluit ..... dat hulle nie na die vergadering sal kom nie.
23. Ek het my ernstig voorgeneem ..... om 'n nuwe blaadjie om te slaan.
24. Nou lag hulle ..... dat hulle bang was.
25. Moenie praat ..... dat ons twee so 'n plan het nie.

III.

Voeg bymekaar wat bymekaar hoort:—

A.

1.	Piet het in geskiedenis geslaag maar	(*a*)	hy nie van spinasie hou nie.
2.	Danie het al sy kos opgeëet, alhoewel	(*b*)	in rekenkunde het hy dit nie gemaak nie.
3.	Jy moet versigtig wees. Anders	(*c*)	het ek nie geskrik nie.
4.	Ek het so iets verwag. Daarom	(*d*)	sal die glas nie heel bly nie.

B.

1.	Albertus Serfontein het nie beroemd geword nie, daar	(*a*)	het die hael nie alles verwoes nie.
2.	Albertus Serfontein het nie beroemd geword nie, want	(*b*)	het hy nie vinnig geloop nie.
3.	Die boere het glad geen oes verwag nie. Nogtans	(*c*)	hy nie 'n uitstekende digter was nie.
4.	Fanie het nie te laat gekom nie, al	(*d*)	hy was nie 'n uitstekende digter nie.

C.

1.	Dit is 'n mooi toneelstuk, hoewel	(*a*)	sal ek nie toegee nie.
2.	Die toneelstuk is sleg gespeel. Nogtans	(*b*)	het ek geen simpatie met hom nie.
3.	Hy soebat van die môre tot die aand en tog	(*c*)	dit nie goed gespeel is nie.
4.	Hy was eiewys. Dus	(*d*)	is dit nie 'n swak stuk nie.

IV.

Jy moet inleier of teenstander wees van 'n debat oor: „Eksamens behoort afgeskaf te word".

Kies jou kant en teken jou argumente op.

V.

Kies die gepaste woord in elke sin; gebruik die ander in sinne:—

1. Omdat ons te haastig was, kon ons hom geen (help, hulp) verleen nie.
2. Die dametjie (wat, wie) in die straat gegly het, is baie hoogmoedig.
3. Bereken die (grote, grootte) van die kamer.
4. Party kinders is nog wakker, maar die (anders, ander) is al vas aan die slaap.
5. (Watte, watter) boek is joue*!*
6. Wie die (laste, laaste) lag, lag die lekkerste.
7. Dié (eie, eier) smaak vorentoe.
8. Dit sal jou niks baat om 'n (leuen, leun) te vertel nie.
9. My (swaar, swaer) is die man van my suster.
10. Gaan (haal, hael) gou die perde.
11. Vanjaar is die koeie (maar, maer).
12. Die (lug, lig) is vandag betrokke; ons kan reën verwag.
13. Waar is jou (ma, Ma)?
14. Die trein het om (sewe uur, sewe-uur) vertrek.
15. Saterdagmiddag het ons 'n lang (end, ent) gaan stap.
16. Ek het my (regte hand, regterhand) beseer.
17. Na ek lank moes wag, was dit (eintlik, eindelik) my beurt om 'n skoot af te vuur.
18. Trek jou (klere, kleure) uit; hulle is sopnat.
19. Sy is 'n (liewe, liewer) kind.
20. (Nie, nee), ek weet nie waar jou fiets is nie.

66

I.

A. *Gebruik onderstaande bywoorde in sinne:*

selfs, stilletjies, egter, orals, elders, kort-kort, huiswaarts, fluit-fluit, skrams, effentjies.

B. *Kies telkens die juiste bywoord:*

voorwaarts, soontoe, tevergeefs, eersdaags, geensins, gelyktydig, langsaam, onbeskof, nouliks, darem.

1. Al sy pogings om die speurders om die bos te lei, was . . . .
2. Jou skrif is spoggeriger as myne, maar . . . . . duideliker nie.
3. „Fantasia" word by die bioskoop vertoon; kom ons gaan . . . . . .
4. Moenie jou voor die dames so . . . . gedra nie.
5. Op die ou end het Gert . . . . . in die eksamen geslaag.

6. 'n Mens kan jou die verwoesting deur die atoombom veroorsaak by Bikini-Atol ..... voorstel.
7. Moenie omdraai nie; stap .....
8. Al het Piet 'n paar tellings na Koos weggespring, het hulle darem ..... die wenpaal bereik.
9. Moenie so . . soos 'n ou tannie praat nie.
10. Ek bewe al, want ..... begin die eksamen.

II.

(*a*) Hy het hoofpyn gehad (daar, daarom) het hy 'n pilletjie gesluk.

(*b*) Hy het hoofpyn gehad; **daarom het hy 'n pilletjie gesluk.**

Kies die geskikste woord tussen hakies:—

1. Die onmanierlike seun moes (dan, toe) dadelik om verskoning gaan vra.
2. (Mits, tensy) iets onverwags gebeur, sal die atleet 'n rekord slaan.
3. André kon die hele gedig opsê, (alhoewel, hoewel) hy dit slegs 'n paar keer gelees het.
4. Na die wekker gelui het, het ek nog eers 'n paar keer gegaap (dan, toe) het ek opgestaan.
5 Hennie het sy plig getrou nagekom; (omdat, dus) kan 'n mens verwag dat hy goeie vordering sal maak.
6. Die vreemdeling vra (as, of) ek vir hom twee pond sal leen.
7. Eers moet jy die verhaal lees; (dan, toe) moet jy die inhoud oorvertel.
8. Daardie seun bly ,,onmiddellik" verkeerd spel, (ofskoon, al) die onderwyser hom dit herhaaldelik laat oorskryf het.
9. Die knapie moes riemspring, (omdat. want) hy so onnutsig was.
10. Della moes ,,interessant" dikwels oorskryf; (dog, tog) sy spel dit nog in elke opstel verkeerd.
11. (As, of) jy platsak raak, moet jy net om sakgeld skryf.
12. Eers het die dokter my ondersoek, (dan, toe) het hy 'n 'n resep uitgeskryf.
13. (Soos, As) jy weet, is hy iemand op wie 'n mens kan staatmaak.
14. Ons ken glad nie die kêrel (wie, wat) netnou hier was nie.
15. Sy doen haar bes; (dog, tog) kan sy nie 'n interessante opstel skryf nie.
16. Af en toe drink ek my tee sonder suiker, (alhoewel, al) hou ek nie veel van bitter tee nie.
17. Anna sal dit nog ver in die lewe bring, (omdat, want) sy besonder pligsgetrou is.
18. Jy moet my net betyds telegrafeer; (dan, toe) sal ek jou op die stasie gaan afhaal.

19. Die katjie (waarvan die, wie se) voorpoot af is, behoort aan ons buurman.
20. Die knapie (wie, wat) so dikwels by die stopstraat verbyry, sal nog eendag aan die pen ry.

III.

(*a*) He went with me to the bioscope.
(*b*) Hy het saam met my bioskoop toe gegaan.

Vertaal onderstaande sinne:—

1. The train left at seven o'clock this morning.
2. After a while the police arrived.
3. My brother wants to go to university next year.
4. Our principal spent the July holidays at Margate.
5. Henry likes telling lies.
6. The new teacher lives with her aunt.
7. The native girl had to look after the baby.
8. Suddenly a car came around the corner.
9. Some children are not fond of little brothers and sisters.
10. Pieter was in love with Lenie.
11. Toiings married Siena.
12. Late that evening the party arrived at the camp
13. When the rugby players left for Durban, they were seen off by several of their friends.
14. Mother was cross with the servant who broke the cups.
15. When we could not make the car go, my brother went to a nearby house to ask for help.
16. The train leaves within an hour, in other words before half-past ten.
17. I knocked on the door but nobody opened it, so I went home.
18. Some went to the match but the others stayed at school.
19. That was the first time we went on holiday without father.
20. On our way home we went past a dairy farm
21. There is a high wall round the gaol.
22. The cyclist rode right round the lake.
23. In summer it is extremely hot at the South Coast.
24. When the burglar looked round he could not see the police behind the fence.
25. At five o'clock we noticed the workers coming from the factories.

IV.

Skryf 'n kwitansie vir 'n bedrag wat jy gedurende die vakansie verdien het deur eie arbeid (vrugte pak; tabak sorteer; in 'n winkel; 'n kantoor help; skape skeer, ens.).

V.

Gee die regte vorme van die verlede deelwoorde tussen hakies: -

1. Die loodgieter moes die (bars) pyp kom heelmaak.
2. Ek het nog nooit 'n (registreer) brief ontvang nie.
3. Party mense se bankrekenings is gedurig (oortrek).
4. Daar is dan geen (oortrek) kussings op my bed nie.
5. My twee (aanneem) boeties is besonder skrander.
6. Met sulke (bekrimp) mense kan jy nie redeneer nie.
7. Daardie (krimp) trui sal ek nooit weer kan aantrek nie.
8. In die botsing het Jan 'n (breek) arm opgedoen.
9. Met 'n (breek) hart het die eienaar gekyk hoe die vlamme in sy huis oplaai.
10. Dit was 'n (deursteek) kaart tussen daardie twee (slyp) skelms.
11. Is jou horlosie (opwen)?
12. Die (opwen) skare het die spreker luidrugtig toegejuig.
13. Oor die (aftrek) professor is daar baie staaltjies in omloop.
14. Het jy al die grap oor die (verstrooi) professor gehoor?
15. Was jy toe (inneem) met die geskenkie?
16. Die (onverskrik) soldaat het vir niks ter wêreld gestuit nie.
17. Witrenosters is al byna (uitsterf).
18. Ek verkies om die vakansie op 'n (aflê) plasie te gaan deurbring.
19. Dit was darem regtig 'n (onbesin) daad van jou!
20. Gewoonlik doen ek nie maklik afstand van my (verslyt) klere nie.
21. Rook is (verbied)!
22. As die lug (betrek) is, kan 'n mens reent verwag.
23. Langs die pad sal jy 'n (verlaat) murasie sien staan.
24. Net (volwas) mag daardie bioskoopvertoning bywoon.
25. Die (eer) burgemeester het die besoekers hartlik verwelkom.

67

I.

Begin: „My oupa het die volgende verhaal vertel . . ."

NUUSKIERIGHEID.

My oupa vertel die volgende verhaal. Dit is in die jaar 1933 met die groot droogte dat ek met my klompie bees langs die Limpopo staan. Daar is nog heelwat weiding en diep gate water waarin die krokodille krioel.

Op 'n dag skiet ek 'n groot krokodil en dis nie lank nie of

daar is heelwat boere wat na die groot ongedierte kom kyk. Ek sleep die krokodil op die wal met die doel om hom af te slag en die vel op te stop.

Ek merk op dat hy kort-kort met sy stert op die grond piets, maar meen dat hy nog aan die doodgaan is. Ek word naderhand nuuskierig en wil weet hoe wyd sy bek kan ooprek. Met my ou velskoen trap ek sy onderkakebeen vas en trek sy bek oop.

Tot my verbasing klap die krokodil se bek toe en met my voet in sy bek begin hy met my water-toe stap. Die mans pak my sommer beet en probeer my van die water af wegsleep, maar die krokodil gaan die wal af en begin die water instap met my voet nog steeds in sy bek. Ek voel nou dat my einde naby is en begin bid. Die mans hou vas totdat die water hulle onder die arms vat, en begin nou bang word omdat daar nog ander krokodille in die gat is.

Ek besluit nou dat hulle my maar nog so 'n rukkie moet vashou, totdat my vrou my groet en dat hulle my dan maar moet los. Voordat my vrou egter by my kan kom, gly my voet uit die skoen en word ek van 'n gewisse dood bevry.

(*Die Huisgenoot.*)

II.

Kies **toe, dan, as, wanneer** *of* **of:--**

1. Weet julle ..... die eksamenuitslae al bekend is?
2. Die outa het gewip van die skrik ..... die haas hier langs hom wegspring.
3. Ons kon tot tienuur wakkerbly . . ons belowe om nie te raas nie.
4. Uitgeput het ons ..... maar na die huis teruggekeer.
5. Die telefoon was ..... ongelukkig uit orde.
6. Probeer asseblief vir my 'n visstok koop . . jy weer dorp-toe gaan.
7. ..... die jagter die aanstormende renoster gewaar, was hy al kort op sy hakke.
8. Borsel eers jou tande; ..... kan jy gaan slaap.
9. Boetie het eers sy tande geborsel; ..... het hy gaan slaap.
10. Mammie vra . ... jy jou tande geborsel het.
11. Pa wou weet . . die kaffers die koeie in die kraal geja het.
12. Eers moes ons ons sitplekke bespreek; kon ons die kaartjies koop.
13. ..... ek die vis voel pluk, was ek die ene opgewondenheid.
14. Sal julle my roep ..... die telefoon lui?
15. Hulle het hom tog nie geroep ..... die telefoon gelui het nie.
16. ..... ons waatlemoen eet, gooi ons mekaar met die skille.

17. Jannie wil weet ..... jy hom sal kom help.
18. ..... ons uit die seekoegat uitklim, was ons klere weg.
19. ..... ek so onnutsig was, sou ek nie nog lag nie.
20. ..... ons bure verlede keer met vakansie was, het iemand in hulle huis ingebreek.
21. Sy voet het gegly ..... hy oor die stroompie wou spring.
22. Hoe dink jy, ... sal dit weer reën?
23. Pa, die jong vra ..... hy die blomme moet natspuit.
24. Eet eers jou spinasie; ..... kan jy nog wors kry.
25. Willie het eers sy wors geëet; ..... het hy nog spinasie gekry.

III.

Wat is die verskil tussen:

1. (*a*) Ek sê nie dat jy 'n leuen vertel het nie
   (*b*) Ek sê dat jy nie 'n leuen vertel het nie.
2. (*a*) Ek glo nie dat die jakkalse deur die draad sal kom nie.
   (*b*) Ek glo dat die jakkalse nie deur die draad sal kom nie.
3. (*a*) Dis nie die huis waar die palmboom voor die deur staan nie.
   (*b*) Dis die huis waar die palmboom nie voor die deur staan nie.
4. (*a*) Ek het nie die appel geëet wat vrot was nie.
   (*b*) Ek het die appel geëet wat nie vrot was nie.
5. (*a*) Hy het nie kom kuier toe my vrou by die huis was nie.
   (*b*) Hy het kom kuier toe my vrou nie by die huis was nie.
6. (*a*) Hy het nie gemaai waar hy gesaai het nie.
   (*b*) Hy het gemaai waar hy nie gesaai het nie.
7. (*a*) Hy kla nie omdat hy regverdig behandel is nie.
   (*b*) Hy kla omdat hy nie regverdig behandel is nie.
8. (*a*) Die dief is gestraf, alhoewel hy nie skuld beken het nie.
   (*b*) Die dief is nie gestraf nie, alhoewel hy skuld beken het.
9. (*a*) Sy is nie 'n engeltjie nie, al is sy die onderwyseres se witbroodjie.
   (*b*) Sy is 'n engeltjie, al is sy nie die onderwyseres se witbroodjie nie.
10. (*a*) Ek wil nie weet hoekom jy nie jou werk gedoen het nie.
    (*b*) Ek wil weet hoekom jy jou werk nie gedoen het nie.

IV.

Wanneer kan jy van iemand sê:--

1. Hy staan met die mond vol tande.
2. Hy staan asof die hoenders sy kos opgeëet het.
3. Hy sal sy ouma vir 'n eendvoël aansien.
4. Hy het byna die stuipe gekry.

5. As hy nie self agter die deur gestaan het nie, sou hy nie iemand anders daar gesoek het nie.
6. Hy het dit uit sy duim gesuig.
7. Hy is gou op sy perdjie.
8. Hy het hom boeglam geskrik.
9. Hy weet waar Dawid die wortel gegrawe het.
10. Hy het die klok hoor lui, maar hy weet nie waar die bel (klepel) hang nie.

V.

Deur **skade** en **skande** word 'n mens wys.

Vul die woordpare aan:--

1. Na die buie wat uitgesak het, was die rivier kant en .....
2. Van hierdie storie kan ek g'n kop of ..... uitmaak nie.
3. Voor hy tot 'n besluit gekom het, het hy lank gewik en .....
4. Toe die klippe op die dak neerdruis, het die kinders net moord en ..... geskree.
5. Toe Johan voorstel om 'n fietstoer te onderneem, was almal die ene vuur en .....
6. Moenie altoos van die hak op die ..... spring nie.
7. By gebrek aan 'n motorhuis staan ons motor nou bloot-gestel aan wind en .....
8. Ek wil jou belofte eers in swart op ..... sien.
9. 'n Mens moet jou hart en ..... op jou werk toelê.
10. Hulle raak nie met elke Jan Rap en sy ..... bevriend nie.
11. Vir my is jou opinie van nul en ..... waarde nie.
12. Die brandwag stap heen en ..... tussen die tente.
13. Moenie so bak en ..... nie.
14. Die gil het deur murg en ..... gegaan.
15. Ek kan mense wat op alles ja en ..... sê, nie duld nie.
16. By gebrek aan 'n vervoermiddel moes ons maar met Dapper en ..... kerk-toe gaan.
17. Ag, ons het sommer oor koeitjies en gesels.
18. In daardie winkel is daar speelgoed te kies en te .....
19. Jou straf verdien jy dubbel en .....
20. Tevergeefs het hulle met mag en ..... die motor probeer oplig.
21. Tydens die siekte het ons buurvrou ons met raad en ..... bygestaan.
22. Ja, die twee oues het baie lief en ..... saam deurgemaak.
23. Daardie werk gaan môre klaar wees, buig of .....
24. Met stukkies en ..... het die soldaat sy ervarings aan ons vertel.
25. Van niemand ter wêreld laat hy hom hiet en ..... nie.

68

I.

Bring oor in die verlede tydsvorm:—

1. Die trein vertrek om drie-uur.
2. Hulle lê die afstand per motor af.
3. Die moeder bekommer haar oor haar seun.
4. Die sekretaris word herkies.
5. Niemand durf nou in die ontsmette kamer ingaan nie.
6. Ek het ongelukkig nie tyd om huis toe te skrywe nie.
7. Hy laat my dadelik weet wanneer ek hom kan verwag.
8. 'n Vreeslike droogte heers in Namakwaland.
9. Die ontslaande soldate keer na hulle huise terug.
10. Patrys snel sy maat te hulp.
11. Die drie maats gaan elke Saterdagmiddag bergklim.
12. As my vrou tuiskom, weeg sy die suiker oor.
13. Stadig beur die osse met die swaar vrag teen die hoogte uit.
14. Die renoster slinger die jagter hoog in die lug in; dan storm hy op die kaffers af.
15. Die vuur word nou uitgeblus.
16. Die gewese skolier aanvaar sy eerste betrekking.
17. Die springhaas spartel om uit die slagyster los te kom.
18. Ons wil weet of elkeen sy eie kosmandjie na die piekniek toe moet saambring, maar niemand kan dit vir ons sê nie.
19. Die knapie klouter ewe rats teen die krans op.
20. Skielik val dit my by dat ek die voëltjie in die koutjie moet gaan versorg.
21. Nou eers sien ek die prop op die water dobber.
22. Met groot gesukkel slaag hulle daarin om die wal te bereik.
23. Die perde spartel nog steeds in die middel van die stroom.
24. Hy lag wanneer hy die grap snap, maar dan is almal al besig om na iets anders te luister.
25. Op dié manier word die bestanddele gemeng; dan steek hulle die vetkoeke in die gloeiende, uitgeholde miershoop.

II.

(*a*) Niemand het ooit verwag nie, dat (Ou Oortjies sou die hoogste punte behaal).

(*b*) Niemand het ooit verwag **dat ou Oortjies die hoogste punte sou behaal nie.**

Verbind onderstaande sinne. Begin met die eerste sin:—

1. Die hond het ver gehardloop, voordat . . . . (Hy het die haas gevang).

2. Ons het die wekker gestel, sodat ..... (Ons kon betyds wakker word).
3. Die predikant stap die kerk binne, sodra ..... (Die klok lui die derde keer).
4. Die man se vrou het te lank getalm; gevolglik ..... (Hulle het die trein nie gehaal nie).
5. Die twee het alweer baklei; daarom ..... (Die hoof het hulle gelooi).
6. Die motor het vasgeval, want ..... (Die plaaspad was baie modderig).
7. Ek het koue gevat, terwyl ..... (Ek het voor die oop venster gesit.
8. Die polisie het in die skaduwee gewag, totdat ..... (Die dief was regoor hulle.)
9. Hulle het die dief geboei; daarna ..... (Hulle het hom tronk toe geneem.)
10. Die veld het gou groen geword, nadat ..... (Dit het gereën.)
11. Die kat word al hoe maerder, alhoewel ..... (Hy kry nou volop kos.)
12. Die atleet het die wedren verloor, want ..... (Hy het sy voet verswik.)
13. Ek het verneem dat ..... (My oupa het sy hele boedel aan my nagelaat.)
14. Die ongeluk het gebeur, toe ..... (Nettie se perd het vir 'n stuk papier geskrik.)
15. Ek het die rekening vereffen, maar ..... (Ek het vergeet om 'n kwitansie te vra.)
16. Pa wil weet of ..... (Jy het die motorhuis gesluit.)
17. Ek wonder wanneer ..... (Oupa stuur weer vir ons biltong.)
18. Dit het my ontgaan deur wie ..... („Orion" 's geskryf.)
19. My broer wou my nie sê waar ..... (Hy het daardie mooi knipmes gekoop.)
20. Niemand wis waarvandaan ..... (Wynand het gekom.)

III.

Lees op 'n natuurlike manier:—

1. 'n tafel; 'n koning; 'n paar; 'n jong; onstigtelik; ongemaklik; onbetroubaar; klontjie; kinders; hoenders; almal; eenders; perde; Februarie.
2. Met die aankoms van die kinders was ons almal voor die deur.
3. Dis baie ongerieflik om die boontjies op die solder te bêre.
4. Ons weet almal dat hy nie onder 'n kalkoen uitgebroei is nie.

5. Ek het die kinders belowe dat hulle in Desembermaand strand toe kan gaan.
6. Kan jy 'n mens nie 'n oomblik met rus laat nie?

IV.

Gee 'n beskrywing van ons radioprogramme en kritiseer waar jy kan. Woorde wat handig kan wees: -

Radio- -draadloos, uitsaaikorporasie, uitsaaistasie, uitsending, toestel, bestuurder, operateur, organiseerder, omroeper. orkes, kondukteur, begelei(ding), komponis, tweestemmig, bas, tenoor, alt, sopraan duo-duet — tweesang, kwartet — vierisang.

V.

A. *Soek al die werkwoorde in die passasie* (67 I):—

LET OP: 'n Ww. vertel wat iemand of iets gedoen het. Partykeer noem dit ook 'n toestand.

B. Die seuns **veg** met kleilatte: daar is 'n **geveg.**

Vul in:-

1. Die kinders **raas** baie; daar is 'n . . . . .
2. My klasmaat **dig**; hy maak . . . . . .
3. My oom **skrywe** die heeldag; hy is besig met 'n . . . . . .
4. Die predikant **bid**; hy doen 'n . . . . . vir ons.
5. Die dogters **geniet** die uitstappie baie; dis 'n . . . . . vir hulle.
6. Ons bure **bou** 'n huis; hulle rig 'n . . . . . op.
7. Die twee mans **spreek** met mekaar; hulle voer 'n ernstige . . . . . .
8. Toe hy gaan sit, **juig** die publiek; daar het 'n . . . . . opgegaan.
9. Hulle **gebruik** soggens vroeg 'n koppie koffie; dis 'n algemene . . . . . .
10. Binnekort sal die kerk nog 'n inrigting vir doofstommes **stig**; dis 'n onmisbare . . . . . .

69

I. *Sit om in die verlede tydsvorm:—*

1. Van blydskap omhels die dogtertjie haar moeder.
2. Die klonkies staan en babbel op die straathoek.
3. My swaer betaal vyfhonderd pond vir sy nuwe motor.
4. Die skurk ontken sonder om te blik of te bloos dat hy skuldig is.
5. Die magistraat ondervra die getuie.
6. Ek hoor iemand aan die deur klop.

7. Niemand dwarsboom hulle planne nie.
8. Die boer laat sy volk die onkruid uitskoffel.
9. Julle sien hom dikwels op die tennisbaan speel.
10. Hulle dagvaar Hans om getuienis af te lê.
11. Haal die kind swaar asem?
12. Word julle in die somer baie deur muskiete gepla?
13. Die vliegtuig verdring geleidelik alle ander vervoermiddels.
14. Haar boetie se maniere staan my glad nie aan.
15. Die wetenskap dra daartoe by om siektes te help bestry.
16. Ek tel die twee rye syfers herhaaldelik op maar elke keer verskil die totaal.
17. Dit stel my glad nie tevrede nie.
18. Ma en Pa gaan elke Sondagmiddag 'n rukkie slaap.
19. Ysterskerwe vlieg die lug in en kom op die dakke neer.
20. Houtgerus begin die geslepe skelm die sifdraad knip.
21. Die kinders geniet die vakansie in die openlug.
22. In die eksamen begaan ek die verspotste flaterts.
23. Dis nou al laat; daarom gaan ek maar inkruip.
24. Wanneer ons bymekaar is, vang ons allerhande kattekwaad aan.
25. Die diender stap op sy gemak in die straat af.

II.

Vul **toe, dan, as, wanneer,** *of* **of** *op die regte plekke in:—*

GRAWE 'N PUT, . . . VAL JY SELF DAARIN

Die dogters in die koshuis op Sandvlei was ook maar onnutsig ..... hulle die kans kry. Die twee wat die meeste kattekwaad aangevang het, was Sarie en Elsa.

.... die huismoeder op 'n aand ernstig siek was, het die onderwyseresse hulle hande so vol gehad dat 'n paar kosgangers besluit het om die geleentheid te baat te neem. Hulle het geweet ..... hulle die kans laat verbygaan, sal daar nie gou weer een wees nie. Dis ..... dat Sarie aan die hand gegee het om een van die onderwysers, wat by een van die onderwyseresse vlerkgesleep het, 'n poets te bak. Ons het hulle dikwels afgeluister ..... hulle met mekaar gesit en gesels het.

Ons het besluit, ... ons 'n lang stuk tou in die hande kon kry, moes Sarie en Elsa dit versigtig om die twee pale van die hekkie gaan span, sowat 'n voet bokant die grond. Al was ons nie seker ..... die onderwyser dié aand sou opdaag nie, het ons dit tog gedoen. Eindelik was alles in die haak.

Net ..... die twee karnalies wou gaan wegkruip, kom Jan en Piet, twee van hulle klasmaats daar verbygestap en 'n praatjie word aangeknoop. Daarna stap hulle 'n entjie saam en

. . .. was die onderwyser, die onderwyseres en die tou skoon vergeet.

Skielik hoor hulle voetstappe en ... . hulle omkyk, gewaar hulle die onderwyser en onderwyseres 'n entjie agter hulle Eers .... skiet dit hulle te binne dat hulle sonder verlof buitekant die koshuis-terrein is. Hulle besef, ... hulle daar gesien word, is die gort gaar. Hulle spring kort om en nael terug koshuis-toe, en net ..... hulle deur die hekkie hol, word hulle teen die grond neergeslinger.

... . Sannie in die kamer haar been sit en verbind, mompel sy: ,,Nou besef ek eers die waarheid van daardie spreekwoord. Ja, ... jy 'n put vir iemand anders grawe, ... val jy dikwels self daarin".

(Gewysig uit: *Die Huisgenoot.*)

III.

(*a*) Toe hulle na die kasteel gery het. Hulle het nie van die moordplan geweet nie.

(*b*) Toe hulle na die kasteel gery het, **het hulle nie van die moordplan geweet nie.**

Verbind en voeg **nie** *in waar nodig*: --

1. As ons sê dat hulle bevriend is. Ons bedoel nie dat hulle verlief op mekaar is nie.
2. (Dus.) Hulle het na drie weke die Koperberge bereik. Hulle het nie alte lank rondgeswerf nie.
3. As 'n mens hom vra of sy taal mooi is. Hy sal dit nie ontken nie.
4. (Omdat.) Hy sê dit nie. Hy glo dit.
5. (Wat.) Elke land het ook sy swak sprekers. (Hulle) praat nie hulle taal mooi nie.
6. (Dus.) Dis 'n gemoedelike verhaal. Ons kry daar geen satiriese element in nie.
7. Toe Wolf in die boer se spens was. Hy kon nie ophou met eet nie.
8. (Toe.) Hy kon nie glo dat dit dieselfde mens was. Hy sien sy vriend weer na 'n jaar.
9. (Dan.) As die deur gesluit is. Dit beteken nie dat die mense uit is nie.
10. (Dat.) Hulle het nie besluit. Die een wat die beste kan skiet sal met Azalpha trou.
11. (Dat.) Hulle het nie geglo. Hy is die kind van die son en mog met die dogter van die son trou.
12. (Dat.) Ek glo nie. Die toeval speel 'n groot rol in daardie roman.
13. (Waar.) Hy weet nie. Dawid het die wortel gegrawe.

14. (Waar.) Hy het die klok hoor lui maar weet nie. Die klepel hang.
15. (Hoekom.) Ek kan nie verstaan nie. Hy kies altyd vir my.
16. (Omdat.) Hy het nie die skoen aangetrek nie. Dit het hom nie gepas nie.
17. (Tensy.) Hy sal nooit luister. Jy straf hom 'n keer goed.
18. (Behalwe.) Hulle mog nie saans uitgaan nie. As hulle eers verlof gevra het.
19. Alhoewel hy nie swaar van gewig was nie. Hy was 'n goed-afgerigte bokser.
20. (Wanneer.) Ons eet nooit baie. Ons moet in die middag voetbal speel.
21. (Voor.) Ek kan geen oordeel uitspreek. Ek het albei kante van die saak gehoor.
22. (Daar.) Ek kan geen oordeel uitspreek nie. Ek het nie albei kante van die saak gehoor nie.
23. (Nieteenstaande.) Ek sal hom nog 'n keer help. Hy was die vorige keer so ondankbaar.
24. (Alhoewel.) Hy kan nooit klaarkom nie. Hy is 'n baie vinnige skrywer.
25. (Sedert.) Hy mag nie meer 'n motor bestuur. Hy het die ongeluk gehad.

IV.

Vul die leestekens in en gebruik hoofletters waar nodig. (Dis 'n sitaat uit die toneelstuk „Ontvlugting" van W. A. de Klerk):— louise loop haar agterna in 'n smekende houding gerda kan jy nie verstaan nie ek wil net help ek weet hoe verskriklik dit vir jou moes gewees het as dit my kind was wat so skielik dood is sou ek dit ook bitterlik gevoel het versigtig maar gerda dis nou al so lank en jy maak dit soveel erger deur so baie daaroor te dink gerda staar onbeweeglik na buite dink pouse ja ek dink wel baie daaroor ek dink en dink totdat dit my soms voel asof ek dof word beslis maar wat ook al gebeur sal ek nog daaroor dink.

V.

A. *Waarvoor staan die volgende afkortinge?*

bv.; nl.; s.o.s.; bl.; asb.; S.A.P.; i.s.; L.V.; m.a.w.; a.s.; i.p.v.; sgn.; d.w.s.; vb ; s.nw.; wwe.; b.nw.; vnw.; bw.; mejj.

B. Watter openbare vakansiedae kry ons jaarliks?

70

I.

Sit om in die direkte rede:—

Hy het sy vrou toegespreek en gesê dat sy mos wis dat dit nou kras met hulle gaan. Sy moes net kyk hoe alles lyk en tog werk sy haar gedaan. Met die transportjies kon hy niks meer losslaan nie.

Sy moedig hom toe nogal onvriendelik aan om sy plan mee te deel.

Hy spreek haar daarop as Dorie aan en sê dat sy mos wis van die Engelsman wat in die drif spook; of verongeluk het, het hy homself verbeter. In daardie eerste gat lê vandag nog die duisend pond wat die Engelsman op die handperd gehad het. Hy (die spreker) sou dit gaan uithaal

Skielik sny haar stemmetjie met 'n uitroep van verontwaardiging deur die lug. Was dit sy plan?

Dan was dit daardie bogtery wat haar uit die slaap gehou het. Hy moes die geeste met hulle geld met rus laat. Gou-gou sou hulle in daardie huis kom spook. Hy moes sy geld in die sweet van sy aangesig verdien. Geen duit van dié geld in daardie huis nie, al moes sy haar lewe lank garskoffie drink en die pap so skoon uit die water eet. Hy sou nog in die modder bly sit soos daardie ou maer koeie van hom. Dit was dit wat hy soek.

(Gewysig uit: *Bruisende Waters* deur M. J. Harris, bl. 132.)

II.

Pa sê **dat ons nie vanmiddag vertrek nie.**

Voltooi onderstaande sinne deur telkens die volgende sin by te voeg: **ons vertrek nie vanmiddag nie:**

1. Miemie vra of
2. Ek voel hartseer omdat . . .
3. Ek voel spyt, want . . . . .
4. Dit reën; derhalwe . . . . . .
5. Ons reistasse is klaar ingepak, al . . . . .
6. Dit was die plan, dog . . .
7. Dit was die plan; tog . . . .
8. Ons het ons klere nog nie ingepak nie, aangesien . . .
9. Die motor is nog stukkend; gevolglik . . . .
10. Julle moet voor vieruur terugkom; anders . . .
11. Ons sal julle betyds bel, as
12. Julle kan nog die dieretuin gaan besoek, daar . . . .
13. Ek wonder hoekom

14. Dis so afgespreek; nogtans .. ..
15. My planne is in die war gebring, deurdat ... .
16. Ons kon nie gister vertrek nie en ..... .
17. Ons het die bagasie reeds in die motor reggepak, ofskoon .....
18. Moeder moes skielik 'n operasie ondergaan; dus ....
19. Goed, ek sal kom tennis speel, indien ... .
20. Weet jy dat ... .

III.

Gee die juiste vorme van die woorde tussen hakies:—

1. 'n (Boeiend) boek sal jy nie sommer kry nie.
2. Dis regtig die (grappig) voorval waarvan ek nog ooit gehoor het.
3. Langenhoven is 'n (gewild) skrywer as D. F. Malherbe.
4. Na die huis eers geverf is, sal jy (tevrede) daarmee wees.
5. Dit was die (een) keer wat ek die eerste minister in lewende lywe gesien het.
6. (Vroeg) het ons bure in die (Kimberley) distrik gewoon.
7. Hoe (min) jy babbel, hoe (baie) sal ons van jou hou.
8. Die vraestel kon nie juis (maklik) gewees het nie.
9. Namate hy (oud) geword het, het hy ook (verantwoordelik) geword.
10. Ek het 'n skare nog nooit (opgewonde) gesien as toe die eerste span gespeel het nie.
11. Gaan trek liewers (droog) klere aan.
12. Dit was 'n (skoon) geleentheid om hom die gunsie te vra.
13. Toe ek gedruip het, was dit vir my ouers 'n (bitter) teleurstelling.
14. Ek hou nie van (bitter) medisyne nie.
15. Dis 'n (lank) ent dorp toe.
16. Hoe (lank) moes julle vir hom wag?
17. Dit het (lank) gelede gebeur.
18. Dis die (lank) reis per vliegtuig wat ek totnogtoe onderneem het.
19. Die (verlief) Jannie begin sy skoolwerk verwaarloos.
20. Ek het nog nooit so 'n (interessant) boek gelees nie.
21. Ek het nog nooit 'n (interessant) boek gelees nie.
22. 'n Naguiltjie is die (sku) voël wat ek ken.
23. Is 'n onderwyseres (kwaai) as 'n onderwyser?
24. Nog nooit het ek mnr. Grobler (kwaad) as daardie dag gesien nie.
25. Absolom se (lang) hare het in die takke verwar geraak, want hulle was te (lang).

IV.

Skryf 'n opstel waarin jy die stelling verdedig:—„Staats-

loterye mag nie in ons land ingevoer word nie". Jy mag gebruik maak van die onderstaande aantekeninge.

1. Wat dit is.
2. Staat verdien baie daarvan.
3. Enkele individue word skatryk.
4. Geld glip deur vingers.
5. Groot massa verarm.
6. Ondermyn werkklas.
7. Bevorder verkwisting op grond van valse hoop.
8. Afhanklikes word beroof en moet ly.
9. Verantwoordelik vir sedebederf van bevolking.
10. Dit moet bestry word.

V.

A. *Gebruik in sinne:--*

Met betrekking tot; ten opsigte van; in sake; na gelang van; aangaande; hoe . . . des te; hoe . . . hoe; aangesien; respektiewelik; na verhouding van.

B. Wat het 'n mens nodig as jy gaan bad?

71

I.

Sit om in die lydende vorm: –

1. Sy ouers looi hom nogal dikwels.
2. Niemand het jou afgeloer nie.
3. Niemand kon die verlore juwele opspoor nie.
4. Gistermôre het 'n kat ons voëltjie in die koutjie gevang.
5. Môre gaan dr. Nel my ma opereer.
6. Wie verf julle huis se dak?
7. Wie het julle huis se dak geverf?
8. Wie kan hierdie probleem oplos?
9. Toe die polisie daar opdaag, het ons die dief al klaar vasgebind.
10. Rembrandt het „Die Nagwag" geskilder.
11. Onlangs het die sterrekundiges nog 'n ster ontdek.
12. Hulle vertel hoe hulle die dooie kanarie begrawe het.
13. Barlow adverteer 'n nuwe soort wasmasjien.
14. 'n Bankbestuurder het die huis regoor ons gekoop.
15. Naaseergister het 'n perd haar afgegooi.
16. Die skooldokter moes alle leerlinge teen pokkies inent.
17. Kinders moet hulle ouers gehoorsaam.
18. Wie het die geheim verklap?
19. Maak jy soggens self jou kooi op?
20. Nadat die matrose die vlag gestryk het, het hulle dit opgevou en gaan bêre.

II.

Ek voel vanaand baie moeg. Ek het vandag hard gewerk.
(*a*) Ek voel vanaand baie moeg, **al het ek nie vandag hard gewerk nie.**
(*b*) Ek het vandag hard gewerk **en ek voel vanaand baie moeg.**

Verbind bostaande twee sinne telkens met die voegwoorde wat hieronder volg. Indien nodig moet een sin ontkennend gemaak word:

(*a*) want; (*b*) omdat; (*c*) alhoewel; (*d*) asof; (*e*) daar; (*f*) daarom; (*g*) nogtans; (*h*) derhalwe; (*i*) maar; (*j*) dus; (*k*) ofskoon; (*l*) aangesien; (*m*) dog; (*n*) tog; (*o*) nietemin.

III.

Vul die ontbrekende voorsetsels in: –

REISE MET BESONDERE OPDRAG.

..... reis ... ... 'n vreemde bestemming, koffers ..... dubbele bodems waar-..... allerlei vreemde dinge versteek word, middernagtelike eskapades ... .. 'n sneltrein ..... Frankryk, ... 'n oseaanboot ... . die wantrouige blikke ..... medepassasiers, 'n tog ..... Oos-Afrika vermom as 'n jag-ekspedisie, verraderlik . . . ... 'n kameraad .. die steek gelaat; en dit alles is nie opskrifte ..... hoofstukke . . . 'n sensasie-roman nie, maar die werklike ervarings ... 'n Duitser en 'n Transvaler wat . . die einde ..... die Engelse oorlog 'n wanhopige poging aangewend het om ..... Portugees-Oos-Afrika die vegtende Boere in Noord-Transvaal te bereik. Dit het so gebeur.

Terwyl dit ... die begin ... . . . 1902 nog onseker was hoe lank die stryd . . die twee Republieke Engeland sou voortduur, het die Transvaalse gesant . . Europa andermaal 'n poging aangewend . . ... spesiale boodskappers . neutrale gebied ..... die omsingelde Republieke te stuur. Een ekspedisie was reeds op weg na Duits-Suidwes-Afrika en die uitslag ..... was nog . die weegskaal. Daar- . . het dr. Leyds besluit ..... dit hierdie keer .. ... Portugees-Oos-Afrika te waag. ..... die ekspedisie te lei, het die keuse geval ..... dr. E. Schultz, 'n arts wat voorheen ervaring ..... Sjina opgedoen het en ..... daardie oomblik as assistent ..... die kliniek . professor Van Leyden ... Berlyn werksaam was, ens. (Uit: „*Die Huisgenoot*", 11 Jan. 1946, p.5).

IV.

„Die aanwending van atoomkrag sal tot groot heil van die mensdom strek."

Teken argumente voor en teen hierdie stelling op.

V.

Wys die fantastiese element in die volgende spreekwoorde aan en sê wat hulle beteken:—

1. Dit reent oumeide met knopkieries.
2. Hy verbeel hom hy is die koning se hond se oom.
3. Stille waters, diepe grond,
   Onder draai die duiwels rond.
4. So waar soos padda manel dra.
5. Ek sal jou slaan dat jy jou ouma vir 'n eendvoël aansien.
6. Hy lieg dat die stof so staan.
7. Hy het my 'n gat in die kop gepraat.
8. Ek sal hom opdreun tot by oom Daantjie in die kalwerhok
9. Op hierdie mes kan jy Kaap toe ry.
10. Jy sal nog te laat vir jou eie begrafnis wees.

72

I.

Bring oor in die teenwoordige tydsvorm: --

1. Ons het hom met sy sukses gelukgewens.
2. Hulle moes mekaar help.
3. Die blomme is gepluk.
4. My oudste oom het vinnig grys geword.
5. Die ouma het haar huilende kleinkind getroos.
6. My suster het my geroep om te kom eet.
7. Die matrikulante het hulle onderwyser 'n poets gebak.
8. Jy behoort te geweet het dat die bye jou sou steek.
9. Die kêrel het vinnig omgekyk, toe hardloop hy weg.
10. Hulle kon die trein nie haal nie.
11. Die ou vrou het my haar hele lewensgeskiedenis gesit en vertel.
12. Hulle het 'n splinternuwe Buick gehad.
13. Ek wis nie hoe laat dit was nie.
14. Jy hoef nie te gejok het nie.
15. Tydens die epidemie het die dokter talle mense teen pokkies ingeënt.
16. Vroeg smôrens het die lewensredder en sy seuntjie gaan swem.
17. In die winter het ek net betyds vir ontbyt wakker geword.
18. Die inbrake in die voorstad is deur naturelle gepleeg.
19. Ongelukkig het geeneen van ons 'n vuurhoutjie gehad nie.
20. Ek het aandagtig geluister; toe het ek sy bevele uitgevoer.
21. Suid-Afrika het vanjaar koring ingevoer.
22. Is die swembad toe eers gebou?

23. Die skelm het al hoe sluwer geword.
24. Ons het die vakansie ten volle geniet.
25. Jannie het hom baie sleg gedra.

II.

Laat **dan** *waar moontlik weg, en maak die veranderings wat daardeur nodig word:—*

HOE MY BROER SY MOTOR BESTUUR

Hy sorg eers dat die enjin in neutraal is; dan sluit hy dit aan; dan trap hy die pedaal in; dan stoot hy die koppelaar in laagste versnelling; dan laat hy die pedaal stadig terugkom terwyl hy die toevoer van brandstof geleidelik vermeerder; dan ry hy 'n paar tree in laagste versnelling; dan skakel hy oor na tweede versnelling; dan vermeerder hy die spoed tot ongeveer vyftien myl per uur; dan skakel hy oor na die hoogste versnelling; dan ry hy maar net aan totdat hy wil stilhou en dan haal hy betyds sy voet van die petrol-pedaal af; dan trap hy die rem en dan sorg hy dat hy vroegtydig die enjin in neutraal skakel; anders gaan dit dood en dan moet hy weer van vooraf die enjin aan die gang probeer kry.

III.

Vertaal:—

1. At the corner of Retief and Maritz Streets a motor cycle knocked over a little girl.
2. Most people like listening to music.
3. After the rain had stopped we went for a walk.
4. Please write soon to tell me whether you will spend the holidays with us.
5. In ten days time the examinations will be over.
6. The match was won by the visiting team.
7. There was no short cut, so we had to walk round the rugby field.
8. In one place a bridge was washed away.
9. All the nurses were kind to grandfather.
10. In this way we succeeded in bringing the shipwrecked ashore.
11. For this reason father gave the rascals a thorough hiding.
12. The visitor wanted to divide the sweets between my two sisters, but I felt that they should have been divided among the whole family.
13. You can buy these rare stamps at Moor's for five shillings each.
14. In two months time we are going to spend a holiday at Clarence.
15. A historic tree stands on one side of Church Street.

16. When the fat boy fell off his bicycle we could not help laughing at him.
17. He had kept watch all night and was shivering with cold.
18. Believe me. I did not put off the light on purpose.
19. By rights this umbrella belongs to Hennie but you may borrow it.
20. The twins take after their mother because they have the same dark hair.
21. It was arranged that he should pay me for it, but in the end I gave the book to him as a present.
22. Susan was trembling with rage when she discovered who had played the trick on her.
23. The prisoner begged for mercy but it was in vain.
24. He sold his car at a loss.
25. Shortly after he had put out the light, he fell asleep.

IV.

Skryf 'n skets met die opskrif: „Wat ek gehoor het toe ek toeskouer by die wedstryd tussen . . . "

V.

A. Iemand wat bedel is 'n **bedelaar.**

1. Die een wat die oorwinning behaal, is die o... ....
2. Die persoon wat 'n meisie liefhet, is haar m ... .
3. Iemand wat 'n wandeling doen, is 'n w..... ..
4. Die persoon wat 'n wedstryd beoordeel, is 'n .. ..
5. Iemand wat leuens vertel, is 'n l... . ...
6. Iemand wat hom beywer vir 'n saak is 'n y.....
7. Iemand wat handel drywe is 'n . ..
8. Iemand wat mure messel is 'n m. . ..
9. Iemand wat huigel, is 'n h. . . . .
10. Iemand wat goël, is 'n g . .. .
11. Iemand wat dobbel, is 'n d. .
12. Iemand wat 'n amp beklee, is 'n a ... .
13. Iemand wat die evangelieleer verkondig, is 'n l .. ..
14. 'n Man wat sy vrou verloor het, is 'n w. .. .
15. Die lyn wat aandui dat nag en dag ewe lank is, is die e.....
16. Iemand wat na die radio luister, is 'n l.. . .. ..
17. Iemand wat in 'n dorp woon, is 'n d . .... .
18. Iemand wat in 'n kluis woon, is 'n k .. ..
19. Iemand wat hakkel, is 'n h.... .
20. Die toestel wat 'n kers regop hou, is 'n k..... .. .

Watter verskillende vorme neem die uitgang **-aar** *aan?*

LET OP:—**Pratery, gepraat,** en **gepratery** is afgetrokke s.nwe. wat van **praat** afgelei is.

Vul in die volgende sinne die afgetrokke s.nwe. in, afgelei van die woorde tussen hakies:–

1. Ek hou niks van die (swem) op Sondae nie.
2. Ek is nou al moeg van die heen-en-weer (loop).
3. Julle moet ophou met julle (baklei).
4. Wat vir (rondstaan) is dit hier?
5. Sy (rond- en bont-spring) het hom niks gehelp nie.
6. Dit kom van jou ewige (draai) dat jy weer laat is.
7. Ek steur my gladnie aan sulke (klets) nie.
8. Die (in- en- uitloop) het my aandag van die spel afgetrek.
9. Daar is 'n oorverdowende (dreun) en (kreun) in die fabriek.
10. Die (rondom-talie-draai) het op my senuwees gewerk.

73

1. *Vul in:* **word, is, was,** *of* **wees:**

LET OP:—Partykeer pas meer as een; *sê dan wat die verskil in betekenis is.*

1. Wanneer .. .. jy gebore?
2. Toe ek gebore .. .., ... my oupa al jarelank oorlede.
3. Na 'n rukkie het die werkers begin lui .. ..
4. Kan dit waar .. .. wat jy daar sê?
5. Daar ..... vertel dat vlermuise lief vir lukwarte .....
6. Deur wie .... die Kaap ontdek?
7. Raai. raai. Ek het 'n perdjie; hoe verder hy ry, hoe korter .. .. sy stertjie.
8. Toe Amerika ontdek . , ... die suidpunt van Afrika reeds bewoon.
9. Jaarliks . daar in ons kantoor 'n voorraadsopname gemaak.
10. Tussen 1936 en 1946 .... daar geen blanke in Suid-Afrika gehang nie.
11. Ek hoop dat ek nie eendag baie oud sal .. .. nie.
12. Moenie so ongehoorsaam ... .. nie.
13. Toemaar, jou drome sal nog eendag verwesenlik ....
14. Die boere, op wie se plase goud ontdek ....., het as 't ware oornag ryk ge-.....
15. As jy nie leer om spaarsaam te .... nie, sal jy nooit eendag ryk ... .. . nie.
16. Daardie dag ... . ek so siek soos 'n hond.
17. Teenswoordig .. .. reise selde of nooit per ossewa onderneem nie.
18. So baie mense .... siende blind en horende doof.
19. Saans om tienuur moet alle ligte in die koshuis afgeskakel .. .. .

20. Kan 'n reis per motor van Kaapstad na Rome afgelê . . . . . ?
21. Dit . . . . . vertel dat dit in daardie huis spook.
22. Mag daar in hierdie saal gerook . . . . . ?
23. Onlangs . . . . . 'n goudrif op ons plaas raakgeboor.
24. Toe die eerste ryp geval het, ... die mielies al geoes.
25. Gisteraand . . . . . goedere ter waarde van duisende ponde in die juwelierswinkel naby ons skool gesteel.

II. *Voltooi:—*

1. Ek hoor dat . . . . . .
2. Sy vra of . . . . . .
3. Toe . . . . . .
4. As . . . . . .
5. Wanneer . . . . . .
6. Hoekom . . . . . .
7. Hoe ver . . . . . .
8. Nadat . . . . . .
9. Omdat . . . . . .
10. Alhoewel . . . . . .
11. Al . . . . . .
12. Vanmelewe . . . . . .
13. Op drie na . . . . . .
14. Sedert . . . . . .
15. Verlede Saterdag . . . . . .
16. Duskant die rivier . . . . . .
17. Om twee-uur . . . . . .
18. Dou voor dag . . . . . .
19. Ofskoon . . . . . .
20. Twee maande gelede . . . . . .
21. Huil-huil . . . . . .
22. Sodra jy die tyding ontvang, ...
23. Namate hy ouer word, ...
24. Omdat hy siek was, ...
25. Toe ek daar aankom, ...

III.

Maak die volgende sinne ontkennend:-

1. Die storie wat Tielman vertel het, is **heeltemal** waar.
2. As ek die skool verlaat, wil ek **òf** vir predikant **òf** vir advokaat gaan studeer.
3. As jy **al ooit** 'n sonsverduistering beleef het, dan sal jy **weet** dat 'n mens nie met blote oë na die son mag kyk nie.
4. Ek **glo** dat ons heeltemal veilig in hierdie bos is.
5. Ek glo **dat ons heeltemal veilig in hierdie bos is.**
6. **As jy jou skoene laat heelmaak,** sal jou tone uitkruip.
7. **Jou tone sal uitkruip,** as jy jou skoene laat heelmaak.

8. **Pa wou die timmerman betaal,** omdat die werk nie klaar was nie.
9. Pa het die timmerman weggestuur, **want sy werk was bevredigend.**
10. Ou mense sê **dikwels** dat die wêreld vooruitgegaan het.
11. Jy moet **òf** die een kant **òf** die ander kies.
12. **Iedereen** weet waar Danie Scheepers begrawe is.
13. Hy is 'n strenge heer en maai **waar hy gesaai het.**
14. **Ons sal môre-oggend vertrek** voor die dag breek.
15. **Weet** jy hoekom hy vandag so nukkerig is?
16. Het jy **al ooit** van so iets gehoor?
17. Toe die konsert begin het, was **alles** heeltemal in die haak.
18. Sy antwoord het my **heeltemal** bevredig.
19. Ek **kan** die kinders nou teleurstel, nadat ek hulle belowe het.
20. **Alhoewel hy ver gestudeer het,** het hy gesonde verstand gehad.
21. Alhoewel hy ver gestudeer het, **het hy gesonde verstand gehad.**
22. Al het hy lank gesoek, het hy **darem oesters** gekry.
23. **Die kraagmannetjie het baie getreur** toe hy ontdek dat sy wyfie dood is.
24. **As jy 'n flits saamneem, sal jy verdwaal.**
25. **As jy 'n flits saamneem,** sal jy verdwaal.

IV.

Lees onderstaande stukkie noukeurig deur en maak dan 'n opsomming van die hoofgedagtes daarin in so weinig woorde as moontlik:—

„Die roete wat die Voortrekkerleier Louis Trichardt en sy geselskap op hul trek van Soutpansberg na Lourenco Marques gevolg het, sal in kaart gebring word deur 'n geselskap wat so pas onder leiding van mnr. W. Punt, 'n bekende Pretoriase geskiedenis-onderwyser, uit Pretoria vertrek het. Die ekspedisie geniet die steun van die Transvaalse Onderwysdepartement sowel as van die Provinsiale Raad. 'n Film sal van die tog gemaak word.

Mnr. Punt lê hom al jare lank toe op navorsing in verband met die roete wat deur die Trichardt-geselskap op die laaste fase van hulle noodlottige trek gevolg is, en deur sy teoretiese gegewens met topografiese navorsing aan te vul, was hy in staat om die roete met 'n groot mate van sekerheid vas te lê.

Die amptelike opdrag om dit finaal in kaart te bring, moet van harte verwelkom word, want daardeur sal heelwat gissing in verband met die laaste gedeelte van die Trichardt- trek uit die weg geruim word. 'n Rolprentopname van die ekspedisie sal ook,

afgesien van die belangwekkendheid daarvan, vir die publiek van waarde wees om ons 'n beter begrip te gee van die ontberings wat die stoere baanbrekers van meer as 'n honderd jaar gelede deurgemaak het. (*Die Huisgenoot.*)

V.

(*a*) Skielik **snel** hy my tegemoet (ww.).
(*b*) So **snel** soos die blits duik hy in die stroom in (bw.).

A. *Benoem die rededele wat vet gedruk is:* --

1. (*a*) **Keer** die roomyskarretjie **voor.**
   (*b*) Die tweede **keer** het ek hom nie weer vertrou nie.
2. (*a*) Daardie koffer is nie **lig** nie.
   (*b*) **Lig** die koffer **op.**
3. (*a*) Die **dood** is die einde van alle lewe.
   (*b*) Is die perd **dood**?
   (*c*) Hy suip hom nog eendag **dood.**
4. (*a*) Die huis is tot **as** verbrand.
   (*b*) Roep net **as** jy hulp nodig het.
5. (*a*) Die **stomme** diere vrek van die droogte.
   (*b*) 'n **Stomme** kan mos nie praat nie.

B. *Gebruik onderstaande woorde in aparte sinne om die funksieverskil aan te toon:*

1. **Sy.**
   (*a*) Voornaamwoord.
   (*b*) Selfstandige naamwoord.
2. **Eer.**
   (*a*) Selfstandige naamwoord.
   (*b*) Werkwoord.
   (*c*) Voegwoord.
3. **Vier.**
   (*a*) Telwoord.
   (*b*) Werkwoord.
4. **Ry.**
   (*a*) Werkwoord.
   (*b*) Selfstandige Naamwoord.
5. **Vuil.**
   (*a*) Byvoeglike Naamwoord.
   (*b*) Bywoord.

74

I. *Sit om in die verlede tydsvorm:* –

1. Daar word vertel dat daar op ons plaas begraafde skatte is.
2. My boetie word baie parmantig.

3. Piet staan haar by as sy kattekwaad wil aanvang.
4. Hy herinner sy suster daaraan dat hulle moeder hulp nodig het.
5. Die held dwarsboom altyd die skurk se planne.
6. Niemand stel belang in die ou rondloper nie.
7. Sy stel my regtig teleur.
8. Die speurder wens my geluk met my speurwerk.
9. Al hulle pogings om die dief op te spoor, misluk.
10. Oupa voorspel dat dit voor sononder sal reent.
11. Die Van Zijls erf alweer 'n duisend pond.
12. Eers borsel hy sy tande; dan kruip hy onder die verekombers in.
13. Sy ouers het hom lief, al het hy nie goeie maniere nie.
14. Die skelm word dié keer op heter daad betrap.
15. Een naweek gaan ek op 'n plaas kuier.
16. Saterdag gaan ek 'n ver ent perdry.
17. So onder die musiek raak die nooientjie aan die slaap.
18. Na 'n paar minute kom die bewustelose Lenie darem bv.
19. Die posmeester deel my mee dat die ou poskantoor gesloop word.
20. As ons omdraai, hoor ons 'n gil agter ons
21. Gedurende die naweke staan hy laat op.
22. Klein Dawie vra sy pa om hom te help.
23. Die komitee oorweeg jou aansoek om die betrekking.
24. Omdat die klerk steel, ontslaan sy werkgewer hom.
25. Al kan die Van Niekerks dit nie bekostig nie, skaf hulle nog 'n motor aan.

II.

Laat **toe** *weg waar moontlik, en maak die veranderinge wat daardeur nodig word:—*

Toe ons op die wal kom, toe sien ons hoe my sussie onder die water verdwyn. Toe pluk Fanie in 'n kits sy klere en skoene uit; toe spring hy in en toe swem hy met lang hale na die plek waar sy gesink het. Toe duik hy ondertoe, maar toe hy opkom, toe sien ek dat hy haar nie uitgeduik het nie. Net toe ek wou induik, sien ek haar langs Fanie opkom. Toe gryp hy haar onder die keel en swem toe met haar wal toe.

Toe kom my pa ook daar aangehardloop en toe kom hy vir ons help om haar uit die water te trek en op die wal neer te lê. Ons het toe dadelik kunsmatige asemhaling toegepas want sy was bewusteloos.

Toe sy na 'n paar minute, wat vir my soos ure gevoel het, bykom, toe het elkeen 'n sug van verligting geslaak en toe stuur my pa my om die motor te gaan haal. Toe ek by die rivier terugkom, was hulle alreeds met haar op die wal; toe het ons

haar in die motor gelaai Toe neem ons haar gou-gou huis toe en dra haar toe kamer toe.

Toe gee my pa my 'n loesing, omdat ek my sussie alleen langs die water laat staan het toe ek haar moes oppas.

III.

Vertaal:

A. 1. She likes her brother-in-law.
2. She is cross with her brother.
3. He is older than his sister.
4. His father gave him a hiding.
5. Her mother knit her a jersey, but she does not like her present.
6. She has made the pudding herself.
7. This is his bicycle, not hers.
8. He told me himself how he had rescued his friend.
9. Don't take that umbrella; it is his.
10. He hurt himself when he tried to jump over the fence.

B. 1. Who is the stronger: you or your brother?
2. I warned you that you would hurt yourself.
3. Are you fond of your step-mother?
4. I saw you with your mother when you visited the museum.
5. Dear Sir, I wish to thank you for your letter of the fourth instant.
6. No Father, I did not see your glasses. Where did you leave them?
7. Dear Aunt, I accept your invitation to spend the holidays with you in your seaside cottage.
8. You had better write your composition yourself.
9. Is this dictionary yours or his? No, it is hers.
10. Doctor, your wife is waiting for you in your car.
11. Boys, you must not let your team down.
12. And children, you should do your best to help your parents.
13. John and Peter, are these dirty clothes yours?
14. You rascal! Why did you give me such a fright?
15. You rascals! Why did you give me such a fright?
16. This is the oldest kind of vehicle that was ever used.
17. This is the essay that I lost yesterday.
18. I asked you for that one and now you have brought me this one.
19. Are you not ashamed of yourself?
20. I myself saw him take it away.

IV.

'n Skilpad en 'n trapsoetjies ontmoet mekaar langs die pad. Hulle groet mekaar en meteens snor daar 'n vliegmasjien deur die lug. Terselfdertyd vlieg 'n motor in die pad verby. Dan begin hulle gesels oor moderne voertuie.

Skryf die gesprek wat daar plaasgevind het op.

V.

A. *Gebruik in sinne:*
Ondanks; nietemin; nieteenstaande; inteendeel; ewenwel; desondanks; desnietemin; desnieteenstaande; tensy; as 't ware; nogtans; maar.

B. Watter nasies het jy al gesien, watter taal praat elkeen en in watter land woon elkeen?

75

I.

A. *Gebruik onderstaande bywoorde in sinne:* --
naderhand, verniet, onverwags, êrens, aanhoudend, dalk, erg, vlot, slegs, hoogstens.

B. *Kies telkens die juiste bywoord:*
danig, noodsaaklik, erg, voorheen, vanmelewe, eensklaps, pas, bra, mos, digby.

1. Waar is Jan; ek het hom netnou ..... nog in sy kamer gesien?
2. ..... was daar mos nog nie vliegtuie nie.
3. Ek het nog nooit . . . . 'n vliegtuig gesien nie dus kan jy jou voorstel hoe ek vir die ding geskrik het.
4. ..... het die motorband gebars en ons wip soos ons skrik.
5. Nee, ek hou nie . ..... baie van die vent nie.
6. Jy is ..... astrant; jy sal jou nog lelik vasloop!
7. Die twee oues woon ..... die kerk.
8. Moet ek ... . saamgaan met jou?
9. In die botsing is albei motors . ..... beskadig.
10. Ons het so ..... berig ontvang dat ons verplaas gaan word.

II.

(*a*) (neer.) Ek het die telegram op die bestuurder se tafel gesit.
(*b*) Ek het die telegram op die bestuurder se tafel **neergesit.**

Voeg die woorde tussen hakies op die regte plek in: -

1. (terug). Hans het gehoop dat Johan nog eendag sou kom.

2. (terug.) Heila het die brief gelees en in Dawid se baadjiesak gesteek.
3. (weg.) Nadat Heila die brief gelees het, het sy dit nie op 'n ander plek gaan steek nie.
4. (weg.) Dit was die tweede keer dat Toiings van die plaas af gegaan het.
5. (terug.) Op die ou end het Toiings na die plaas gekom.
6. (terug.) Vroeg die volgende môre moes Chris na die Noorde keer.
7. (terug.) Uilskuiken het saam met 'n sendeling na sy geboorteland gekom.
8. (weg.) Om dié rede het die grensbewoners besluit om van die Kolonie af te trek.
9. (weg.) Die klerk onderdruk die hunkering om van die kantoor af te vlug.
10. (saam.) Meester kon nie met Hans oor Johan se toekoms stem nie
11. (tennis.) Die skrywer deel ons mee dat Coen graag eenkeer per week speel.
12. (baie, lief.) Maar hy het nie vir haar gehad nie.
13. (vis.) Verlede Saterdag het ons gaan vang.
14. (perd.) Op die plaas wil ek dikwels gaan ry.
15. (terug.) Nadat hy moeg geword het vir Saul, het Toiings na Jannetjie en die plaas gegaan.
16. (wraak.) En toe het Ampie op die osse geneem.
17. (terug.) Hans het die skip veilig na die land gebring.
18. (rond.) Die eerste dag het ons orals op die plaas geloop.
19. (weg.) Sy het besluit dit sou beter wees om van die plaas af te gaan.
20. (op.) Hulle het besluit om 'n entjie in die straat te stap.
21. (terug.) 'n Jaar of wat later het hy na Holland gekeer.
22. (onder.) Ons het gesit en kyk hoe die son in die weste gaan.
23. (af.) Ek het verlede vakansie van 'n perd geval.
24. (berg.) Die Paasvakansie het 'n paar van ons gaan klim
25. (terug.) Party krygsgevangenes wou nie weer na hulle vaderland keer nie.

III.

(*a*) Petrus Viljoen het 'n huis gekoop. Hy het baie daarvoor betaal.

(*b*) Petrus Viljoen het 'n huis gekoop, **waarvoor hy baie betaal het.**

Verbind onderstaande sinne:

1. Naby ons woon 'n dame. Sy is al vyf-en-negentig jaar oud.
2. Wie is die dominee? Hy het verlede Sondag gepreek.

3. Daar is min mense. Hulle is nie vir spoke bang nie.
4. Danie is iemand. Danie sal nooit 'n maat van hom in die steek laat nie.
5. Op my verjaarsdag het ek 'n polshorlosie gekry. My tante in Rhodesië het dit vir my gestuur.
6. Aanstaande vakansie gaan ek by my tante kuier. Sy woon in Rhodesië.
7. Wie is die seun? Jy is vies vir hom.
8. Wie is die persoon? Jy het die telegram aan hom gestuur.
9. Is dit tant Annie-hulle? Ons gaan kuier by hulle.
10. Dis 'n ryk nooi. Piet se broer gaan met haar trou.
11. Jan is iemand. Ek hou baie van hom.
12. Motorresies is iets. Ek hou gladnie daarvan nie.
13. In die museum is 'n wa. My voorouers het met die wa oor die berge getrek.
14. Dis sy rooi hare. Ek het hom dadelik aan sy rooi hare herken.
15. Watter perd is dit? Jy het van die perd afgeval.
16. Wie is dit? Hy het vir jou geterg.
17. Wie is die man? Jy het met hom gepraat.
18. Wie is die man? Hy het met jou gepraat.
19. 'n Horlosie is iets. 'n Mens kan nie sonder 'n horlosie klaarkom nie.
20. Dis 'n vragmotor. Ons het teen 'n vragmotor gebots.
21. Is dit die perd? Julle het twintig pond vir die perd betaal.
22. Dis ons buurman se seun. Sy seun is deur 'n motorfiets omgery.
23. My hondjie moes doodgeskiet word. Sy voorpoot was af.
24. Die motor het omgeslaan. Sy binneband het om die draai gebars.
25. Die geweer het aan Oupa behoort. Sy loop het gebars.

IV.

Skryf 'n jaarverslag van die verrigtinge van julle debatsvereniging.

V.

Florence is in Italië geleë. Die Florentyne (inwoners van Florence) praat Italiaans.

Vul die ontbrekende woorde in:

1. Kaapstad is in . . geleë. Die ..... praat ..... .
2. Durban is in ..... geleë. Die ..... praat .....
3. Rome is in ..... geleë. Die ..... praat ..... .
4. Den Haag is in . geleë. Die ..... praat ..... .
5. Bern is in ..... geleë. Die ..... praat .

6. Napels is in . geleë. Die . praat .
7. Brussel is in geleë. Die . praat .
8. Boeda-Pest is in . geleë. Die praat .
9. Parys is in . geleë. Die . praat .
10. Alexandrië is in . geleë. Die praat .
11. Venesië is in . geleë. Die praat .
12. Lissabon is in . geleë. Die praat .
13 Bombaai is in . geleë. Die praat .
14. Buenos Aires is in . geleë. Die . praat .
15. Rio de Janeiro is in . geleë. Die . praat .
16. Edinburg is in . geleë. Die . praat .
17. Sydney is in . geleë. Die praat .
18. Keulen is in . geleë. Die . praat .
19. Istanboel is in . geleë. Die . praat .
20. Jerusalem is in . geleë. Die . praat .
21. Kairo is in . geleë. Die . praat .
22. Lourenco Marques is in . geleë. Die . praat .
23. Wenen is in geleë. Die . praat .
24' München is in . geleë. Die . praat .
25. Auckland is in . geleë. Die . praat .

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Nasionale Std. VII-Sertifikaat.

(Handels, Tegnies en Huishoudkunde.)

AFRIKAANS B.

(X-vraestel.)

13 Junie 1946] **[Twee uur.**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 20 reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:—
   (*a*) Brei die volgende gedagtes uit tot 'n samehangende geheel, so aanskoulik en interessant as jy kan:
      (i) Kosie se moeder stuur hom na die naaste winkel om 'n dosyn eiers te gaan koop. Hy kom tot naby sy ouerlike huis en daar glip die eiers uit sy hande—vertel nou verder.

      OF

      (ii) Petermans, die geliefkoosde katjie van Marie, raak weg. Na 'n week soek kry haar vader hom weer—beskryf nou Marie se blydskap.

   (*b*) Kaskenades in die klaskamer terwyl die onderwyser uit is.

   (*c*) Die lewe van 'n speurder.

   (*d*) Jan van die plaas en Piet van die dorp gesels met mekaar. [30]

2. Skryf 'n briefie aan die posmeester van jou dorp om te verneem na 'n pakkie wat jou reeds 'n week gelede moes bereik het.

   OF

   'n Vriend(in) van jou was nou vir 'n kwartaal uit die skool. Vertel hom (haar) in 'n brief al die skoolnuus. [15]

3. Lees die volgende stukkie noukeurig en beantwoord dan die vrae onderdaan, *in goeie volsinne.*

   „Kan die polisie niks in die saak doen nie?" verneem Andries.

   „Nee man, hul doen hul bes, maar is magteloos, deels omdat hul nie genoeg manskappe op die platteland het nie en deels omdat hulle nie met voldoende moderne en meer doeltreffende middels toegerus is nie. Die diewe vervoer byvoorbeeld die gesteelde vee met die vragmotors. In 'n

nag kan hul so'n vrag skape myle ver wegneem van die plek waar dit gesteel is. Watter kans het die polisie teen hulle, die plattelandse polisie met hul outydse stadige manier om oor die weg te kom, naamlik te perd. Nee man, dis hopeloos om te dink die polisie kan help."

„Maar het die boere daar enige suspisie wie die boosdoeners kan wees?" vra Andries verder.

„Nee hulle het nie. Die een verdink die ander en dit sal juis jou vernaamste werk wees om die diewe te probeer opspoor."

„Maar, Andries," waarsku die ouer man sy seun weer, „jy moet goed verstaan dit sal nie alleen 'n moeilike taak wees nie, maar ook 'n uiters gevaarlike.

Dit sal met roekelose manne wees wat jy te doen kry—manne wat by die uitvoering van hulle planne vir niks sal stuit nie. Ek maan jou om versigtig te werk te gaan. Moenie jou humeur gaan verloor of jou dom-astrant gaan hou nie. Dit sal jou niks baat nie. Wees versigtig, ou seun."

(*a*) Noem twee redes, waarom misdaad op die plase nie so maklik bestry kan word nie.
(*b*) Waarom gebruik die polisie dan nie speurhonde om die veediewe te vang nie?
(*c*) Waarom was dit lewensgevaarlik om die diewe op te spoor?
(*d*) Waarom kon die boere dan nie die polisie help om die misdadigers te betrap nie?
(*e*) Aan wie word dit nou opgedra om die veediewe op te spoor?
(*f*) Verklaar kortliks die volgende:—
(i) Doeltreffende middels.
(ii) Ek maan jou.
(iii) Vir niks sal stuit nie.
(iv) Moenie jou humeur gaan verloor nie.
(v) Dit sal jou niks baat nie. [21]

4. (*a*) Vul in die ontbrekende snw. gevorm van die ww. in onderstaande sinne. (Bv. Ek sal jou *help*, dus sal ek aan jou *hulp* verleen.)
(i) Die man *bedrieg*, dus pleeg hy .....
(ii) Ek *ruik* die medisyne en ek hou nie van die ..... nie.
(iii) Sy *kies* daardie rok, haar ..... is goed.
(iv) Ek *dien* jou en sal altyd tot jou ..... gereed wees.
(v) Die man *drink* baie, en het hom heeltemal aan die ..... oorgegee. [5]

(*b*) Vervang die skuinsgedrukte woorde deur een enkele in elkeen van die volgende sinne:—

(i) Die leerlinge se name moet *in orde van die alfabet* op die register voorkom.

(ii) Die *man wat die misdaad gepleeg het* word nou verhoor.

(iii) Die besoekers het almal *op dieselfde tyd* daar aangekom. [3]

(*c*) Verbind die volgende pare sinne deur middel van die gegewe voegwoord:—

(i) Sannie sal laat kom. Sy staan vroeër op. (tensy)

(ii) My moeder is siek. Ek moet vandag tuisbly. (dus)

(iii) Willem moet skool-toe gaan. Hy is siek. (al)

(iv) Sarel bly tuis. Hy is gesond. (alhoewel) [8]

(*d*) Skrywe in die verlede tyd:—

(i) Ek gaan vandag stad-toe om vleis te koop.

(ii) Ek is moeg en gaan dus op die bank sit.

(iii) Lei jy die blomme nat of spit jy in die groentetuin?

(iv) Die soldate trek die kanonne reg om 'n saluut te vuur. [8]

(*e*) Skryf die volgende sinne na „Hy vra of":—

(i) Gaan jy nog die melk by oom Piet haal?

(ii) Is oom Tys nog met vakansie by die see?

(iii) Behandel Miemie nog haar ma so sleg?

(iv) Het jou tante die bediende in die pad gesteek? [8]

(*f*) Vul die regte woord in. (Bv. Iemand wat in Egipteland gebore is en groot geword het is 'n *Egiptenaar*.)

(i) Iemand wat handel dryf is 'n .....

(ii) Iemand wat baie talente het is 'n ..... persoon.

(iii) Iemand wat aan ander 'n goeie voorbeeld stel is 'n ..... persoon. [3]

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Nasionale Std. VII-Sertifikaat.
(Handels, Tegniese en Huishoudkunde.)

AFRIKAANS B.
(Y-vraestel.)

13 Junie 1946.] **[Twee uur.**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 20 reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:—

(*a*) Brei die volgende gedagtes uit tot 'n samehangende geheel, so aanskoulik en interessant as jy kan:

(i) Jy loop met 'n haelgeweer in die bosveld en skiet kleinwild. Onverwags kom jy op 'n boosaardige leeuwyfie af. Beskryf nou wat verder gebeur.

OF

(ii) Jy het nie jou huiswerk gedoen nie—jy skryf van iemand anders af en word deur die onderwyser betrap.

(*b*) 'n Geveg met kleilatte

(*c*) Die winter is weer hier.

(*d*) Hospitale. [30]

2. Skryf 'n brief aan die hoof van jou skool, waarin jy hom vra om so goed te wees om jou 'n ander sertifikaat te stuur. Jou naam op die oue kom nie ooreen met die naam op jou doopseël nie en dit is dus nie geldig nie. Jy heg jou sertifikaat aan die brief en skryf jou naam voluit, soos dit op die doopseël voorkom.

OF

Nooi jou ouers uit om julle sportbyeenkoms by te woon. [15]

3. Lees die volgende stukkie noukeurig en beantwoord dan die vrae onderdaan *in goeie volsinne*.

Die jaar het ten einde gesnel sonder dat Piet enige vordering gemaak het met die opsporing van Bettie of agtergekom het wat die rede vir haar geheimsinnige vertrek was. Al wat hy kon uitvind, was dat haar ma 'n weduwee was en op 'n afgeleë plasie in Suidwes-Afrika gewoon het. Tweemaal het hy daarheen geskrywe, maar nooit enige antwoord ontvang nie. Daarna het hy dit vereers opgegee.

Die eindeksamens was aan naderkom en al was Bettie se vertrek vir hom 'n gevoelige slag, kon hy nie toelaat dat dit enige inbreuk op sy studies maak nie. Met nog meer ywer het hy hom daarop toegelê en die gevolg was dat hy sy eindeksamen met skitterende sukses afgelê het en so sy pa se vertroue in hom geregverdig het. Dit was vir hom feitlik die enigste troos. Hy kon met 'n geruste hart huis-toe gaan; sy pa sou tevrede, selfs groots op hom wees.

Sy pa is op die stasie om hom te ontmoet .....

Op pad huis-toe gesels die vader net van die boerdery .....

Laat in die agtermiddag sit hul in die studeerkamertjie, daardie bekende ou studeerkamertjie waar sy pa soveel ure deurbring. Dit moet vir hom soms vreeslik stil wees so

alleen op hierdie verafgeleë eensame plaas met net die paar volkies. Tog maar goed sy pa is lief vir lees

(*a*) Wat was Piet se enigste troos?

(*b*) Het Piet se pa verwag dat hy in sy eindeksamen sou slaag?

(*c*) Waarom het Piet dit vereers opgegee om uit te vind waar Bettie was?

(*d*) Wat het Piet alles gedoen om uit te vind waar Bettie was?

(*e*) Waarom kan ons aanneem dat Piet se pa 'n belese man is?

(*f*) Verklaar kortliks die volgende:—

(i) Bettie se vertrek was vir hom 'n *gevoelige slag*.

(ii) Dat dit nie *inbreuk* op sy studies *maak* nie.

(iii) Sy pa sal selfs *groots op hom wees*.

(iv) *Verafgeleë* eensame plasie.

(v) Met net die paar *volkies*. [20]

4. (*a*) Vervang die skuinsgedrukte woorde deur een enkele woord wat dieselfde beteken:—

(i) Dié *wat voetbal speel* moet glad nie bang wees nie.

(ii) Die *mense wat toekyk*, het hard geskreeu toe hulle die uitslag verneem.

(iii) Die *vrou wat haar man verloor het* is al weer getroud. [3]

(*b*) Verbind die volgende sinnetjies in elke groep in een samegestelde geheel, sonder om die woordjie EN te gebruik.

(i) Ek sien die perd. Die perd staan by die stal. Die staldeur is oop.

(ii) Ek ken die man. Hy loop kreupel. Hy het sy been seergemaak.

(iii) Hy het nie gekom nie. Ek verstaan dit nie. Hy is tog nie siek nie.

(iv) Hy het gedruip. Ek begryp dit nie. Hy is 'n slim seun. [8]

(*c*) Elkeen van die volgende sinnetjies is 'n antwoord op 'n vraag.. Die skuinsgedrukte woorde toon in elke geval waar die klem van die sin val. Skrywe nou die vrae neer:—

(i) Piet het eers sy pa met die *skape* gehelp.

(ii) Piet en sy vader het die skape *gespuit*.

(iii) Hulle het die werk in die *kraal* gedoen.

(iv) Hulle het die lyk *onder die krans* gevind. [8]

(*d*) Vorm deur middel van 'n voorvoegsel en die werk-

woord STEL 'n ander woord wat pas in die oopgelate ruimtes.

My vader het 'n nuwe motor
Die moeder . . . haar oor die wegraak van haar kind.
Mnr. A. sal 'n nuwe tikster in sy kantoor .....
Ek het die rat van die motor ..... [4]

(*e*) Skrywe 'n ander woord in die plek van die skuinsgedrukte woorde.
(i) Ek *apprisieer* baie wat jy gedoen het.
(ii) Op die universiteit het hy *geografie* en *astronomie* bestudeer.
(iii) Die arme vrou het *dadelik* vertrek. [4]

(*f*) Skrywe die volgende sinne oor met die selfstandige naamwoorde in die verkleinwoordsvorm:—
(i) Die muise het die brode in die kis bygekom en stukkend gevreet.
(ii) My pa het 'n mooi koei verloor wat van die groen lusern op die land gevreet het.
(iii) Daar het etlike swerms sprinkane gekom en die vrugte verniel [8]

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Junior-, Ambagsinstrukteurs-, Ambagskool- en N.T.S. I (Drukkers-) sertifikate.

AFRIKAANS B (JUNIOR).
(Y-vraestel.)

20 Junie 1946.] **[Drie uur.**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 25 reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:—
(*a*) 'n Ernstige teleurstelling.
(*b*) Die laaste skooldag voor die vakansie.
(*c*) 'n Ou skoolbank beskrywe 'n paar leerlinge wat op hom gesit het.
(*d*) Ons mooi vaderland.
(*e*) My planne vir die toekoms. [30]
2. Skryf 'n brief van omtrent 15 reëls aan jou ouers en vertel aan hulle van 'n ernstige ongeluk wat naby die skool gebeur het. [10]
3. Lees die onderstaande stukkie prosa noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:—

„Kom ons gaan tuin-toe," stel Kleinboet voor.

„Ma het gesê ons moenie in die tuin rondloop nie," maak Boetie beswaar.

„Net 'n bietjie moerbeie eet—dis mos nie rondloop nie," pleit Sussie.

Hy kyk na die reuse-boom wat net 'n paar tree van die hekkie af staan.

Dit is nie juis in die tuin nie . . . miskien kan hulle dit maar waag . . . „ Nou ja, nie verder as die moerbeiboom nie."

Opgewek stuif hulle nou by die hekkie in en klouter in die boom op. Donkergroen en sambreelvormig staan die tamaai boom met sy geil blare en aaneengedronge takke. Binnekant is dit amper soos in 'n skaduryke huis, so dig is die blarehemel. Rooi spikkel die halfryp moerbeie deur die lower; sappig en heerlik is die swart, malse vrugte. Doodstil sit elkeen in 'n mik, omring van 'n oorvloed van heerlikheid. Dit is net nodig om die hand uit te steek, te pluk en te eet.

(i) Wat het Ma hulle verbied om te doen?
(ii) Wat wou hulle gaan doen, en waarom dink hulle hulle mag?
(iii) Hoe het die tuin daar uitgesien?
(iv) Gee woorde wat ongeveer dieselfde betekenis het as VYF van die volgende: rondloop; reuse-boom; opgewek; tamaai; skaduryke; lower; oorvloed; heerlikheid.
(v) Gee 'n geskikte opskrif vir die stuk.
(vi) Wat beteken: „Dit is nie juis in die tuin nie?" en: „Boetie maak beswaar?" [18]

4. Vul die regte voorsetsels in die volgende sinne in:—
(*a*) Ek ken die boom . . . . sy vrug.
(*b*) Die twee kinders speel lekker ..... mekaar.
(*c*) Die perd is amper dood ..... die dors.
(*d*) Wat dink jy ..... die boek wat jy pas gelees het?
(*e*) Ek dank jou ..... voorbaat.
(*f*) Annie het ..... ongeluk op die kat se stert getrap.
(*g*) Ons staan ..... vyfuur op.
(*h*) Ons wens julle alles ..... die beste. [8]

5. Vul die regte voegwoorde in:—
(i) ..... het jy baie geld, is dit nog geen rede om dit te verkwis nie.
(ii) Sy het nie gekom nie . . sy my belowe het dat sy nie sou wegbly nie.
(iii) Sy staan eerste in haar klas; haar broer ..... staan laaste.
(iv) Willem is nie dom nie; ..... hy is slim.
(v) ..... jy aan die einde van die jaar sal slaag, is nog 'n ope vraag. [5]

6. Gee die intensiewe vorms van die volgende:—
dood; jonk; fris; siek; vet; droog; nat; suur; fyn. [Voorbeeld: Koud—yskoud.]

7. Skryf die regte woord wat tussen hakies aangegee word, in:—
(*a*) Die seun was in gevaar en hy het om (hulp, help) geroep.
(*b*) Ek het my mes aan Willem (geruil, omgeruil, verruil).
(*c*) (As, toe) ek die man sien, was hy baie kwaad.
(*d*) Ek (ken, weet) wat jy gesê het.
(*e*) Ek moet hard werk (daar, as, want) ek graag wil slaag. [5]

8. Gee die teenoorgestelde van die volgende:—
sterk koffie; *sagte* antwoord; 'n *skerp* mes; 'n *letterlike* vertaling; 'n *droë* streek. [5]

9. Die volgende sinne is onder Engelse invloed opgestel. Gee egte Afrikaanse uitdrukkinge daarvoor:—
(*a*) Ek het my die aand baie geniet.
(*b*) Die leeu storm en die jagter maak vir die naaste boom.
(*c*) Vertel die anders ook van dit.
(*d*) Ek lyk nie om in die reën te loop nie.
(*e*) Nou sal ek my brief toesluit.
(*f*) Die volgende aand het hy rondgekom na ons.
(*g*) My broer het die rekord gebreek.
(*h*) Ons is jammer dat jy nie kan teenwoordig wees nie. [8]

10. (*a*) Gee die trappe van vergelyking van die volgende byvoeglike naamwoorde:—
Hoog; vroeg; dof; doof; ongeleë.
(*b*) Gee die meervoud van: Buurman; Engelsman; pad; glas; blad; gat. [6]

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Junior-, Ambagsinstrukteurs-, Ambagskool- en N.T.S. I (Drukkers-) sertifikate.

AFRIKAANS B (JUNIOR).
(X-vraestel.)

20 Junie 1946.] **[Drie uur.**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 25 reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:—
(*a*) 'n Krygsgevangene vertel sy Ondervindings.
(*b*) 'n Rolprent wat ek onlangs gesien het.

(*c*) 'n Plaasseun (-dogter) besoek vir die eerste maal 'n stad

OF

(*d*) Ek het my hond lief, omdat hy so getrou is.
(*e*) Beleefdheid in die alledaagse lewe, veral as 'n mens werk soek. [30]

2. Skryf 'n brief van omtrent 15 reëls aan 'n vriend (-in) wat sy (haar) enkel verstuit het net voor die vakansie. Simpatiseer met hom (haar) en vertel hom (haar) van die uitstappie waaraan hy (sy) nie kon deelneem nie. [10]

3. Lees die onderstaande stukkie prosa noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:—

Brakkie draf na gewoonte voor met sy kort passies en skeef wiegende lyfie. Plotseling steek hy vas en knor. Elke spier verstyf en die hare op sy rug rys stekelig op. Hulle stuit agter, wag en kyk. Daardie houding ken hulle goed as 'n gevaarteken. Hy tree behoedsaam vooruit en snuif-snuif agterdogtig aan die bos. Bo in die takke is 'n skommeling en 'n geritsel—'n geel ding piets soos 'n voorslag uit en op Brakkie af. Hy tjank en skud sy kop. Slegs 'n blits-oomblik hang die ding slingerend aan sy bolip en dan met 'n geritsel is die geelkapel weg.

Boetie raap hom op en met 'n gegil en geskreeu yl hulle huis-toe, maar nog eer hulle die stoep bereik, steek die pootjies styf vorentoe uit Boetie se arms uit.

Saggies en teer word hy op die stoepklip neergelê. Die getroue oë werp nog een laaste smeekblik na sy geliefde basie toe, dan verglaas hulle. Die liggaampie krimp ineen en trek ..... word styf ..... en koud.

(i) Watter gevaar het Brakkie bespeur en waaraan kon 'n mens dit bemerk?
(ii) Wat het met Brakkie gebeur?
(iii) Hoe het die kinders probeer om die hondjie se lewe te red?
(iv) Gee woorde wat ongeveer dieselfde betekenis het as VYF van die volgende: passies; skeef; plotseling; behoedsaam; blits-oomblik; verglaas.
(v) Gee 'n geskikte opskrif vir die stuk.
(vi) Wat beteken:—
(*a*) „'n Geel ding piets soos 'n voorslag uit en op Brakkie af?"
(*b*) „Die liggaampie krimp ineen en trek ..... word styf ..... en koud. [18]

4. Vul die regte voorsetsels in die volgende sinne in:—
(*a*) Ek het medelyde ..... jou.

(*b*) Die seun het ..... ongeluk die verkeerde pad gevat.
(*c*) Die dogter brand ..... . verlange om haar moeder te sien ..... jare van afwesigheid ..... haar vaderland.
(*d*) Dis lelik om ..... iemand anders jaloers te wees.
(*e*) Ek reken net ..... jou om my ..... die moeilikheid te help. [8]

5. Skryf die volgende stukkie oor, maar gebruik die regte leestekens, hoofletters en paragrafering:—

ag ou boontjies fluister sy en waarom is jy dan vir my so kwaad wat het ek vir jou gedoen 'n donkerrooi kleur styg stadig in boontjies se wange op en met 'n verlee laggie gryp sy na die raket hou jy hiervan se sy jy moet goed leer tennis speel ons wil jou kies om op die komitee te dien op die komitee ek weet mos niks van tennis af nie en wat sal anna en bolletjie se ons wil juis sien of hulle berekening daarteen bestand sal wees as jy baie fluks speel sal ons jou miskien sekretaresse maak sekretaresse roep martie ongelowig uit nooit maar die raket ek kan mos nooit so'n duur present van julle aanneem nie. [6½]

6. Verbind die volgende tot samegestelde sinne:—
(i) Hy sê. Hy sal kom. Sy werk is klaar.
(ii) Piet het by die kinders gaan speel. Die kinders woon om die draai. Die groot bome groei daar.
(iii) Hy is siek. Hy gaan skool-toe.
(iv) Jan gaan nie skool-toe nie. Piet gaan nie skool-toe nie.
(v) Jan moet saamgaan. Piet moet saamgaan.
(vi) Die ouers was daar. Die kinders was daar. [6]

7. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm:
(i) Ons besoek die leeskamer dikwels, maar ons het hom nog nooit daar aangetref nie.
(ii) My ouers het ten alle tye daarop aangedring dat ek tenminste my matrikulasie-eksamen moet aflê.
(iii) 'n Mens drink, dobbel en rook in hierdie saal.
(iv) Hy het die moeilikheid wat hy veroorsaak het, baie gering geag.
(v) Die man sou die hond slaan as hy 'n slaanding kon kry. [5]

8. Skryf die volgende sinne in die negatiewe (ontkennende) vorm:—
(i) Loop gou.
(ii) Het jy al ooit hiervan gehoor?

(iii) Êrens sal ons rus en vrede vind.
(iv) Ek skaam my oor sy gedrag.
(v) Hy wil graag gesels. [2½]

9. Die volgende sinne is onder Engelse invloed opgestel. Gee egte Afrikaanse uitdrukkinge daarvoor:–
   (*a*) Wat is die tyd by jou horlosie?
   (*b*) Die trein verlaat om drie-uur.
   (*c*) Die hond loop rond die huis.
   (*d*) Die tuin word by die kinders omgespit.
   (*e*) Ek het 'n mooi vakansie by my oom deurgebring.
   (*f*) Ek sal jou die dag na môre kom sien.
   (*g*) Ek het my die aand baie geniet.
   (*h*) Ons sal jammer wees dat jy nie kan teenwoordig wees nie. [8]

10. (*a*) Gee die vroulike vorm van: Jood; prinsipaal; bakker; werker; voog.
    (*b*) Gee die verkleinwoorde van: Pad; vat; nooi; hond; kat; hof; hoof. [6]

UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT.

Nasionale Junior Sertifikaat (Handel, Tegnies, Ambagskool, Ambagsinstrukteurs en Drukkers.)

AFRIKAANS B (JUNIOR).
(Y-vraestel.)

11 November 1946.] **[Drie uur.**

1. Skryf 'n opstel van omtrent 25 reëls oor EEN van die volgende onderwerpe:—
   (*a*) Die raad wat ek sal gee aan my broertjie (sustertjie) wat vir die eerste maal skool-toe gaan.
   (*b*) „Daardie dag sal ek nooit vergeet nie."
   (*c*) Sondagmôre—in die stad of op 'n boereplaas.
   (*d*) Pa se motor laat ons in die steek.
   (*e*) 'n Teruggekeerde soldaat vertel . . . [30]

2. Jou vader deel jou mee dat hy weens finansiële moeilikhede verplig is om jou aan die end van die jaar uit die skool te haal.
   Skryf nou 'n brief van omtrent 15 reëls aan jou vader en soebat hom om jou nog minstens een jaar op skool te hou. [10]

3. Lees die onderstaande stukkie prosa noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:—
   Sy het so fluks aan die werk gespring dat mevrou Joubert 'n sug van verligting geslaak het. „Ag, dankie, sy

kan werk," dink sy, en gaan terug na haar slaapkamer om haar gereed te maak vir die bad. Maar eers neem sy haar handsakkie wat op die kleedtafel lê, om dit weg te bêre. Sy is heeltemal onbewus van die feit dat twee speurende oë uit die gang al haar bewegings dophou in die weerkaatsing van haar kleedtafelspieël. Liewer nie die sakkie in die kleedtafellaai bêre nie. Die onderste laai van die hangkas is veiliger, dié skree as jy hom oop- en toemaak. Sy steek die sakkie diep onder die winterklere in, en stoot die laai weer toe. In die woonkamer is die skoonmakery bedrywig aan die gang.

Net toe mevrou Joubert die badkraan oopdraai en die geruis van water die badkamer vul, los haar nuwe bediende die besem, gaan ongelooflik vinnig en geluidloos die slaapkamer binne en kniel voor die groot kas neer. Met haar oë op die deur gevestig, trek sy baie stadig en sorgvuldig die laai saggies oop. Blitssnel werk sy nou. Met 'n ruk is die moeilike handsakknip oop en het sy die beursie en 'n nuwe boekie buskaartjies daaruit.

(*a*) (i) Waaroor was mevrou Joubert baie bly.
(ii) Wat het sy eers gedoen voordat sy gaan bad het?
(iii) Van watter feit was sy heeltemal onbewus?
(iv) Waar het sy haar handsak gebêre, en waarom?
(v) Wat het die bediende gedoen terwyl mevrou Joubert gebad het?
(vi) Gee 'n gepaste opskrif vir die stukkie.

(*b*) Gee woorde wat ongeveer dieselfde betekenis het as VYF van die volgende:—
gereedskap; onbewus; speurende; dophou; weerkaatsing; bedrywig; geruis. [20]

4. Vul in elke sin die regte voornaamwoord in:
(*a*) Sy verbeel . . . . . sy is wat wonders.
(*b*) . . . . . karnallie, vandag ry jy aan die pen!
(*c*) Jy kan daar alles en nog . . . . . koop.
(*d*) Die ma en dogter soen . . . . . .
(*e*) Hy het dit . . . . . waarlik weer vergeet! [3]

5. Skryf die volgende sinne oor. maar skryf die werkwoorde tussen hakies in die verlede tyd:—
(*a*) Die man (wantrou) sy dienskneg.
(*b*) Die oorwinnaars (onderdruk) die verowerde nasie.
(*c*) Hy (wanhoop) aan die uitslag van sy eksamen.
(*d*) Die vrou (glimlag) altyd.
(*e*) Hy (oortree) dikwels die wet. [3]

6. Gee die versterkte (intensiewe) vorm van die volgende woorde:—

wit; bitter; skoon; droog; flou; dun; vet; maer; leeg; vol; styf; ryp. [6]

7. Vul die regte vorm van die woord tussen hakies in:—
   (*a*) (bederf). Die appel is . . . . . , die . . . . . kind.
   (*b*) (slyp). Die mes is . . . . , die . dief.
   (*c*) (breek). Die tak is . . . . , die . . . . stem.
   (*d*) (neem). Die besluit is , die . . . . . besluit.
   (*e*) (verloor). Die geld is . . . , die . . . . . kanse. [8]

8. Vul die regte voorsetsels in die volgende sinne in:—
   (*a*) ..... drie . . . . . was al die beeste in die kraal.
   (*b*) Wat hy gesê het sal ek . . . . harte neem.
   (*c*) Jy stel jou bloot . . . . . gevaar.
   (*d*) Ek verkies 'n reis . . . . motor . . 'n uitstappie . . . . . voet.
   (*e*) Hy is deur die regter dood veroordeel. [7]

9. Verbind die volgende sinne tot samegestelde sinne:—
   (*a*) Dis nou seker. Die dief is gevang. Hy het by ons buurman ingebreek.
   (*b*) Ons weet almal goed. 'n Volstruis kan nie vlieg nie. Hy het twee vlerke.
   (*c*) Ek sal nie kom nie. Jy belowe my. Ons sal vroeg terugkeer.
   (*d*) Dit spyt my. Die kinders kan nie saamgaan nie. Hulle is te moeg. [5]

10. Die volgende sinne is onder Engelse invloed opgestel. Gee egte Afrikaanse uitdrukkinge daarvoor:—
   (*a*) As jy skool-toe gaan, moet jy sien dat jy al jou boeke het.
   (*b*) Die man spring regop in die lug en op dieselfde tyd gee hy 'n harde gil.
   (*c*) Haar gesig het haar weggegee.
   (*d*) Hulle het 'n lekker swem gehad.
   (*e*) Dis meer of min die regte antwoord.
   (*f*) Ek het jou vir jou broer geneem.
   (*g*) Ja, maar waar kom ons in?
   (*h*) Kan jy 'n kar dryf?

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

JUNIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN, 1945.

AFRIKAANS B.

[Drie uur.

AFDELING A.

1. Skryf 'n opstel, van NIE MINDER AS 35 REËLS EN NIE MEER AS 50 REËLS NIE, oor EEN van die volgende onderwerpe:—
   (*a*) Byna verdrink.
   (*b*) Ons snaakse bure.
   (*c*) Die lotgevalle van 'n voëltjie.
   (*d*) Die kat is weg en die muis is baas.
   (*e*) As hierdie ou skoolbank maar net kon praat.
   (*f*) 'n Perderuiter kom op 'n galop by 'n plaashuis aan. Vertel die nuus wat hy gebring het en die verhaal wat aan sy koms verbonde is. [75]

AFDELING B.

2. Skryf EEN van die volgende briewe. Die brief moet, afgesien van aanhef en slot, omtrent 25 reëls lank wees, maar NIE LANGER AS 30 REËLS NIE:—
   (*a*) Jy het 'n interessante brief van 'n skoolkind uit 'n ander land ontvang waarin hy/sy van hulle dorp, hulle skool en ander dinge vertel. Skryf nou 'n vriendskaplike brief in antwoord daarop.
   (*b*) Skryf 'n brief aan 'n groenteboer waarin jy sê dat jy graag 'n weeklikse bestelling vir groente by hom wil plaas. Doen navraag omtrent pryse, en verskaf enige besonderhede omtrent die soorte groente wat jy wil hê, die hoeveelhede en die vervoerreëlings.
   (*c*) Die hond van mev. A. Venter van Langstraat 15, Johannesburg het, op 2 Desember, 'n hoender wat aan mnr. G. Pieterse behoort, gevang en doodgebyt. Mnr. Pieterse woon in No. 47 in dieselfde straat, maar hy en mev. Venter ken mekaar nie. Skryf 'n brief waarin mev. Venter, op die dag na die gebeurtenis, haar spyt aan mnr. Pieterse uitdruk en belowe om vir die skade te betaal. Sy weet nie presies hoeveel die hoender werd is nie. [50]

AFDELING C.

3. Gee net EEN woord vir elk van die volgende. Let op die voorbeeld:-
   Vraag: (*k*) Na watter plek toe.
   Antwoord: (*k*) Waarheen.

(*a*) Nie dikwels nie.
(*b*) Twee dae gelede.
(*c*) Van daardie plek af.
(*d*) Wanneer 'n mens dit nie verwag nie.
(*e*) Sonder twyfel.
(*f*) In 'n noordelike rigting.
(*g*) Leuens vertel.
(*h*) Die inwoners van Frankryk.
(*i*) Kinders wie se ouers oorlede is.
(*j*) Dames wat siek mense versorg. [10]

4. In die volgende uittreksel word hoofletters gebruik waar woorde uitgelaat is. Naas elke hoofletter word vier woorde tussen hakies aangegee, maar net een van hierdie woorde pas goed as dit in die plek van die hoofletter gebruik word. Skryf nou die hoofletters A tot J in 'n kolom (ondermekaar) neer en naas elk die woord, gekies uit die vier tussen hakies, wat die beste pas: -

> ,,In Julie 1942 toe Japan die Maleise Skiereiland oorrompel het, die vesting Singapoer ingeneem het en baie punte van strategiese belang in die Stille Oseaan in beslag geneem het, en toe daar 'n (A) (moontlikheid, twyfel, sekerheid, onmoontlikheid) bestaan het dat sy suksesvolle voortrukking tot die Indiese Oseaan en selfs tot die (B) (hawe, poorte, kus, landerye) van Afrika sou uitgebrei word, is die (C) (goedkoopste, duurste, waardevolste, grootste) besittings van die Museum en die Kunssaal sorgvuldig (D) (opgepak, verpak, uitgepak toegespyker) en na 'n (E) (welbekende, onveilige, onherbergsame, sekere) plek gestuur waar 'n geskikte en veilige bêreplek deur die Staat beskikbaar gestel is. Maar met die (F) (besetting, oorlog, oorheersing, slag) van Madagaskar deur geallieerde troepe en die suksesvolle (G) (vloot, leër, operasies, skermutselinge) deur Australiese en Amerikaanse magte teen Japanse stellings in die Stille Oseaan het die algemene oorlogstoestand in 1944 (H) (so, baie, genoeg, genoegsaam) verbeter om dit te regverdig dat (I) (planne, reëlings, sake, alles) getref kon word om die dinge terug te laat kom. Gevolglik is hulle teruggebring; en toe die kaste ontpak is, is alles gelukkig in 'n (J) (neutrale, gemiddelde, bevredigende, onbevredigende) toestand gevind." [10]

5. Gebruik elk van die volgende woorde in twee kort sinnetjies met 'n verskillende betekenis in elke sinnetjie. Let op die voorbeeld:—

Vraag: vat.
Antwoord: (1) Hy wil my hoed **vat**.
(2) Die wyn is in die vat.
duur, kies, maal, middel, uitslag. [15]

6. Lees die volgende stuk deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:--

„Die een klip na die ander keer ek sonder sukses om; en eers nadat ek 'n taamlike groot rots omgesukkel het, ontdek ek wat ek wou hê. Dit was 'n skerpioen, sy oë vol blitsende woede en sy dodelike angel klaar om te steek.

Ek dra hom na 'n smal paadjie en sit hom omtrent drie duim voor vier marsjerende miere neer. 'n Strydmier is 'n baasbakleier en die leier pak die skerpioen meteens, terwyl sy drie maats ook vinnig storm. Maar die skerpioen was geslepe en ervare; hy begin ook dadelik die aanval en dryf sy giftige angel deur die glinsterende wapensrusting van die voorste mier, en tegelykertyd byt hy die tweede middeldeur. Toe begin hy rondom draai om die derde mier by te kom. Die vierde mier het intussen in die ruigte weggeraak, en die skerpioen het gou kleingeld gemaak van sy laaste teenstander wat sommer so in die steek gelaat is."

(*a*) Op watter *twee* maniere kan 'n skerpioen hom verdedig?
(*b*) Watter van die miere sou jy 'n lafaard kon noem? Waarom?
(*c*) Watter een van die vier miere word beskryf as „die laaste teenstander?"
(*d*) Watter twee woorde toon aan dat dit waarskynlik nie die eerste maal in sy lewe was dat die skerpioen geveg het nie?
(*e*) Skryf twee woorde uit bostaande stukkie neer wat as sinonieme kan dien vir: blink, gereed.
(*f*) Skryf nog 'n Afrikaanse sinnetjie met dieselfde betekenis as: Hy het kleingeld gemaak van sy teenstander.

Hier volg vier bewerings. Skryf W as antwoord as jy dink dat die bewering waar is: O as jy dink dat dit onwaar is: T as jy dink dat daar twyfel bestaan.

(*g*) Die skerpioen was al kwaad voordat die miere hom aangeval het.
(*h*) Die man het die skerpioen met 'n stok vasgedruk, sodat hy hom kon optel sonder om gesteek te word.
(*i*) 'n Skerpioen se angel is giftig, maar hy kan darem nie 'n mens of 'n dier doodsteek nie.
(*j*) Die skerpioen het een van die miere gebyt; die ander twee het hy gesteek. [20]

7. Skryf—
   (*a*) die teenoorgestelde geslag van: held, bruid, swaer, weduwee, buurman;
   (*b*) in woorde: 4; 14; 88; 17; 9.30 vm
   (*c*) die verlede deelwoord van: eet, gesels, liefhê, mishandel, gelukwens;
   (*d*) net die ontbrekende voegwoord. Kies die voegwoorde uit die volgende lys: al, alhoewel, asof, daarom, dus, nadat, omdat, tensy, terwyl, want:—
      (1) Ek was siek ..... kon ek nie kom nie.
      (2) Ek kon nie kom nie ..... ek was siek.
      (3) Ek kon nie kom nie ..... ek siek was.
      (4) Ek sal gaan ..... reent dit ook hard
      (5) Hy wou dit nie doen nie ek hom gesoebat het. [20]

DEPARTEMENT VAN OPENBARE ONDERWYS.

KAAP DIE GOEIE HOOP.

JUN. SERT. AFRIKAANS LAER (DEEL EEN).

(1945.)

AFDELING A. **[1½ uur.**

1. Skryf 'n opstel van ongeveer 35 reëls oor EEN van die volgende:—
   (*a*) U vader het een nag skielik op die plaas siek geword. U moes te perd na die dorp gaan om die dokter te gaan roep. Vertel u ondervindings van daardie nag.
   (*b*) U en u vriende het gaan swem. Een van hulle het in die moeilikheid geraak. Beskryf hoe hy gered is.
   (*c*) Die ou skoolhek vertel van 'n paar leerlinge wat by hom in- en uitgegaan het.
   (*d*) Waarom u die prinsipaal (prinsipale) se kantoor moes besoek en wat daar gebeur het.
   (*e*) Hoe u een aand 'n dief in u ouers se huis betrap het.
   (*f*) Die warmste dag wat u al ondervind het. [70]

AFDELING B.

2. Kies DRIE van die volgende onderwerpe en skrywe oor elkeen 'n paragraaf van sowat 10–15 reëls:—
   (*a*) Toe ek 'n potjie ink in die klaskamer laat omval het.
   (*b*) 'n Besoek aan die tandarts.
   (*c*) U grootste verrassing.
   (*d*) Vakansie.
   (*e*) In die vrugteboord.

(*f*) Die oggend toe ons bediende nie opgedaag het nie.
(*g*) My eerste fiets.
(*h*) By moeder (vader) se graf.
(*i*) U eerste dag op die tennisbaan òf voetbalveld òf netbalveld. (24, 23, 23) [70]

AFDELING C.

3. Skrywe EEN van die volgende briewe in behoorlike vorm (inhoudsdeel ongeveer 15 reëls):—
   (*a*) U het u vriend(in) belowe om die volgende vakansie by hom (haar) deur te bring. Daar het iets gebeur wat u verhinder om te gaan. Skrywe aan u vriend(in), verduidelik wat gebeur het en vra om verskoning.
   (*b*) U is op kosskool en wil gedurende die vakansie gaan werk om geld te verdien. Skrywe 'n brief aan u ouers, vra hul om verlof om dit te doen en sê waarvoor u die geld wil gebruik.
   (*c*) Weens 'n besering aan u been moet u 'n paar weke in die bed bly. Skrywe aan Nel en Kie., by wie u werksaam is, verduidelik wat gebeur het, vra om verskoning dat u u werk nie kan verrig nie en sê hoe lank die dokter meen dat u afwesig sal moet wees. [30]

AFDELING D.

4. Lees die onderstaande stukkie noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg, in goeie volsinne:—

Voor die lap geelhout klim die Oubaas af. Die teuels haak hy om sy regterarm; die geweer dra hy oorgehaal met die voorvinger aan die sneller, „Sa! Sa!" skree hy vir die honde. Maar hoe hy hul ook aanhits, die brakke bly eenvoudig agter die perd lawaai maak en wil om die dood nie weer in daardie lap bosse ingaan nie. As hul dit tog maar wou doen, sou die Oubaas ten minste weet waar die luiperd skuil.

Om alleen en sonder honde 'n verwoede luiperd in 'n geelhoutbos te probeer opspoor, is eenvoudig met die dood te speel; en daar sou die meeste jagters ook omgedraai het. Maar nie daardie stoere ou voortrekker nie! Sy hele lewe al steun hy op sy geweer en sy perd. Die twee het hom nog nooit in die steek gelaat nie. Hul sal dit vandag ook nie doen nie. Met die perd nog om sy arm gehaak stap hy vol mannemoed die geelhout in. Die wyfie hoor hom sy weg deur die bosse baan. Sy gee effens links pad om onderkant die wind te kom.

Die Oubaas nader versigtig. Af en toe rek hy hom lank op sy tone uit en probeer oor die bosse heen kyk;

dan loer hy weer laaggebuk onder die bome deur. So gaan dit op en af, op en af, dog steeds vorentoe in die rigting waar die sterwende hond nog jammerlik lê en kerm.

Daardie mik-mik van die vyand vertoorn die reeds-omgekrapte wyfie so dat nie eens die mensruik wat sy kry toe sy onderkant die wind kom, haar afskrik nie. Toe die Oubaas weer buk, bespring sy hom. 'n Mens het sy nog nooit vantevore gesien nie; maar toe sy spring, spring sy instinkmatig reguit nek-toe. Die onverskrokke ou grysaard voel haar kom. Hy het nog net tyd gehad om die geweer so te sê teen haar kop af te trek toe sy hom 'n klou venynig bokant die oog inslaan en die vel van die kop skeur. Die slagaar byt sy gelukkig mis, want die verskrikte perd ruk haar met man en al onderstebo en begin haar te kap. Rasend van pyn waar die geweerskoot haar 'n oog uit die kop geruk het, val sy die nuwe vyand aan; dog dié vlie om en skop haar met altwee die agterpote tegelyk dat sy hoog deur die lug trek. Uit: *Kees* deur G. C. en S. B. Hobson.

(*a*) (1) Waarom het die Oubaas nie geweet waar die luiperd in die bosse skuil nie?
(2) Waarop het die Oubaas hom altyd verlaat as daar gevaar is?
(3) Wat het die wyfie kwaad gemaak?
(4) Wie was die wyfie se „nuwe vyand"?
(5) Wat bedoel die skrywer deur te sê dat die honde om die dood nie weer in daardie lap bosse wou ingaan nie? (10)

(*b*) Sê of die volgende REG of VERKEERD is. Gee daarna in goeie volsinne bewyse vir u antwoorde:—
(1) Die Oubaas was gereed om te skiet.
(2) Dit is veilig om alleen 'n kwaai luiperd in die bos op te spoor.
(3) Die wyfie het bly lê toe sy die Oubaas hoor aankom.
(4) Die Oubaas was bang van geaardheid.
(5) Die luiperd het nie baie pyn gehad nie.
(15) [25]

DEEL II.

[1½ uur.

1. (*a*) Vul die ontbrekende voorsetsels by die volgende in (skryf net u antwoord en die onderstreepte woorde neer):—
(i) Ek is lief — vis.
(ii) Daar is 'n hoë heining — die tuin.

(iii) Hy aard — sy pa.
(iv) Ek herken hom — sy stem.
(v) Ons reis — trein.
(vi) Die moordenaar is — dood veroordeel.
(vii) Jy stel jou bloot — gevaar.
(viii) 'n Speurder moet altyd — sy hoede wees.
(ix) Glo jy — spoke?
(x) Die polisie lê beslag — die dagga. (10)

(*b*) Vorm gepaste selfstandige naamwoorde van die woorde wat tussen hakies aangedui word by TIEN van die volgende:—
(i) Die Here sal ons (bid) verhoor.
(ii) Voetbal verskaf my baie (geniet).
(iii) 'n Mens moenie gretig wees om (wreek) te neem nie.
(iv) My vriend het my (help) verleen.
(v) Sy (bedrieg) het aan die lig gekom.
(vi) Die arme man is verslaaf aan (drink).
(vii) Die (lang) van my visstok is nege voet.
(viii) Ons bewonder die (groot) van Napoleon.
(ix) Klein boetie is sommer 'n (stout).
(x) My oupa is al grys van (oud).
(xi) Oom Jan is 'n (Transvaal). (10)

(*c*) Gee die trappe van vergelyking van VYF van die volgende:—
Voorbeeld: groot — groter — grootste.
baie, nuut, fris, breed, moeg, tevrede. (10 [30]

2. (*a*) Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoorde neer, asook die onderstreepte woorde:—
(i) Koos is sommer 'n (puur) man!
(ii) Dis 'n baie (lank) storie.
(iii) My ma is 'n (lief) vrou.
(iv) Ons is bang vir die (ru) soldate.
(v) Ek het 'n (goud) horlosie present gekry.
(vi) Die kinders sit op 'n (droog) stomp.
(vii) Hulle het 'n (dood) perd in die veld sien lê.
(viii) Jan is die (slim) van die twee broers.
(ix) Ek sit op 'n (laag) stoeltjie.
(x) Oom Kaspaas is 'n (woes) kêrel. (10)

(*b*) Vorm gepaste byvoeglike naamwoorde van die woorde tussen hakies by TIEN van die volgende:—
(i) 'n (week) busdiens.
(ii) 'n (sand) pad.
(iii) 'n (vriend) man.
(iv) 'n (spaar) kind.
(v) 'n (mond) eksamen.

(vi) 'n (liefde) moeder.
(vii) 'n (vlyt) leerling.
(viii) 'n (sonder vleis) dag.
(ix) (eet) kos.
(x) (las) kinders.
(xi) 'n (gevoel) verlies.
(xii) (vyand) vliegtuie. (10)

(*c*) Vorm meervoude van VYF van die volgende:—
Bevel, vrou, stad, lam, skilpad, lied. (4)

(*d*) Vorm verkleinwoorde van VYF van die volgende:—
Voorbeeld: hoek — hoekie.
Koei, pad, blom, wa, geheim, koning. (5) [30]

3. (*a*) Skryf die korrekte vorm neer van TIEN van die werkwoorde wat tussen hakies aangedui word (skryf net u antwoord en die onderstreepte woord neer):—
(i) Ek voel baie (teleurstel).
(ii) Die tweetjies is gister (trou).
(iii) Milton is 'n (roem) digter.
(iv) Ek het die (tik) brief in 'n koevert gesteek.
(v) Die (opwen) menigte het dadelik begin sing.
(vi) Die stukkies van die (breek) koppie lê op die vloer.
(vii) As ek jy was, sou ek dit lankal (doen).
(viii) Ek kon aan sy (lag) gesig sien dat hy bly was.
(ix) Die moeder staan (buk) oor haar kindjie.
(x) Ek het die werk sommer (speel) gedoen.
(xi) Ons kyk na die (ondergaan) son. (10)

(*b*) Verbind die volgende enkelvoudige sinne met behulp van die aangeduide voegwoorde:—
(i) (Of) Dit gaan môre reent. Ek weet nie.
(ii) Koos is 'n pessimis. (omdat) Hy sien altyd die donker sy van die lewe raak.
(iii) (As) Jy werk hard. Jy sal slaag. (tensy) Jy word natuurlik siek. (5)

(*c*) Vul by elk van die volgende sinne 'n gepaste werkwoord in wat afgelei is van GAAN:—
Voorbeeld: Die son sal vanaand om sesuur *ondergaan*.
(i) Ek wil graag met jou ... ...
(ii) Hy het 'n groot fout .....
(iii) Die siek vrou het 'n operasie ....
(iv) Langs ons kus het al baie skepe .....
(v) Sy naam het my .....

(*d*) Skryf die volgende sinne oor in die Bedrywende Vorm:—
Voorbeeld: Die brief sal deur die kind geskryf word.
Antwoord: Die kind sal die brief skryf.

(i) Die hond is deur die man geslaan.
(ii) Word die hond deur die man geslaan?
(iii) Daar word gesê dat die hond gister deur die man geslaan is. (6)

(*e*) Stel die volgende sinne ontkennend:—
Voorbeeld: Ek weet wat ek doen.
Antwoord: Ek weet nie wat ek doen nie.
(i) Het hulle jou vertel dat my ma siek is?
(ii) Dit is 'n heerlike dag; daarom gaan ons see-toe. (4) [30]

4. (*a*) Vul die ontbrekende woord by TIEN van die volgende idiome in (skryf net u antwoord en die onderstreepte woorde neer):—
(i) 'n Mens moet wik en — voordat jy iets doer.
(ii) Tydens 'n kermis is alles in rep en —.
(iii) Die hond lê mooi pens en — bo-op my bed.
(iv) Die outa het sak en — getrek.
(v) Ek het my vriend met raad en — bygestaan.
(vi) Ons het met dapper en — in die pad gespring.
(vii) Hy is kant en — met sy werk.
(viii) Die leerling het die prys dubbel en — verdien.
(ix) Deur skade en — word 'n mens wys.
(x) My oupa en ouma het baie lief en — saam deurgemaak.
(xi) In hierdie ou wêreld kry 'n mens dikwels stank vir —.
(xii) As my ma weg is, bak en — ek soos ek wil. (10)

(*b*) Soek gepaste verklarings uit kolom (ii) vir enige VYF idiome uit kolom (i) en skryf hulle naasmekaar neer:—
Voorbeeld: lelik knoop = vloek.

(i)	(ii)
slaags raak	verlief
kluitjies bak	slegsê
iemand inklim	baklei
'n riemtelegram	onraad
been-af	lieg
Bokveld-toe gaan	'n valse gerug
'n slang in die gras	sterf

(5)

(*c*) Wat is die regte Afrikaans vir VYF van die volgende slordige uitdrukkings:—
(i) Ek lyk nie my onderwyser nie.
(ii) Ons gaan vir 'n swem.
(iii) Wat meen jy?
(iv) Daar gaan die klok.

(v) Wat is die tyd?
(vi) Hy het vir vyf jaar daar gewoon. (5)

(*d*) Maak sinne met VYF van die volgende woorde sodat 'n mens maklik kan sien u weet wat hulle beteken:—
Gretig, sommer, per abuis, alledaags, uitoorlê, byderhand, broekskeur gaan, te danke. (10) [30]

5. (*a*) Skryf die volgende sinnetjies in die Indirekte Rede en in die Verlede Tyd:—
Voorbeeld: „Sal julle my môre help?" vra oom Koos.
Antwoord: Oom Koos het gevra of hulle hom die volgende dag sou help.
(i) „Gaan roep die dokter", beveel my vader my.
(ii) „Ons het gister die oorwinning behaal omdat die spelers na my geluister het", sê die voetbalkaptein.
(iii) „Eina!" skree die seuntjie. „Hoekom maak julle my so seer?" (10)

(*b*) Verbind VYF van die volgende woordgroepe tot een woord elk en sorg dat u hulle reg spel:—
Voorbeeld: volk + bond = volkerebond.
Kalf + hok, wa + huis, gou + gou, volk + lied, kind + boeke, drie + uur. (5) [15]

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT.

AFRIKAANS (LAER GRAAD)

Juniorsertifikaat-eksamen, 1945.

[Tyd: **Twee uur.**

(**Let Wel.**—Gee volle aandag aan die gebruik van die leestekens, aan jou skrif en aan die behoorlike afwerking van die antwoorde.)

1. Skryf 'n opstel van omtrent 1½ bladsy oor *een* van die volgende onderwerpe:—
(*a*) 'n Spook in die huis.
(*b*) Op die strand.
(*c*) Wat die buskondukteur vertel.
(*d*) 'n Dag uit die lewe van 'n winkelbediende
(*e*) Die jagter vertel van sy avonture. [70]

2. Skryf 'n brief van ongeveer een bladsy aan jou tante waarin jy haar vertel hoe jy in 'n vreemde stad verdwaal het.

OF

Skryf 'n brief aan 'n vriend(in) waarin jy hom (haar) vertel hoe julle op 'n aand 'n maat 'n poets gebak het. [30]

3. Lees die onderstaande stukkie noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:—

„Twee onduidelike gestaltes kan bespeur word teen die vuilgeel agtergrond van die muur, wat omtrent vyf jaar gelede gewit is. 'n Sagte gemurmel van stemme kan gehoor word; en daarna hoor die twee onder die bos die woorde: „Kom ons kyk eers". Waarna kyk? Hulle sal nie lank in twyfel gelaat word nie. Die twee gedaantes gaan in verskillende rigtings rond en bekyk iedere hoek en iedere moontlike skuilplek. Hulle wil eers heeltemal seker wees dat daar nêrens iemand is wat hulle kan afluister nie. Saggies, so saggies, kruip Hans en Patrys nader na die stam van die granaatbos; hulle vou hulle lywe feitlik om die boom om nie gesien te word nie. En asemhaal? Ag nee, dié het hulle al lank gelede laat staan.

Hier kom Paul. Hulle ken hom sommer aan sy ruik. Hy stap om die boom, kyk in die karre, onder die karre, stap weer om die boom, kyk weer in die karre — ag, kan hy dan nie klaar kry nie! Fielies kom ook aan. Hans trek die geweer stadig reg om voorbereid te wees as die nood aan die man kom.

„Is alles reg?" vra Fielies. „Ek het gehoor of daar iemand asem haal", antwoord Paul. Die hele gesprek word in 'n fluisterstem gevoer, maar die seuns hoor iedere woord duidelik, want die volk is nie drie tree van hulle af nie. „Bly doodstil!" fluister Fielies. En hy en Paul staan met oorgehaalde sintuie en luister. Onder die boom lê weer twee seuns wat vrees dat selfs die geklop van hul hart hul sal verraai, en wat met wyd-oop monde stadig asemhaal.

Fielies sê eindelik: „Nee, die plek is leeg. Kom". En hulle stap na die venster toe. 'n Sagte klankie en die onderste raam is oopgeskuiwe. Die twee gedaantes verdwyn in die donker gat van die venster. Hier kom hulle terug! Aan hul hygende asemhaling kan 'n mens sommer hoor dat hulle iets dra wat swaar is. Dis natuurlik die brandkassie! Die tweede kom na 'n paar oomblikke na buite toe, en daarna sit hulle die kas op die grond".

(Uit „Patrys Hulle" deur E. B. Grosskopf.)

(*a*) Gee aan hierdie stuk 'n gepaste opskrif. [1]

(*b*) Beantwoord die volgende vrae in goeie volsinne:—

(i) Van hoeveel mense hoor ons hier? Noem hulle. [2]

(ii) Waarom bekyk die twee gedaantes iedere hoek en iedere moontlike skuilplek? [3]

(iii) Waaraan het die seuns Paul herken? [3]

(iv) Waarom kon die seuns die gesprek wat in 'n fluisterstem gevoer is, tog verstaan? [3]
(v) Waartoe dien 'n brandkas? [3]
(vi) Waaraan kan 'n mens hoor dat daar iets swaars gedra word? [3]

(c) Gee 'n ander woord vir elkeen van die volgende wat min of meer dieselfde betekenis het: bespeur, skuilplek, voorbereid, slag, iedere. [5]

(d) Gebruik die volgende uitdrukking in 'n volsin: As die nood aan die man kom. [2]

(e) Skryf die volgende drie sinne in die verlede tyd:—
(i) Saggies kruip Hans en Patrys nader na die stam van die granaatbos. [1]
(ii) Die twee gedaantes loop in verskillende rigtings en bekyk iedere hoek en iedere moontlike skuilplek. [2]
(iii) Die hele gesprek word natuurlik in 'n fluisterstem gevoer, maar die seuns hoor iedere woord duidelik. [2]

(f) Skryf die volgende twee sinne in die lydende vorm:—
(i) Hans trek die geweer stadig reg. [1]
(ii) Die twee gedaantes bekyk iedere hoek en iedere moontlike skuilplek. [1]

(g) (i) Gee die meervoud van: gesprek, vensterbank, muur, granaatbos, gat.
(ii) Gee die teenoorgestelde van: wydoop, gevaarlike, agtergrond, swaar.
(iii) Gee die verkleinwoord van: gestaltes, stam, klank, boom, gesprek.
(iv) Gee die enkelvoud van: sintuie, gedaantes. [8]

4. Vul die regte voorsetsels in in *vyf* van die volgende sinne:—
(1) Die blinde man herken my ..... my stem.
(2) My nefie ly baie ..... hoofpyn.
(3) Die dogtertjie is baie lief ..... haar moeder.
(4) My moeder is bekommerd ..... haar kinders.
(5) Die versie herinner my ..... my pligte.
(6) Laat my u voorstel ..... mej. du Plessis.
(7) Die kinders is verheug ..... hulle sukses. [5]

5. Verbind *vyf* van die volgende sinne met 'n gepaste voegwoord:—
(1) Die boek lê op die tafel. Jy soek die boek.
(2) Jy praat van die man. Die man is my oom.
(3) Ek bly by die huis. My ma is siek.
(4) Hy het gevrees. Dit sou te laat wees.

(5) Hier is die stoel. Die koning het op die stoel gesit
(6) Ek ken die plaas. Hy gaan na die plaas toe.
(7) Daar loop die man. Die man se kind het verdrink.
(8) Ek gaan huis-toe. Ek het nie tyd om langer te wag nie. [10]

6. Iemand wat leuens vertel is 'n *leuenaar*. Voltooi op dieselfde manier *vyf* van die volgende sinne:—
   (1) Iemand wat bedel is, is 'n .....
   (2) Iemand wat lui is, is 'n .....
   (3) Iemand wat onderwys gee, is 'n .....
   (4) Iemand wat inspeksie hou, is 'n .....
   (5) Iemand wat in 'n tuin werk, is 'n .....
   (6) Iemand wat gedigte skryf, is 'n .....
   (7) Iemand wat siek mense oppas, is 'n ..... [5]

VRIENDSKAPLIKE BRIEWE.

1. Skryf die brief wat jy die graagste sou wou ontvang as jy tuiskom.
2. Skryf 'n antwoord op die brief wat jou bloedig laat vererg het.
3. Vertel jou ouers van die eerste week in die nuwe koshuis.
4. Vertel 'n maat van jou nuwe skool.
5. 'n Vriend(in) verkeer in die hospitaal. Skryf 'n brief namens jou klas en vertel wat tydens sy(haar) afwesigheid voorgeval het.
6. 'n Vriend(in) wat sleg gevaar het in die Afrikaanse vraestel, wil graag 'n boeiende Afrikaanse boek lees. Stuur so 'n boek en vertel net genoeg van die inhoud om die nuuskierigheid te prikkel.
7. 'n Oorsese korrespondent(e) wil meer weet van die Suid-Afrikaanse dierelewe. Beantwoord die brief.
8. Jy is platsak en dis nog 'n paar weke voor die skool sluit. Vra jou ouers op 'n versigtige manier om meer sakgeld; verduidelik waarom jy die geld dringend nodig het, en vertel hoe jy sal vergoed.
9. Jou suster het in die stad agtergebly om te werk. Skryf vir haar 'n brief van die vakansie-oord af.
10. 'n Paar uur voor dagbreek het jy tuisgekom. Skryf 'n brief aan 'n vriend(in) en vertel wat voorgeval het.
11. Jy wil graag verder gaan studeer maar kan dit nie bekostig nie. Klop aan by 'n ryk oom of tante. Verduidelik waarvoor jy die geld nodig het, en beskryf hoe jy sal vergoed.
12. Nooi 'n vriend(in) op 'n naburige dorpie uit om die vakansie

by jou deur te bring. Vertel wat julle gaan aanvang, wanneer en waar julle mekaar sal ontmoet en wat saamgebring moet word.

13. Jy en 'n vriend(in) het rusiegemaak. Probeer die geskil per brief besleg.
14. Jou skoolrapport was uiters onbevredigend. Jou ouers het gedreig dat jy die skool sal moet verlaat. Beantwoord daardie brief.
15. Jou ouers het jou belet om aan skoolsport deel te neem. Pleit by hulle om jou te laat voortgaan; noem redes.
16. Jy het so pas teruggekeer van 'n vakansie by jou oom en tante. Bedank hulle; vertel ook wat jy die meeste geniet het.
17. Veronderstel dat jy 'n vader of 'n moeder is. Skryf die eerste brief aan jou seun of dogter wat 'n paar dae gelede die eerste keer koshuis toe is.
18. So pas het jy die hospitaal verlaat. Skryf 'n brief aan jou verpleegster.
19. Jou oupa of ouma het jou op jou verjaarsdag met 'n gawe present verras. Bedank hulle en vertel hoe jy die geskenk gebruik.
20. Vertel 'n maat van jou besoek aan die tandarts.

SAKEBRIEWE.

1. Doen aansoek om 'n betrekking, wat in 'n koerant adverteer is. Verstrek die nodige besonderhede.
2. Bespreek losies in 'n hotel by 'n vakansie-oord.
3. Doen navraag i.v.m. verlore bagasie.
4. Bestel goedere by 'n kruidenier.
5. Bestel goedere by 'n sportuitruster.
6. Bestel goedere by 'n boekhandelaar.
7. Bestel klere.
8. Kla oor die onbevredigende diens wat 'n handelaar gelewer het toe jy sekere goedere bestel het.
9. Vra jou gewese skoolhoof om 'n getuigskrif; sê waarom jy dit nodig het en bedank hom vir sy belangstelling toe jy aldaar 'n leerling was.
10. Jou motor is in 'n ongeluk beskadig. Rig 'n brief aan die maatskappy wat jou motor verseker het, en versoek dat die skade herstel moet word. Beskryf ook die omstandighede van die ongeluk en die aard van die skade.
11. Die rekening wat jy ontvang het, was foutief. Rig 'n brief aan jou skuldeiser.
12. Vra jou posmeester om jou pos tydens die vakansie aan te stuur. Dui daarop dat die versoek 'n vorige keer verontagsaam is en sê watter ongerief dit meegebring het.

13. Kla by die eksaminator oor die onregverdige vraestel wat jy so pas geskryf het.
14. Spreek jou mening uit, in 'n plaaslike koerant, oor die onbevredigende busdiens.
15. Gee in die korrespondensiekolom van 'n plaaslike koerant wenke aan die hand hoe jou dorp of stad verfraai kan word.

OPSTELLE.

1. Dit sal ek nooit vergeet nie.
2. 'n Onvergeetlike droom.
3. Die verhaal waarvan ek die meeste hou.
4. 'n Rolprent wat ek baie geniet het.
5. Oupa vertel.
6. 'n Krygsgevangene vertel.
7. My ondervindinge saam met 'n speurder.
8. 'n Poets.
9. Hoe ek leer fietsry (of perdry, of swem) het.
10. 'n Verjaarsdagpartytjie.
11. My stokperdjie.
12. Verlede vakansie.
13. By die strand.
14. Op die plaas.
15. Saterdag(aand) in die stad.
16. Sondag op die plaas.
17. Kwajongstreke.
18. 'n Ongeluk.
19. Voor die kaggel.
20. Bennie skater van die lag toe hy om die hoek kom. Laat hom vertel wat so danig snaaks was.
21. Alleen tuis een donker nag.
22. Jou ouers vertrek met vakansie en jy en jou broer moet die winkel (of kafee, of plaas) behartig. Vertel van jou ondervindinge.
23. Ons bure.
24. My vriend(in).
25. Ons onderwysers(esse).
26. By die sirkus.
27. 'n Onvergeetlike wedstryd.
28. My eerste dans (of partytjie).
29. Die eerste (of laaste) skooldag.
30. Hoe ek beloon is.
31. Die wraak.
32. Oorlogsherinneringe.
33. 'n Vlieënier vertel.
34. Die spookhuis.
35. 'n Motorrit.

36. Op die mark.
37. Saam met my ma om inkopies te doen.
38. Die deur skuif stadig oop .....
39. Waarom ek Afrikaans leer.
40. Daar jaag die brandweermotor!
41. Ons nuwe huis.
42. Ons nuwe motor.
43. Hoe ek sakgeld verdien het toe ek platsak was.
44. Vele hande, ligte werk.
45. Boontjie kry sy loontjie.
46. By die swemplek (of swembad).
47. Die dieretuin (of wildtuin).
48. Dit was vir jou pret!
49. Piekniek.
50. My omgewing.
51. My boetie (of sussie).
52. 'n Matroos vertel.
53. Waarom 'n mens moet lees.
54. My geliefkoosde skrywer (of boek).
55. Hoe ek my ouers elke naweek help.
56. In die werkkamer.
57. 'n Nare dag.
58. Bloumaandag.
59. Die voëltjie in die koutjie vertel.
60. Ontgroening.
61. Jeugherinneringe.
62. My reisgenoot.
63. Verlede Oujaarsdag (of Kersdag).
64. Ons het gaan kampeer.
65. Die hengelaar vertel.
66. Al is 'n leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel!
67. Môre sluit die skool.
68. Growwe leuens.
69. Bygelowe.
70. 'n Jagter vertel.
71. 'n Jagtog.
72. Die smokkelaars.
73. 'n Skinderbek.
74. 'n Patent wat ek ontwerp het.
75. Verdwaal.
76. Net toe jy by die stasie stilhou, vertrek die trein. Vertel verder.
77. Die ou Maanhaar in die dieretuin begin vertel.
78. Die gelukkigste dag in my lewe.
79. Die ongelukkigste dag in my lewe.
80. My toekomsdrome.

81. Suid-Afrika na die oorlog.
82. Ek het my so geskaam!
83. 'n Bruilof.
84. Ek het my 'n boggeltjie gelag.
85. 'n Noue ontkoming.
86. 'n Vergissing.
87. 'n Rondloper vertel.
88. Gedane sake het geen keer nie.
89. Agteros kom ook in die kraal.
90. My omgewing.
91. Die leuse van my skool.
92. Buitengewoon dapper!
93. 'n Ou murasie vertel.
94. Verdwaal in die oerwoud.
95. 'n Ondervinding met 'n kranksinnige.
96. 'n Snaakse entjie mens.
97. Spaar elke splinter vir vuur in die winter.
98. Die een se dood is die ander se brood.
99. Hoe kaler jonker, hoe groter pronker.
100. 'n Kordaatstuk.
101. Die geheimsinnige mnr. X.
102. Die Skat op Dooiemanseiland.
103. Die held(in) van 'n gebombardeerde stad.
104. Outa Apools.
105. Die bloedbevlekte handskoen.
106. Die ontembare perd.
107. 'n Byna menslike hond.
108. 'n Knap stukkie speurwerk.
109. 'n Sirkusleeu ontsnap.
110. 'n Ossewa en 'n vragmotor bots op die hoek van 'n straat en raak aan die praat.
111. 'n Gesprek tussen 'n dollar en 'n halfkroon.
112. Die laaste dag.
113. 'n Vreemde sending.
114. 'n Gesprek tussen die twee oudste inwoners.
115. 'n Avontuur onder die see.
116. Maan toe!
117. 'n Verstekeling.
118. 'n Gesprek tussen ou Piet Spekskiet en die predikant.
119. In die eksamenkamer.
120. Deur 'n sleutelgat afgeluister.
121. In die hospitaal.
122. Daardie laaste aand.
123. Ons sportdag.
124. Hoe en waarheen ek graag wil reis.
125. My laaste muntstuk.

126. In 'n sel.
127. Daardie briefie!
128. In die knyp.
129. Die interessantste voorval in 'n boek wat jy onlangs gelees het.
130. My windbuks (of poppe).

Aandete
aangekom
aangename
aanstaande
adres
adresseer
adellike
afgeleë
affêre
afgeval
aflewering
Afrikaanse
Afrikaner
ag-en-tagtig
aia
aktrise
alleen
allerhande
allervasste
ambisie
ambisieus
ambulans
ammunisie
appel
applikasie
artikels
assuransie
baie
balanseer
ballade
basaar
baseer
bedlêend
bedra
beïnvloed
belangrike
België
bemoeiing
benodigdhede
bêreplek
bergklim
berigte
berugte
besprekingskantoor
besproeiing
biblioteek
bioskoop toe
blitssnel
bobbejane
boeiend
bokknieë
boonste dam toe
boontoe
bo-op
bome
bottel
breë
broeisel
brûe
bure
definitief
deugniet
deur
die digte bos
die digter
dieselfde
dokter (medisyne)
dooie
dorinkie
dorp toe
drie-sewendes
droëvrugte
druipeling
duisend
dubbele
Duncanweg
Durban toe
duskanttoe
duur
dwarsdeur
êe
eende-eiers
eenders
eggenote
eie
eienaar
eienares
eier

eksamenvraestelle
eksaminatore
elektriese
elektrisiteit
elemente
ellende
Engeland
enigste
êrens
essensiële
etensuur
familie
feesviering
figuur
finansieel
finansiële
fluksste
gaatjie
gebeurtenisse
gedurende
geëet
geënt
geërf
geïllustreer
geïsoleer
gekruiste tjek
gereël
gereeld
gesê
geur
ghienie
glase
goeie
goeienaand
gooi
gou-gou
grammatika
grammofoon
groei
grootte
grote
guur
hael
haelgeweer
handdoeke
hawestede
heeltemal
hemelhoë
hemelsbreë
heen- en terugreis
herhaling
herinnering
hiernatoe
hoera's
hemelhoë
hoërskool
hoofonderwyseres
honderd
hondjie
hospitaal toe
horlosie
huil-huil
humeur
humoristies
ideaal
ideale
immigrasie
inbreker
ingenieur
industrieë
industriële
Italië
intellektuele
interessante
intelligente
intermediêre
Japannees
Jodin
Kaapstad toe
kafee
kafferkraal
kafferoorloë
kafferstatte
kaiing
kamp-toe
kanonne
kanselleer
katjie
keiser
kêrel
kennisgewing
Kerkstraat

kindjie
klandisiewaarde
klere
kleure
koeëlgeweer
koeëls
koeie
komitee
kommissie
koningin
korrigeer
konstabel
krans
krediteer
krediteur
krieketkolf
krisis
kritiese
kritiek
kritikus
kwajongstreke
kwekery
lae
laer
lag-lag
landjie
langs
leef
leeuwyfie
leiding
leier
lektrise
leuen
leuenaar
lewe
liewe
liewer
lig
liniaal
liasseer
literatuur
lug
lyding
maatskaplike
magistraat
majestueuse
makeer
maklike
masjien
masjinerie
matrikulasie-eksamen
medisyne
meisieskool
mekaar
menigte
middagete
mielieland
miere
militêre
miljoen
mishandel
moeë
moeër
moeilike
mooi
Mooirivier
monnike
murasie
mure
musici
na-aap
na die dorp toe
na ons toe
naturelle
neerlae
negeduisend
nege uur lank
Nie-Europeane
niksseggend
nood
noord
Noordoos-Italië
Noorweë
oë
offisieel
offisiële
ogiesdraad
om nege-uur
om sewe-uur
om twee-uur
om vyfuur
onderwyseres

ondersteuner
ongelukke
ongeveer
oninteressante
onmiddellike
onmoontlik
onreëlmatig
onskuldige
ontbyt
ontstaan
oorlede
oorloë
oorsese
opgeskote
opgestaan
opgewonde
Oranjerivier
Oranje-Vrystaat
ore
oseaan
oseane
pa-hulle
pa's
pa s'n
parallel(le)
pêrel
perdfris
perdry
piekniek
ploeë
poësie
polisie
populêr
posseëls
prinsipale
radiogram
rapport
reëlings
reën
reent
registreer
rêrig
rewolwer
rugbywedstryd
rysveld
saamgekom
saldo's
Saterdagaand
Saterdagmiddag
sê
seëvier
sekretaresse
senuweeagtig
sewehonderd vyf-en-tagtig
sewe uur lank
sieklike
sigaret
sing-sing
sjieling
sjokolade
skare
skêre
skoen
skolier
skool toe
skoolure
skoon
skreeulelike
skriftelike
skure
skuuste
slaag
slag
slavin
slootjie
sluuste
sluwer
snaaksste
soheentoe
somer
somervakansie
sommer
Sondagnag
soontoe
sosiale
speurder
spieël
spioene
spioeneer
spoorweë
spoorwegstasie
sprinkane

springlewendig
steur
stiebeuel
stowe
stowwe
strooijonker
stuur
Suid-Afrika
Suid-Rhodesië
Suidwes-Afrika
swaar
swaard
swaer
tale
talle
tegniese
teëstelling
teleurgesteld
teruggegaan
teruggekeer
teruggekom
tjek
toekomende
toiings
totaal
torinkie
troupresent
tweede
tweemaal
uie
uithoudingsvermoë
ure
Vaalrivier
vakansie
vanmelewe
varksôe
veertien
verafgeleë
verrassing
verassureer
verdeling
verdraaiing
veredeling
vereffening
verering
verfyning
verkeerd
vergewe
verkoper
verkoue
verlaas
verleë
vermoë
vermoeienis
verniet
verraaier
versamel
verslaggewer
verstekeling
verstoteling
vertaling
vier-en-negentig
vier-en-sewentig
vier-en-veertig
visvang
vlae
vlieë
vlieënier
vlieëvanger
vloeiende
vloeistowwe
voetpaadjie
voor- en nadele
vorentoe
vou
vredesvoorwaardes
vroeë
vroeër
vure
vuurhoutjie
vyf-en-veertig
vyf-en-vyftig
vyfpondnoot
waardeer
waardering
waardeur
waarvandaan
waenhuis
wag-'n-bietjie-bos
wandelinkie
wanneer
watte

watter
weduwee
weë
weens
weggehardloop
weier
wêreld
werktuigkundige
Wesstraat
wewenaar
wîe
wieë
wins- en verliesrekening
wintermaande
Woensdagmôre
wonderlike
woninkie
wou
wyd en syd
wye
wyer
Zoeloemeidjie

BELANGRIKE NASLAANBOEKE

VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK

saamgestel deur Kritzinger, Labuschagne, Rademeyer en Steyn. Die tweede uitgebreide druk gee verklarings van ongeveer 50,000 Afrikaanse woorde en uitdrukkings **25/–**

VAN SCHAIK'S MODERN ENGLISH DICTIONARY

saamgestel deur R. J. Woodward, M.A. (Oxford). 'n Uitstekende Engelse woordeboekie van 300 bladsye, duidelike druk **3/6**

AFRIKAANSE SPREEKWOORDE, GESEGDES, Ens.

met 'n kort verklaring van die Engelse ekwiwalent deur Kritzinger, de Villiers en Pienaar **5/9**

DUITSE WOORDEBOEK

Deutsch-Afrikaans: Afrikaans-Deutsch, saamgestel deur Steyn, Schulze, Gutsche en Trümpelmann. Die vierde verbeterde druk is aansienlik uitgebrei **27/6**

DIE SWAAR WOORD

deur dr. H. A. Steyn. 'n Verklarende Afrikaanse Skoolwoordeboek, saamgestel vir onderwysers en leerlinge **4/–**

SOTHO WOORDEBOEK

(Sotho-Afrikaans) deur T. Kriel **4/6**

GROOT WOORDEBOEK

Afrikaans-Engels: Engels-Afrikaans, saamgestel deur Kritzinger, Steyn, Schoonees en Cronjé. Hierdie vyfde, belangrik uitgebreide en hersiene uitgawe van die Groot Woordeboek, is vandag die betroubaarste van sy soort, en gee die betekenis en vertaling van meer as 100,000 woorde. 1434 bladsye — groot formaat $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ duim **42/–**

J. L. VAN SCHAIK, BPK. — Uitgewers — PRETORIA

HANDBOEKE VIR DIE HOËRSKOOL

Junior Boekhou-Oefeninge vir Stds. VII en VIII, deur Warburton en van Zyl (Ook in Engels) 8/6
Sleutel by Junior Boekhou-Oefeninge 20/–

Trigonometrie vir Stds. IX en X, deur Ogden, Garson en Brink (Ook in Engels) 10/6

Algebra vir Stds. VII en VIII, deur Marais, Ogden en Hofmeyr (Ook in Engels) 6/–

Senior Boekhou-Oefeninge vir Stds. IX en X, deur Warburton en van Zyl (Ook in Engels) 8/6
Sleutel by Senior Boekhou-Oefeninge 60/–

Afrikaanse Taaloefeninge vir Junior Sertifikaat A, Junior en Senior Matriek B en die Laer en Hoër Taaleksamen, deur B. G. Lindeque 8/6

Two Years Work in English (Junior) by J. M. T. Labuschagne 8/6

Nuwe Leerplan Geskiedenis vir Matriek, deur van Niekerk en Pelser 13/6

Of Youth and Age, An anthology of English prose forms selected and arranged with introductory notes by R. E. Davies 10/6

Skoolwoordeboek, Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans, deur Kritzinger en Steyn 9/–

Van Schaik's New Large Print Atlas 4/9

Gegradeerde Oefeninge in Rekenkunde vir Stds. VII en VIII, deur Ogden en van Vuuren 7/6

Mathematics I for National Technical Certificate by A. R. Williams 7/6

Afrikaanse Begrips- en Taaltoetse, grotendeels vir Engelssprekende leerlinge in Stds. VI tot X, deur G. J. Joubert 7/6

Duits Skoolwoordeboek, Afrikaans-Duits en Duits-Afrikaans, saamgestel deur Dr. Hugo Gutsche en Dr. P. A. Brandt 12/6

J. L. VAN SCHAIK, BPK. — Uitgewers — PRETORIA

W.P.—69839 51